**2. NAVORSINGSPROBLEEM ..... 379**

**3. NAVORSINGSVRAAG ..... 379**

**4. IMPLIKASIES ..... 383**

**4.1. Implikasies rakende studenteleraars** ..... 383

**4.2. Implikasies rakende studentebediening** ..... 385

**5. BEPERKINGE VAN DIE NAVORSING ..... 385**

**6. IMPLIKASIES VIR VERDERE NAVORSING ..... 386**

**7. SAMEVATTING ..... 387**

**BRONNELYS ..... 389**

**ADDENDUMS ..... 414**

Addendum 1 – Etiese klaring ..... 414

Addendum 2 – Vraelys vir kwantitatiewe navorsing ..... 415

Addendum 3 – Brief aan studente ..... 425



© University of Pretoria

Addendum 4 – Toestemmingsbrief aan studente ............................................. 428

Addendum 5 – Gespreksvrae vir gestruktureerde onderhoude met studente..... 431

Addendum 6 – Gespreksvrae vir gestruktureerde onderhoude met studenteleraars ........................................................................................................ 432

Addendum 7 – Toestemmingsbrief aan studenteleraars ................................... 434

Addendum 8 – Toestemmingsbrief aan kerkrade .............................................. 437


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1. Navorsingsprobleem

### 1.1. Konteks van die navorsing

#### 1.1.1. Kerkhistoriese konteks van die navorsing

Studentebediening in Suid-Afrika het begin met die stigting van die Christenstudentevereniging (CSV) in Suid-Afrika. Die CSV was ŉ internasionale organisasie wat ŉ tak in Suid-Afrika op Dinsdag 28 Julie 1896 in Stellenbosch gestig het (sien Van der Merwe 1996:16). Die CSV het eers onafhanklik en later in samewerking met kerke jong mense landwyd bedien (sien Van der Merwe 1996:53).

Die plaaslike Gereformeerde kerke, die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk, het stelselmatig die verantwoordelikheid van studentebediening oorgeneem deur studentegemeentes te stig. Met ŉ toename in die betrokkenheid van studente by gemeentes wat naby universiteite geleë is in die 1960's, is ŉ behoefte aan studentgefokusde gemeentes geïdentifiseer.

In 1970 het die Nederduitse Gereformeerde Kerk die eerste konferensie vir studenteleraars in Suid-Afrika aangebied (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1982:1). Die konferensie het ŉ jaarlikse instelling geword en is bygewoon deur studenteleraars van al die Gereformeerde studentegemeentes in die land en ook deur leraars wat kollegestudente bedien het. Die laaste verslag van so ŉ jaarlikse konferensie in die NG Kerkargief dateer uit 1988. Daarna is die konferensies nie meer jaarliks aangebied nie, en slegs studenteleraars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het die daaropvolgende konferensies bygewoon. Die gemeentes van die onderskeie kerke werk vandag nie meer op ŉ nasionale vlak saam nie, maar wel op ŉ plaaslike vlak.

Gedurende die afgelope twintig jaar het die fokus van die algemene kerkvergaderings rakende jeugbediening verskuif na kinderbediening, tienerbediening en kategese, soos gesien kan word in die agendas, notules en verslae van die vergaderings (vgl. Algemene Sinode van die N.G. Kerk 2004, Algemene Sinode van


© University of Pretoria

die N.G. Kerk 2019). Studentebediening, wat eens 'n onafhanklike besprekingspunt was op die agendas, is laas genoem en bespreek by die Algemene Sinodesitting in 2004 (Algemene Sinode van die N.G. Kerk 2004:115-116).

### 1.1.2. Kontemporêre konteks van die navorsing

Gedurende die afgelope twintig jaar bedien studentegemeentes universiteitstudente in voortdurend veranderende en toenemend uitdagende omstandighede op en om Suid-Afrikaanse kampusse. Daar is verskeie faktore wat bydra en bygedra het tot die veranderende omstandighede. Die #FeesMustFall-protesbeweging, wat geduur het van Oktober 2015 tot November 2016, is die mees onlangse ingrypende gebeurtenis.

#FeesMustFall was 'n komplekse beweging wat gedryf is deur verskeie diep gewortelde historiese, politiese, sosiale en ekonomiese kwessies. Dit het die landskap van tersiêre onderrig in Suid-Afrika radikaal verander. Groot veranderinge is teweeg gebring – nie net by die land se universiteite nie maar ook in die breër Suid-Afrikaanse samelewing. Die beweging het ook studentegemeentes en spesifiek histories Afrikaanse studentegemeentes gedwing om veranderinge aan hul bedienings aan te bring en opnuut te dink oor studentebediening in die Suid-Afrikaanse konteks. Om hierdie rede is die #FeesMustFall-protesbeweging en die voortvloeiende gevolge van die beweging gekies as die kontemporêre konteks van die navorsing.

Te midde van hierdie navorsing het die Covid-19 pandemie uitgebreek. Die navorsing is in 2019 begin en die pandemie het in Maart 2020 in Suid-Afrika uitgebreek. Die eerste gedeelte van die kwalitatiewe navorsing, naamlik die onderhoude met studenteleraars, is uitgevoer voor die pandemie uitgebreek het (2019). Die vraelyste wat deur die studente[1] voltooi is (2021) en die onderhoude wat met die studente gevoer is (2022), het te midde van die pandemie plaasgevind. Die Covid-19 pandemie was 'n gewigtige wêreldgebeurtenis wat verreikende gevolge gehad het en sal hê vir studentebediening in Suid-Afrika. Die impak van die pandemie op studentebediening word net in die navorsing verken in soverre dit na vore kom in die empiriese navorsing, naamlik die vraelyste aan die studente en onderhoude met die studente. Dit is moontlik nog te vroeg om die volle impak van die pandemie op

[1] Die term *student* verwys vir die doeleindes van hierdie proefskrif altyd na 'n student wat aan 'n universiteit studeer.


© University of Pretoria

studentebediening te bepaal. Verdere navorsing oor die impak van die pandemie is dus nodig.

### 1.2. Hoe die navorser op die onderwerp besluit het

Prof. Malan Nel is in 2016 deur die studentegemeente NG Universiteitsoord in Pretoria genader met die versoek om deeglike navorsing te doen oor die bediening aan en behoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente. Die navorser, toe ŉ vierdejaarteologiestudent aan die Universiteit van Pretoria, is deur prof. Nel gevra om die navorsing te doen. Die einddoel was dat die navorsing op PhD-vlak sal geskied. Vanweë haar verbintenis met die projek het haar BTh-skripsie en MDiv-miniverhandeling oor studentebediening gehandel. Haar BTh-skripsie het oor die behoeftes van meelewende dagstudente van die NG Universiteitsoord gehandel, en haar MDiv miniverhandeling oor die behoeftes van kerkvervreemde dagstudente. Beide hierdie navorsingstukke was empiries van aard.

### 1.3. Refleksie op die navorser se persoonlike posisie ten opsigte van die navorsing

Die navorser ag dit belangrik om die volgende feite oor haarself te deel ten einde erkenning te gee aan die oortuiging dat selfs akademiese navorsing nie ten volle objektief is nie. Die navorser is ŉ vroulike, Afrikaanssprekende voltydse nagraadse student. Sy is ook ŉ proponent in die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat al vir vyf jaar in die Nederduitse Gereformeerde Kerk werksaam is. Sy het gewerk en gepreek in verskeie uiteenlopende gemeentes. Sy was ook vir die eerste twee en ŉ half jaar van haar studie ŉ meelewende lidmaat van die studentegemeente NG Universiteitsoord.

### 1.4. Grense van die navorsing

Om die navorsingsprobleem so suksesvol as moontlik te benader moet daar bepaalde grense getrek word. Die eerste grens is die vak teologie. Die navorsing word voorts beperk tot die vakgebied praktiese teologie. Binne die vakgebied word die navorsing beperk tot die subvakgebied jeugbediening en in hierdie subvakgebied word die navorsingsonderwerp gekategoriseer as studentebediening.


© University of Pretoria

Die empiriese gedeelte van die navorsing word soos volg begrens: Die studie word beperk tot Suid-Afrikaanse universiteitskampusse en Gereformeerde studentegemeentes wat universiteitstudente op die betrokke kampusse bedien. Die studie word verder beperk tot Afrikaanssprekende universiteitstudente. Die vyf universiteitskampusse wat geïdentifiseer en deel is van die empiriese navorsing is die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Johannesburg, die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus), die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit Stellenbosch.

Die studente wat gevra is om aan die studie deel te neem, moes aan die volgende kriteria voldoen: Manlike en vroulike universiteitstudente wat belydenis van geloof in een van die drie Gereformeerde kerke in Suid-Afrika afgelê het (dit wil sê hetsy in ’n Hervormde gemeente, ’n Nederduitse Gereformeerde gemeente of in ’n Gereformeerde gemeente) en wat tans ’n lid van een van die betrokke Gereformeerde studente studentegemeentes is.

1.5. <u>Uitdagings van die navorsing</u>

Die navorsing word deur verskeie uitdagings gekenmerk. Hierdie uitdagings sluit in die diversiteit van die betrokke gemeentes, die universiteitstudente wat sentraal staan tot die navorsing en die kontekste van die betrokke universiteitskampusse in Suid-Afrika.

Elkeen van die betrokke gemeentes wat deel uitmaak van die navorsing is uniek ten opsigte van die wyse waarop hulle funksioneer, hul grote, die wyse waarop hulle saamgestel is en tot ’n mate ook hul bedieningstyl. Die gemeentes het ook spesifieke bedieningsfokuspunte en benader die uitdagings wat hul konteks aan hulle stel op ’n bepaalde manier.

Universiteitstudente, as ontluikende volwassenes, bevind hulself in ’n lewensfase wat gepaard gaan met ’n eiesoortige stel uitdagings wat in hoofstuk 2 bespreek word.

Die begrensing van die navorsing tot Afrikaanssprekende universiteitstudente daag voorts die relevansie van die navorsing uit. Universiteitskampusse regoor Suid-Afrika is multikulturele instellings. Die studenteliggame op die betrokke universiteitskampusse is saamgestel uit studente van al die land se verskillende etniese, rasse- en taalgroepe. Deur die navorsing te beperk tot die drie Gereformeerde


© University of Pretoria

kerke, wat hoofsaaklik wit Afrikaanse studente bedien, fokus die navorsing op ŉ minderheidsgroep in die algemene Suid-Afrikaanse studenteliggaam. Die navorsing fokus ook net op enkele denominasies en gemeentes wat universiteitstudente op Suid-Afrikaanse kampusse bedien.

Die Covid-19 pandemie was ŉ onvoorsiene kontekstuele uitdaging. Soos verduidelik in afdeling 1.1.2, het die pandemie in die tweede jaar van die navorsing in Suid-Afrika uitgebreek. Vanweë die streng inperkingsregulasies kon die navorser nie die beplande empiriese navorsing vir die jaar doen nie. Die pandemie het ook ŉ impak gehad op die lidmaatgetalle van die studentegemeentes. Dit het ook ŉ direkte invloed op die empiriese navorsing gehad. Die navorser kon nie soveel studente by die empiriese navorsing betrek soos aanvanklik gehoop is nie.

## 2. Die posisionering van die navorsing binne die vakgebied praktiese teologie

### 2.1. <u>Die aard van praktiese teologie</u>

Gedurende die afgelope dertig jaar het daar heelwat in die veld van praktiese teologie gebeur (sien Nel 2018a:5). Dominante teorieë en benaderings tot die vakgebied het selfs meer dominant geword. ŉ Voorbeeld van so ŉ dominante benadering is die postfundamentalistiese benadering, soos voorgestel en verduidelik deur Van Huyssteen (1997, 1999), en verder verduidelik in die veld van praktiese teologie deur Müller (2011) en Osmer (2008). Osmer lewer ook ŉ wesenlike bydrae tot die gesprek oor die manier waarop praktiese teologie benader kan word deur sy werk wat voortbou op die tradisie van onder andere Zerfass (1974), Heitink (1999) en Browning (1995). In ŉ vroeëre bydrae tot 'Essays in honor of James Fowler' het Osmer en Schweitzer (2003:1-11) reeds begin werk met die teorie wat Osmer later gepubliseer het in sy nou bekende boek, *Practical theology*. By die nuwe belangstelling in die postfundamentele benadering kan die werk van Root (2014b), naamlik wat hy noem *Christopraxis*, gevoeg word.

Die feit dat verskeie geleerdes saamstem oor bepaalde kwessies in die vakgebied praktiese teologie, byvoorbeeld dat jeugbediening inderdaad praktiese teologie is, beteken nie noodwendig dat alle praktiese teoloë saamstem oor al die fynere besonderhede van die verskillende benaderings en metodologieë in die veld nie (sien Nel 2018a:5). ŉ Breër eenstemmigheid oor die vakgebied en die


© University of Pretoria

verbandhoudende metodologiese benaderings het in Suid-Afrika ontwikkel sedert die publikasie van Pieterse (1993) se boek *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*.

Met sy boek lewer Pieterse (1993) ŉ waardevolle bydrae tot die bespreking van metodologie in die veld deur sy regverdiging van die kommunikatiewe handelingsteorie as ŉ haalbare metodologie. Pieterse (1993) verwys na bekende teoloë wat belangrike insigte in die metodologie van praktiese teologie gegee het, naamlik Zerfass (1974), Firet (1977; 1980; 1986; 1987), Van der Ven (1988; 1990) en Heitink (1991; 1993; 1999). Pieterse (1993:3) se argument is vandag steeds geldig: Praktiese teologie word die afgelope paar jaar al meer vereenselwig met die paradigma van ŉ kommunikatiewe handelingsteorie. Heitink (1999:18) skryf:

> [U]nder practical theology is to be understood the empirically oriented theological theory of the mediation of the Christian faith within the praxis of the present-day society.

Heitink (1999:8) onderskei tussen twee verskillende verstaanwyses van praxis:

> The definition refers to the mediation of the Christian faith (praxis 1) in the praxis of modern society (praxis 2). Much of the confusion regarding the unique object of practical theology has to do with the failure to make a logical and methodological distinction between the two. Praxis 1 indicates that the unique object of practical theology is related to intentional, more specifically, intermediary or mediative, actions, with a view to changing a given situation through agogics. Praxis 2 emphasizes the context in which men and women in society interact, whether or not their actions are religiously motivated while pursuing various goals.

Heitink (1999:8) erken dat hierdie twee verstaanswyses voortdurend onderling met mekaar verband hou en dat hierdie onderlinge verbintenis beklemtoon moet word. Deur klem te lê op die feit dat praktiese teologie op die bemiddeling van die Christelike geloof fokus, sluit hy aan by Firet (1987:31) se verstaan van sodanige bemiddeling wat te make met die kern van die Christelike geloof:

> God's coming to humanity in the world is a constant and ever-recurring event that takes place through the intermediary of human ministry.


© University of Pretoria

Nel (2018a:7; vgl. Nel 2015b:104-112) beskryf praktiese teologie daarvolgens as gesetel in die diep oortuiging en belydenis dat God aan die werk en aktief betrokke is in Sy wêreld en so is die geloofsgemeenskap en mense (selfs diegene buite die geloofsgemeenskap) ook betrokke.

In ooreenstemming met hierdie basiese idee maak Root en Bertrand (2011:219) ook enkele kritiese opmerkings oor die praktiese implikasies daarvan. Hulle is van mening dat hoewel daar gepoog is om teologiese kwessies en perspektiewe te formuleer deur dit in verband te bring met konkrete gemeenskappe en praktyke, daar nog nie pogings aangewend is om die manier waarop die sogenaamde "handelinge van God" vanuit die perspektief van menslike optrede geformuleer kan word nie. Daar is voorts ook nog nie pogings aangewend om te toon hoe menslike optrede deel uitmaak van die handelinge en wese van God in die wêreld nie. Vir hulle lê die deelname aan die handelinge van God in die hart van bediening.

Die kern van bediening is menslike handelinge wat aansluit by goddelike handelinge. Root en Bertrand (2011:219) skryf verder dat praktiese teologie en jeugbediening handel oor die teologiese aktiwiteite van plaaslike gemeenskappe. Dit gaan fundamenteel oor die artikulasie van die twee vorme van handelinge God se handelinge en mense se handelinge. James Loder (1999:359) noem dit die genererende problematiek van praktiese teologie. Dit is problematies omdat goddelike en menslike handelinge so verskillend is, maar dit is ook genererend omdat, alhoewel die twee vorme van handelinge verskillend is, dit nietemin met mekaar verband hou.

Die verskil tussen praxis en praktyke word soos volg deur Osmer (2005:94) verduidelik:

> Praxis: ŉ Geloofslewe is ŉ verstaanbare manier van lewe wat gekarakteriseer word deur die kerk, die *vita passiva*, waar die woord van genade elke dag opnuut ontvang word deur die handelinge van die Heilige Gees.
>
> Praktyke: Die Heilige Gees werk deur die bemiddelende praktyke ("mediating practices") van die kerklike lewe. Die kernbetekenis van die praktyke is om die evangelie te kommunikeer en mense te transformeer na die gelykenis van Christus.

Die verhouding tussen goddelike en menslike handelinge is al deur verskeie praktiese teoloë bespreek (sien Nel 2018a:8). Alle praktiese teoloë stem saam dat die



© University of Pretoria

handelinge verband hou met mekaar, maar dat die balans of die klem kan verskil (sien Nel 2018a:8). Loder (1999:361) wys daarop dat een van take van praktiese teologie is om die misterie van God se aard en handelinge uit te wys. Hy skryf verder dat die dissiplines van die praktiese teologie wat sal help om menslike handeling te verstaan, dié sal wees wat in ŉ konstruktiewe verhouding staan met die dissiplines wat help om ŉ begrip van wie God is te bewerkstellig vanuit God se selfopenbarings (sien Loder 1999:375-376).

Die taak van praktiese teologie is daarom die bewaring van die integriteit van sodanige dissiplines en om, sonder verlies aan integriteit, die dissiplines met mekaar in verband te bring ten einde ŉ meer omvattende begrip te ontwikkel van die fenomeen wat bevraagteken word. Terselfdertyd moet so ŉ verwantskap beide kante van die interdissiplinêre verhouding verryk (sien Loder 1999:361-362).

Volgens Root (2014a:3, 27, 53-83, 87) slaag praktiese teoloë nie altyd daarin om die balans tussen menslike en goddelike handelinge suksesvol te handhaaf nie. Ter verduideliking gebruik hy die konsep van *ontsporing* (slippage) (sien Root 2014a:27). Sy mening is in reaksie op sommige benaderings in praktiese teologie wat, na sy mening, nie genoeg ruimte laat vir, wat hy noem, “ontmoeting met die goddelike” nie (sien Root 2014a:8-9). Hy omskryf sy argument volledig met verwysings na verskeie bekende praktiese en ander teoloë (sien Root 2014a:53-83). Hy argumenteer dat praktiese teologie daarin slaag om menslike handelinge te artikuleer, maar onsuksesvol is om goddelike handeling in dieselfde diepte te artikuleer (sien Root 2014a:x).

In sy bespreking van Osmer (2008) se normatiewe taak, “Wat behoort te gebeur?”, skryf hy dat alhoewel die konkrete en geleefde verbintenisse van praktiese teologie geëer word, so ŉ perspektief (die perspektief dat praktiese teologie ŉ soort etiese raamwerk vir praktyke is) neig om goddelike handeling te ondermyn. Root (2014a:27) verkies om die normatiewe taak te sien as ŉ dialoog met die Christelike tradisie wat etiese rigting vir die gesprek kan bied. Die gevaar is dat goddelike handeling, as ŉ onafhanklike en vrye realiteit, verlore kan gaan. Hy gaan verder deur te sê dat hy Osmer se normatiewe vraag nie net as ŉ etiese raamwerk sien nie, maar ook as ŉ openbarende raamwerk. Hy vra dus wat behoort te gebeur (die wyses waarop ons realiteit, onsself, die kerk, ons praktyke en ons konsep van God sien) noudat God



© University of Pretoria

ons ontmoet het? Wat behoort te gebeur noudat ons God se ontmoeting beleef het? (sien Root 2014a:27).

Nel (2018a:10) skryf vanuit die oortuiging dat die Koninkryk van God reeds gekom het en steeds kom. Die oortuiging onderhou vir hom die spanning en die balans. In vroeëre literatuur (vgl. Pieterse 1991:43; 1993:53) word daarna verwys as die metateoretiese verbintenis deur Habermas se teorie van kommunikatiewe handeling. In die geval van praktiese teologie, handel die basisteorie oor kommunikatiewe handelinge wat beide die evangelie en die Koninkryk van God, wat gekom het en nog moet kom, in die moderne samelewing, dien. God is steeds ernstig (soos geopenbaar in Christus) oor die Koninkryk wat moet kom. In die koms van die Koninkryk tree Hy op met en deur mense. Die handelinge is dus kommunikatief van aard. God betrek mense in en deur handelinge. Van Ruler (1965:100) skryf dat die Gees nooit op sy eie optree nie, maar altyd mense in hul menslikheid betrek. Bohren (1974:76) se aanvaarding van die konsep van *teonome wederkerigheid* in prediking is ŉ voorbeeld hiervan. ŉ Handeling is om doelbewus en intensioneel in te gryp, onder beheer van die een (die Een) wat optree in die verloop van die lewe met die doel om verandering teweeg te bring en uiteindelik die ideale situasie van die koms van die Koninkryk te bewerkstellig (vgl. Heyns en Pieterse 1991:52; Firet 1987:262-263; Pieterse 1988:181; Heitink 1999:181).

### 2.2. <u>Waar en hoe pas die navorsing binne die vakgebied?</u>

Studentebediening maak deel uit van jeugbediening. Jeugbediening is egter nie altyd as deel van praktiese teologie beskou nie (sien Nel 2018a:4). So onlangs as 1995 was dit nog nie algemene praktyk om jeugbediening as deel van praktiese teologie te beskou nie (sien Nel 2018a:4). Vandag is daar egter geen twyfel dat jeugbediening wel binne die veld van praktiese teologie pas en hoort, nie (sien Nel 2018a:4).

Verskeie geleerdes het bygedra tot die ontwikkelende verstaan van jeugbediening as deel van praktiese teologie. Van die bydraes hou nie direk verband met die vakgebied soos dit akademies verstaan word nie, maar is eerder ŉ refleksie op teologie vanuit ŉ praktiese perspektief soos in die geval van Borgman (1997). Ander akademici wat ŉ direkte bydrae gelewer het, sluit in Root (2007), Clark (2010), Root & Bertrand (2011) en Jacober (2011).


© University of Pretoria

Root (2007:19-20) beskryf een van sy boeke oor jeugbediening as ŉ "praktiese teologie van jeugbediening". Hy gee ook ŉ kort verduideliking van sy verstaan van die vakgebied. In ŉ 2011 publikasie, *The theological turn in youth ministry,* lewer Root ŉ verdere bydrae tot die verstaan van jeugbediening in sy hoofstuk getiteld 'Postscript: reflecting on method: Youth ministry as practical theology' (Root & Bertrand 2011:218-236).

Nog ŉ goeie voorbeeld van die ontwikkeling in jeugbediening is die werk van Jacober (2011:15-48) oor adolessensie. Haar boek bevat twee hoofstukke wat handel oor jeugbediening as praktiese teologie. Ook in die voorwoord by die boek *When God shows up: A history of protestant youth ministry in America* skryf Clark (2010:ix) byvoorbeeld:

> [I]n many ways Youth Ministry has come of age. [It is] [n]o longer seen as 'a stepping stone to real ministry' in the church …

Hy volg hierdie stelling op deur met die idee dat die doel van die reeks *Baker Academic's youth, family and culture* is om die vlak van die dialoog oor die wyse waarop ons oor jeugbediening dink, dit onderrig en uitleef, te verhoog. Clark (2010:ix) maak dan die punt dat akademiese jeugbediening, as ŉ subvakgebied van praktiese teologie, die fokus moet verskuif vanaf primêre vaardighede na ŉ teologies gedrewe uitdrukking van ŉ kontekstuele verbintenis van die plaaslike kerk aan ŉ spesifieke populasie.

In Nel (2018a:11; vgl. Nel 1994:33; 2015b:63-79) se verstaan van bediening, gebeur bediening en kommunikatiewe handelinge in die naam van God en dus ook namens God. Jeugbediening is daarom die doelbewuste en intensionele handelinge om die jeug (kinders, adolessente en ontluikende volwassenes), wat reeds ŉ integrale deel van die geloofsgemeenskap uitmaak, te help om te word wat hulle geskep en geroep is om te wees, naamlik mense wat reeds betrokke is by die handelinge van God en die evangelie en Koninkryk van God wat gekom het en nog moet kom aan die wêreld kommunikeer. God kom na hulle en ook deur hulle.


© University of Pretoria

## 3. Literatuuroorsig

Sedert 2000 het die post-adolessent-nog-nie-ten-volle-volwassene tydperk, wat vroeër deur Kenneth Keniston (1960) beskryf is as *jeug,* en deur Parks (1986) beskryf is as *young adulthood*, baie meer sigbaar geword vir geleerdes en die algemene publiek. Dit is veral danksy die werk van Jeffrey Jensen Arnett (2004) en sy kollegas. Tans vind die term *ontluikende volwassene* aansienlik inslag terwyl terme soos *odyssey years, failure to launch, preadulthood, quarter-life crises* en *waithood* dui op ŉ toenemende bewustheid van die "nuwe" tydperk in die lewensverloop wat beide geleerdes en populêre kultuur uitdaag (sien Parks, 2011:5).

In die daaropvolgende jare verskyn daar ŉ beduidende aantal boeke en artikels en word daar konferensies gehou om die kwessie van spiritualiteit en religie in Amerikaanse hoër onderrig te belig (sien Allen 2015:12). Prominente voorbeelde sluit in *The heart of higher education* (Palmer, Zajonc & Scribner 2010); *Helping college students find purpose* (Nash & Murray 2010) *Cultivating the spirit* (Astin, Astin & Lindholm 2011) en *God on the quad* (Riley 2013).

Beskikbare inligting wat spesifiek verband hou met studentebediening uniek aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk, is saamgevat in die *Verslag van die Algemene Sinode van 1966* (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1996) asook in die Kerkorde van die N.G. Kerk (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 2019). Elke denominasie beskik oor hul eie geskiedenis rakende studentebediening. Die kerkargief in Stellenbosch huisves heelwat dokumente en bronne oor die ontwikkeling van studentebediening in Suid-Afrika.

### 3.1. <u>ŉ Leemte/Probleem in die literatuur</u>

Nel (2018a:15) skryf dat die huidige praxis 1, wat handel oor jeugbediening en die nood van die jeug in Suid-Afrika, nie net op hierdie oomblik in die geskiedenis (praxis 2) problematies is nie, maar dat dit ook dringend nuwe praxisteorieë vereis. Die huidige Suid-Afrikaanse konteks verleen aan die opmerking meer as net akademiese belang. Die radikale veranderinge in die negentigerjare en die vroeë 21ste eeu het verreikende implikasies vir die jeug in Suid-Afrika gehad en het vandag steeds ŉ wesenlike invloed. Die implikasies sal nog in die toekoms duidelik word en jeugbediening moet dit in ag neem. Die onlangse gebeure wat op Suid-Afrikaanse


© University of Pretoria

universiteitskampusse afgespeel het, is ŉ belangrike voorbeeld hiervan (Nel 2018a:15). Jeugbediening in die Suid-Afrikaanse konteks vereis daarom deeglike ondersoek en evaluering.

## 4. Relevansie van die navorsing

### 4.1. Akademiese relevansie

Die akademiese relevansie van die navorsing hou verband met die voorgenoemde leemte in die literatuur. Wat jeugbediening in Suid-Afrika betref, is die tyd ryp om ŉ empiriese navorsingsprojek onder kinders, adolessente en ontluikende volwassenes uit te voer (Nel 2018a:17). Nel (2018a:17) skryf verder dat uitgebreide empiriese navorsing oor jeugbediening nodig is in Suid-Afrika. Daar is vanselfsprekend kontinuïteit tussen die navorsing wat gedoen word in die Westerse wêreld en Suid-Afrika, maar daar kan ook voor die hand liggende en belangrike diskontinuïteite tussen Afrika en byvoorbeeld die VSA voorkom. Dit is belangrik om data deur middel van empiriese navorsing in te samel omdat Suid-Afrikaanse navorsers nog nie genoegsaam van sodanige diskontinuïteite bewus is nie. Studies wat gedoen is deur die *Search Institute* (voorheen bekend as die *Youth Research Center*) in die VSA, is ook broodnodig in Suid-Afrika (Nel 2018a:17). Dit is dus duidelik dat voortgaande navorsing van kardinale belang is vir die ontwikkeling praxisteorieë in Jeugbediening.

### 4.2. Ekklesiologiese relevansie

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in 1998 die belang van studentebediening en die kerk se verbintenis tot hierdie bediening herbevestig. By die Algemene Sinodesitting van die NGK in 1998 is die volgende aanbeveling deur die vergadering gemaak en goedgekeur (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1998b:431; vgl. Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1998a:113):

> 4.5.1 **AANBEVELING**
>
> 4.5.1.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die ingrypende transformasie-prosesse op die kampusse van tersiêre inrigtings in Suid-Afrika.
>
> 4.5.1.2 Die Algemene Sinode beskou die veranderende demografiese samestelling van die studentekorps en die toename in multi-kulturaliteit op kampusse as ŉ


© University of Pretoria

besondere geleentheid vir en ŉ uitdaging aan die studentebediening van die Ned Geref. Kerk aan die land se toekomstige leiers.

4.5.1.3 Die Algemene Sinode ondersteun die verbreding en verdieping van die missionêre, diakonale en ekumeniese dimensie van die kerk se studentebediening op die kampusse van tersiêre inrigtings.

Vandag, 25 jaar later, is die waarneming en aanbeveling steeds waar en dalk selfs méér relevant. Die nodige stappe om die voornemens van 1998 te verwesenlik, is egter steeds nie deur alle studentegemeentes van die NGK gedoen nie. Die ondersteuning van die NGK vir die verbreding en verdieping van die missionêre, diakonale en ekumeniese dimensie van die kerk se studentebediening op die kampusse van tersiêre inrigtings het ook nog nie die nodige akademiese aandag geniet nie. Die ekklesiologiese relevansie van die navorsing lê dus in die poging om hierdie voornemens te help verwesenlik.

## 4.3. <u>Sosiale relevansie</u>

Die ekklesiologiese relevansie van die navorsing bevat ook ŉ sosiale komponent. Studenteliggame van die onderskeie universiteitskampusse in Suid-Afrika word gekonfronteer met verskeie uitdagings. Hierdie uitdagings sluit in rassespanning en armoede onder die studente. Studentegemeentes beskik oor die potensiaal om ruimtes te wees waar studente van verskillende agtergronde en met verskillende ideologieë byeengebring kan word om met mekaar in gesprek te tree. ŉ Sterk punt van studentegemeentes was en is steeds dat hulle vir alle universiteitstudente ŉ ruimte kan skep waar hulle kan tuis voel en deel kan wees van ŉ gemeenskap. ŉ Voormalige visekanselier van die Universiteit van die Witwatersrand, prof. Adam Habib (2019:224), stel dit soos volg:

> Strong public universities are the midwives of the society that we want to become. We enter them as individuals and emerge as part of a community. They epitomise that principle of ubuntu, 'I am because we are.' Only through strong public universities, and the social foundation they build, can we achieve the collective progress, prosperity and inclusion for which we have yearned for so long.


© University of Pretoria

## 5. Formulering van die probleem- en doelstellings

Die navorsingsprobleem van die studie is dat daar gebrekkige begrip en kennis is van die behoeftes van Afrikaanssprekende studentelidmate van Gereformeerde studentegemeentes in Suid-Afrika. Daar is tans weinig resente navorsing oor studentebediening in die Suid-Afrikaanse konteks om leraars in hul onderskeie bedienings te ondersteun.

Die navorsingsvraag is om vas te stel wie die hedendaagse Afrikaanssprekende universiteitstudent is en hoe die leefwêreld van sodanige student lyk ten einde die bedieningsbehoeftes van universiteitstudente in Suid-Afrika te identifiseer. Die doel van die navorsing is om ʼn oorhoofse verstaan van die student binne sy/haar spesifieke ontwikkelingsfase te verkry en om studentegemeentes teologies te bemagtig om studente meer sinvol en effektief te bedien.

## 6. Konseptualisering

Vir die doeleindes van hierdie studie word die volgende vyf sleutelkonsepte soos volg gedefinieer:

### 6.1. Universiteit

Die konsep *universiteit* word op twee verskillende maniere in hierdie studie gedefinieer. Eerstens verwys dit na die akademiese tersiêre onderriginstelling waar mense kan studeer vir ʼn graadkwalifikasie. Tweedens verwys *universiteit* ook na die sosiale omgewing en gemeenskap wat ontstaan en bestaan uit die studente, administratiewe personeel, lektore en ander kampuspersoneel. Die gemeenskap strek verder as net die universiteitskampus en sluit universiteitsbehuising in.

### 6.2. Afrikaanssprekende universiteitstudente

Vir die doeleindes van die studie verwys *Afrikaanssprekende universiteitstudente* na tweedejaarstudente studente van alle rassegroepe wat aan een van die vyf gekose universiteite studeer en wie se huistaal Afrikaans is.



© University of Pretoria

### 6.3. Studentegemeentes

*Studentegemeentes* is gemeentes wat geografies naby aan ŉ universiteitskampus geleë is. Die gemeente het ŉ bediening wat daarop toegespits is om universiteitstudente te bedien. Die gemeentes beskik oor een of meer predikant/e wie se hoofverantwoordelikheid die bediening aan die studente is. Die hoeveelheid studente wat aktief betrokke is in die gemeentes oortref meestal die aantal ander lidmate in die gemeente.

### 6.4. Behoeftes

*Behoeftes* verwys spesifiek na die innerlike geestelike en godsdienstige behoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente. Dit kan geestelike behoeftes, wat meer sosiaal van aard is, insluit.

### 6.5. Studentebediening

*Studentebediening* verwys na die somtotaal van die praktyke van die geloofsgemeenskap waarvan die universiteitstudente deel is met die doel om universiteitstudente te lei en te help om te word wie hulle geskep en geroep is om te wees – mense wat reeds deel is van God se handelinge in die wêreld en geroep is om die evangelie en die Koninkryk, wat reeds gekom het en steeds kom, te kommunikeer.

## 7. Metodologie

### 7.1. Metodologie

#### 7.1.1. Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie

Volgens Pieterse (1993:5) en ander praktiese teoloë voor hom, is praktiese teologie ŉ *handelingswetenskap*, soos wat in afdeling 2.1 verduidelik is. Praktiese teologie is die teologiese teorie van die handelingsisteme wat die bemiddeling van die koms van God na die mensdom in Sy wêreld is (Firet 1980:16). Dit beteken dat die spesifieke handelinge, die konteks waarin die handelinge plaasvind, die kritiese evaluering van die handelinge en die vraag na moontlike verbeteringe van handelinge geopper moet word in navorsing oor praktiese teologie (Heyns 1990:42). Vanweë die vakgebied se betrokkenheid in en gerigtheid op die praxis, kan praktiese teologie ook as *empiriese teologie* beskryf word (Van der Ven 1998:13-24).


© University of Pretoria

Hierdie navorsing, geposisioneer in die vakgebied van praktiese teologie, neem dan ook die genoemde metodologie aan om ondersoek in te stel na die handelinge van studentegemeentes, die kontekste van die vyf gekose universiteitskampusse waarin die studentegemeentes bedien word, die kritiese evaluering van die handelinge en die vraag na moontlike verbeteringe van die handelinge van studentegemeentes ten einde die navorsingsvraag te beantwoord.

Om wetenskaplike praktieseteologieteorieë te formuleer oor gemeenskappe se handelinge in diens van die evangelie, is dit nodig om Christene se handelinge wat verband hou met hul geloof in Jesus Christus te verstaan en te verduidelik. Dit beteken, volgens Pieterse (1993:2) en Heyns (1990:51), dat daar een handeling is wat onderliggend is aan al die ander handelinge, naamlik kommunikasie. Dit beteken ook dat die formele onderwerp van praktiese teologie die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie is. Hierdie handeling vind plaas in die spanning wat bestaan tussen die ideaal en die werklikheid en die doel is dan bemiddelende handelinge wat die evangelie kan kommunikeer en kommunikatiewe geloofsgebaseerde dade kan bevorder (sien Pieterse 1993:2). Praktiese teologie, as ŉ kommunikatiewe handelingsteorie, bestudeer nie net kommunikatiewe geloofsgebaseerde handelinge nie, maar ook die dinamiese gebeure van kommunikasie tussen God en mens en tussen mense (sien Pieterse 1993:2).

#### 7.1.2. Interdissiplinêre benadering

Praktiese teologie volg metodes en gebruik insigte van akademiese en ander dissiplines wat nie teologies is nie as deel van die vak se teologiese metode. Teologie op sigself onderhou en beskik nie oor al die nodige inligting wat benodig word om op ŉ gepaste wyse te reageer op kontemporêre omstandighede en kwessies nie. Dit is daarom ook belangrik om ekonomiese, sosiologiese, psigologiese en ander dissiplines se bevindinge en perspektiewe te benut (sien Woodward & Pattison 2000:15).

Praktiese teoloë gebruik byvoorbeeld psigologiese teorieë as hulpmiddels om ondersoek in te stel na die wyse waarop kulture en gelowe die realiteit konstrueer en sosiale omgang beheer (sien Butler 2012:109).


© University of Pretoria

#### 7.1.3. R.R. Osmer – *Practical theology* (2008)

Die praktiese teoloog, prof. Richard Osmer se boek *Practical theology* (2008) werk is goed ontvang deur geleerdes in die veld en word steeds deur verskeie geleerdes gebruik as voldoende beskrywing van ŉ algemeen aanvaarde benadering tot praktiese teologie (sien Nel 2018a:12).

Osmer (2008:4) se benadering tot die vakgebied sluit vier take van praktieseteologienavorsing in:

a. Die empiries-deskriptiewe taak

   Dit is die versameling van inligting om patrone en die dinamika van ŉ spesifieke episode, situasie of konteks te identifiseer.

b. Die interpretatiewe taak

   Die taak gebruik teorieë van die kunste en wetenskappe om die patrone en dinamika beter te verstaan en te verduidelik.

c. Die normatiewe taak

   Dit is die gebruik van teologiese konsepte om spesifieke episodes, situasies of kontekste te interpreteer. Dit is ook die konstruering van etiese norme as riglyn vir terugvoer en om te leer van goeie praktyk.

d. Die pragmatiese taak

   Strategieë wat die gewenste invloed sal uitoefen op die situasie word vasgestel.

Die vier take kan gekonseptualiseer word as ŉ hermeneutiese spiraal wat interpretasie voorstel as ŉ samestelling van onderskeie, dog onderling verbonde, momente (Osmer 2008:179; vgl. Palmer 1969:25-26, 87-88, 118-121). Daar kan aan prakties teologiese interpretasie gedink word as ŉ spiraal omdat dit voortdurend terugkeer na die take wat reeds verken is (Osmer 2008:179).


© University of Pretoria

### 7.1.4. Empiriese navorsing

Dit is nie meer nodig om ŉ saak uit te maak vir empiriese navorsing in praktiese teologie nie omdat dit ŉ gegewe is dat die handelinge van geloofsgemeenskappe nagevors moet word deur alle beskikbare wetenskaplike metodes te volg (Nel 2018a:16). Met verwysing na Osmer se eerste taak, "Wat gaan aan?", kan die metodes gevallestudies, vraelyste, deelnemende waarneming, ensovoorts insluit (Root 2014b:23). Dit hang natuurlik daarvan af of die praktiese teoloog op ŉ interdissiplinêre of intradissiplinêre wyse te werk gaan. Heitink (1993:19; 1999:7; vgl. Pieterse 1993:19ff; Van der Ven 1993:77) se argument word vandag algemeen aanvaar:

> [A] practical theology, which chooses its point of departure in the experience of human beings and in the current state of the church and society, is indeed characterized by a methodology that takes empirical data with utter seriousness, takes these as its starting point and keeps them in mind as its starting point and keeps them in mind as it develops its theory.

Heitink (1993:19; 1999:7)

## 7.2. Metode

Die studie is beide ŉ verkennende en ŉ beskrywende studie. Universiteitstudente, hul Suid-Afrikaanse konteks en hul geloof word verken en beskryf en studentebediening in Suid-Afrika word ook verken en beskryf.

Die navorsing behels grootliks empiriese navorsing wat geskied aan die hand van Osmer (2008) se benadering, soos beskryf in sy boek *Practical theology: An introduction*.

Die empiriese navorsing behels voorts beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing. Kwantitatiewe navorsing is gedoen om numeriese data te versamel en te analiseer ten einde die verhouding tussen die veranderlikes, die studente en studentebediening, te ondersoek. Die doel van die kwantitatiewe navorsing is om betekenisvolle patrone en ryk beskrywings vanuit die respondente se leefwêreld te verkry (sien Osmer 2008:49). Die kwantitatiewe navorsing vir die studie is met behulp van vraelyste uitgevoer en die studente wat aan die studie deelgeneem het, is deur ewekansige seleksie geïdentifiseer.


© University of Pretoria

Kwalitatiewe navorsing is gedoen om die optrede en praktyke waaraan die studente, as individue en as 'n groep, daagliks deelneem en die betekenis wat hulle daaraan heg beter te verstaan (sien Osmer 2008:49). Die kwalitatiewe navorsing het in twee fases geskied. Eerstens is gestruktureerde onderhoude met die 17 studenteleraars van die betrokke studentegemeentes gevoer. Tweedens is 'n 11 aantal studente per universiteit genader om aan die kwalitatiewe studie deel te neem. Die aantal studente is bepaal deur die persentasie terugvoer wat die navorser in die kwantitatiewe komponent ontvang het. Die studente is deur ewekansige seleksie geïdentifiseer en die navorser het 'n gestruktureerde onderhoud met die studente gevoer.

## 8. Uitleg van die proefskrif

Hoofstuk 2 bied 'n oorsigtelike beskrywing van die geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van studentebediening in Suid-Afrika. Hierdie hoofstuk dien, saam met hoofstuk 1, as inleidende hoofstukke van die proefskrif.

Hoofstukke 3, 4 en 5 dien verteenwoordig die empiries-deskriptiewe taak. Hoofstuk 3 is die eerste van drie empiries-deskriptiewe hoofstukke in die proefskrif. Die hoofstuk bevat die bevindinge van die vraelyste wat die navorser aan tweedejaarstudente wat betrokke is by die onderskeie studentegemeentes gestuur het.

Hoofstuk 4 is die tweede empiries-deskriptiewe hoofstuk in die proefskrif. In die hoofstuk word die bevindinge van die semigestruktureerde onderhoude wat die navorser gevoer het met die 11 studente wat ewekansig verkies is vanuit die studente wat die vraelys voltooi het, aangebied.

Hoofstuk 5 is die derde empiries-deskriptiewe hoofstuk in die proefskrif. In die hoofstuk word die bevindinge van die semigestruktureerde onderhoude wat die navorser met die betrokke studenteleraars gevoer het, aangebied.

Hoofstuk 6 dien as die derde van die vier kerntake van praktieseteologie-interpretasie, soos geformuleer deur Osmer (2008:31-218), naamlik die normatiewe taak. In die hoofstuk word 'n oorsig gegee oor die literatuur wat betrekking het op die teologiese begronding van studentebediening en geloofsvorming. Die navorser het gekies om die normatiewe taak voor Osmer (2008:175-218) se tweede taak, die


© University of Pretoria

interpretatiewe taak, te plaas. Omdat die studie in die vakgebied praktiese teologie is, het die navorser dit nodig geag om eers die praktieseteologiebegronding vir studentebediening te bespreek alvorens die psigologiese interpretasie bespreek word.

Hoofstukke 7 en 8 dien as die tweede van die vier kerntake van praktieseteologie-interpretasie, soos geformuleer deur Osmer (2008:31-218), naamlik die interpretatiewe taak. Hoofstuk 7 beantwoord die vraag “Wie is die universiteitstudent?” met behulp van relevante psigososiale teorieë oor menslike ontwikkeling. Hoofstuk 8 beantwoord die vraag “Hoe moet die leefwêreld van die universiteitstudent verstaan word?” met behulp van die ekologiese ontwikkelingsperspektief.

Hoofstuk 9 dien as die vierde en laaste kerntaak van praktieseteologie-interpretasie, soos geformuleer deur Osmer (2008:31-218), naamlik die pragmatiese taak. In die hoofstuk word die drie empiriese bronne en die literatuur met mekaar in verband gebring en die navorser maak daarvolgens oorkoepelende bevindinge vir die studie.

Hoofstuk 10 is die slothoofstuk waarin die studie saamgevat, aanbevelings gemaak en implikasies vir verdere navorsing bespreek word.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2

# DIE GESKIEDENIS VAN STUDENTEBEDIENING IN SUID-AFRIKA

## 1. INLEIDING

Die navorsingsprobleem, navorsingsvraag en doel van hierdie studie is reeds in hoofstuk 1 soos volg geformuleer:

Die navorsingsprobleem van die studie is dat daar gebrekkige begrip en kennis is van die behoeftes van Afrikaanssprekende studentelidmate van die Gereformeerde studentegemeentes in Suid-Afrika. Daar is tans weinig resente navorsing oor Studentebediening in die Suid-Afrikaanse konteks om leraars in hul onderskeie bedienings te ondersteun. Die navorsingsvraag is om vas te stel wie die hedendaagse Afrikaanssprekende universiteitstudent is en hoe die leefwêreld van sodanige student lyk ten einde die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente te identifiseer. Die doel van die navorsing is om die bedieningsbehoeftes van universiteitstudente in Suid-Afrika te identifiseer en om studentegemeentes teologies te bemagtig om studente meer sinvol en effektief te bedien.

Studentebediening in Suid-Afrika kan slegs verstaan word in die lig van die historiese ontwikkeling van die bediening. Hierdie hoofstuk bied ŉ oor van die geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van studentebediening in Suid-Afrika. Hierdie hoofstuk dien, saam met hoofstuk 1, as ŉ inleiding tot die proefskrif. Die hoofstuk begin eerstens met ŉ oorsigtelike bespreking van die ontstaan van jeugbediening. Tweedens word die belangrikste jeugverenigings in Suid-Afrika bespreek. Derdens word die ontwikkeling van jeugbediening en studentebediening in die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika bespreek.

## 2. DIE ONTSTAAN VAN JEUGBEDIENING

Die hoofstuk begin met ŉ kort, breë oorsig oor die ontstaan van jeugbediening op internasionale vlak en die invloede wat die internasionale ontwikkeling op jeugbediening in Suid-Afrika gehad het. Die ontstaan en ontwikkeling van studentebediening is ingebed in die ontstaan van jeugbediening.



© University of Pretoria

Jeugbediening, soos ander soorte bedienings, kan net verstaan word in terme van die historiese ontwikkeling daarvan (sien Nel 2018a:177). Root (2007:26) skryf dat ouderdomspesifieke bediening aan jong mense, oftewel jeugbediening, nie ouer is as die laat negentiende eeu nie. In Suid-Afrika was daar ook nie vir ten minste die eerste twee eeue ná 1652 enige sprake van jeugbediening of sorg vir jong mense nie (sien Terblanche 1966:6).

Die term *jeugwerk* of *jeugbediening* het tot stand gekom ná die Industriële Revolusie in die negentiende eeu. Voor dit het gemeentes gefokus op families en was die gemeente ŉ familievereniging met min aktiwiteite vir die onderskeie ouderdomsgroepe (sien Corbett & Johnson 1972:3).

Met die migrasie na stede gedurende en ná die Industriële Revolusie het kinders en jong mense vir die eerste keer in die geskiedenis buite hul ouerhuise gebly en gewerk (sien Nel 2018a:178). Hierdie omstandighede was nuut en vreemd vir die kerk. Kerke was egter nie die eerstes om die nuwe geleentheid te sien nie – individue wat nie verbonde aan ŉ gemeente was nie, het eerste inisiatief geneem.

Sondagskool het in 1780 ontstaan vanuit die visie van die filantroop, mnr. Robert Raikes, wat bekommerd was oor verwaarloosde kinders en kinders wat in fabrieke werk. Sy doel was om hulle een keer per week te leer lees en skryf. Die beweging het ŉ groot rol gespeel in die ontwikkeling van jeugbediening regoor die wêreld en ook in Suid-Afrika (sien Nel 2018a:178-179; vgl. Root 2007:30).

In sy oorsig oor die ontstaan van jeugbediening bespreek Nel (2018a:177-193) die invloede vanuit die VSA, Nederland en Duitsland in die verstaan van jeugbediening vandag. Hy bespreek ook die invloed wat hierdie lande op die Suid-Afrikaanse begrip van Jeugbediening gehad het. Dit is belangrik om hierdie invloede aan die begin van die hoofstuk te bespreek omdat dit nie net jeugbediening in Suid-Afrika beïnvloed het nie, maar ook studentebediening in Suid-Afrika.

### 2.1. Invloede vanuit die VSA

Die groot sendingontwaking in die VSA tussen 1787en 1830 het ŉ groot rol gespeel in die ontstaan van verskeie jeugverenigings (sien Nel 2018a:179). Hierdie ontwaking het die aard en doel van die Sondagskoolbeweging verander. Root (2007:28) skryf dat daar afgesien is van die oorspronklike klem op onderrig en dat dit Sondagskool se


© University of Pretoria

doel geword het om jong mense te bekeer. Sondagskool het ŉ program vir jeug-evangelisasie geword.

Later het verstedeliking, die instelling van hoërskole en die gevolglike ontwikkeling van teorieë oor adolessensie aanleiding gegee tot die stigting van jeugbewegings soos die Young Men's Christian Association (YMCA) en die Young Women's Christian Association (YWCA). Root (2007:31) skryf dat die doel van verenigings soos die YMCA, YWCA en ander tweedelig was. Eerstens was die doel om die jeug se verbintenis tot die Christengeloof te versterk en tweedens om jong mense te beskerm teen die moontlike bedreigings wat die stadslewe kon inhou. Jong mense was van die begin af deel van die ontstaan van hierdie verenigings.

Gedurende die twintigste eeu het dit al meer opmerklik geword dat die ontstaan van jeugverenigings ook ŉ element van reaksie teen die bestaande volwasse gemeenskap bevat het (sien Nel 2018b:181; vgl. Schambardt 1955:5). Gedurende die negentiende eeu, en vir ŉ groot deel van die twintigste eeu, is jeugwerk deur die verenigings onderneem. Die belangrikste verenigings het ook hul weg na Suid-Afrika gevind. Die YMCA, wat in 1844 in Londen gestig is en in 1851 in die VSA en Kanada, is in 1853 in Nederland begin en in 1874 in Suid-Afrika (sien Nel 2018a:181).

Twee ander verenigings wat ook in die VSA ontstaan het, is in die negentiende eeu in die Kaapprovinsie van Suid-Afrika gestig, naamlik die Christelike Jongeliedevereniging en die Christelike Strewers.

Die stigting van die Young People's Society of Christian Endeavour is volgens Nel (2018a:181-182) ŉ belangrike skakel in die historiese oorsig. Hierdie vereniging is gestig deur dr. Francis Clark van die Williston Congregational Church in Portland. Sy frustrasie was dat jong mense nie essensiële meelewende lidmate van die gemeente word ná hul aanvanklike bekeringservaringe nie. Hy en sy vrou was op soek na maniere om verbintenis aan en voortgesette betrokkenheid by die gemeente die jeug aan te wakker. Een van die hoekstene van die vereniging was Bybelstudie wat deur die jong mense self gelei is. Die vereniging was ekumenies en Protestant en het die weg gebaan vir verskeie kerke om saam te werk (sien Nel 2018a:182, Root 2007:38; Sholund 1968:62).


© University of Pretoria

Teen die einde van die negentiende eeu het meer en meer kerke begin om die bediening te betree. Teen die 1920's het die meeste denominasies hul eie jeugverenigings saamgestel, kompleet met 'n kurrikulum en somerkampe. Jeugverenigings het dus 'n aktiwiteit van die denominasie geword soos die denominale kantore die verantwoordelikheid vir jeugbediening oorgeneem het (sien Root 2007:38).

Root (2007:39) som die daaropvolgende gebeure in die geskiedenis op:

In the 1920s and 1930s Youth Ministry was governed by large denominational bodies that provide youth societies to train young people and hold them accountable to the Bible. But in the 1940's and 1950's what became important was evangelistic engagement through nationalistic and relational strategies. The leadership of this new evangelistic engagement was not coming from denominational bureaucrats but from grassroots entrepreneurs, such as the founders of Young Life and Youth for Christ. Nathan Hatch and Michael Hamilton explain: 'Para-church groups [had] picked the denominations' pockets, taking over denominational functions, inventing wholly new categories of religious activity to take into the marketplace, and then transmitting back into the denominational an explicit nondenominational version of evangelical Christianity.'

Root (2007:49) skryf verder dat die sogenaamde "parachurch"-beweging van die 1940's tot die 1960's deur die VSA versprei het. Dit was die begin van die primêre model van *relasionele bediening*. Senter (2010:xii-xiii) identifiseer vier siklusse in die geskiedenis van jeugbediening in die VSA. Hy skryf dat gedurende die derde siklus (1933 tot 1989), jeuggroepe relasioneel van aard geword het. In kerkgebaseerde jeuggroepe het *koinonia* die fokus geword en het Christus se verhouding met sy dissipels gedien as die model vir jeugbediening. Senter (2010:xiii) skryf verder dat die oorgang na die vierde siklus van Protestantse jeugbediening in die 1990's begin het. Duidelike beskrywings van die vierde siklus het egter nog nie na vore gekom nie. Daar kan dus nog nie 'n beskrywing van die vierde siklus, soos van die vorige drie siklusse, gegee word nie.

### 2.2. Invloede vanuit Nederland

Jeugbediening in Suid-Afrika het, minstens op 'n meer filosofiese vlak, die ontwikkeling van jeugwerk in Nederland nagevolg (sien Nel 2018a:186). Oor die algemeen het die ontwikkelings 'n ekklesiastiese betrokkenheid by die jeug en 'n onafhanklike, of



© University of Pretoria

kerkverwante jeugbeweging of -vereniging tot gevolg gehad (sien Nel 2018a:186; vgl. Nel 1982:109).

Kerkverwante jeugbewegings word gewoonlik *georganiseerde jeugwerk* genoem (sien Nel 2018a:186; vgl. Schambardt 1955:22). In die Gereformeerde Kerk in Nederland word daar al vir baie jare ŉ onderskeid getref tussen Gereformeerde jeugvormingswerk en Gereformeerde jeugsorgwerk. Gereformeerde jeugvormingswerk word beskou as vrywillige jeugontwikkelingswerk. Die jeugontwikkelingswerk word verdeel in twee afdelings.

In die eerste afdeling kom gedoopte en ander jong belydende lidmate vrywillig saam en dra die jeug verantwoordelikheid.

Die tweede deel van die werk is sendinggerig. Gereformeerde jeugsorgwerk verskil van jeugvormingswerk in dié opsig dat dit gerig is op jeug wat uit arm sosiale omstandighede kom. Die werk is dus diakonaal van aard (sien Nel 2018a:186; vgl. Firet & Van Riessen 1960:52; Van der Made 1963:27).

Daar word steeds ŉ definitiewe onderskeid getref tussen kategese, as die amptelike lering van die kerk, en vrywillige ontwikkelingswerk (vgl. Dijk 1954:21-22). Die bedoeling van die verenigings was om die kerk te dien, maar hul werk was egter nie sogenaamde “kerkwerk” nie. ŉ Duidelike onderskeid moet getref word tussen kategese en religieuse jeugwerk wat in samewerking met die kerk gedoen word. Schambardt (1955:23) skryf dat dié jeugwerk ook deel is van die kerk se plig en dat die gemeente die werk moet bevorder en help waar moontlik. Die werk van die verenigings sal, volgens Schambardt (1955:21), nie moontlik wees sonder die agtergrondkonteks van ŉ lewende gemeente nie.

Gedurende die laat sewentigs skryf Borger (1975:133) dat die kerk en georganiseerde jeugwerk beide outonoom is en elkeen ŉ onderskeidende funksie het. Elkeen het ook hul eie domein en situasie. Nel (2018a:189) haal Jos de Kock aan ten opsigte van die verhouding tussen kerke en jeugverenigings in Nederland vandag:

> Each denomination has its own ‘official’ youth organisation or ‘jeugbond’, sometimes even two. In addition to this, youth work is done by many para-church organisations and particular initiatives (‘*stichtingen*’). The picture is very diverse. While, some ten years ago, there was still a high level of loyalty in local churches toward the



© University of Pretoria

denomination's own organisation, these are now much looser relationships ('*losse verbanden*') and choices are made on pragmatic grounds.

### 2.3. Jeugbediening in Suid-Afrika

Die ontwikkeling van jeugbediening in Suid-Afrika het dieselfde tendense gevolg as die ontwikkeling in die VSA en Nederland. In Suid-Afrika was die gemeentes egter van die begin af meer betrokke (sien Nel 2018a:191). Die ontwikkeling van die Kerkjeugvereniging in die NGK vanuit twee bestaande verenigings, naamlik die Christelike Jongeliedevereniging en die Christelike Strewers, vertel die verhaal van direkte en indirekte betrokkenheid (sien Nel 2018a:191; vgl. Nel 1982:93-98). In 1974 het die Algemene Sinode van die NGK ŉ baanbrekersverslag en aanbevelings aanvaar (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966). Die verslag het aanbeveel dat die kerkvereniging nie meer ŉ vereniging sal wees wat eie lidmaatskap vereis nie, maar dat lidmaatskap van ŉ gemeente, verkry deur die doop, die enigste vereiste is om aan die vereniging te behoort en betrokke te wees by ŉ beweging wat deur gemeentes georganiseer word. Hierdie vereniging was die Kerkjeugaksie (KJA).

In die volgende afdelings word die ontwikkeling wat kortliks beskryf is volledig bespreek.

## 3. JEUGVERENIGINGS IN SUID-AFRIKA

Die belangrikste van die verenigings was die Christelike Jongeliedevereniging (CJV), die Christelike Strewersunie (C.S. Unie), die Christenstudentevereniging (CSV) en die Kerkjeugvereniging (KJV).

### 3.1. Die Christenstudentevereniging (1896)

Die Christenstudentevereniging van Suid-Afrika (CSV) is op Dinsdag 28 Julie 1896 op Stellenbosch gestig (sien Van der Merwe 1996:16; 18-21).

Die stigting van die CSV in Suid-Afrika het saamgeval met die geestelike oplewing in verskeie dele van die wêreld in ongeveer 1890. Hierdie oplewing het besondere aandag gegee aan die geestelike en godsdienstige bearbeiding van studerende jeug; deels omdat die gevestigde kerke in daardie jare min tot geen aandag aan die jeug gegee het nie. As gevolg van die oplewing is verskeie Christenstudenteverenigings by hoërskole, kolleges en universiteite in Noord-


© University of Pretoria

Amerika, Engeland en Europa gestig. Die totstandkoming van hierdie afsonderlike verenigings het die stigting van ŉ Wêreldfederasie van Christenstudenteverenigings in 1895 tot gevolg gehad. Die CSV van Suid-Afrika het ná sy stigting aangesluit by hierdie federasie (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:152-153; vgl. Van der Merwe 1996:18-19).

Die doelwit en roeping van die CSV was om elke skoolkind en student te begelei na ŉ ontmoeting met Jesus Christus en te begelei op die pad van geestelike groei en wasdom (sien Van der Merwe 1996:37).

> Die Studentevereniging staan vir die redding van siele, vir dieper geestelike lewe en ŉ veerkragtige optrede in belang van die uitbreiding van Gods Koninkryk. Hy beywer hom om sy lede op te lei om in latere lewe getroue lede van hulle respektiewe Kerke te wees en aktief op te tree vir die Here en vir sy saak.

Die CSV het op 12 Januarie 1965 ontbind, en daar is aan die onderskeie afdelings van die vereniging volkome selfstandige status as afsonderlike verengings gegee. Die verskillende afdelings van die Vereniging was ŉ afdeling vir Afrikaanssprekende lede, vir Engelssprekende lede, vir die destydse sogenaamde Bantoelede en vir die Kleurlinglede[2] (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:154; vgl. Van der Merwe 1996:121-124).

Die vier afsonderlike verenigings het in 1996 weer saamgesmelt en bestaan vandag steeds in Suid-Afrika. Die oorhoofse vereniging staan nou bekend as die Verenigde Christelike-Studentevereniging (VCSV). Hul hoofkantoor is in Stellenbosch en die vereniging beskryf sigself as ŉ vrywillige, nierassige, multikulturele, interdenominale, Christelike vereniging (sien VSCV 2019).

### 3.2. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (1965-1996)

Ná die ontbinding van die CSV in Suid-Afrika, is die Afrikaanse Christen-Studentevereniging (ACSV) op dieselfde dag gestig. Die hoofdoel van die vereniging was "om aan al sy lede die volle geleentheid te gee om hulself uit te leef in die organisasie wat in karakter, samestelling en werkspatroon ooreenkom met hulle eie

---

[2] Hierdie terme word as raspejoratiewe beskou wat nie meer vandag gebruik word nie.


© University of Pretoria

kerklike, godsdienstige, kulturele en maatskaplike agtergrond en oortuigings." (Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:154).

Die doelstellings van die ACSV kan soos volg opgesom word (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:155; vgl. Van der Merwe 1996:37; 68):

a. Om studente te beweeg om die Christelike geloof in die Drie-enige God volgens die Bybel aan te neem en as dissipels van Jesus Christus te leef.

b. Om 'n dieper geestelike lewe by studente aan te kweek en ernstige studie van die Bybel as die geïnspireerde Woord van God onder hulle te bevorder.

c. Om studente aan te moedig om hulself toe te wy aan die uitbreiding van die Koningryk van God onder hulle eie volk en deur die hele wêreld.

d. Om studente aan te moedig om getrou te wees aan die Kerk in die algemeen en, in besonder, aan hul eie kerk en belydenis.

Die vereniging het daarna gestreef om wat karakter, werkspatroon en organisasie betref nou geskakel te wees met die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Byna 'n honderd persent van die vereniging was óf doop- óf belydende lidmate van die kerk en so ook deel van die jeugwerksaamhede van die kerk. Die vereniging het sigself beskou as die jeugarm van die kerk in wat arbeid en dienswerk onder die studerende jeug betref (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:155; vgl. Van der Merwe 1996:120-121; 130-134; 181-182).

### 3.2.1. <u>Werksaamhede van die CSV en die ACSV</u>

#### 3.2.1.1. Stranddienste

Stranddienste was die CSV se eerste uitreike. Stranddienste is in 1874 deur die Children's Special Service Mission and Scripture Union in Groot Brittanje begin. Met die stigting van die CSV het die strand- en vakansieoordbediening ook oorgespoel na Suid-Afrika. Die eerste stranddiens is in 1902 op Muizenberg se strand gehou. Van die begin af is al die werk vir die stranddienste deur die leiers van die CSV gedoen (sien Van der Merwe 1996:38-39).


© University of Pretoria

Daar is jaarliks gedurende die lang vakansies op meer as dertig vakansie-oorde langs die kus en in die binneland geestelike en godsdienstige dienswerk gelewer onder die jeug van laerskool- en hoërskoolouderdomme, jong mense en volwassenes wat by die oorde met vakansie was. Die strand- en vakansiedienste het plaasgevind onder toesig van die plaaslike leraar en kerkraad (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:157).

Die tagtigerjare word gekenmerk as ŉ tydperk van dinamiese groei in die strand- en vakansieoordbediening (sien Van der Merwe 1996:191). Gedurende die tagtiger- en negentigerjare raak die NGK ook meer betrokke by strand- en vakansieoordbediening (sien Van der Merwe 1996:193).

#### 3.2.1.2. Kampe

Die hoofbestuur van die CSV het sedert die ontstaan van die vereniging die waarde van eiendomme besef en daarom is verskillende kampterreine ontwikkel en geboue aangekoop (sien Van der Merwe 1996:87-88).

Die eerste CSV-kamp is tydens die Julievakansie van 1908 gehou. Spoedig het die gebruik posgevat en is ander kampe ook gehou. Seuns- en dogterskampe is regoor die land gehou (sien Van der Merwe 1996:39) en daar is ook gesinskampe aangebied (sien Van der Merwe 1996:109).

Gedurende die tagtigerjare het die ACSV-tak van die CSV ook begin om kampe aan te bied vir graad 7-leerders, asook gewilde spesialiteitskampe oor musiek, seksualiteit en avontuur (sien Van der Merwe 1996:200).

Meer as sesduisend jeugdiges, insluitend studente, het jaarliks die meer as dertig georganiseerde streekskampe op die kampterreine van die CSV bygewoon (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:156).

#### 3.2.1.3. Sending

> By die wieg van die CSV in Suid-Afrika speel die sendingtaak ŉ groot rol en bly dit ŉ unieke dryfveer, wat nie onderskat moet word nie. Die manne en vroue wat hierby betrokke was, het met ŉ unieke visie gebid en geleef: die hele wêreld moet nog in hierdie geslag van die lewende Heer hoor (Van der Merwe, 1996:95).


© University of Pretoria

Christenstudente het weekliks die geleentheid gehad om praktiese sendingwerk te doen as deel van die CSV se uitgebreide sendingwerksaamhede. Die CSV het dit ten doel gestel om belangstelling vir sendingwerk te wek en voltydse arbeiders vir die sendingsvelde te werf. “Hierdeur het die Vereniging een van die vernaamste kanale geword waardeur die kerk kandidate vir die sendingvelde kan [kon] werf en verkry.” (Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:156). Die werksaamhede is onderneem onder toesig van die verskillende sendingkommissies van die kerk en die plaaslike leraar en kerkraad. Hierdie vrywilligers het gedien as hulpkragte in die plaaslike kerklike instansies vir die werk wat reeds gelewer is (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:156-157).

### 3.3. Die Kerkjeugvereniging (1951-1974)

#### 3.3.1. Die Christelike Jongeliedevereniging (1874-1951)

Die ontstaan van die Christelike Jongeliedevereniging (CJV) kan teruggevoer word na een van die oudste jeugverenigings. Die eerste tak van die CJV is op 23 November 1974 in Suid-Afrika gestig (sien Nel 1982:93; vgl. Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:158; Van der Westhuizen 1969:6-7).

Die doel van die vereniging was om die geestelike, intellektuele en maatskaplike ontwikkeling van sy lede te bevorder. Die CJV se leuse was “In alles vir Christus” (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:158) en die werksaamhede van die vereniging was gerig op “godsdiens, letterkunde, musiek en sosiale verkeer” (Kemp 1963:224). Die vereniging het later jare in ’n meer kulturele vereniging ontwikkel en het ook later, net soos die Strewersunie, meer ’n vereniging vir volwassenes geword (sien Terblanche 1966:43; vgl. Nel 1982:94).

By die vereniging se laaste kongres in 1949 het die vereniging vier-en-negentig takke gehad met ongeveer 3 500 lede. Die CJV het in 1951 ontbind (sien Nel 1982:94; vgl. Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:158; Van der Westhuizen 1969:7).

#### 3.3.2. Christelike Strewersunie (1893-1951)

Die Christelike Strewersunie (C.S. Unie) is in 1881 in die VSA gestig. Die aanvanklik doel van die C.S. Unie was om “die jong Christene te laat opwas, sterker te laat word en om jong mense tot getroue belyers en werkers vir Christus en die kerk te vorm”



© University of Pretoria

(Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:158; vgl. Van der Westhuizen 1969:4-6; Nel 1982:94).

Sover bekend is die eerste C.S. Unie in 1887 in Suid-Afrika gestig (sien Nel 1982:94). Die eerste vereniging in die Nederduitse Gereformeerde Kerk is in 1893 gestig. In 1898 was daar reeds ongeveer honderd takke met vierduisend lede. Teen 1950 was daar 399 takke onder die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met ongeveer tienduisend lede (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:158; vgl. Nel 1982:94).

Die leuse van die vereniging was "vir Christus en vir die kerk", en die doel was "om 'n ernstige en praktiese Christelike lewe te bevorder, en mekaar onderling daartoe aan te help" (Terblanche 1966:46).

Beide die Christelike Jongeliedevereniging en die Christelike Strewersunie was verbonde aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Gevolglik skryf Terblanche (1966:40):

> In Suid-Afrika kan nie van jeugbeweging in die ware sin van die woord gepraat word nie. Reeds sedert die begin van die Christelike jeugverenigings in Suid-Afrika was die verenigings meer jeugsorg van die Kerk, as bloot jeugvereniginge.

Nel (1982:95) bied twee moontlike redes hiervoor. Eerstens was die kerk die verenigings goedgesind en tweedens het die leraar gewoonlik die inisiatief geneem in die stigting van sodanige vereniging. Kemp (1963:231) voeg nog 'n rede hierby. Volgens hom het die verenigings se stryd teen verengelsing en die kultuursy van die vereniging die Afrikaanse jeug baie ontvanklik teenoor hulle gemaak.

3.3.3. Die Kerkjeugvereniging (1951-1974)

In 1907 is die noodsaaklikheid van die eenwording van die CJV en die C.S. Unie vir die eerste maal geopper. Die noodsaaklikheid vir 'n jeugeenheidsfront is sterk in die Nederduitse Gereformeerde Kerk aangevoer. Gesprekvoering oor die konsolidering van die verenigings is oor die jare met groot erns bespreek. Op 6 Julie 1951 is die Kerkjeugvereniging (KJV) gestig nadat die CJV en die C.S. Unie besluit het om te ontbind en saam te smelt met die doel om 'n kerklike jeugvereniging te stig (sien Nel 1982:96; Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:159-160; 174; vgl. Van der


© University of Pretoria

Westhuizen 1969:38-45). Die verslag van die Jeugstudiekommissie beskryf die dag soos volg (Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:160,161):

> Vrydag, 6 Julie 1951, sal in die geskiedenis van die kerk aangeteken staan as ŉ onvergeetlike mylpaal ten opsigte van jeugbearbeiding in Suid-Afrika. Op die dag is al die verskillende strome in een kanaal gekeer en al die sluimerende moontlikhede gekonsolideer tot ŉ hegte eenheid. Die Kerkjeugvereniging van en vir die kerk, waarin die jeug hulle inisiatief en selfaktiwiteit vrylik aan die dag kan lê en ontwikkel in ooreenstemming met die bepalings van die grondwet.

In die daaropvolgende jare het die band tussen die kerk en die KJV al meer amptelik geword. Dit het vir jare as die jeugarm van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedien. Die verbondeheid van die KJV aan plaaslike gemeentes en die kerk in die breë het ruimte gelaat vir groei en ontwikkeling in die rigting van ŉ kerkjeugaksie (sien Nel 1982:96).

Die KJV was ook die begin van die verwesenliking van die kerklike ideaal vir een jeugvereniging waar eenvormigheid en kontinuïteit verwesenlik kon word (sien Nel 1982:96).

## 4. JEUGBEDIENING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

### 4.1. Kerkjeugaksie

Gedurende die sestigerjare het die gedagte aan ŉ nog meer kerklike en kerkgedrewe jeugaksie in die Nederduitse Gereformeerde Kerk begin groei. Nel (1982:97) skryf dat “die gedagte veral gevoed is deur die begeerte dat die Kerkjeugvereniging nie meer soseer ŉ vereniging moet wees waarby jong mense formeel aansluit en lid word nie, maar dat dit eerder ŉ organisasie moet wees waar die doop en die jong belydende lidmate op grond van hulle lidmaatskap van die gemeente inskakel en diens lewer”.

Tydens die Algemene Sinode in 1974 is die KJV se naam verander na Kerkjeugaksie (KJA). Die nuwe grondreëls vir die wyse van inskakeling by die kerkjeugaksie is ook goedgekeur. Hierdie grondreëls het bepaal dat alle doop- en belydende lidmate van die gemeente kragtens hul kerklidmaatskap ook betrokke is by die Kerkjeugaksie en dat hulle aktief daarby behoort in te skakel (sien Nel 1982:97).


© University of Pretoria

Die struktuur van die KJA het gepoog om uitdrukking te gee aan die twee beginsels van die kerk se jeugbeleid, naamlik kontinuïteit en koördinasie. Dit behels die koördinering tussen kategese en jeugaksie, sowel as die kontinuïteit tussen die kategeseafdelings, asook tussen die drie afdelings van die Kerkjeugaksie, naamlik die junior, senior en belydende Kerkjeugaksie (sien Nel 1982:97).

### 4.2. Jeugbeleid

Parallel met die voorgenoemde ontwikkeling in die KJV het die kerk ŉ intensiewe en omvangryke studie geloods om die kerk se jeugwerk te ondersoek (sien Nel 1982:98).

Op 13 April 1951 het die Sinode van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk van Transvaal die wenslikheid en die noodsaaklikheid van ŉ studie in verband met die jeug en jeugwerk binne die kerk uitgespreek. Met verloop van tyd het dit duidelik geword dat so ŉ studie nie net deur een kerk nie, maar deur al die Gereformeerde kerke ondersteun behoort te word (Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:4; vgl. Nel 1982:98).

In uitvoering van die voorafgemelde opdragte is die Jeugstudiekommissie in 1958 saamgestel. Op hierdie kommissie het die verteenwoordigers van die drie afdelings van die studie gedien, naamlik studentebearbeiding, opvoeding en onderwys en naskoolse jeugbearbeiding. Die verteenwoordigers het elkeen van die Gereformeerde kerke, die Hoofraad van die Christenstudentevereniging en die Federale Uniebestuur van die Kerkjeugvereniging verteenwoordig (sien Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:6).

Enkele van die bevindinge van die studie word in afdeling 5 bespreek. Vanuit die verslag is sewe beginsels saamgestel wat sou dien as die jeugbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Op die Algemene Sinode van 1966 is die volgende sewe beginsels as jeugbeleid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aanvaar (Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:254, 536; Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1974:361):

1. Die jeug is ŉ wesenlike deel van die gemeente.
2. Die jeug is die besondere verantwoordelikheid van die kerk, en hierdie verantwoordelikheid is onvervreembaar en onoordraagbaar.


© University of Pretoria

3. Die jeug is die kind en jongmens vanaf geboorte tot volwassenheid en vorm deur alle stadia van groei en ontwikkeling 'n eenheid.

4. Die verantwoordelikheid van die kerk ten opsigte van jeugwerk omvat herderlike sorg, geestelik-godsdienstige onderrig en opvoeding, toesig oor en bemoeienis met die opvoeding en onderwys wat die jeug ontvang, en hulp en voorligting aan die jeug in al sy lewensverhale.

5. Die kerk kan in sy jeugwerk gebruik maak van hulpdienste onder direkte toesig en leiding van die besondere ampte.

6. Kontinuïteit in die kerk se dienswerk aan die jeug is 'n basiese vereiste; dit is 'n deurlopende werksprogram waarvan die dele en die geheel doelbewus meewerk tot die verwesenliking van die een einddoel om die jeug te lei tot volwaardige lidmate van die gemeente van Christus.

7. Koördinasie van die kerk se dienswerk aan die jeug is essensieel; dit beteken dat al die vertakkings van die jeugwerk wat doelstelling, werksprogram en organisasie betref, heg ineengeskakel is.

Die beginsels is 'n onmiskenbare deel van die grondslag van jeugbediening en studentebediening in die kerk. Van die beginsels leef vandag steeds voort in die kerk en leraars se benadering tot en denke oor jeugbediening.

## 5. STUDENTEBEDIENING IN GEREFORMEERDE KERKE

### 5.1. Die studentegemeentes in Suid-Afrika

Studentebediening in die Nederduitse Gereformeerde Kerk het in 1928 in die noorde van die land begin met die aanstelling van die eerste studenteleraar, dr. F.D. Moorrees. Hy was verantwoordelik vir die bediening aan die studerende jeug in Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom, Heidelberg, Bloemfontein en Pietermaritzburg. In die daarop volgende jaar, 1929, is studentebediening in die Kaapse Kerk begin. Namate die studentegetalle aan die universiteite in die land toegeneem het, het die verskillende sinodes, ringe en kerkrade al harder gewerk om die bediening uit te brei (sien Algemene Sinode van die N. G. Kerk 1966:76).


© University of Pretoria

Die eerste studentegemeentes, dit wil sê gemeentes wat toegespits is op studentebediening en wat oorheersend uit studentelidmate bestaan, is in die 1960's in Suid-Afrika gestig. Die gemeentes sluit in NGK Universiteitsoord (1960) (sien Cilliers 2010:6) en die NHKA Studentegemeente Potchefstroom (1967) (Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk van Afrika 2019a:243). Die meeste van die studentegemeentes het afgestig van 'n gemeente in die omgewing van die universiteitskampus met die doel om die toenemende aantal studente in die omgewing te bedien.

Daar is verskeie vorme van studentebediening in Suid-Afrika. Daar is studentegemeentes wat slegs studentelidmate het terwyl ander studentegemeentes residensiële (kinders, tieners en volwassene) lidmate ook het, maar hoofsaaklik uit studentelidmate bestaan. Laastens is daar residensiële gemeentes wat studentebediening binne die gemeente het.

Dertien studentegemeentes het deelgeneem aan die empiriese navorsing vir hierdie studie (sien hoofstuk 3). Die dertien gemeentes is die amptelike studentegemeentes van hul onderskeie kerkverbande. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het vyf studentegemeentes verbonde aan universiteitskampusse regoor Suid-Afrika. Die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk het elk vier studentegemeentes regoor Suid-Afrika.

Die dertien gemeentes is egter nie die enigste gemeentes van die onderskeie kerke met studentebediening nie. Die amptelike getal is onbekend, maar die volgende twee redes gee 'n aanduiding dat daar meer as hierdie dertien gemeentes is. Eerstens is nie al die universiteitskampusse in Suid-Afrika ingesluit in die navorsing nie en tweedens is daar talle residensiële gemeentes in die dorpe of stede van die universiteitskampusse wat ook studentelidmate en studentebediening as deel van hul gemeente het.

In 1965 was daar tien studenteleraars in Suid-Afrika. In 1982 was daar 36 studenteleraars verbonde aan 21 gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ongeveer 21 500 studentelidmate is deur die leraars bedien (sien Nel 1982:107; vgl. Van Tonder 1977:1-8; 102-113). Vandag is die amptelike syfers van die aantal studentelidmate nie beskikbaar nie, maar die getalle is aansienlik minder. Die redes hiervoor word in hoofstuk 6 verken.


© University of Pretoria

## 5.2. Verslag van die Jeugstudiekommissie (1966)

Daar is veral drie punte in die Jeugstudiekommissie se verslag wat van belang is vir hierdie studie, naamlik die belang van studentebediening, die doel van studentebediening en enkele bevindinge rakende studentebediening.

### 5.2.1. Die belang van studentebediening

Die skrywers van die verslag skryf die volgende oor die belang van studentebediening en die woorde blyk vandag steeds waar te wees (Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1966:76):

> Die kerk besef vandag die belangrikheid van studente-bearbeiding en by elke Rings- of Sinodale vergadering word groot welwillendheid betoon, wat getuig dat studenteleraars in die pioniersjare van studente-bearbeiding, nie tevergeefs gearbei en gepoog het om die kerk se aandag op hierdie uiterse strategiese arbeidsveld te vestig nie.

### 5.2.2. Die doel van studentebediening in jeugbediening

Die verslag omskryf ook die doel van studentebediening in die kerk soos volg (Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1996:86):

> Daar moet ŉ eenheid in koers en doel wees, asook ŉ progressiewe ontwikkeling en gesonde balans in die bereiking en bearbeiding van die jongmens, vanaf sy voorskoolse stadium tot en met sy studieloopbaan en ook daarna. Omdat studente met reg die leiers van die toekoms genoem kan word, moet hulle geestelik vir Christus gewen en vir die kerk behou word, sodat hulle sterk en gesonde leding kan gee na die voltooiing van hulle studieloopbane.
>
> Studentebearbeiding is dus uiters strategiese arbeid, met verreikende resultate en die kerk moet sy studentelidmate op hierdie besondere stadium van hulle lewe so goed en deeglik as moontlik bereik en bearbei.

### 5.2.3. Bevindinge van die verslag rakende studentebediening

In uitvoering van die opdrag van die Jeugstudiekommissie het hulle ook empiriese navorsing gedoen. Die volgende bevindinge sluit aan by die bevindinge van die empiriese navorsing wat gedoen is vir hierdie studie (Algemene Sinode 1966:77; 84):


© University of Pretoria

- Die verslag is ten gunste van koshuisinwoning omdat dit vir die studenteleraars beter kontrole, toesig en geestelike bearbeiding van die studente bied. Privaatlosies [sic] moet oor die algemeen afgekeur word.
- Studente wat aan die studie deelgeneem het, maak oor die algemeen erns met hul verhouding met God, is positief teenoor godsdiens en is meelewende lidmate van hul gemeente.
- 99,4% van die studente wat aan die studie deelgeneem het, het getuig dat hul huislike agtergrond en invloed, hul huidige siening van godsdiens beïnvloed.
- Die Afrikaanssprekende student se beskouing oor die lewe is oor die algemeen meer gerig op die transendente.
- Studentelidmate aanvaar graag die leiding en raad van hul leraar, ouderling of 'n ouer persoon met wie hulle 'n vertrouensverhouding het.
- Teen die stigting van 'n studentegemeente op kategoriale grondslag is daar kerkregtelike besware, maar waar plaaslike omstandighede dit vereis en regverdig, kan gemeentes of wyksgemeentes, bestaande hoofsaaklik uit studentelidmate, op territoriale grondslag gestig word.
- Studenteleraars word aangemoedig om elke jaargroep ook afsonderlik te benader, omdat die jaargroepe van mekaar verskil en elkeen op sy eie wyse belangrik is.

### 5.3. <u>Belydende Kerkjeugaksie</u>

Hierdie aksie het binne al die sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gefunksioneer asook op die kampusse van die destydse Afrikaanse universiteite en onderwyskolleges in Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Natal. Die Afrikaanse Christen-Studentevereniging het op kampusse in die Kaapprovinsie gefunksioneer. Die aksie het ook binne die opset van die Suid-Afrikaanse Weermag en op die kampus van die Suid-Afrikaanse Polisiekollege gefunksioneer (sien Nel 1982:104).

Die studente, as belydende lidmate, was kragtens hul lidmaatskap van die gemeente betrokke by die Belydende Kerkjeugaksie, en moes daarom ook daarby inskakel. Die Belydende Kerkjeugaksie het leidinggewende komitees op gemeente-, ring-, sinodale en algemene sinodale vlak gehad. Die belydende lidmate het die leiding


© University of Pretoria

geneem terwyl die leraar en ŉ verteenwoordiger van die kerkraad ampshalwe in die gemeentekomitee gedien het (sien Nel 1982:104).

Die Belydende Kerkjeugaksie het gefunksioneer deur middel van die volgende diensgroepe vir die verskillende diensterreine van die kerk (sien Nel 1982:104):

- Jeugarbeid en evangelisasie
- Sending
- Diens van barmhartigheid
- Leer en aktuele sake
- Kultuur en ontspanning

### 5.4. Studenteleraarskonferensie

Die eerste Studenteleraarkonferensie is in 1971 gehou. Die konferensies is deur die Algemene Jeugkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aangebied en die doel van die konferensies word in die reglement vir Studenteleraarkonferensies verwoord as die "sinvolle en gereelde skakeling tussen studenteleraars en verskillende kampusse" en die "bekwaammaking van studenteleraars vir hulle eiesoortige taak" (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1982:126). Hierdie konferensies het ontwikkel tot ŉ besinningsplek oor die verskillende fasette van studentebediening (sien Nel 1982:107). Die konferensies was ŉ jaarlikse instelling.

Alhoewel die studenteleraarkonferensies gereël is deur studenteleraars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, is studenteleraars van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerk ook na die konferensies genooi en het hulle die konferensies bygewoon (sien Nederduitse Gereformeerde Kerk 1984:1).

Die leraars wat na die konferensies genooi is, was ook nie net studenteleraars wat universiteitstudente bedien het nie, maar het alle leraars ingesluit wat studente bedien wat aan ŉ tersiêre inrigting studeer het. Dit het ook bediening aan studente wat aan technikons en kolleges gestudeer het, ingesluit.

ŉ Tweejaarlikse konferensie vir kerklike jeugleiers van die Belydende Kerkjeugaksie op kampusse is ook deur die Algemene Jeugkommissie aangebied. Die konferensie het aan Christenstudenteleiers die geleentheid gegee om mekaar beter


© University of Pretoria

te leer ken en saam te besin oor die beste wyse waarop die kerk haar roeping in en op die kampus kan vervul (sien Nel 1982:107).

Daar is melding van die studenteleraarskonferensies in die verslae van die Algemene Jeugkommissie wat op die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedien het tot en met 2004. Ná 2004 word die konferensies nie meer genoem nie. Moontlike redes hiervoor kan wees dat die konferensies deur die Algemene Jeugkommissie gefinansier is en dat die kommissie in 2004 ontbind is. Die konferensie vind dus steeds plaas, maar nie op ŉ jaarlikse basis nie. By die konferensie word die leraars se uitdagings in hul onderskeie bedienings bespreek en hulle besin saam oor die beste praktyke om die uitdagings die hoof te bied. Dit is belangrik om die leraars se bespreking van die uitdagings en oplossings vir pastorale sorg, soos genotuleer, te bespreek. Studentebediening lyk vandag baie anders as in die 1980's, maar die besprekings is steeds relevant en van waarde vir hierdie studie.

In die derde bylaag tot die notule van die Studenteleraarkonferensie van 1983 word pastoraat in ŉ studentegemeente bespreek. In die bylaag word die probleme wat die leraars in die gesig staar genoem en bespreek. Vier van die probleme is (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1983:2):

1. Tyd: Die hoeveelheid studente wat gedurende die akademiese jaar besoek moet word, is te veel en die studente het vol en besige programme.

2. Groot getalle: Die getal besoekpunte is te veel per leraar en die leraars kan dus nie die studente werklik leer ken nie.

3. Studente wat privaat woon: Hierdie studente is moeilik om te bereik en hulle mobiliteit is ook beperk.

4. Beperkte kontinuïteit: Die studente is slegs vir drie tot vier jaar in die gemeente.

Die doelwitte wat die leraars vir hulself opgestel het ten opsigte van die pastoraat is om (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1983:2):

1. in die student se leefwêreld te kom;

2. spesiale aandag aan bepaalde groepe te gee, byvoorbeeld aan eerstejaarstudente;


© University of Pretoria

3. ten minste een maal tydens die student se studieloopbaan met hom/haar ŉ gesprek te voer; en
4. ŉ pastorale verhouding met elkeen op te bou.

Tydens die studenteleraarkonferensie van 1984 is daar weereens ruim tyd geskenk aan besprekings en lesings oor pastoraat aan studente en in die besonder oor groepspastoraat, aktuele gesprekvoering en die hantering van byvoorbeeld depressie (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1984:1).

Die konferensie het aan die AJK die voorstel gemaak dat die aantal studente per studenteleraar op 500 vasgestel word. Die aanbeveling is gemotiveer deur die belewenis van die studenteleraars dat die klem in studentebediening toenemend verskuif van groeps- na individuele bediening (sien Nederduitse Gereformeerde Kerk 1984:2

> ŉ Situasie ontwikkel waarin elke een en/of elke twee studente as ŉ besoekpunt beskou moet word. ŉ Werklik intensiewe studentebearbeiding kan ook nie anders as om op die individuele student te fokus nie.

### 5.5. Studentebediening in die Gereformeerde kerke vandag

Jeugverenigings speel nie vandag meer ŉ noemenswaardige rol in studentebediening nie. Soos verduidelik, is jeugverenigings ŉ integrale deel van die ontwikkeling van studentebediening, maar die plaaslike gemeentes aanvaar vandag volle verantwoordelikheid vir die bediening aan die studente in hul gemeentes. Die navorser is wel van mening dat daar nog onderskeid getref word tussen *jeugvormingwerk* en *jeugsorgwerk* in leraars se benadering tot studentebediening. Die onderskeid is nie meer so pertinent nie, maar tog steeds teenwoordig. Die motivering vir die stelling word in die volgende hoofstukke verduidelik.

Die drie kerke, die Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Kerk was in die geskiedenis, en is steeds vandag, in gesprek met mekaar oor jeugbediening. Soos gesien in hierdie hoofstuk, het hulle telkemale hande gevat, saamgewerk en navorsing gedoen oor jeugbediening. Hulle het so ook saam besin oor studentebediening. Die mees onlangse groot navorsingsprojek wat die kerke saam aangepak het, was in 2015 (sien Algemene


© University of Pretoria

Sinode van die N.G. Kerk 2015:158-172). Die verslag sluit empiriese navorsing in wat gedoen is onder jong mense tussen die ouderdomme van 14 en 35. Studente word egter glad nie in die verslag uitgesonder of genoem nie.

Studentebediening word steeds as ŉ strategiese bediening vir die opleiding van toekomstige leiers in die kerk beskou (vgl. Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk van Afrika 2019a:67). Sprekend hiervan is die subsidies wat studentebediening steeds van hul sinodes en algemene kerkvergaderings ontvang (vgl. Algemene Sinode van die N.G. Kerk 2004:115; Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk van Afrika 2019a:66). So ook is die navorsing tekenend van die belang van studentebediening vir die kerk.

Daar is wel ŉ aanduiding dat studentebediening nie meer so hoog geag word soos veertig jaar gelede nie. Die stelling word eerstens gemaak op grond daarvan dat subsidies voortdurend gesny word (die finansiële klimaat in die kerke moet egter in ag geneem word). Die Algemene Sinode maak nie meer fondse beskikbaar vir die Studenteleraarskonferensie nie. Tweedens blyk dit vanuit die onderskeie beskikbare hulpbronne van die kerke vir jeugbediening (sien byvoorbeeld www.dinkjeug.co.za en www.gkjeug.co.za) en vanuit die laaste navorsingsverslae oor jeugbediening wat op die algemene vergadering van die onderskeie kerke gedien het, dat die fokus van jeugbediening op skoolgaande jeug en kategese val. Daar is min tot geen melding of hulpbronne vir studentebediening nie.

In die laaste vier-en-twintig jaar is die uitdagings waarvoor Studentegemeentes te staan kom per geleentheid tydens algemene vergaderings bespreek.

Die AJK het in 1998 die volgende aanbeveling aan die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gemaak:

4.5.1 **AANBEVELING**

4.5.1.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die ingrypende transformasie-prosesse op die kampusse van tersiêre inrigtings in Suid-Afrika.

4.5.1.2 Die Algemene Sinode beskou die veranderende demografiese samestelling van die studentekorps en die toename in multi-kulturaliteit op kampusse as ŉ besondere geleentheid vir en ŉ uitdaging aan die Studentebediening van die Nederduits Gereformeerde Kerk aan die land se toekomstige leiers.


© University of Pretoria

4.5.1.3 Die Algemene Sinode ondersteun die verbreding en verdieping van die missionêre, diakonale en ekumeniese dimensie van die kerk se Studentebediening op die kampusse van tersiêre inrigtings.

4.5.1.4 Die Algemene Sinode versoek sinodes om in hierdie besondere tyd die unieke uitdaging van Studentebediening op die kampusse van tersiêre inrigtings te ondersteun deur hulle finansiële ondersteuning van die werk, nie in te perk nie.

(Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1998a:113)

Die handelinge wys dat die aanbevelings so goedgekeur is deur die sinode (Algemene Sinode van die N.G. Kerk 1998b:431). In die agenda van die Algemene Sinodesitting in 2002, asook in 2004, word die aanbevelings gemaak dat verdere navorsing gedoen moet word oor die beste praktyke om die uitdagings (soos verwoord in 1998) die hoof te bied. Daar kon egter nie verslae as bewys van sodanige navorsing gevind word nie. Die uitdagings is tot op hede nie weer in ŉ Algemene Sinodesitting geopper of bespreek nie. Soos genoem, is die klem van navorsing oor jeugbediening verskuif na navorsing oor skoolgaande jeug en kategese.

Tydens die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk in 2019 is die uitdagings van hul studentegemeentes bespreek en is die vraag gevra of "die bestaande werkwyse om studentebearbeiding aan die hand van studentegemeentes te behartig, steeds die mees effektiewe werkswyse is" (Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk van Afrika 2019a:66). Gevolglik is ŉ besluit op die vergadering geneem dat alternatiewe wyses van bearbeiding ondersoek moet word en dat ŉ aanbeveling gemaak moet word by die volgende Algemene Kerkvergadering in 2023 (sien Algemene Kerkvergadering van die Ned. Herv. Kerk van Afrika 2019b:11).

Daar is dus ŉ noodsaaklikheid en behoefte vir vernuwende denke en praktyke in studentebediening in Suid-Afrika.


© University of Pretoria

## 6. SAMEVATTING

In Suid-Afrika was gemeentes van die begin af meer betrokke by jeugbediening as in die res van die wêreld. Die kerk en plaaslike gemeentes in samewerking met die onderskeie jeugverenigings het die grondslag gelê vir studentebediening soos dit vandag funksioneer en bedien word.

Studentebediening was sedert die ontstaan van hierdie soort bediening belangrik vir die kerk. Dit is ’n strategiese bediening omdat studente beskou word as die leiers van die toekoms. Alhoewel die konteks van studentebediening drasties verander het, is daar lesse te leer uit die geskiedenis en die bevindinge en aanbevelings wat in die verlede gemaak is, kan vandag steeds van waarde vir studentebediening wees.

Die volgende hoofstuk dien as die eerste van die drie empiriese hoofstukke in die proefskrif. In die hoofstuk word die bevindinge van die onderhoude wat die navorser met die studenteleraars gevoer het, weergegee.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 3

# EMPIRIESE NAVORSING – KWANTITATIEWE NAVORSING

# VRAELYSTE AAN TWEEDEJAARUNIVERSITEITSTUDENTE

## 1. INLEIDING

Die navorsingsprobleem, navorsingsvraag en doel van hierdie studie is reeds in hoofstuk 1 soos volg geformuleer:

Die navorsingsprobleem van die studie is dat daar gebrekkige begrip en kennis is van die behoeftes van Afrikaanssprekende studentelidmate van die Gereformeerde studentegemeentes in Suid-Afrika. Daar is tans weinig resente navorsing oor studentebediening in die Suid-Afrikaanse konteks om leraars in hul onderskeie bedienings te ondersteun.

Die navorsingsvraag is om vas te stel wie die hedendaagse Afrikaanssprekende student is en hoe die leefwêreld van sodanige student lyk ten einde die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente te identifiseer. Die doel van die navorsing is om die bedieningsbehoeftes van universiteitstudente in Suid-Afrika te identifiseer en om studentegemeentes teologies te bemagtig om studente meer sinvol en effektief te bedien.

Hierdie hoofstuk verteenwoordig die eerste van die vier take van Osmer (2008:31-218) se kerntake van praktieseteologie-interpretasie. Die eerste taak is die empiries-deskriptiewe taak. Die doel van die taak is om inligting in te samel wat sal help om verhoudings en patrone in spesifieke episodes, situasies of kontekste te onderskei (sien Osmer 2008:49). Die hoofstuk beantwoord die rigtinggewende vraag van die empiries-deskriptiewe taak, naamlik "Wat is aan die gebeur?" (sien Osmer 2008:4; 31-78).

Kronologies is die empiriese navorsing wat onder die studente gedoen is ná die kwalitatiewe onderhoude met studenteleraars gedoen. Die empiriese navorsing word egter in die proefskrif eerste geplaas. Die rede hiervoor is dat die empiriese navorsing wat onder die universiteitstudente gedoen is die primêre empiriese bron vir die


© University of Pretoria

navorsing is (hoofstukke 3 en 4). Die onderhoude met die studenteleraars dien as ŉ sekondêre, ondersteunende bron (hoofstuk 5).

Hierdie hoofstuk is dus die eerste van drie empiries-deskriptiewe hoofstukke in die proefskrif. In die hoofstuk word die bevindinge van die vraelyste wat die navorser gestuur het aan tweedejaarstudente wat betrokke is by die onderskeie studentegemeentes bespreek.

Die doel van die hoofstuk is om met behulp van die vraelyste ŉ realistiese beeld te skets van die Afrikaanssprekende studentelidmate en om vanuit die perspektief van die studente ŉ antwoord te bied op die vraag oor die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente.

## 2. BESKRYWING VAN DIE DATABRON

### 2.1. Opstel van die vraelys

Die vraelys is opgestel met die eerste stel kwalitatiewe navorsing en die teorie oor studentebediening in gedagte.

Die vraelys is deels opgestel aan die hand van die vrae en die antwoorde van die studenteleraars. Die doel hiervan is om die antwoorde van die studenteleraars en die studente met mekaar te vergelyk om sodoende die navorsingsvraag oor die bedieningsbehoeftes van en bediening aan Afrikaanssprekende universiteitstudente te beantwoord.

Tweedens is van die vrae gebaseer op bestaande navorsing oor studente en studentebediening om sodoende in gesprek te kan tree met bestaande navorsing en die teorie ten einde die navorsingsvraag te kan beantwoord. Vraag 33 (afdeling 5.1.2.) is gebaseer op die navorsing van K.C. Bronk (2014) en P.L. Glanzer (2015). Vraag 35 (afdeling 5.2.) is gebaseer op Fowler (1981) se derde en vierde fases van geloof.

Die vraelys is opgestel en geformuleer met behulp van die promotor, prof. Malan Nel, en die statistikus mev. Tanita Cronje van die Departement Statistiek aan die Universiteit van Pretoria. Die vraelys is opgestel op Google Forms.


© University of Pretoria

Die vraelys is aan die etiekkomitee van die Fakulteit van Teologie en Religie gestuur vir goedkeuring (sien addendum 1). Die navorser het op 22 April 2021 etiese klaring vir die vraelys ontvang. Die vraelys is as addendum 2 aan die einde van hierdie dokument aangeheg.

Die vraelys is opgestel en versprei tydens die Covid-19-pandemie. Die navorser het vrae ingesluit wat die effek wat die inperkings op studentebediening gehad het, kan blootlê.

Die studente wat die vraelys voltooi het, was in 2020 in hul eerstejaar. Weens die pandemie en die inperkings het die studente die grootste gedeelte van hul eerste twee jaar op universiteit by die huis deurgebring en aanlyn studeer. Dit het ook ŉ invloed gehad op die antwoorde van die studente. Die statistiek van enkele van die vrae kan anders lyk in ŉ tydperk voor of ná die van inperkings. Die vrae word bespreek in afdelings 4.2.6, 4.2.7 en 4.3.1.

### 2.2. Beskrywing van die databron

Die onderskeie studentegemeentes, soos uiteengesit in Tabel 1, se kerkrade het toestemmingsbriewe geteken waarin hulle toestemming gee dat die gemeentes kan deelneem aan die studie en dat hulle die inligting van die tweedejaarstudente (betrokke in die gemeente) sal verskaf sodat die studente aan die navorsing kan deelneem.

Die navorser het op 26 Januarie 2021 die eerste e-pos aan die studenteleraars gestuur waarin hulle gevra is vir die kontakbesonderhede van die tweedejaarstudente betrokke in hul gemeentes. Die navorser het die kontakbesonderhede van die studentegemeente soos op 13 April 2021 ontvang.

| Studentegemeente | Aantal kontakbesonderhede ontvang | | | Deelgeneem |
|---|---|---|---|---|
| | Totaal | Manlik | Vroulik | |
| GKA Cachet (NWU) | 20 | 7 | 13 | 7 (35%) |
| GKA Die Bult (NWU) | 8 | 3 | 5 | 2 (25%) |
| NGK Kandelaar (NWU) | 155 | 61 | 94 | 41 (26,5%) |


© University of Pretoria

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| NHKA Potchefstroom Studentegemeente (NWU) | 0 | | | 2 |
| NGK Kopanong Church (UFS) | 0 | | | 1 |
| NHKA Bloemfontein (UFS) | 2 | 0 | 2 | 0 |
| NGK Melville Kruiskerk (UJ) | 0 | | | |
| GKA Brooklyn (UP) | 11 | 4 | 7 | 7 (63,6%) |
| NGK Universiteitsoord (UP) | 59 | 18 | 41 | 21 (35,6%) |
| NHKA Philadelphia (UP) | 0 | | | |
| GKA Stellenbosch (US) | 7 | 4 | 3 | 5 (71,4%) |
| NGK Kruiskerk (US) | 356 | 134 | 222 | 25 (7,0%) |
| NHKA Stellenbosch (US) | 0 | | | |
| **Totaal** | 617 | 231 | 386 | 111 (18%) |

**Tabel 1**

Die volgende gemeentes het ŉ lys gestuur van studente wat in 2019 hul eerstejaarskamp bygewoon het:

- NGK Kandelaar (NWU)
- NGK Universiteitsoord (UP)
- NGK Kruiskerk (US)

Twee van die studenteleraars het laat weet dat hulle in die tyd wat die kontakbesonderhede aangevra is geen tweedejaarstudente in hulle gemeentes gehad het nie. Die leraars is van die gemeentes NHKA Stellenbosch (US) en NGK Melville Kruiskerk (UJ).

Drie studenteleraars het, om gehoor te gee aan die nuwe Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA), nie die kontakbesonderhede met die navorser gedeel nie, maar het self met die studente gekommunikeer. Die navorser het die skakel na die vraelys en die bygaande brief aan die leraars gestuur en hulle het dit aan die tweedejaarstudente in hul onderskeie gemeentes gestuur. Die leraars is


© University of Pretoria

van die gemeentes NHKA Potchefstroom Studentegemeente (NWU), NHKA Philadelphia (UP) en NGK Kopanong (UFS).

Die navorser het die vraelys, ʼn brief (sien addendum 3) en die skakel na die vraelys aan al die studente gestuur wie se kontakbesonderhede ontvang is. Die navorser het gekies om nie vanuit die kontakbesonderhede wat ontvang is ʼn aantal ewekansig te kies nie, maar om eerder die e-pos aan al die studente te stuur. Die rede hiervoor was om soveel as moontlik reaksie op die vraelys te ontvang. Die navorser het die versoek om die vraelys te voltooi aan 617 studente gestuur.

Van die e-posadresse wat ontvang is, was 14 foutief. Die navorser het aan die 14 studente dieselfde brief en skakel wat in die e-pos gestuur is ook per WhatsApp gestuur. Die GKSA-gemeente Die Bult het slegs vir die navorser die selfoonnommers van die studente gestuur. Die navorser het die brief en skakel aan die agt studente via WhatsApp gestuur.

Die navorser het op 26 April 2021 die eerste maal die brief en skakel aan die studente gestuur. Die navorser het die studente twee weke (tot 7 Mei 2021) kans gegee om die vraelys te voltooi. Teen 5 Mei 2021 het slegs 58 studente die vraelys voltooi. Die navorser het op 17 Mei weer ʼn e-pos aan die studente gestuur waarin gevra word dat die studente dit asseblief moet heroorweeg om die vraelys te voltooi. Die navorser het die studente kans gegee tot 21 Mei 2021. 109 studente het die vraelys voltooi. Die navorser het die vraelys gesluit vir reaksie op 1 Junie 2021 en het 115 reaksies op die vraelys ontvang. Vier van hierdie studente het nie toestemming gegee nie en het nie die vraelys voltooi nie. Daar is dus 111 bruikbare reaksies.

Die 111 bruikbare reaksies is onttrek vanaf Google Forms en aan die betrokke statistikus, mev. Tanita Cronje, gestuur. Mev. Cronje het op 28 Junie 2021 haar verslag gestuur. Die navorser het verdere vrae oor die reaksies aan haar gestuur en die navorser het die finale verslag op 17 Augustus 2021 ontvang. Die finale verslag is verwerk en die bevindinge word weergegee in hierdie empiries-deskriptiewe hoofstuk.

### 2.3. Uitleg van die hoofstuk

Die vier afdelings van die vraelys en die vrae onder elke afdeling dien as die struktuur vir die hoofstuk. Die vier afdelings behels biografiese inligting, kerklike agtergrond, psigologiese behoeftes van die studente en bedieningsbehoeftes van die studente.


© University of Pretoria

Onder elkeen van die afdelings word die statistiek verkry vir elke vraag weergegee. Daarmee saam word moontlike verskille tussen die veranderlikes ook uitgewys.

Die navorser het vier veranderlikes geïdentifiseer as die belangrikste veranderlikes wat oorweeg moet word vir die navorsing. Die veranderlikes is (1) die verskillende universiteitskampusse; (2) die verskillende studentegemeentes; (3) studente wat in universiteitskoshuise woon en studente wat in privaat behuising woon; en (4) studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het.

Die statistikus het die navorser gehelp om die verskille en verwantskappe tussen die veranderlikes te bepaal.

Die verskille tussen die veranderlikes word, soos gepas en indien daar noemenswaardige verskille is, ook weergegee as deel van die statistiek van elke vraag. Die veranderlikes word bespreek in die dieselfde volgorde as wat dit in die afdeling ‘Biografiese inligting’ gevra is. Die verskille tussen die veranderlikes word aan die einde van die hoofstuk as deel van die bevindinge van die navorsing geïnterpreteer.

Die navorser het aanvanklik geslag as ŉ veranderlike geïdentifiseer. Daar het egter 77 (69,4%) vroulike studente en 34 (30,6%) manlike studente die vraelys voltooi. Die manlike geslag is dus onderverteenwoordig in die navorsing aangesien die vroulike geslag meer as dubbel is (sien afdeling 3.2). Die navorser het gevolglik geslag as ŉ bepalende veranderlike in die navorsing laat vaar. Geen grondige bevindinge kan gemaak word op grond van die statistiek oor die verskil tussen manlike en vroulike studente nie omdat die manlike geslag onderverteenwoordig is. Die feit dat soveel meer vroulike studente die vraelys voltooi het in vergelyking met die manlike studente kan egter nie geïgnoreer word nie. Die navorser sal dus die verskynsel in hoofstuk 10 in die afdeling oor verdere navorsing kortliks bespreek.

Die vraag Waar het jy grootgeword?” bied drie veranderlikes waarna verwys kan word, naamlik die platteland, groot dorp en stad. Die navorser het gekies om slegs die platteland en stad as veranderlikes te gebruik. Daar is drie redes hiervoor. Eerstens het slegs 13 (11,7%) van die studente aangedui dat hulle in ŉ groot dorp grootgeword het. Dit is ŉ klein persentasie in vergelyking met 55 (49,5%) van die



© University of Pretoria


studente wat op die platteland en 32 (28,8%) wat in die stad grootgeword het. Tweedens is daar ʼn breër begrip van wat ʼn *groot dorp* is. Die term laat meer ruimte vir eie interpretasie. Die terme *platteland* en *stad* is minder oop vir interpretasie. Dit is terme waarvan die betekenis meer algemeen seker is. Derdens is daar ʼn duideliker kontras tussen die omgewing van die platteland en die omgewing van die stad.

## 3. BIOGRAFIESE INLIGTING

### 3.1. Ouderdomme van studente

Die meerderheid van die studente wat aan die navorsing deelgeneem het, is twintig jaar oud (61,3%). Van die oorblywende persentasie is 27,9% van die studente negentien jaar oud en 7,2% is een-en-twintig jaar oud.

### 3.2. Geslag van studente





**Grafiek 1**

69,4% (77) van die studente wat aan die studie deelgeneem het, is vroulike studente en 30,6% (34) van die studente is manlike studente. Die manlike geslag is dus onderverteenwoordig in die studie, aangesien die vroulike geslag meer as dubbel is.


© University of Pretoria

### 3.3. Verskillende universiteite

Die vraag aan die studente lees soos volg: "Aan watter een van die volgende universiteite studeer jy?"




**Grafiek 2**

Grafiek 2 toon dat ongeveer die helfte, 46,8% (52), van die studente wat die vraelys voltooi het aan die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus studeer.


Die Universiteit van die Vrystaat het die minste studente met slegs vier studente wat sowat 3,6% van die steekproef uitmaak.

2,7% van die studente studeer by ander tersiêre instellings. Die drie ander tersiêre instellings is die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA), Equine-Librium en The Aleit Academy.


© University of Pretoria

### 3.4. Verskillende fakulteite

Die vraag aan die universiteitstudente lees soos volg: “Van watter een van die volgende fakulteite is jy deel?”




**Grafiek 3**


Grafiek 3 toon dat die meeste studente deel is van die Fakulteit van Natuur- en Landbouwetenskappe en die Fakulteit van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, sowat 27% (30) en 23,4% (26), onderskeidelik.

Die Fakulteit van Veeartsenykunde en die Fakulteit van Regsgeleerdheid het die minste studente, met slegs 0,9% (1) en 2,7% (3) van die studente wat daarvan deel uitmaak. Daar moet egter genoem word dat sekere fakulteite groter is as ander en dat die aangeduide waardes daarvan kan afhang.


© University of Pretoria

### 3.5. Verskillende studentegemeentes

Die vraag aan die studente lees soos volg: "By watter een van die volgende studentegemeentes het jy ingeskakel?"




**Grafiek 4**

Grafiek 4 toon die meeste studente wat die vraelys voltooi het lidmate van die studentegemeente NGK Kandelaar (NWU) (36,9%).

Die meeste van die studente wat die vraelys voltooi het, is lidmate van 'n NGK-studentegemeente (79,3%). Van die oorblywende 20% is 18,9% van die studente lidmate van 'n GKSA-gemeente. Die NHKA is dus onderverteenwoordig in die studie.

- Verdeling van studente verbonde aan die onderskeie universiteitskampusse en gemeentes verbonde aan die universiteitskampusse

Die drie studente wat aangedui het dat hulle by ander tersiêre instellings studeer, skakel by die volgende gemeentes in:

- Twee studente skakel by NGK Kandelaar (NWU) in.
- Een student skakel by die NGK Universiteitsoord (UP) in.


© University of Pretoria

Die vier studente wat aangedui het dat hulle aan die Universiteit van die Vrystaat studeer, skakel by die volgende gemeentes in:


- Twee studente skakel by die GKSA Brooklyn (UP) in.
- Een student skakel by die NGK Kandelaar (NWU) in.
- Een student skakel by die NGK Kopanong (UFS) in.

Die inperkings vanweë die Covid-19 pandemie kan ŉ moontlike verduideliking wees vir die verdeling van die UFS-studente.

Buiten die voorgenoemde bykomende studente, stem die aantal studente per universiteitskampus ooreen met die aantal lidmate van die onderskeie gemeentes verbonde aan ŉ universiteitskampus.

### 3.6. Verblyf van studente

Die vraag aan die studente lees soos volg: "Waar woon jy as student?"




**Grafiek 5**

Grafiek 5 toon dat 43% van die studente in universiteitskoshuise woon. Indien alle vorme van verblyf, uitsluitend universiteitskoshuise, as privaat behuising beskou word, verteenwoordig privaat behuising 56,8% van die steekproef.

- Die studente van die onderskeie universiteitskampusse is soos volg verdeel:

Die meerderheid van die studente wat aan die NWU studeer woon in privaat behuising (67,3%) en hiervan woon die meerderheid van die studente in woonstelle (74,3%).


© University of Pretoria

Die studente wat aan UP studeer is byna gelykop verdeel tussen 'n universiteitskoshuis en privaat verblyf, met die meerderheid van die studente wat in universiteitskoshuise woon (53,6%).

Die studente wat aan US studeer is byna gelykop verdeel tussen 'n universiteitskoshuis en privaat verblyf, met die meerderheid van die studente wat in universiteitskoshuise woon [15 (53,3%) teenoor 12 (46,7%) privaat].

Die studentelidmate van die onderskeie studentegemeentes is soos volg verdeel:

| **Studentegemeente** | **Koshuis** | **Privaat verblyf** | **Totaal** |
|---|---|---|---|
| GKSA Cachet (NWU) | 2 | 5 | 7 |
| GKSA Die Bult (NWU) | 1 | 1 | 2 |
| NGK Kandelaar (NWU) | 13 | 28 | 41 |
| NHKA Potchefstroom Studentegemeente (NWU) | 1 | 1 | 2 |
| GKSA Brooklyn (UP) | 2 | 5 | 7 |
| NGK Universiteitsoord (UP) | 13 | 8 | 21 |
| GKSA Stellenbosch (US) | 3 | 2 | 5 |
| NGK Kruiskerk (US) | 13 | 12 | 25 |
| NGK Kopanong Church (UFS) | 0 | 1 | 1 |
| **Totaal** | 48 | 63 | 111 |

**Tabel 2**


Die gemeentes NGK Universiteitsoord (UP), GKSA Stellenbosch (US) en NGK Kruiskerk (US) is die enigste drie gemeentes wat 'n meerderheid studente het wat in 'n universiteitskoshuis woon.

Die bevinding kan gemaak word dat daar 'n algemene neiging is dat studente privaat verblyf bo koshuisverblyf verkies.

### 3.7. Waar het jy grootgeword?

Die vraag aan die studente lees soos volg: "Waar het jy grootgeword?"


© University of Pretoria




**Grafiek 6**

Die helfte [49,5% (55)] van die studente wat aan die studie deelgeneem het, het aangedui dat hulle op die platteland grootgeword het. 28,8% (32) van die studente het in die stad grootgeword en 21,6% (24) het in ’n groot dorp grootgeword.

- Verskille tussen universiteitskampusse

Vir elkeen van die onderskeie universiteitskampusse is die aantal studente wat op die platteland grootgeword het meer as die studente wat in die stad of in ’n groot dorp grootgeword het.

- Verskille tussen studentegemeentes

Die studentelidmate van die onderskeie studentegemeentes is soos volg verdeel tussen die platteland, ’n groot dorp en die stad:

| Studentegemeente | Stad | Groot dorp | Platteland | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| GKSA Cachet (NWU) | 2 | - | 5 | 7 |
| GKSA Die Bult (NWU) | 2 | - | - | 2 |
| NGK Kandelaar (NWU) | 9 | 12 | 20 | 41 |
| NHKA Potchefstroom Studentegemeente (NWU) | 1 | - | 1 | 2 |
| GKSA Brooklyn (UP) | 4 | 2 | 1 | 7 |


© University of Pretoria

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| NGK Universiteitsoord (UP) | 3 | 5 | 13 | 21 |
| GKSA Stellenbosch (US) | 3 | - | 2 | 5 |
| NGK Kruiskerk (US) | 8 | 5 | 12 | 25 |
| NGK Kopanong Church (UFS) | - | - | 1 | 1 |
| **Totaal** | 32 | 24 | 55 | 111 |

**Tabel 3**

Vir vyf van die nege gemeentes het die gemeente meer studentelidmate wat op die platteland grootgeword het as lidmate wat in die stad grootgeword het.


Vanuit Tabel 3 kan die bevinding gemaak word dat studente wat op die platteland grootgeword het meer geneig is om by een van die betrokke studentegemeentes in te skakel as die studente wat in die stad grootgeword het.

## 4. KERKLIKE AGTERGROND

### 4.1. Kerklike agtergrond van studente

4.1.1. Doop

Die vraag aan die studente lees soos volg: "In watter denominasie is jy gedoop?"




**Grafiek 7**


© University of Pretoria

Die 6 ander denominasies is Anglikaans, Apostoliese Geloofsending (AGS), Christelike Vereniging van Suid-Afrika, Volle Evangeliese Kerk, Afrikaanse Protestantse Kerk en Lede in Christus.

- Verskille tussen studentegemeentes

Die meerderheid van die studente wat die vraelys voltooi het, is in die NGK gedoop (67,6%).

| Denominasie | Aantal studente wat in die denominasie gedoop is | Aantal studente wat by die studentegemeente van die denominasie inskakel |
|---|---|---|
| GKA | 20 | 21 |
| NGK | 75 | 88 |
| NHKA | 5 | 2 |


**Tabel 4**

Die GKSA is die denominasie waarin die aantal studente wat in die kerk gedoop is en die aantal studentelidmate wat inskakel by 'n gemeente van die kerk, die naaste aan mekaar is. Vanuit die getalle blyk dit dat NGK-studentegemeentes studentelidmate bykry wat nie in die denominasie gedoop is nie en die NHKA studentelidmate verloor.

4.1.2. <u>Belydenis van geloof</u>

Die vraag aan die studente lees soos volg: “In watter denominasie het jy belydenis van geloof afgelê?”


© University of Pretoria




**Grafiek 8**

Die 6 ander denominasies is die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK), AGS, Anglikaans, Christelike Vereniging van Suid-Afrika, Kompas Gemeente.

Drie studente het aangedui dat hulle nie gedoop is nie, waar 12 aangedui het dat hulle nog nie belydenis van geloof afgelê het nie. Van die universiteitstudente wat aangedui het dat hulle nog nie belydenis van geloof afgelê het nie, is ses in die NGK en een in die Hervormde Kerk gedoop, twee ongedoop, twee in ander denominasies gedoop en een onseker.

- Verskil tussen studentegemeentes

| Denominasie | Aantal studente wat in die denominasie gedoop is | Aantal studente wat in die denominasie belydenis van geloof afgelê het | Aantal studente wat by die studentegemeente van die denominasie inskakel |
|---|---|---|---|
| GKA | 20 | 21 | 21 |
| NGK | 75 | 68 | 88 |
| NHKA | 5 | 2 | 2 |

**Tabel 5**

Die Gereformeerde Kerk se getalle bly konsekwent. Die bevinding wat die navorser maak, is dat die lidmate van die Gereformeerde Kerk wat deelgeneem het aan die studie getrou en lojaal is aan hul kerkverband.


© University of Pretoria


Vanuit Tabel 5 blyk dit dat die Nederduitsch Hervormde Kerk drie lidmate verloor het tussen hul doop en hul belydenisaflegging. Die getalle wys egter dat die lidmate wat belydenis van geloof afgelê het in die kerk, as studente ingeskakel het in ŉ studentegemeente van die kerk. Die NHKA is onderverteenwoordig in die studie, en daarom kan geen definitiewe bevindinge gemaak word nie.

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se getalle is wisselvallig in vergelyking met die ander twee denominasies. Daar is meer studente in die denominasie gedoop as wat belydenis van geloof afgelê het in die denominasie. Dit is egter die denominasie waarby die meeste studente inskakel. Die navorser maak die afleiding dat van die studente wat by die NGK-studentegemeentes inskakel nie lidmate van die kerk is nie of selfs nie in die kerkverband grootgeword het nie.

## 4.2. Kerklike betrokkenheid van studente

### 4.2.1. <u>Erediensbywoning voor die tyd van inperking</u>

Die vraag aan die studente lees soos volg: “Hoe gereeld het jy eredienste voor die tyd van inperking by jou studentegemeente bygewoon?”





**Grafiek 9**

73% (81) van die universiteitstudente wat die vraelys ingevul het, het aangedui dat hulle elke Sondag die erediens/te van hul studentegemeente bygewoon het.


© University of Pretoria

### 4.2.2. Bywoning van aanlyn aanbiedings

Die vraag aan die studente lees soos volg: "Kyk of woon jy enige van jou studentegemeente se aanlyn eredienste, kleingroepe/selgroepe en of ander aanlyn aanbiedings by in die tyd van inperking?"




**Grafiek 10**

Grafiek 10 toon dat 46,8% (52) van die studente gereeld aanlyn aanbiedings van hul studentegemeentes in die tyd van inperking bygewoon het.

- Verskille tussen universiteitskampusse:

Die studente wat aan die Universiteit van Pretoria studeer, woon meer gereeld aanlyn aanbiedings by (56%) in vergelyking met studente van die Universiteit Stellenbosch (33,33%) en die Noordwes-Universiteit (46,2%).

- Verskille tussen studente wat in universiteitskoshuis woon en studente wat in privaat behuising woon:

Studente wat in ’n universiteitskoshuis woon, skakel meer gereeld by die aanlyn aktiwiteite in as studente wat in privaat behuising woon (58,3% vs. 38,1%). 27% van die studente wat privaat woon, het aangedui dat hulle geen aanbiedings van hul onderskeie gemeentes bywoon nie.



© University of Pretoria

- Verskille tussen studente wat op die platteland grootgeword het en die studente wat in die stad grootgeword het:

Dit blyk asof studente wat in die stad grootgeword het meer gereeld die aanlyn aktiwiteite bywoon as studente wat op die platteland grootgeword het (56,3% vs. 45,5%).

4.2.3. Bywoning van eredienste en aktiwiteite van gemeente in tuisdorp

Die vraag aan die studente lees soos volg: “Woon jy nog eredienste en/of aktiwiteite van jou gemeente in jou tuisdorp by? Hetsy fisiese byeenkomste of aanlyn.”




**Grafiek 11**

Grafiek 11 toon dat 69,4% van die studente steeds eredienste en/of aktiwiteite van hul gemeente in hul tuisdorp bywoon, hetsy fisiese byeenkomste of aanlyn. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die navorsing te midde van die Covid-19 pandemie gedoen is en dat studente hoofsaaklik aanlyn vanuit hul ouerhuise studeer het. Die statistiek kan dus verskil wanneer die studente op ’n meer permanente basis na die universiteitskampusse terugkeer.

- Verskille tussen universiteitskampusse:

Studente wat aan die Universiteit van Pretoria studeer, is meer geneig om eredienste en/of aktiwiteite by hul tuisgemeente by te woon asstudente wat op ander universiteitskampusse studeer (84%). 71% van die studente wat aan die Noordwes-


© University of Pretoria

Universiteit studeer en 51,9% van die studente wat aan die Universiteit Stellenbosch studeer, woon steeds eredienste en of aktiwiteit by hulle tuisgemeentes by.

- Verskille tussen studente wat in universiteitskoshuis woon en studente wat in privaat behuising woon:


Daar is nie ’n groot verskil tussen die studente wat in ’n universiteitskoshuis of in privaat behuising woon nie [koshuis (66,7%) vs. privaat (71,4%)]. Die studente wat privaat woon, is meer geneig om eredienste by hul tuisgemeente by te woon. Daar moet ingedagte gehou word dat van die studente wat privaat woon nog in hul ouerhuise woon.

- Verskille tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het:

Daar nie ’n noemenswaardige verskil tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het nie [platteland (65,5%) vs. stad (68,8%)].

4.2.4. Bywoning van eredienste en aktiwiteite van ander gemeentes

Die vraag aan die studente lees soos volg: “Woon jy nog eredienste en/of aktiwiteite van enige ander gemeentes by? Hetsy fisiese byeenkomste of aanlyn.”




**Grafiek 12**



© University of Pretoria

Grafiek 12 toon dat die studente bykans gelykop verdeel is tussen studente wat eredienste en/of aktiwiteite van ander gemeentes bywoon en studente wat nie sodanige eredienste of aktiwiteite bywoon nie (51,4% vs. 48,6%).

- Verskille tussen universiteitskampusse:

Die studente wat aan die Universiteit van Pretoria en aan die Noordwes-Universiteit studeer is bykans gelykop verdeel tussen studente wat die aktiwiteite van ander gemeentes by woon en studente wat nie sodanige aktiwiteite bywoon nie. Die meerderheid van die studente woon nie die aktiwiteite van ander gemeentes by nie [UP (48% vs. 52%) en NWU (44,2% vs. 55,8%)]. Die studente wat aan die Universiteit Stellenbosch studeer, is meer geneig om die aktiwiteite van ander gemeentes by te woon (59,3% vs. 40,7%).

- Verskille tussen studente wat in universiteitskoshuis woon en studente wat in privaat behuising woon:

Dit blyk dat studente wat in koshuise woon meer eredienste en of aktiwiteite van ander gemeentes bywoon as studente wat privaat woon (60% vs. 44%). 'n Moontlike verduideliking hiervoor is dat koshuisstudente saam met hul koshuismaats na ander gemeentes toe gaan.


- Verskille tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het:

Studente wat in die stad grootgeword het, is meer geneig om eredienste en of aktiwiteite van ander gemeentes by te woon as studente wat op die platteland grootgeword het (45,5% vs. 62,5%).

#### 4.2.5. Faktore wat 'n rol speel in die keuse van erediens

Die vraag aan die studente lees soos volg: "Watter van die volgende faktore speel die grootste rol in jou keuse oor by watter gemeente jy 'n erediens gaan bywoon?"


© University of Pretoria




**Grafiek 13**

Die twee faktore wat by uitstek die grootste rol speel in studente se keuse van erediens is leer en groei (83,8%) en inhoud van die erediens (66,7%).

Daar is 17 studente wat gespesifiseer en uitgebrei het oor die gekose faktore wat ŉ rol speel in hul keuse van erediens. Van die 17 het ses studente uitgebrei oor die belang van leer en groei en inhoud:

> Akademiese inhoud van die preek. Bv. Om nie net op emosie te fokus of te preek nie, maar eerder om te kyk na die konteks van die verse waaroor daar gepreek word. Die vermoë om moeilike vrae te vra en oopkop te wees oor opinies wat van jou verskil. Buite die boks te dink.[3]
>
> S109

> Ek hou van eerlikheid. Ek hou nie daarvan as preke “all sunshine en rainbows” is nie, want om ŉ Christin te wees is moeilik. So as die preke eerlik is en direk, sonder om te veel te “sugarcoat”, waardeer ek dit meer.
>
> S83

> Volg hulle wat die Bybel vir ons voorskryf of sê hulle wat mense wil hoor soos gay is reg.
>
> S38

[3] Alle aanhalings vanuit die empiriese data is verbatim en dus nie geredigeer nie.


© University of Pretoria

Die derde grootste faktor wat ŉ rol speel is atmosfeer (48,6%). Drie studente het verwys na die atmosfeer in die gemeente en spesifiek na die liturgie en die musiek tydens die erediens.

> Die liturgie en musiek in die kerk is vir my baie belangrik, ek hou baie van ŉ orrel.
>
> S6

> Die lofsang van ŉ kerk speel vir my ŉ baie belangrike rol. Ek wil ook gemaklik in die kerk voel.
>
> S31

Die faktore "Dieselfde kerkverband" (34,2%) en "Bywoning van vriende" (27%) is die twee faktore (uitsluitend "Ander") wat die kleinste rol speel in die studente se keuse van erediens.

Van die ander (9%) redes wat die studente gespesifiseer het as belangrike faktore sluit in of hulle welkom moet voel in die gemeente, vervoer en gemeenskap van gelowiges.

> Ek is transgender, en vermy meestal dienste omdat ek voel die kerk as instansie moet dit verwerp so ek sou sê aanvaarding is groot of die heel uiterste – ek sal gaan as ek weet dit is net ŉ once-off
>
> S80

> Of voel ek tuis in die gemeente
>
> S16

> Hoe naby die kerk aan my koshuis is (ek het nie ŉ kar nie). Hoe betrokke die gemeente is met uitreik en ander geleenthede om ander medegelowiges te leer ken
>
> S39

- Verskille tussen studente wat op die platteland grootgeword het en die studente wat in die stad grootgeword het:

Atmosfeer is vir studente wat op die platteland grootgeword het belangriker as vir studente wat in die stad grootgeword het. Slegs 31,3% van die studente wat in die



© University of Pretoria

stad grootgeword het gesê dat atmosfeer vir hulle 'n belangrike faktor is in vergelyking met 50,9% van die studente wat op die platteland grootgeword het.

Dieselfde kerkverband is vir die studente wat op die platteland grootgeword het 'n belangriker faktor as vriende (38,2% vs. 27,3%). Die studente wat in die stad grootgeword het, is sien die twee faktore as gelyke faktore (25% vs. 25%).

### 4.2.6. Kerklike betrokkenheid buiten eredienste

Die vraag aan die studente lees soos volg: "Woon jy enige ander aktiwiteite van die studentegemeente by, buiten die eredienste?"




**Grafiek 14.1**

Grafiek 14.1 toon dat 64,9% van die studente ander aktiwiteite van hul betrokke studentegemeentes bywoon. Die invloed van die Covid-19 pandemie moet in ag geneem word in die interpretasie van die statistiek. Weens die pandemie kon die gemeentes vir groot gedeeltes van 2020 en 2021 geen ander aktiwiteite buiten aanlyn aktiwiteite aanbied nie. Die statistiek kan dus anders lyk indien die navorsing ná die pandemie gedoen sou word.

- Verskille tussen studente wat in universiteitskoshuise woon en studente wat in privaat behuising woon:

Studente wat in koshuise woon is meer geneig om ander gemeente-aktiwiteite by te woon as die studente wat privaat woon (77% vs. 56%).



© University of Pretoria

- Verskille tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het:

Die statistiek toon dat die studente wat op die platteland grootgeword het meer geneig is om ander gemeente-aktiwiteite by te woon as die studente wat in die stad grootgeword het (84% vs. 61%).

4.2.6.1. Toepaslike aktiwiteite

Die toepaslike aktiwiteite van die 72 studente wat ja geantwoord het op die vraag is Bybelstudies, kampe, kursusse, selgroepe, sosiale geleenthede en uitreike.




**Grafiek 14.2**

Grafiek 14.2 toon dat die drie mees algemene aktiwiteite waaraan die studente deelneem sosiale geleenthede (68,1%), selgroepe/kleingroepe (65,3%) en kampe (59,7%) is.


Die drie minder algemene aktiwiteite is Bybelstudie (45,8%), uitreike (30,6%) en kursusse (11,1%).

Ander toepaslike aktiwiteite sluit in stranddienste, die kerkraad, musiekbediening, gemeentebraai, gemeentevergaderings en katkisasie.


© University of Pretoria

### 4.2.7. Leidende rol in die gemeente

Die vraag aan die studente lees soos volg: “Vervul jy ’n leidende rol in die gemeente?”




**Grafiek 15.1**

Die oorgrote meerderheid van die studente vervul nie ’n leidende rol in die gemeente nie (80,2%). Die invloed van die Covid-19 pandemie moet in ag geneem word in die interpretasie van die statistiek. Die statistiek kan dus anders lyk indien die navorsing ná die pandemie gedoen sou word.

- Verskille tussen universiteitskampusse:

Die proporsie studente wat aan die Universiteit van Pretoria studeer en ’n leidende rol in die gemeente vervul, is heelwat groter as die proporsie studente van ander universiteite [UP (40%), US (7,4%) en NWU (17,3%)].

- Verskille tussen studente wat in universiteitskoshuis woon en studente wat in privaat behuising woon:

Studente wat in ’n koshuis woon, vervul meer leidende rolle in die gemeentes as studente wat privaat woon (25% vs. 16%).


- Verskille tussen studente wat op die platteland grootgeword het en die studente wat in die stad grootgeword het:


© University of Pretoria

Volgens die statistiek wil dit voorkom of studente wat in die stad grootgeword het meer geneig is om ŉ leidende rol in die gemeente te vervul as studente wat op die platteland grootgeword het (27% vs. 12.5%).

#### 4.2.7.1. Toepaslike rolle

Die toepaslike rol/rolle is van die 22 studente wat ja geantwoord het op die vraag




**Grafiek 15.2**


Grafiek 15.2 toon dat die drie mees algemene toepaslike rolle lid van ŉ komitee (63,6%), kerkraadslid (50%) en sel-/kleingroepleier (36,4%) is.

### 4.3. Residensiële lidmate

Die vraag aan die studente lees soos volg: "Ken jy enige van die residensiële lidmate (lidmate wat nie studente is nie) in die gemeente?"



© University of Pretoria




**Grafiek 16.1**

Grafiek 16.1 toon dat 48,6% van die studente nie die residensiële lidmate in die gemeente ken nie.

- Verskille tussen studentegemeentes:

Vir die interpretasie van die statistiek moet die volgende in gedagte gehou word:


- NGK Kandelaar (NWU) en NGK Kopanong (UFS) bestaan slegs uit studentelidmate. Die gemeentes werk soms saam met residensiële gemeentes, maar funksioneer onafhanklik as studentegemeentes.

- NGK Kruiskerk (US) het die studentebediening van ŉ residensiële gemeente, maar funksioneer ook selfstandig as ŉ studentegemeente wat alleenlik uit studentelidmate bestaan.

- GKSA Cachet (NWU), NGK Universiteitsoord (UP) en NHKA Potchefstroom Studentegemeente (NWU) is studentegemeentes, maar daar is ŉ groep residensiële lidmate wat inskakel by die gemeente. Die aantal studentelidmate is aansienlik meer as die aantal residensiële lidmate.

- GKSA Die Bult (NWU), GKSA Brooklyn (UP) en GKSA Stellenbosch (US) is residensiële gemeentes wat studentebediening in die gemeente het. Daar is dus meer residensiële lidmate in die gemeente as studentelidmate.



© University of Pretoria




**Grafiek 16.2**

4.3.1. <u>Gedeelde gemeente-aktiwiteite</u>

Die vraag aan die studente lees soos volg: "Woon jy enige gemeente-aktiwiteite, insluitend eredienste, by wat ook deur die residensiële lidmate bygewoon word?"





**Grafiek 17.1**

Grafiek 17.1 toon dat die meeste van die studente óf glad nie (33,3%) óf net soms (44,1%) gemeente-aktiwiteite saam met residensiële lidmate bywoon.



© University of Pretoria

- Verskille tussen studentegemeentes:




**Grafiek 17.2**

Grafiek 17.2 toon dat studente in al die gemeentes slegs soms of glad nie aktiwiteite saam met residensiële lede bywoon nie. Dit word veral by studentegemeentes van die NGK opgemerk. In teenstelling daarmee woon studente van GKSA studentegemeentes meer gereeld aktiwiteite saam met residensiële lidmate by.


Volgens die statistiek wat in afdelings 4.3. en 4.3.1. bespreek is, kan die bevinding gemaak word dat die meerderheid van die studentelidmate van elkeen van die gemeentes nie die residensiële lidmate ken nie en nie op 'n gereelde basis deelneem aan gemeente-aktiwiteite wat ook deur residensiële lidmate bygewoon word nie.

### 4.4. Verhouding tussen studente en studenteleraars

4.4.1. Verhouding tussen studente en studenteleraars

Die vraag aan die studente lees soos volg: "Het jy 'n goeie verhouding met een of meer van die studenteleraars in die studentegemeente?"



© University of Pretoria




**Grafiek 18.1**

Grafiek 18.1 toon dat bykans die helfte van die studente (49,5%) 'n goeie verhouding met hul studenteleraar/s het. Slegs 18% van die studente wat die vraelys voltooi het, ken nie hul studenteleraar/s nie.

- Verskille tussen studentegemeentes:




**Grafiek 18.2**



© University of Pretoria

Grafiek 18.2 toon dat daar nie een gemeente is waar die meerderheid van die studente glad nie ŉ verhouding met die studenteleraar/s het nie.

Grafiek 18.2 toon voorts dat dit oorwegend in die NGK-gemeentes is waar studente glad nie ŉ verhouding met die studenteleraar/s het nie. In die GKSA- en NHKA-gemeentes is daar slegs een student wat nie ŉ goeie verhouding met die studenteleraar/s het nie. Die grootte van die gemeentes, gemeet aan die aantal lidmate, moet in gedagte gehou word tydens die oorweging van die statistiek. Die studentebediening van die NGK-gemeentes is aansienlik groter as dié van die GKSA- en NHKA-gemeentes.

- Verskille tussen studente wat in universiteitskoshuise woon en studente wat in privaat behuising woon:

Volgens die statistiek blyk dit dat die proporsie studente wat glad nie ŉ goeie verhouding met die studenteleraars in hulle gemeente het nie, groter is vir studente wat in privaat behuising (24%) woon as vir studente wat in die koshuis (10%) woon.


- Verskille tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het:

Volgens die statistiek blyk dit ook dat die proporsie studente wat slegs kennisse is van die studenteleraars in hul gemeente, dié is wat in die stad grootgeword het. In teenstelling daarmee is die proporsie studente wat nie ŉ goeie verhouding met die studenteleraars het nie, dié wat op die platteland grootgeword het.

4.4.2. Die belang van ŉ goeie verhouding met die studenteleraar vir die studente


Die vraag aan die studente lees soos volg: "Is dit vir jou belangrik om ŉ goeie verhouding met een van die leraars in die gemeente te hê?"


© University of Pretoria




**Grafiek 19.1**

Grafiek 19.1 toon dat dit vir die helfte van die studente (51,4%) belangrik om ŉ goeie verhouding met hul studenteleraar te hê. Die meerderheid van die oorblywende studente (45,9%) is neutraal.




**Grafiek 19.2**


© University of Pretoria

Vanuit Grafiek 19.2 wil die navorser die volgende uitlig:

- 16 van die studente wat ŉ goeie verhouding met hul studenteleraar/s het, staan neutraal oor die belangrikheid van die verhouding. Dit laat die navorser met die vraag oor die rol van die verhouding in die student se lewe, spesifiek of die rol ŉ positiewe bydrae lewer tot en impak maak op die student se lewe.
- Vir ses van die studente wat glad nie ŉ verhouding met hul studenteleraar/s het nie, is dit belangrik om ŉ goeie verhouding met ŉ studenteleraar te hê. Dit dui daarop dat van die studente ŉ behoefte aan ŉ verhouding met ŉ studenteleraar het.
- Vir 12 van die studente vir wie die studenteleraar slegs ŉ kennis is, is dit belangrik om ŉ verhouding met ŉ studenteleraar te hê. Dit is ŉ verdere aanduiding van die behoefte aan ŉ verhouding met die studenteleraar. In hierdie geval, juis die behoefte aan ŉ dieper, sterker verhouding as wat reeds gevestig is.


## 5. PSIGOLOGIESE BEHOEFTES VAN DIE STUDENTE

### 5.1. Lewensdoel

#### 5.1.1. <u>Sekerheid oor lewensdoel</u>

Die vraag aan die studente lees soos volg: “Stem jy saam met die volgende stelling: Ek weet wat my doel in die lewe is. Ek weet waarnatoe ek werk en wat ek graag in die lewe wil bereik.”


© University of Pretoria




**Grafiek 20**

Grafiek 20 toon dat 79,3% van die studente minstens gedeeltelik weet wat hulle doel in die lewe is. Slegs 34,2% van die studente is seker van hul doel in die lewe. Die navorser maak dus die afleiding dat die studente in ŉ mindere of meerdere mate nadink en wonder oor hul doel in die lewe.

- Verskille tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het:

Dit blyk dat die aantal studente wat op die platteland grootgeword het en nie met die stelling saamstem nie, meer is as die studente wat in die stad grootgeword het (22% vs. 11%). Studente wat op die platteland grootgeword het, is dus meer onseker oor hul lewensdoel as studente wat in die stad grootgeword het.

5.1.2. <u>Lewensdoel</u>


Die vraag aan die studente lees soos volg: “Watter van die volgende doelstellings is deel van jou verstaan van jou doel in die lewe?” Die opsies was:

- My loopbaan/beroep (bv. Ek wil ŉ dokter wees. Ek studeer medies en sal graag eendag wil spesialiseer in pediatrie.)
- Geluk (bv. Ek wil uiteindelik net gelukkig wees.)
- Diens en/of liefde (bv. Ek het nog altyd gevoel my doel is om mense te help.)
- Familie (bv. Ek wil graag eendag ŉ gesin hê.)



© University of Pretoria

- Vriende (bv. My vriende is vir my ŉ belangrike deel van my lewe.)
- Kreatiewe prestasies (bv. Ek wil graag nuwe goed ontwerp en maak.)
- Ervaringe/Belewenisse (bv. Om nuwe dinge te leer en nuwe plekke te sien.)
- God (bv. My grootste doel in die lewe is om vir God lief te wees en aan Hom eer te bring.)
- Geloof (bv. Die uitleef van my geloof is vir my ŉ doelwit.)
- Om die wêreld ten goede te verander (bv. Ek wil my kennis en vaardighede gebruik om die lewe vir ander mense beter te maak.)
- Materiële besittings of geld (bv. Ek wil graag eendag genoeg geld verdien om sekuriteit en vryheid te geniet.)
- Siviele betrokkenheid (bv. Ek wil graag ander dien deur ŉ leierskap rol te vertolk.)




**Grafiek 21.1**

Die drie mees algemene lewensdoelstellings is God (89,2%), familie (88,3%) en geloof (76,6%). Die drie doelstellings wat deur die minste studente gekies is, is kreatiewe prestasie (15,3%), geld (12,6%) en siviele betrokkenheid (9%).



© University of Pretoria

Die lys van lewensdoelstellings gerangskik van die mees algemene (gewildste) doel tot die ongewildste doel lees soos volg:

- God
- Familie
- Geloof
- Ervaring/Belewenisse en geluk
- Loopbaan
- Vriende
- Diens/Liefde
- Wêreld
- Kreatiewe prestasie
- Geld
- Siviele betrokkenheid

Daar is geen algemene kombinasie van lewensdoelstellings nie. Die oorgrote meerderheid van die studente het elkeen ŉ unieke kombinasie van die lewensdoelstellings gekies.

- Verskille tussen universiteitskampusse:




**Grafiek 21.2**


© University of Pretoria

Die drie belangrikste doelstellings verskil tussen die drie universiteite soos volg:

- Universiteit van Pretoria – Familie (96%), God (92%) en geloof en vriende (beide 88%)
- Universiteit Stellenbosch – Familie (96%), God (85%) en beroep en vriende (beide 78%)
- Noordwes-Universiteit – God (92%), geloof (83%) en geluk (73%)

- Verskille tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het:

Die studente wat in die stad grootgeword het en studente wat op die platteland grootgeword het se top drie doelstellings verskil soos volg:

- Stad – God en familie (beide 89%), geloof en ervaring (beide 76%) en beroep en geluk (beide 71%)
- Platteland – God (91%), familie (81%) en geloof (75%)

Vanuit die verskillende rangskikkings van die doelstellings wil die navorser die volgende uitlig:

- Die studente se voorkeurdoelstellings is, soos gesien in die beskrywings van die doelstelling, meer na binne gerig. Die doelstellings is gerig op die individu. Doelstellings wat meer na buite gerig is, wat fokus op die breër gemeenskap, is die laagste gekeurde doelstellings. Die navorser maak gevolglik die afleiding dat die studente meer na binne gerig is en ŉ sterk individualistiese lewensfokus het.

- Twee van die drie mees algemene lewensdoelstellings is God (89,1%) en geloof (76,6%). God is beskryf as "My grootste doel in die lewe is om vir God lief te wees en aan Hom eer te bring." Geloof is beskryf as "Die uitleef van my geloof is vir my ŉ doelwit." Die studente beskou God as die belangrikste lewensdoel en geloof word in elke geval naas een of twee ander doelwitte gekies. Dit dui vir die navorser daarop dat daar ŉ diskrepansie is tussen die studente se begrip van die uitleef van hul geloof en om vir God lief te wees en aan Hom eer te bring. Die statistiek bied geen verdere insigte nie.



© University of Pretoria

- Familie, om ŉ gesin van hul eie te hê, is vir die studente baie belangrik. Dit is naas God hul belangrikste doelwit. Vir sommige studente is familie selfs ŉ belangriker doelwit as God.

- Dit is vir die navorser opvallend dat geld een van die doelstellings is wat slegs deur enkele studente gekies is. Geen afleidings of moontlike verduidelikings kan volgens die statistiek gemaak of gee word nie.

5.1.3. <u>Bydrae van geloof tot ŉ begrip van lewensdoel</u>

Die vraag aan die studente lees soos volg: "Dra jou geloof by tot jou begrip van jou doel in jou lewe?"





**Grafiek 22.1**

Vir die meerderheid van die studente dra geloof by tot hul begrip van hul doel in hul lewe (64,9%).


© University of Pretoria

- Verskille tussen universiteitskampusse:





**Grafiek 22.2**

Grafiek 22.2 toon dat die antwoord van die studente verbonde aan die onderskeie kampusse oorwegend "ja" is. Daar is by die US en NWU 'n groot verskil tussen die persentasies van die verskillende antwoorde. Die meerderheid van die studente het "ja" geantwoord. Vir UP is die persentasieverskil tussen studente wat "ja" geantwoord het en studente wat 'nie alleenlik nie' geantwoord het aansienlik kleiner as vir die ander kampusse.


© University of Pretoria

- Verskille tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het:




**Grafiek 22.3**

Grafiek 22.3 toon dat geloof vir plattelandse studente meer bydra tot hul begrip van hul lewensdoel as vir studente wat in die stad grootgeword het (84% vs. 56%). Daarteenoor dra geloof nie alleenlik by tot die lewensdoel van meer studente wat in die stad grootgeword het as vir studente wat op die platteland grootgeword het (35% vs. 13%). Daar is nie ŉ groot verskil in die aantal stedelike studente en plattelandse studente vir wie geloof geen aandeel in hul begrip van hul lewensdoel het nie (5% vs. 3%).

### 5.2. Geloofsfase


Die vraag aan die studente lees soos volg: “Watter een van die volgende beskrywings beskryf jou geloofsfase die beste?”

- Ek is besig of het reeds my geloof my eie gemaak. Ek verstaan nou beter wat dit is wat ek glo en hoekom ek so glo. Ek besef dat daar mense is wat anders as ek dink en glo, maar dit raak my nie. Ek is steeds oortuig van wat ek glo. Die kerk en die leraars speel ŉ belangrike rol in my geloof. Die kerk en die leraars


© University of Pretoria

help my om my geloof beter te verstaan, ek leer baie by hulle en hulle help my om antwoorde op my vrae te kry.

- Ek is intens bewus van wat ek glo en dat daar mense is wat anders as ek glo. Ek het baie vrae oor my geloof en dit wat ek glo. Ek is baie krities oor geloof en die kerk. Ek aanvaar nie dit wat die kerk en die leraars vir my sê as die absolute waarheid of die enigste waarheid nie. Dit pla my dat ander mense nie ook vrae vra nie en alles net so as waar aanvaar.
- Ek identifiseer met albei van die bogenoemde stellings. Ek weet wat dit is wat ek glo en hoekom ek so glo. Ek weet dat daar mense is wat anders as ek glo. Ek het soms vrae oor geloof, die kerk en dit wat ek geleer is. Van die antwoorde wat die kerk en die leraars my bied aanvaar ek as waar, maar ander bevraagteken ek.





**Grafiek 23.1**

Grafiek 23.1 toon dat ewe veel studente opsie 1 as opsie 3 gekies.

Die opsies is so saamgestel dat elkeen ŉ geloofsfase van Fowler (1981) se teorie oor die fases van geloof verteenwoordig. Opsie 1 is verteenwoordigend van fase 3, ŉ sinteties-konvensionele geloof (sien Fowler 1981:172-173). Opsie 2 is verteenwoordigend van fase 4, ŉ individuele reflektiewe geloof (sien Fowler 1981:182-183). Opsie 3 is ŉ kombinasie van die twee fases vir die studente wat hulself tussen die twee geloofsfases bevind. Die fases van geloof word in meer besonderhede in hoofstuk 6 bespreek.


© University of Pretoria

- Verskille tussen universiteitskampusse:





**Grafiek 23.2**

- Grafiek 23.2 toon dat UP en NWU se verdeling van studente tussen opsie 1 en opsie 3 baie na aan mekaar is. Daar is 'n opmerklike verskil tussen die verdeling van US se studente tussen opsie 1 en opsie 3. 52% van die US se studente het opsie 3 gekies en 33% het opsie 1 gekies.
- Dit is ook opmerklik dat die persentasie studente van UP wat opsie 2 gekies het minder is as die van US en NWU.



© University of Pretoria

- Verskille tussen studente wat in universiteitskoshuise woon en studente wat in privaat behuising woon:





**Grafiek 23.3**

- Grafiek 23.3 dat 50% van die studente wat in die koshuis woon opsie 1 gekies het teenoor die 38% wat opsie 3 gekies het. Die teenoorgestelde is waar vir die studente wat in privaat behuising woon. 48% van die studente wat in privaat behuising woon het opsie 3 gekies en 38% het opsie 1 gekies.

- Opsie 1 is dus die meer algemene opsie vir studente wat in die koshuis woon en opsie 3 is die meer algemene opsie vir studente wat in privaat behuising woon.

- Verskille tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het:


© University of Pretoria




**Grafiek 23.4**

Grafiek 23.4 toon dat die meerderheid (59%) van die studente wat op die platteland grootgeword het opsie 3 verkies. Studente wat in die stad grootgeword het, is meer verspreid oor die drie opsies, in vergelyking met plattelandse studente. Die meerderheid van die stedelike studente verkies opsie 1 (45%).

## 6. BEDIENINGSBEHOEFTES VAN DIE STUDENTE

### 6.1. Studente se behoeftes en verwagtinge van ŉ studentegemeente

#### 6.1.1. Behoeftes van die studente


Die vraag aan die studente lees soos volg: "Watter van die volgende behoeftes resoneer met jou behoeftes en verwagtinge van jou studentegemeente? Nommer die behoeftes van 1 tot 5, met 1 as jou grootste behoefte en 5 jou kleinste behoefte."

- ŉ Plek waar ek kan behoort. ŉ Plek waar ek veilig voel, myself kan wees en aanvaar word.
- ŉ Plek waar ek ander mense kan ontmoet. Mense met wie ek kan 'connect' en diepgaande vriendskappe kan vestig.
- ŉ Plek waar ek kan deel wees van ŉ gemeenskap/vriendekring wat verskil van enige van die ander gemeenskappe/vriendekringe wat ek op of om kampus kan vind.



© University of Pretoria

- Die behoefte aan ŉ geestelike tuiste waar ek kan groei in my verhouding met God en my geloof kan uitleef.
- Die behoefte aan ŉ mentor. Iemand met wie ek ŉ verhouding kan bou, wat my vrae kan beantwoord en aan my leiding kan bied.




**Grafiek 24**

Grafiek 24 toon dat die behoefte aan ŉ geestelike tuiste waar studente kan groei in hul verhouding met God en hul geloof kan uitleef hul grootste behoefte (54%) is. Die behoefte aan ŉ geestelike mentor is die meeste studente se kleinste behoefte (51%).

Die algemene rangskikking van die behoeftes deur die studente lees soos volg:

a. *Geestelike tuiste* (Die behoefte aan ŉ geestelike tuiste waar ek kan groei in my verhouding met God en my geloof kan uitleef.)

b. *ŉ Plek om te 'connect'* (ŉ Plek waar ek ander mense kan ontmoet. Mense met wie ek kan 'connect' en diepgaande vriendskappe kan vestig.)

c. *Gemeenskap van gelowiges* (ŉ Plek waar ek kan deel wees van ŉ gemeenskap/vriendekring wat verskil van enige van die ander gemeenskappe/vriendekringe wat ek op of om kampus kan vind.)

d. *ŉ Plek waar ek kan behoort* (ŉ Plek waar ek veilig voel, myself kan wees en aanvaar word.)



© University of Pretoria

e. *Mentor* (Die behoefte aan ŉ mentor. Iemand met wie ek ŉ verhouding kan bou, wat my vrae kan beantwoord en aan my leiding kan bied.)

Behoeftes 2, 3 en 4 lê baie na aan mekaar en kan ook omgeruil word in die volgorde van belang. Die navorser verstaan elkeen van die behoeftes as sekondêre behoeftes tot ŉ oorhoofse primêre behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges.

- Verskille tussen veranderlikes:


Die indeling van die behoeftes is dieselfde vir studente wat in die stad en vir studente wat op die platteland grootgeword het. So ook vir die verskillende universiteite en die studente wat in ŉ universiteitskoshuis of privaat woon.

6.1.2. Eienskappe van ŉ studentegemeente

Die vraag aan die studente lees soos volg: "Watter van die volgende eienskappe is die belangrikste eienskappe waaroor ŉ studentegemeente moet beskik? Nommer die behoeftes van 1 tot 5, met 1 as jou grootste behoefte en 5 jou kleinste behoefte."

- ŉ Studentegemeente moet vir studente ŉ veilige ruimte en tuiste skep waar alle studente aanvaar word en net hulself kan wees.
- ŉ Studentegemeente moet ŉ plek wees waar studente kan 'connect' met mense, waar daar vir hulle omgegee word en waar hulle kan omgee vir ander mense.
- ŉ Studentegemeente moet studente help om te groei in hulle geloof en in hulle verhouding met God.
- ŉ Studentegemeente moet ŉ plek wees waarheen studente kan gaan met hulle vrae oor geloof en die lewe en antwoorde kan vind.
- ŉ Studentegemeente moet studente die geleentheid gee om hulle geloof uit te leef en diensbaar te wees.


© University of Pretoria




**Grafiek 25**

Die algemene rangskikking van die eienskappe van ŉ studentegemeente deur die studente lees soos volg:

a. *Groei in geloof* (ŉ Studentegemeente moet studente help om te groei in hulle geloof en in hul verhouding met God.)

b. *Vrae te vra* (ŉ Studentegemeente moet ŉ plek wees waar studente kan gaan met hul vrae oor geloof en die lewe en antwoorde kan vind.)

c. *Uitleef van geloof* (ŉ Studentegemeente moet studente die geleentheid gee om hul geloof uit te leef en diensbaar te wees.)

d. *'Connect' met ander* (ŉ Studentegemeente moet ŉ plek wees waar studente kan 'connect' met mense, waar hulle voor omgegee kan word en kan omgee vir ander mense.)

e. *Veilige ruimte* (ŉ Studentegemeente moet vir studente ŉ veilige ruimte en tuiste skep waar alle studente aanvaar word en net hulself kan wees.

- Verskille tussen veranderlikes:


Net soos die indeling van die behoeftes, is die eienskappe van studentegemeentes dieselfde vir studente wat in die stad en vir studente wat op die platteland grootgeword het. So ook vir die verskillende universiteite en die studente wat in ŉ universiteitskoshuis en privaat woon.



© University of Pretoria

## 6.2. Behoefte aan ’n geestelike mentor

### 6.2.1. <u>Geestelike mentor</u>




**Grafiek 26**

Grafiek 26 toon dat die meerderheid van die studente ’n persoon in hul gemeente het wat hulle as ’n mentor beskou (62,2%).

- Verskille tussen studente wat in universiteitskoshuis woon en studente wat in privaat behuising woon:

Volgens die statistiek blyk dit dat meer studente wat in die koshuis woon (73%) ’n geestelike leier het, in teenstelling met die studente wat in privaat behuising woon (54%).

- Verskille tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het:


53% van die studente wat in die stad grootgeword het, het nie ’n geestelike leier nie in teenstelling met die 31% wat op die platteland grootgeword het.

### 6.2.2. <u>Behoefte aan ’n geestelike mentor</u>

Die vraag aan die studente lees soos volg: “Het jy ’n behoefte aan ’n geestelike mentor?”


© University of Pretoria

Die vraag is slegs beantwoord deur die 42 studente wat aangedui het dat hulle nie ŉ geestelike mentor het nie.




**Grafiek 27**

Van die 42 studente wat nie ŉ geestelike mentor het nie, het ongeveer die helfte van hulle (54,8%) wel die behoefte aan ŉ geestelike mentor.

- Verskille tussen universiteitskampusse:

In antwoord op die vraag oor ŉ geestelike mentor (5.2.1.) het sewe (28%) studente wat aan die Universiteit van Pretoria studeer, 10 (37%) studente wat aan die Universiteit Stellenbosch studeer en 20 (38%) studente wat aan die Noordwes-Universiteit studeer aangedui dat hulle nie ŉ geestelike mentor het nie.

Volgens die statistiek blyk dit dat die behoefte aan ŉ geestelike mentor die grootste is vir studente wat aan Universiteit Stellenbosch studeer (40%).

- Verskille tussen studente wat in universiteitskoshuis woon en studente wat in privaat behuising woon:

In antwoord op die vraag oor ŉ geestelike mentor (5.2.1.) het 13 (27%) studente wat in die koshuis woon en 29 (46%) studente wat privaat woon aangedui dat hulle nie ŉ geestelike mentor het nie.

46% van die studente wat in die koshuis woon het ŉ behoefte aan ŉ geestelike mentor en 39% het aangedui dat hulle ŉ geestelike mentor buite die gemeente het. 59% van


© University of Pretoria

die studente wat privaat woon, het aangedui dat hulle ŉ behoefte aan ŉ geestelike mentor het en 34% het aangedui dat hulle geen behoefte aan ŉ geestelike mentor het nie.

- Verskille tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het:


Vanuit die antwoord op die vraag oor ŉ geestelike mentor (5.2.1.) het 17 (31%) studente wat in die stad grootgeword het en 17 (53%) studente wat op die platteland grootgeword het, aangedui dat hulle nie ŉ geestelike mentor het nie.

47% van die studente wat in die stad grootgeword en aangedui het dat hulle nie ŉ geestelike mentor het nie, wil graag ŉ geestelike mentor hê. 41% van die studente het geen behoefte aan ŉ geestelike mentor nie.

53% van die studente wat op die platteland grootgeword en aangedui het dat hulle nie ŉ geestelike mentor het nie, wil graag ŉ geestelike mentor hê. 18% van die studente het geen behoefte aan ŉ geestelike mentor nie.

### 6.3. Aanlyn bediening

Die vraag aan die studente lees soos volg: "Het die aanlyn aanbiedings, as plaasvervanger vir fisiese byeenkomste, in jou geestelike en kerklike behoeftes voorsien? Behoeftes soos bv. om geestelik te groei en interaksie met medegelowiges."





**Grafiek 28**


© University of Pretoria

Grafiek 28 toon dat hoewel die aanlyn aanbiedings in die meeste van die studente se geestelike en kerklike behoeftes voorsien, dit nie vir hulle voldoende is nie. Aanlyn bediening voorsien dus gedeeltelik in hul behoeftes, maar nie soos verlang nie.

### 6.4. Multikulturele gemeentes

Die vraag aan die studente lees soos volg: “Dink jy dit is nodig dat studentegemeentes multikulturele gemeentes moet wees? Dat studente van ander ras-, taal- en kultuurgroepe ook deel van die gemeente moet wees?”




**Grafiek 29**

Grafiek 29 toon duidelik dat die gewildste waarneming opsie 2 is. Indien opsie 1 en 2 beskou word as antwoorde ten gunste van ŉ multikulturele bediening, is 68% van die studente ten gunste van multikulturele bediening.

- Verskille tussen universiteitskampusse:


Die gemiddelde punt vir die onderskeie universiteite is soos volg:

- Noordwes-Universiteit = 2
- Universiteit Stellenbosch = 1
- Universiteit van Pretoria = 2


© University of Pretoria

### 6.5. Uitkyk op die wêreld

Die vraag aan die studente lees soos volg: "As lidmaat van die studentegemeente, help die gemeente en die aktiwiteite van die gemeente jou om anders na die wêreld om jou en nuusgebeure te kyk en te dink?"




**Grafiek 30**

Grafiek 30 toon duidelik dat die gewildste waarneming opsie 2 is. Indien opsie 1 en 2 beskou word as "ja"-antwoorde op die vraag, het 77% van die studente "ja" geantwoord op die vraag. Die gemeentes en die aktiwiteite van die gemeentes help dus die studente om anders na die wêreld om hulle te kyk en daaroor te dink.

## 7. BEVINDINGE

### 7.1. Verbande tussen die veranderlikes

Die statistikus het gehelp om die chikwadraattoets ($x^{2-}$ toets) op die veranderlikes te doen. Die toets is gedoen om te bepaal of daar verbande tussen die veranderlikes is en, indien wel, wat daardie verbande is.


© University of Pretoria

7.1.1. Die verband tussen die verskillende universiteitskampusse

Die hipotese dat die antwoorde van die studente van verskillende universiteitskampusse onafhanklik is van waar hulle studeer, is getoets. Die chikwadraattoets word egter nie op groepe met tellings onder 5 uitgevoer nie. Daarom word UFS en 'Ander' uitgelaat.

$H_0$: Antwoorde van studente is onafhanklik van waar hulle studeer.

$H_a$: Antwoorde van studente is nie onafhanklik van waar hulle studeer nie.

Die toetsstatistiek, $x^2$, is 13,058 en het 'n p-waarde van 0,001 (kleiner as 0,05). Die nul hipotese, naamlik dat die antwoorde van studente onafhanklik is van waar hulle studeer, word verwerp op enige redelike betekenisvlak.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die studente se antwoorde nie onafhanklik is van waar hulle studeer nie en dat daar wel 'n verwantskap tussen die antwoorde van studente van verskillende kampusse is.

7.1.2. Die verband tussen studente wat in universiteitskoshuise woon en studente wat in privaat behuising woon

Die hipotese dat die antwoorde van die studente onafhanklik is van of hulle in die koshuis of in privaat behuising woon, is getoets. 'Kommune', 'Ouerhuis', 'Woonstel' en 'Ander' word as privaat behuising beskou.

$H_0$: Antwoorde van studente is onafhanklik van waar hulle woon.

$H_a$: Antwoorde van studente is nie onafhanklik van waar hulle woon nie.

Die toetsstatistiek, $x^2$, is 2,027 en het 'n p-waarde van 0,155 (groter as 0,05). Die nul hipotese, naamlik dat die antwoorde van studente onafhanklik is van waar hulle woon, word dus nie op enige redelike betekenisvlak verwerp nie.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die studente se antwoorde onafhanklik is van waar hulle woon met betrekking tot die vorm van behuising.


© University of Pretoria

### 7.1.3. Die verband tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het

Die hipotese dat waar die studente grootgeword het, naamlik op die platteland of in die stad, onafhanklik van mekaar is, is getoets.

$H_0$: Platteland en stad is onafhanklik van mekaar.

$H_a$: Platteland en stad is nie onafhanklik van mekaar nie.

Die toetsstatistiek, $x^2$, is 6,081 en het ŉ p-waarde van 0,014 (kleiner as 0,05). Die nul hipotese dat platteland en stad onafhanklik van mekaar is, is dus verwerp op ŉ 5% betekenisvlak.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking kom word dat die studente se antwoorde beïnvloed is deur die plek waar hulle grootgeword het en dat die platteland en stad nie onafhanklik is nie.

### 7.1.4. Verwantskap tussen die verhouding van studente met studenteleraars en die belangrikheid van die verhouding

Die verwantskap tussen die verhouding van studente met studenteleraars en die belangrikheid van die verhouding is getoets om vir enige verskille in antwoorde tussen die verskillende groepe te toets. Die kolom 'Nee, glad nie' moet egter uit die toets geneem word omdat al die tellings onder 5 is. Die ry onbekende waardes is ook verwyder aangesien die tellings almal nul is.

$H_0$: Die verhoudings van studente met hul studenteleraars en die belangrikheid van die verhoudings is onafhanklik van mekaar.

$H_a$: Die verhoudings van studente met hul studenteleraars en die belangrikheid van die verhoudings is nie onafhanklik van mekaar nie.

Die toetsstatistiek, $x^2$, is 14,788 en het ŉ p-waarde van 0,001 (kleiner as 0,05). Die nul hipotese dat die verhoudings met hul studenteleraars en die belangrikheid van die verhoudings onafhanklik van mekaar is, word dus verwerp op ŉ 5% betekenisvlak.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die studente se verhoudings met hul studenteleraars wel beïnvloed word deur die belangrikheid van die verhoudings.


© University of Pretoria

## 7.2. Wie is die universiteitstudent?

Die tweeledige navorsingsvraag het ten doel om vas te stel wie die hedendaagse Afrikaanssprekende universiteitstudent is en hoe die leefwêreld van sodanige student lyk ten einde die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente te identifiseer. Volgens die statistiek verkry uit die vraelyste is die volgende bevindinge gemaak oor wie die studente is en hoe die leefwêreld van sodanige studente lyk.

### 7.2.1. Biografiese inligting

Die volgende resultate is verkry uit die statistiek van die eerste afdeling van die vraelys en dien as begronding vir die volgende bevindinge oor Afrikaanssprekende universiteitstudente wat betrokke is by die onderskeie studentegemeentes:

- Die vroulike studente is oorwegend meer as die manlike studente (69,4% teenoor 30,6%) (sien afdeling 3.2.).
- 46,9% van die studente wat aan die studie deelgeneem het, studeer op die NWU se Potchefstroomkampus (sien afdeling 3.3).
- Daar is 'n neiging onder die studente om privaat behuising bo koshuis behuising te verkies (43% teenoor 57%) (sien afdeling 3.6.).
- Die studentelidmate wat op die platteland grootgeword het, is in die meeste van die gemeentes meer as die studentelidmate wat in die stad of in 'n groot dorp grootgeword het (sien afdeling 3.7).

### 7.2.2. Kerklike agtergrond

Die volgende resultate is verkry uit die statistiek van die tweede afdeling van die vraelys en dien as begronding vir die volgende bevindinge oor Afrikaanssprekende universiteitstudente wat betrokke is by die onderskeie studentegemeentes:

*Die studente is getroue lidmate van die denominasie waarin hulle grootgeword het.*

Hierdie bevinding is gegrond op die volgende statistiek:

- 90% van die studente is in die studentegemeente van die denominasie waarin gedoop is (sien afdeling 4.1.1.).


© University of Pretoria

- 82% van die studente is in die studentegemeente van die denominasie waarin hulle belydenis van geloof afgelê het (sien afdeling 4.1.2.).

*Die studente is getroue, meelewende lidmate van hul studentegemeente.*

Hierdie bevinding is gegrond op die volgende statistiek:

- 73% van die studente het aangedui dat hulle elke Sondag die erediens/te van hul studentegemeente bygewoon (sien afdeling 4.2.1).
- 46,9% van die studente het in die tyd van inperking gereeld aanlyn aanbiedings van hul gemeente bygewoon (sien afdeling 4.2.2.).
- 64,9% van die studente woon ook ander aktiwiteite van hul betrokke studentegemeentes by (sien afdeling 4.2.6.).

*Die studente verken ook ander gemeentes.*

Hierdie bevinding is gegrond op die volgende statistiek:

- 69,4% van die studente woon eredienste en/of aktiwiteite by van hul gemeente in hul tuisdorp (sien afdeling 4.2.3.).
- Die studente is bykans gelyk verdeel tussen studente wat eredienste en/of aktiwiteite van ander gemeentes by woon en die wat dit nie bywoon nie, met die meerderheid wat aktiwiteite van ander gemeentes bywoon (51,4% teenoor 48,7%) (sien afdeling 4.2.4.).

7.2.3. Psigologiese behoeftes van die studente

*Die studente is nie seker van hul lewensdoel nie.*

- 65,8% van die studente is nog nie volkome seker wat hul lewensdoel is nie (sien afdeling 5.1.1).

*God en geloof speel ŉ belangrike rol in die studente se verstaan van hul doel in die lewe.*

- Die drie mees algemene lewensdoelstellings is God (89,1%), familie (88,2%) en geloof (76,6%) (sien afdeling 5.1.2).


© University of Pretoria

- Vir 64,9% van die studente dra hul geloof by tot hul begrip van hul doel in die lewe (sien afdeling 5.1.3).

*Die studente is gelyk verdeel tussen diegene wat identifiseer met Fowler se sinteties-konvensionele geloofsfase en diegene wat identifiseer met die oorbeweeg na en beweging tussen die sinteties-konvensionele geloofsfase na 'n individueel-reflektiewe geloofsfase.*

Na aanleiding van die beskrywing van die geloofsfases beteken dit die volgende (sien afdeling 5.2):

- 43,2% van die studente is oortuig van dit wat hulle glo en word nie geraak deur, of steur hulle nie aan, geloofoortuigings wat verskil van hul eie nie. Die kerk en leraars speel 'n belangrike en leidende rol in die studente se geloof.

- 43,2% van die studente bevind hulself tussen die twee fases. Hulle weet wat dit is wat hulle glo en hulle weet dat daar mense is wat van hulle verskil. Hulle het soms vrae oor geloof, die kerk en dit wat hulle geleer is. Hulle bevraagteken soms die leraar en die kerk.

## 8. Die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende studente

Ná ontleding van die statistiek is die volgende drie behoeftes geïdentifiseer:

### 8.1. Geloofsvorming

Die navorser het, op grond van die volgende statistiek, *geloofsvorming* geïdentifiseer as die studente se grootste behoefte:

- In antwoord op die vraag oor die student se bedieningsbehoeftes (sien afdeling 6.1.1.) is die behoefte "Geestelike tuiste" by uitstek aangewys as die grootste behoefte. Die behoefte aan 'n geestelike tuiste is omskryf as 'n tuiste waar die student kan groei in sy/haar verhouding met God en sy/haar geloof kan uitleef.

- 83,8% van die studente het 'leer en groei' aangewys as die faktor wat die belangrikste rol in hul keuse van erediens speel (sien afdeling 4.2.5).

- 66,7% van die studente het "inhoud" aangewys as die tweede belangrikste faktor wat 'n rol in hul keuse van erediens speel (sien afdeling 4.2.5).


© University of Pretoria

- 60% van die studente het "groei in geloof" gekies as die belangrikste eienskap van 'n studentegemeente (sien afdeling 6.1.2).

Volgens die voorgenoemde statistiek het die navorser die behoefte aan geloofsvorming verdeel tussen 'n primêre behoefte en sekondêre behoeftes (sien figuur 1):




**Figuur 1**

### 8.2. Mentorskap

Die navorser het voorts *mentorskap* geïdentifiseer as die studente se tweede grootste behoefte. Dit identifikasie is eerstens gegrond op die volgende statistiek en tweedens op die verwantskap tussen *geloofsvorming* en *mentorskap.*

Die identifikasie is eerstens gegrond op die volgende statistiek:

- Mentorskap is deur die studente as die kleinste behoefte aangewys (sien afdeling 6.1.1).

- Die eienskap van 'n studentegemeente as 'n plek waar studente hul vrae kan vra oor geloof en die lewe is egter as die tweede belangrikste eienskap van 'n studentegemeente aangewys (sien afdeling 6.1.2.). Die navorser koppel die behoefte aan vrae en leiding aan mentorskap.

- 49,5% van die studente het 'n goeie verhouding met een of meer van die studenteleraars in die gemeente (sien afdeling 4.4.1).


© University of Pretoria

- 51,4% beskou dit as belangrik om ŉ goeie verhouding met ŉ studenteleraar te hê (sien afdeling 4.4.2).
- 62,2% van die studente het ŉ persoon in die gemeente wat hulle as ŉ mentor beskou (sien afdeling 6.2.1).
- 54,8% van die studente wat nie ŉ geestelike mentor het nie, het die behoefte aan ŉ geestelike mentor (sien 6.2.2).

Tweedens is daar is ŉ sterk korrelasie tussen die studente se behoefte aan geloofsvorming en die behoefte aan mentorskap. Die motivering vir die begrip van mentorskap is gebaseer op die volgende bevinding:

- Vir die studente wat identifiseer met die sinteties- konvensionele geloofsfase speel die kerk en die leraars ŉ belangrike en leidende rol in hul geloof.
- Die studente wat identifiseer met ŉ beweging tussen die sinteties-konvensionele fase en die individueel-reflektiewe geloof het soms vrae oor geloof, die Kerk en dit wat hulle geleer is. Hulle bevraagteken soms die leraar en die Kerk.

Volgens die voorgenoemde statistiek het die navorser die behoefte aan mentorskap verdeel tussen ŉ primêre behoefte en sekondêre behoeftes (sien figuur 2):




**Figuur 2**


© University of Pretoria

### 8.3. Gemeenskap van gelowiges

Die navorser het *gemeenskap van gelowiges* geïdentifiseer as die studente se derde grootste behoefte. Die identifikasie is gegrond op die volgende statistiek:

- Die volgende drie behoeftes is deur die studente aangewys as die tweede, derde en vierde kleinste behoeftes (sien afdeling 6.1.1.) Die behoeftes word deur die navorser verstaan as deel van die behoefte om deel te wees van ŉ gemeenskap van gelowiges. Die behoeftes in volgorde van die grootste na die kleinste is:
  - ŉ Plek waar ek ander mense kan ontmoet. Mense met wie ek kan 'connect' en diepgaande vriendskappe kan vestig.
  - ŉ Plek waar ek kan deel wees van ŉ gemeenskap/vriendekring wat verskil van enige van die ander gemeenskappe/vriendekringe wat ek op kampus kan vind.
  - ŉ Plek om te behoort. ŉ Plek waar die student veilig voel, homself/haarself kan wees en aanvaar word.
- In kontras hiermee is om te "connect met ander" en "veilige ruimte en tuiste" as die onbelangrikste eienskappe van ŉ studentegemeente aangewys (sien 6.1.2).
- So ook is "bywoning van vriende" as die onbelangrikste faktor in die studente se keuse van erediens aangewys (sien afdeling 4.2.5).

Daarom plaas die navorser die behoefte aan ŉ *gemeenskap van gelowiges* as die derde behoefte van studente.

Volgens die voorgenoemde statistiek het die navorser die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges verdeel tussen ŉ primêre behoefte en sekondêre behoeftes (sien figuur 3):


© University of Pretoria




**Figuur 3**

## 9. Samevatting

Hierdie hoofstuk is die eerste van die drie empiries-deskriptiewe hoofstukke in die proefskrif. Volgens die statistiek uit die vraelyste wat die studente voltooi het, is die volgende drie bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente geïdentifiseer: geloofsvorming, mentorskap en gemeenskap van gelowiges. In die volgende hoofstuk word die data en bevindinge van die onderhoude wat die navorser met 11 studente gevoer het, weergegee.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE NAVORSING – KWALITATIEWE NAVORSING

# GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE MET UNIVERSITEITSTUDENTE

## 1. INLEIDING

Die navorsingsprobleem, navorsingsvraag en doel van hierdie studie is reeds in hoofstuk 1 soos volg geformuleer:

Die navorsingsprobleem van die studie is dat daar gebrekkige begrip en kennis is van die behoeftes van Afrikaanssprekende studentelidmate van die Gereformeerde studentegemeentes in Suid-Afrika. Studentegemeentes kom voor groot uitdagings te staan weens die vinnig-veranderende konteks van universiteite en die studentegemeenskap in Suid-Afrika. Daar is tans weinig resente navorsing oor Studentebediening in die Suid-Afrikaanse konteks om leraars in hul onderskeie bedienings te ondersteun. Die navorsingsvraag is om vas te stel wie die hedendaagse Afrikaanssprekende universiteitstudent is en hoe die leefwêreld van sodanige student lyk ten einde die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente te identifiseer. Die doel van die navorsing is om die bedieningsbehoeftes van universiteitstudente in Suid-Afrika te identifiseer en om studentegemeentes prakties-teologies te bemagtig, om studente meer sinvol en effektief te bedien.

Hierdie hoofstuk verteenwoordig, nes hoofstuk 3, die eerste van die vier kerntake van Osmer (2008:31-218) se praktieseteologie-interpretasie. Die eerste taak is die empiries-deskriptiewe taak en die doel van die taak is om inligting te versamel wat die navorser sal help om die dinamika van en patrone in spesifieke episodes, situasies of kontekste te onderskei (sien Osmer 2008:4). Die hoofstuk beantwoord die rigtinggewende vraag van die empiries-deskriptiewe taak, naamlik “Wat is aan die gebeur?” (Osmer 2008:4; 31-78). Die hoofstuk sluit aan by die empiriese navorsing in hoofstukke 3 en 4.


© University of Pretoria

Soos reeds in hoofstuk 3 opgemerk, is die empiriese navorsing wat onder die studente gedoen is kronologies ná die kwalitatiewe onderhoude met die studenteleraars gedoen. Die empiriese navorsing word egter in die proefskrif eerste geplaas en die kwalitatiewe onderhoude met die studenteleraars word laaste geplaas. Die rede hiervoor is dat die empiriese navorsing wat onder die universiteitstudente gedoen is, die primêre empiriese bron vir die navorsing is (sien hoofstukke 3 en 4) terwyl die onderhoude met die studenteleraars as ŉ sekondêre ondersteunende bron dien (sien hoofstuk 5).

Hierdie hoofstuk is die tweede empiries-deskriptiewe hoofstuk in die proefskrif en bevat die bevindinge van die semigestruktureerde onderhoude wat die navorser met 11 studente wat ewekansig vanuit die studente wat die vraelys voltooi het, gevoer het.

Die hoofstuk is gestruktureer volgens die gespreksvrae wat aan die studente gevra is. Die doel van die hoofstuk is om ŉ dieper verstaan te verkry van die statistiek wat in hoofstuk 3 aangebied is en om vanuit die perspektief van die studente ŉ antwoord te bied op die vraag oor die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente.

## 2. BESKRYWING VAN DIE DATABRON

### 2.1. Beskrywing van die databron

Die navorser het gestruktureerde onderhoude met 11 studente gevoer en slegs van die voorafopgestelde vrae afgewyk indien daar onduidelikheid was oor wat gevra word of as die navorser bykomende vrae moes vra omdat die gegewe antwoord onvoldoende was.

Die voorvereiste vir die studente met wie ŉ onderhoud gevoer is, was dat elkeen van die studente deel moes wees van die kwalitatiewe navorsing. Die databron is weer saamgestel met behulp van statistikus mev. Tanita Cronjé. Sy het die verteenwoordigende studentegemeentes ewekansig gekies vanuit die gemeentes wat aan die kwantitatiewe navorsing deelgeneem het. Sy het ook ŉ student verbonde aan elkeen van die gemeentes ewekansig verkies. Die navorser het op 30 Maart 2022 etiese klaring vir die kwalitatiewe navorsing ontvang.


© University of Pretoria

Die navorser het begin deur die gekose studente via e-pos te kontak, maar hulle het nie op die e-pos gereageer nie. Die navorser het daarna die ander studente wat verbonde is aan die onderskeie gemeentes en die vraelys voltooi het ook gekontak. Elf studente het ingestem om deel te neem aan die kwalitatiewe navorsing. Hierdie elf studente is dus nie die elf studente wat ewekansig gekies is nie, maar die studentegemeentes, uitsluitend NGK Kopanong (UFS), is wel ewekansig verkies.

NGK Kopanong (UFS) was ingesluit by die ewekansige seleksie van gemeentes. Daar het een student van NGK Kopanong (UFS) deelgeneem aan die kwantitatiewe navorsing. Die student was nie beskikbaar vir ’n onderhoud nie en ’n student van GKA Die Bult het die student se plek ingeneem.

Die navorser het aan die studente wat sy gekontak het ’n brief per e-pos gestuur waarin sy die volgende fase van die empiriese navorsing beskryf het. Die navorser het die eerste onderhoud op 5 April 2022 gevoer en die laaste onderhoud op 1 Junie 2022. Elkeen van die studente wat ingestem het, het ook ’n toestemmingsbrief geteken (sien addendum 4). Die navorser het die onderhoude met die studente wat aan UP en NWU Potchefstroom studeer in persoon gevoer. Die onderhoude met die studente wat aan US studeer, was Zoom-onderhoude. Elkeen van die onderhoude is opgeneem met die toestemming van die student en verbatim getranskribeer. Die transkripsies is met behulp van ATLAS.ti gekodeer en verwerk.

Die studente en hul studentegemeentes word in Tabel 6 weergegee:

| | | **Geslag** | **Universiteits-kampus** | **Denominasie** | **Gemeente** | **Fakulteit** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Student 1** | S1 | Vroulik | UP | NGK | Universiteitsoord | Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Student 2** | S2 | Manlik | US | NGK | Kruiskerk | Ingenieurswese, Bou-omgewing en IT |
| **Student 3** | S3 | Vroulik | NWU Potchefstroom | NGK | Kandelaar | Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Student 4** | S4 | Vroulik | US | NGK | Kruiskerk | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |


© University of Pretoria

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Student 5** | S5 | Manlik | NWU Potchefstroom | NGK | Kandelaar | Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Student 6** | S6 | Manlik | NWU Potchefstroom | GKA | Cachet | Teologie |
| **Student 7** | S7 | Vroulik | NWU Potchefstroom | GKA | Die Bult | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| **Student 8** | S8 | Manlik | NWU Potchefstroom | GKA | Die Bult | Ingenieurswese, Bou-omgewing en IT |
| **Student 9** | S9 | Vroulik | UP | GKA | Brooklyn | Opvoedkunde |
| **Student 10** | S10 | Manlik | US | GKA | GKA Stellenbosch | Regsgeleerdheid |
| **Student 11** | S11 | Vroulik | UP | NGK | Universiteitsoord | Natuur- en Landbouwetenskappe |

**Tabel 6**

Die studente was in die tweede jaar van hul studie toe hulle die vraelys voltooi het. Die studente was dus in hul derde jaar toe die navorser die onderhoude met hulle gevoer het. Die studente was in 2020 in hul eerste jaar. Soos verduidelik in hoofstuk 3 het die studente vanweë die Covid-19 pandemie, die eerste twee jaar van hul studie grotendeels tuis deurgebring en aanlyn studeer. Die studente kon eers in 2022 vir die eerste keer in persoon op hul onderskeie kampusse klas bywoon.

Die studente se antwoorde op die vrae is uiteenlopend en elkeen tot ŉ mate uniek. Om hierdie rede het die navorser dit nodig geag om talle aanhalings uit die studente se antwoorde in te sluit sodat elke stem op dié manier gehoor kon word.

### 2.2. Motivering vir die vrae

Die navorser het die vraelys (sien addendum 5) opgestel aan die hand van die kwalitatiewe navorsing (onderhoude met die studenteleraars) en die kwantitatiewe navorsing (vraelyste aan die studente) wat reeds gedoen is. Van die vrae is ook geformuleer met huidige navorsing oor studentebediening in gedagte. Elke vraag wat die navorser gevra het, is in die vraelys ingesluit met ŉ bepaalde doel. Die motivering vir elke vraag word soos volg uiteengesit.


© University of Pretoria

### 2.2.1. Vraag 1

Die eerste vraag lees soos volg:

> Uit die antwoorde van 86% van die studente blyk dit dat studente wat aan die ondersoek deelgeneem het, weet wat dit is wat hulle glo. As iemand jou sou vra "Wat glo jy?", hoe sal jy hom/haar antwoord?

Die navorser wou met hierdie vraag iets van die inhoud van die studente se geloof verstaan.

Die vraag sluit op die volgende wyse aan by die onderhoude met die leraars:

- Een van die konsepte wat geïdentifiseer is as 'n bedieningsfilosofie van die gemeentes is *geloofsvorming* (sien hoofstuk 3 afdeling 3.3.2). Geloofsvorming word op verskeie maniere verstaan en die leraars het verskillende praktiese benaderings tot geloofsvorming. Sommige van die benaderings tot geloofsvorming veronderstel dat studente kom studeer met 'n bepaalde begrip van geloof of in 'n bepaalde verhouding met God leef, al dan nie.

  Die navorser wou vasstel wat die inhoud van die studente se geloof is, hoe hulle *om in 'n verhouding met God te leef* verstaan en of die studenteleraars se veronderstellings ooreenstem met die studente se begrip en uitleef van geloof.

- Die meeste leraars het gesê dat hulle nie die vrug van kategese sien nie (sien hoofstuk 5 afdeling 4.4). Na hul mening beskik die studente oor gebrekkige geloofskennis. Die navorser wou vasstel of die waarneming geldig en sigbaar is vanuit die studente se verwoording van dit wat hulle glo.

Die vraag sluit op die volgende wyse aan by die studente se antwoorde op die vraelys:

- In antwoord op die vraag oor die geloofsfases het 86% van die studente aangedui dat hulle weet wat dit is wat hulle glo en waarom hulle so glo (sien hoofstuk 3 afdeling 5.2). Die studente kon egter nog nie in hul eie woorde hul geloof verwoord en die inhoud daarvan deel nie.

- *Roeping, toerus* en *stuur* was drie konsepte wat na vore gekom het in die leraars se verduideliking van hul onderskeie bedieningsfilosofieë (sien hoofstuk 5 afdeling 3.3), maar in antwoord op die vraag oor lewensdoelstellings, was die


© University of Pretoria

doelstellings wat met die konsepte geassosieer sou kon word, nie deel van die doelstellings wat voorkeur onder die studente geniet het nie (sien hoofstuk 4 afdeling 5.1.2). Die navorser wil weet of die konsepte deel is van die studente se verstaan van hul geloof en of die studente se geloof, soos voorgestel deur die statistiek, individualisties en na binne gefokus is.

Die vraag sluit aan by bestaande navorsing oor studentebediening op die volgende wyse:

- In die teorie oor studentebediening word daar baie gewerk met en gefokus op Smith en Denton (2005) en Smith (2009) se opsomming van ontluikende volwassenes se geloof as moralistiese terapeutiese deïsme. Die doel van die vraag is ook om ŉ aanduiding te kry of dit moontlik waar kan wees van die studente se geloof al dan nie.

2.2.2. Vraag 2

Die tweede vraag lees soos volg:

Uit die antwoorde van 75% van die studente blyk dat hulle geloof bydra tot hul begrip van hulle doel in die lewe. Dra jou geloof by tot jou begrip van jou doel in die lewe? Indien wel, hoe dra jou geloof by? En indien nie, waarom nie?

Die vraag sluit op die volgende wyse aan by die onderhoude met die leraars:

- Die vraag kan die navorser help om te verstaan hoe konsepte soos *roeping* en *gestuur* deel uitmaak van die studente se begrip van geloof veral as die konsepte in hul antwoord op vraag een genoem is.

Die vraag sluit op die volgende wyse aan by die studente se antwoorde op die vraelys:

- 64,9% van die studente het aangedui dat hul geloof bydra tot hul begrip van hul doel in die lewe (hoofstuk 4 afdeling 5.1.3). Die navorser wou graag vasstel op watter wyse die studente se geloof bydra tot hul begrip van hul doel in die lewe.

- Hul antwoord op die vraag kan ook vergelyk word met die antwoorde op die gekose lewensdoelstellings soos gevra in die vraelys (sien hoofstuk 4 afdeling 5.1.2).


© University of Pretoria

### 2.2.3. Vraag 3

Die derde vraag lees soos volg:

Watter rol het geloof in jou grootwordjare, voor jou universiteitslewe, gespeel?

Die vraag sluit op die volgende wyse aan by die onderhoude met die leraars:

- Die navorser het gehoop dat die vraag insigte kan bied in die aard van die geloofsgrondslag wat by die studente gelê is tydens hul grootwordjare.

- In die onderhoude het die leraars genoem dat die studente wat oor ŉ goeie geloofskennis beskik en in verhouding met God leef, meestal diegene is wat dit in hul ouerhuise geleer is (sien hoofstuk 5 afdeling 4.4). Hoewel dit nie uitsluitlik die geval is nie, is dit ŉ algemene tendens.

  Vanuit die kwantitatiewe navorsing het die navorser die afleiding gemaak dat die studente wat die vraelys voltooi het, meelewende lidmate is en erns maak met hul geloof en hul verhouding met God (sien hoofstuk 4 afdeling 8). Die vraag het aan die navorser verdere insigte gegee in die rol van die ouerhuis in die studente se geloofsvorming.

- Die vraag het ook vir die navorser ŉ aanduiding gee van die invloed wat die studentegemeente op die student se geloofsvorming gehad het.

Die vraag sluit op die volgende wyse aan by bestaande navorsing oor studentebediening:

- Navorsing toon dat geloofsvorming primêr in die ouerhuis plaasvind. Dit toon ook dat adolessente wat tuis voel in ŉ gemeente en daar goeie verhoudings bou, meer geneig is om as ontluikende volwassenes by ŉ gemeente aan te sluit (sien Smith 2009:282-283). Die navorser wou vasstel of dit ook waar is vir die studente wat die vraelys voltooi het en ook watter rol die kerk in hul geloofsvorming as kinders en adolessente gespeel het.

### 2.2.4. Vrae 4 en 5

Die vierde vraag lees soos volg:

Wat is jou grootste behoefte/s waarin jou studentegemeente kan voorsien?


© University of Pretoria

Die vyfde vraag lees soos volg:

> Met jou kennis van medestudente van jou ouderdom: wat is hierdie groep se grootste behoeftes waarin studentegemeentes kan voorsien?

Die bedieningsbehoeftes van studente is die sentrale navorsingsvraag van die navorsing. Die navorser het aan die studenteleraars gevra wat hulle dink die antwoord op hierdie vraag is (sien hoofstuk 5 afdeling 5.4). Daarna het die navorser hul antwoord op die vraag gebruik as opsies waaruit die studente hul bedieningsbehoeftes kon kies (sien hoofstuk 4 afdeling 6). Die onderhoude bied aan die studente die geleentheid om in hul eie woorde, sonder enige voorveronderstellings, die vraag te beantwoord.

2.2.5. Vraag 6

Die sesde vraag lees soos volg:

> Watter impak het jou ervaringe op universiteit op jou geloof gehad?

Die vraag sluit op die volgende wyse aan by die onderhoude met die leraars:

- Die studenteleraars het na verskeie ervaringe verwys wat, uit hul eie ervaringe, ŉ impak op die studente se geloof het. Die ervaringe sluit in die ervaring van ŉ koshuis, waar die studente met studente van ander gelowe en rasse moet saambly, en die inhoud van hul studie – veral diegene wat BSc studeer. Van die gemeentes het hul bedienings ook so ingerig om die studente te probeer help om sin te maak van die ervaringe en antwoorde op hul vrae te bied (sien hoofstuk 5 afdelings 5.1, 5.2 en 5.3).

Die vraag sluit op die volgende wyse aan by die studente se antwoorde op die vraelys:

- Die studente het aangedui dat ŉ plek waar vrae gevra kan word die tweede belangrikste eienskap van ŉ studentegemeente moet wees, naas ŉ plek waar studente kan groei in hul geloof (sien hoofstuk 4 afdeling 6.1.2). Die navorser wou die studente se ervaringe beter verstaan en vasstel of die studentegemeente die studente help om, ten opsigte van hul ervaringe, geestelik te groei.

Die vraag sluit op die volgende wyse aan by bestaande navorsing oor studentebediening:


© University of Pretoria

- Die navorsing fokus op ŉ spesifieke groep ontluikende volwassenes, naamlik universiteitstudente. Vanuit die teorie en ander navorsing wat gedoen is oor universiteitstudente is dit duidelik dat hul ervaringe op universiteit ŉ groot invloed gehad het op hul spiritualiteit (sien Parks 2011). Die navorser wou vasstel of dit ook waar is vir die studente wat deel is van die navorsing en indien wel, wat die impak is.

2.2.6. Vraag 7

Die sewende en laaste vraag aan die studente lees soos volg:

> Dink jy dit is nodig dat studentegemeentes multikulturele gemeentes moet wees? Ja of nee? Waarom sê jy so?

Die vraag sluit op die volgende wyse aan by die onderhoude met die leraars:

- Die leraars het tydens die onderhoude verskeie redes gegee waarom hul studentegemeentes nie multikulturele gemeentes is nie en die uitdagings wat eers oorkom moet word, uitgelig (sien hoofstuk 5 afdelings 4 en 8). Van die leraars het genoem dat een van die redes is dat die studente daarteen gekant is.

Die vraag sluit op die volgende wyse aan by die studente se antwoorde op die vraelys:

- 68% van die studente het aangedui dat ŉ studentegemeente, na hul mening, ŉ multikulturele gemeente moet wees (sien hoofstuk 4 afdeling 6.4). Nie een van die studente wat die vraelys voltooi het, is egter deel van ŉ multikulturele studentegemeente nie.

- Multikulturele gemeentes is ŉ besprekingspunt in elke studentegemeente. Die vraag het ten doel om te verstaan waarom 68% aangedui het dat studentegemeentes multikulturele gemeentes moet wees en of multikulturele gemeentes aan studente ook onoorkombare uitdagings bied.


© University of Pretoria

## 3. WAT GLO DIE STUDENTE?

Die eerste gespreksvraag aan die studente lees soos volg:

> Uit die antwoorde van 86% van die studente blyk dit dat studente wat aan die ondersoek deelgeneem het, weet wat dit is wat hulle glo. As iemand jou sou vra "Wat glo jy?", hoe sal jy hom/haar antwoord?

### 3.1. Datarapportering

Twee studente het gesê dat hulle sal begin deur te sê dat hulle "Christen gelowiges" is (sien S2 en S8). S8 het verder gespesifiseer deur te sê dat hy 'n "Gereformeerde Christen" is.

Drie studente het begin deur sê dat die inhoud van hul geloof vir hulle verwoord word in die Apostoliese geloofsbelydenis (sien S6, S7 en S9) en dat hulle dus met die geloofsbelydenis sal antwoord.

Die studente het die volgende sewe algemene konsepte gebruik om die inhoud van hul geloof te verwoord: *God*, *redding*, *Jesus*, *Heilige Gees*, *verhouding met mense*, *kerk*, en *die Bybel*. Vervolgens word elkeen van hierdie konsepte aan die hand van voorbeelde uit die onderhoude bespreek.

#### 3.1.1. God

Sewe studente het as deel van hul antwoord gesê dat hulle in God glo (sien S1, S2, S3, S5, S6, S7, S9). Vier studente het gespesifiseer hulle glo in God Drie-enig (sien S1, S2, S7 en S9). Twee studente het genoem dat hulle glo dat God bestaan (sien S1 en S6).

Vyf studente het gesê dat hulle glo dat God die Skepper van die aarde is (sien S3, S6, S9, S10, S11). S11 het soos volg uitgebrei op haar verstaan van God as Skepper:

> … ek glo God het die wêreld gemaak. Evolusie maak nie wetenskaplik sin nie. Om dit te kan doen is Hy almagtig en Hy is alwetend.
>
> S11

Enkele studente het uitgebrei op hul begrip van God en Hom beskryf as "altyd naby" (S1), "'n God van liefde" (S2), en "almagtig" (S9).



© University of Pretoria

Twee studente het ook gesê dat hulle glo dat God ʼn verhouding met mense wil hê (sien S6 en S11).

> ... Hy het ons in ʼn perfekte toestand gemaak waar ons hierdie verhouding met Hom gehad het, maar ons as mense het gekies om Hom te wantrou en ons eie pad te volg en as gevolg daarvan, lewe ons in ʼn gebroke wêreld waar goeters sleg gaan met baie mense as gevolg van ander mense se verkeerde keuses en dit is nie God se wil vir ons nie, maar omdat Hy vir ons ʼn vrye wil gegee het, laat Hy dit toe. En ons kan in ʼn regte verhouding met Hom staan en ons kan lewe soos wat Hy wil hê ons moet lewe. Dit los nie al jou probleme hierso op nie, maar dit gee mens ʼn ander siening oor die wêreld en goeters wat gebeur met jou en wie mense is. As jy weet hoe God oor jou voel en God oor ander mense voel.
>
> S11

3.1.2. Redding

Slegs twee studente het verduidelik dat God hulle redder is (sien S1 en S10). S10 verduidelik verder dat hy glo dat God ons red van die dood en van die duiwel. S5 verduidelik dat hy glo dat "as mens soos die Bybel lewe, soos wat Hy gelewe het en jy wel glo dat Hy opgestaan het, sal jy wel gered word."

3.1.3. Jesus Christus

Agt studente het verder ook gesê dat hulle in Jesus Christus glo (sien S2, S4, S5, S6, S7, S8, S9, S11) en dat daar net een Here is (S5). Twee studente glo dat Jesus deur God na die aarde toe gestuur is (sien S3 en S6).

Vyf studente het verder gesê dat hulle glo dat Jesus aan die kruis gesterf het (sien S4, S6, S8, S9 en S11). Drie van die studente het verder uitgebrei op die rede waarom hulle glo dat Jesus moes sterf. S9 het gesê "om my te red van my sondes". S11 verduidelik haar siening soos volg:


© University of Pretoria

> ... Jesus het kom sterf vir ons … Want God het eerste die wet vir die mense gegee en gesê maar as julle hierdie goeters onderhou dan kan julle met My in ŉ verhouding staan. Maar niemand is perfek nie. En niemand van ons kan dit regkry nie. En daarom was dit nodig dat Jesus aarde toe kom en as ŉ mens kom en vir ons sterf in ons plek sodat ons vergewe kan word sodat … Want as God jou net *randomly* vergewe, dan's dit nie regverdig nie. Daar moet ŉ prys betaal word en dit is waarom Jesus moes doodgaan.
>
> S11

S8 verduidelik sy begrip soos volg:

> ... die drie pilare van die evangelie, … dat [ek] in my natuur ŉ gebroke en sondige mens is en dat ek nie self kan betaal daarvoor nie … my eie versoening kan verdien op enige manier nie … ek glo dat … Jesus Christus die Seun van God self gesterf het en daai prys betaal het … en dat dit dan my ook [lei] na ŉ nuwe lewe uit dankbaarheid vir my verlossing.
>
> S8

Twee studente het verder ook gesê dat hulle glo dat Jesus opgestaan het (sien S4 en S5) en drie studente het gesê dat Hy weer gaan kom (sien S4, S9 en S11). S11 verduidelik haar siening soos volg:

> ... Jesus het vir alle mense doodgegaan en as gevolg daarvan kan ons na Hom toe gaan en ons kan bid tot Hom en Hy hoor ons en Hy antwoord ons gebede. Ja, en Jesus gaan terugkom. Hy gaan ons kom haal en of jy nou doodgaan of jy lewe tot die einde, ons gaan eendag almal saam met God in die hemel wees en ons gaan in Sy teenwoordigheid lewe. Nie dat ons nou nie doen nie, maar baie meer tasbaar. En as jy dit nie kies nie en as jy Hom nie nou ken nie, dan gaan jy hel toe gaan en dit is … Ek weet baie mense twyfel daaraan maar ek glo dit is ŉ vlammende put en ŉ plek van soos Jesus sê ŉ plek van ŉ geween en ŉ kners van tande en ŉ aaklige plek waar niemand wil wees nie. Maar dis wat jy kies as jy kies om nie by God te wees nie.
>
> S11


© University of Pretoria

### 3.1.4. Die Heilige Gees

Vier studente het gesê dat hulle glo in die Heilige Gees (sien S2, S3, S7 en S9). Die studente het verder ook gesê dat hulle glo dat die Heilige Gees betrokke is op aarde (S2), dat die Gees ons almal help (S3) en dat die Gees in mense werk om hulle te verander (S9).

### 3.1.5. Die kerk

Twee studente het in antwoord op die vraag na die kerk verwys. S5 het gesê dat hy glo dat die kerk daar is om die Here te dien. S11 glo dat:

> ... ons as kerk is ’n familie. Ons is daar om mekaar te ondersteun en mekaar te help om te groei in geloof en ook om te leer van mekaar, want baie ander mense het al verder geloop in hulle journey met God, dan kan hulle jou ook soos help om te verstaan wat aangaan in die lewe en om oor God te dink.
>
> S11


### 3.1.6. Die Bybel

S5 het ook in antwoord op die vraag gesê dat hy glo dat

> ... die Bybel die volle woord … van die Here is. Daar is nie enige iets anders nie. Daar is nie mense wat sê, oukei Hy het dit gesê, so dis eintlik so om en ander mense sê soortgelyk dieselfde, so dis eintlik so om nie. Nee. Wat die Bybel sê is basies soos wet.
>
> S5


© University of Pretoria

## 3.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 4**



© University of Pretoria

Die twee mees algemene konsepte wat deur die studente gebruik is om hul geloof te verwoord is *God* en *Jesus Christus*. Die twee mees algemene beskrywings om God te beskryf is "drie-enig" en "skepper".

Die mees algemene beskrywings van Jesus Christus is dat Hy aan die kruis gesterf het vir ons sondes.

Vanuit die data kom daar ook vier ander konsepte na vore, naamlik *redding*, die *Heilige Gees*, *kerk* en die *Bybel*. Slegs twee studente het na die kerk verwys en net een student het na die Bybel verwys.

*Redding* is beskryf as redding van sonde, van die dood en van die duiwel. Die konsep van redding sluit nou aan by die konsepte van *God* en *Jesus Christus*.

Die *Heilige Gees* is beskryf as betrokke op aarde, wat werk in gelowiges en wat gelowiges help.

### 3.3. Resultate en bevindinge

Die studente se antwoorde is oorwegend dogmatiese stellings en leringe oor God en die Christengeloof. In sommige studente se antwoorde was daar enkele opmerkings wat gedui het op ŉ meer verpersoonlikte geloof. Die opmerkings sluit in: "God is altyd naby", "God is ŉ God van liefde" en die "Heilige Gees help en verander ons".

## 4. DIE BYDRAE WAT STUDENTE SE GELOOF LEWER TOT HUL BEGRIP VAN HUL DOEL IN DIE LEWE

Die tweede gespreksvraag aan die studente lees soos volg:

> Uit die antwoorde van 75% van die studente blyk dat hulle geloof bydra tot begrip van hulle doel in die lewe. Dra jou geloof by tot jou begrip van jou doel in die lewe? Indien wel, hoe dra jou geloof by? En indien nie, waarom nie?



© University of Pretoria

## 4.1. Datarapportering

Al 11 studente het gesê dat hul geloof bydra tot hul begrip van hulle doel in die lewe.

### 4.1.1. Geloof is ons lewensdoel

Twee studente het in antwoord op die vraag eers gesê dat die mens sonder geloof nie ŉ doel op aarde het nie en daarna die stelling opgevolg met die vraag "Waarom anders is ons dan hier?" (sien S9 en S11). God het die mens met ŉ doel op die aarde geplaas (sien S2 en S3) en vir S3 en S11 is die mens se doel hul geloof.

> ... die Here het ons geskep met ŉ visie vir ons elkeen, geskep na Sy beeld, Hy wil hê ons moet goed doen in die lewe. My motivering vir wat ek wil doen in die lewe, om alles in Sy naam te doen, soos in my studies en wat ek doen buite my studies.
>
> S2

Twee studente verstaan die mens se doel op aarde as om die Here God te prys (sien S8 en S9).

> ... as jy sê jy glo, eerstens jy glo in God ons Skepperswese, dat jy glo dat jou hele natuur verander word en bepaal word deur God en deur Christus. Wel, *obviously* gaan daai implikasies hê vir hoe jy jou lewe … dit het implikasies vir wat die hele doel is van die hele mensdom … die doel van die mensdom self wat ek glo is om God te verheerlik. Dis waarom ons hier geplaas is … maar dan ook die lewensdoel vir my as ŉ individu is natuurlik ook om God te verheerlik …
>
> S8

Twee studente antwoord dat die mens se doel is om vir God te lewe en nie vir die wêreld nie (S5 en S11) en om alles wat die mens doen vir God te doen (S2 en S11).

> ... ek wil graag gaan boer. Of, enige iets met landbou te doen hê. So, dit is alles vertroue in die Here. Byvoorbeeld jy kan nie … Ons plant droë land, so dit is sonder besproeiing. Ek kan nie my pitte in die grond sit en verwag dat dit nou moet reën en dat dit nou, die mielies moet opkom nie. Dis nie hoe dit werk nie. Jy glo basies dat die Here vir jou gaan reën stuur en dat Hy jou gaan seën en dat jou pitte gaan opkom. [Vir] alles glo jy in Hom. Jy maak Hom die hoofdoel van jou … Of die fokuspunt van alles wat jy doen.
>
> S5


© University of Pretoria

S6 se antwoord op die vraag sluit nie aan by enige van die ander studente se antwoorde nie. S6 verduidelik dat hy glo dat Christenskap ŉ wêreldbeskouing is, want dit bied aan ons "objektiewe morele waardes".

### 4.1.2. Medemens

Die studente verstaan hulle lewensdoel ook as om ander mense na God te lei (sien S3, S9), mense lief te hê (sien S8) en om hulle te help (sien S6 en S11). S7 vertel dat daar waar sy lewe, sy haar geloof uitleef. S8 verduidelik sy standpunt soos volg:

> ... wanneer Christus gevra word wat is nou die grootste gebooie is dit ook om God lief te hê en ook my naaste lief te hê en natuurlik ook op die ou einde van die dag behoort my lewensmissie daaruit te vloei, is om te lewe uit liefde aan my … aan God en aan my naaste, so om diens aan die Here te lewer en diens ook aan my naaste, my medegelowiges … ek kan nie ŉ lewe lei wat op die ou einde van die dag net te make het met wat … wat ek voel, of vir my die lekkerste is, of vir my die beste is … ek probeer sover moontlik dat daai die kern van my lewensdoel is en dan natuurlik kan ek nie bedoel … glo dat ŉ mens as gelowige kan ontspan of kan jou eie goed navolg nie, maar op die ou einde van die dag moet daai doel … half ŉ … sigbaar wees in jou lewenspad.
>
> S8

### 4.1.3. Studierigting

Drie studente glo dat dit wat hulle studeer deel is van hulle doel in hulle lewe, of juis hulle doel is (sien S2, S6 en S11). S7 voel egter nie dat haar studierigting ŉ lewensdoel is nie, maar dat sy wel eendag in haar werkplek haar geloof kan uitleef.

> God het vir jou gawes gegee en die gawes gebruik jy om jou doel in die lewe uit te leef. As Hy vir jou die gawe gegee het om wiskunde te doen en jy doen wiskunde leef jy tog uit wat Hy vir jou gegee het.
>
> S2

> My doel is om ander mense te help, want dit is God se hart vir hulle. So almal van ons doen dit op ŉ verskillende manier. Ek is nie eintlik goed daarmee om met mense te werk noodwendig nie, so ek persoonlik wil eendag medisynes maak en mense langer laat lewe en dit … Soos wetenskap is ŉ *extension* van God wat die geneser is.
>
> S11



© University of Pretoria

### 4.1.4. Spesifieke lewensdoel

S1 het weens gebeure in haar lewe ŉ baie spesifieke lewensdoel wat sy glo God vir haar gegee het:

> Ek wil eendag my eie fabriek hê en die idee is dat ŉ gedeelte van die fabriek gaan oor werkskepping om mense te leer hoe om naaldwerk te doen en hulle bietjie oplei en dan wanneer hulle opgelei is om dan na die fabriekgedeelte toe te gaan en dan eintlik te werk … dan die projekte wat ek ontwerp of aanneem. Ek sou sê die idee, hierdie rol, of hierdie doel is eintlik so bietjie in my geplant … in graad 10 het my pa sy werk verloor vir die hele jaar. En ek is nogals iemand wat glo daar is doel met alles wat met jou gebeur in die lewe … my passie vir werkskep het daaruit gestam … Ek dink dit was ŉ spesifieke doel en ŉ spesifieke manier hoe die Here dit gebruik het om iets in my te kom wakker maak.
>
> S1

### 4.1.5. Onseker oor wat my lewensdoel is

S4 het in antwoord op die vraag verduidelik dat sy worstel met haar lewensdoel en wat dit is:


> Ek sou graag in ŉ eerlike kapasiteit wil kan sê my wortels is eenhonderd persent in Christus. Maar ek is uit die aard van die saak ŉ sondaar soos almal anders in die wêreld. So mens sukkel maar partykeer om jou werklike doel in Christus en in God te kan vestig en te kan vind. Maar ja, ek sou nie sê dat ek weet wat my doel is hier op aarde nie, maar dat ek aktief hier met God aan my sy werk om uit te vind wat my doel op aarde is.
>
> S4

S7 het ook nie sekerheid oor wat haar lewensdoel is nie, maar sy sê dat sy "lewe met die Here in [haar] gedagtes die hele tyd" en dit navolg wat sy glo die Here vir haar sê:

> Ek dink my doel in die lewe is soos dan's daar natuurlik daai deel soos die werksdeel en soos … daai akademiese doele wat jy wil bereik, maar ook nou … soos bietjie meer geloofsgewys dink ek volg ek ook die Here soos wat Hy vir my sê is ek nogal soos my besluite wat ek maak en ek glo dit het te doen met jou doele, my besluite wat ek maak in … vir my toekoms gaan ek na met die Here, soos ek sê, voel ek rustig hieroor, dan maak ek daai besluite
>
> S7


© University of Pretoria

## 4.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 5**



© University of Pretoria

Soos gesien in die voorafgaande skematiese voorstelling (figuur 5) is *geloof* 'n kernkonsep in die data. Die studente beskou geloof as hul lewensdoel en hul geloof speel ook 'n bepalende en invloedryke rol in die ander konsepte wat uit die data na vore gekom het.

Vanuit die data kan die afleiding gemaak word dat die studente geloof as lewensdoel verstaan, om God te prys en om alles wat jy doen vir God te doen.

Die tweede konsep wat na vore gekom het uit die data is studente se *medemens*. Die studente se geloof bepaal ook dat hul medemens moet deel wees van hul lewensdoel. Die studente maak hul medemens deel van hul lewensdoel op die volgende maniere: eerstens om mense na God te lei, tweedens om vir ander mense lief te wees en derdens om mense te help.

Die derde konsep wat na vore gekom het uit die data is die studente se *studierigtings*. Vir van die studente is dit wat hul studeer hul lewensdoel en is hul oortuig dat hul studierigting ook God se doel vir hulle is. Vir ander is dit wat hul studeer nie hul lewensdoel nie, maar eerder om hul geloof eendag in hul werk en in hul werkplek te gaan uitleef.

Die vierde konsep is dat daar twee studente is wat *onseker is oor hul lewensdoel*. Vanuit die twee studente se antwoorde maak die navorser die afleiding dat hul onsekerheid spruit uit 'n interne stryd om die breë begrip van geloof as lewensdoel te integreer en te vereenselwig met 'n unieke persoonlike lewensdoel. Die studente steun op hul verhouding met God en Sy leiding om hul lewensdoel te vind en uit te leef.

## 4.3. Resultate en bevindinge

Die studente se geloof speel 'n invloedryke en bepalende rol in elkeen se begrip van hul lewensdoel. Die bevinding sluit aan by en bevestig die bevindinge van die kwantitatiewe navorsing, naamlik dat geloof vir die meerderheid van die studente (64,9%) bydra tot hul verstaan van hul doel in die lewe.

Twee van die drie mees algemene lewensdoelstellings wat aangewys is in die kwantitatiewe navorsing was God (89,1%) en geloof (76,6%). Die studente se antwoorde op die vraag korreleer met die statistiek. God as lewensdoel is omskryf as


© University of Pretoria

"om vir God lief te wees en aan Hom eer te bring" en geloof as lewensdoel is omskryf as "die uitleef van my geloof is vir my 'n doelwit".

Die konsepte *geloof*, *medemens* en *studierigting*, verkry vanuit die studente se antwoorde, resoneer met die statistiek. Geloof sluit nou aan by God as lewensdoel en medemens, terwyl studierigting nou aansluit by geloof as lewensdoel.

## 5. DIE ROL WAT GELOOF IN DIE STUDENTE SE GROOTWORDJARE GESPEEL HET

Die derde gespreksvraag aan die studente lees soos volg:

Watter rol het geloof in jou grootwordjare, voor jou universiteitslewe, gespeel?

### 5.1. Datarapportering

Twee studente het begin deur te sê dat geloof nog altyd deel was van hul lewe en dat hulle dit nie anders ken nie (sien S1 en S3). Vanuit die antwoorde van die studente blyk dit dat die stelling waar is vir die meerderheid van die studente met wie daar onderhoude gevoer is.

#### 5.1.1. Die rol van die studente se ouers

Vyf studente het die vraag beantwoord deur te noem dat hul ouers baie gelowige mense is (sien S1, S2, S3, S4 en S9). Twee studente het spesifiek na hul ma's verwys en na die groot invloed wat hul ma's se geloof in hul lewe gespeel het en steeds speel (sien S7 en S11). S2 en S4 se pa's is beide predikante en beide het verduidelik watter groot rol dit in hul grootwordjare en in hul geloofsvorming gespeel het. S8 het grootgeword by sy grootouers en het vertel van die invloed wat sy grootouers se geloof op hom gehad het.

Vier studente het verder ook genoem dat geloof 'n onderwerp is wat met groot gemak en gereeld in hul huise bespreek word (sien S2, S4, S7 en S11). S2 vertel dat sy ouers geloof by elke aspek van hul lewe betrek het. S4 sluit hierby aan wanneer sy vertel dat haar ouers haar geleer het dat sy alles vanuit 'n geloofsperspektief moet assesseer deur byvoorbeeld vir haarself die vraag te vra "What would Jesus do?"


© University of Pretoria

S7 vertel dat sy en haar ouers haar hoërskool gekies het op grond van die feit dat die skool steeds Christelike waardes en praktyke beoefen, soos byvoorbeeld om te open met Skriflesing.

5.1.2. Die rol van die kerk

Tesame met die rol wat hul ouers gespeel het, noem die studente ook die rol wat die kerk gespeel het. Sewe studente het verder verduidelik dat hulle as gesinne gereeld eredienste bygewoon het en meelewende lidmate was in hul tuisgemeentes (sien S1, S2, S3, S4, S7, S9 en S11).

S8 het verwys na die feit dat hy gedoop is toe hy klein was.

5.1.3. Die rol van kategese

Drie studente het genoem dat hulle as kinders gereeld kinderkerk bygewoon het (sien S1, S4 en S11). Vier studente het verwys na die kategese wat hulle deurgegaan het (sien S1, S4, S8 en S9) en drie van die studente het spesifiek ook verwys na hul belydenisjaar (sien S1, S8 en S9). Elke student het sy/haar katkisasie as genotvol en positief beleef.

S4 vertel dat sy self ook as hoërskoolleerling baie betrokke was in die kerk en leierskaprolle vertolk het in byeenkomste van die VCSV.

S1 vertel dat haar kategese "alles deel gevorm [het] van wie ek is en hoe ek na die lewe kyk." S9 vertel dat hy tydens sy katkisasie baie van sy eie "persoonlike filosofieë daar gegrond" het. S8 getuig van die katkisasie tydens haar belydenisjaar:

> ... dit [het] my baie meer insig gegee. Baie goed wat ek nie eintlik geweet het nie. Wat ek dan by geleer het … Dit was nog altyd vir my soos 'n rigtingwyser.
>
> S9

S1 en S8 vertel dat hul predikante vir hul mentors was tydens hulle tienerjare. S1 vertel dat predikante 'n groot invloed op haar lewe gehad het en dat sy met vrymoedigheid na hulle kon gaan wanneer sy vrae gehad het soos "Waarom is daar iets soos geloof?" of "Bestaan God regtig?"


© University of Pretoria

5.1.4. Die wyse waarop geloof die studente gevorm het

Drie studente het in antwoord op die vraag gesê dat hul geloof hulle gevorm het en steeds vorm. Van die studente sê dat hulle geloof hulle uitkyk op die lewe bepaal en vorm (sien S1, S2, S4 en S10). S1 vertel dat sy die lewe in swart en wit sien, maar dat sy nou ook probeer om die grys areas in die lewe raak te sien.

S4 het gesê dat sy geloof sy gedrag bepaal en S10 vertel dat hy geleer het om ander mense te aanvaar en nie te veroordeel nie.

S3 vertel dat haar geloof haar juis gehelp het om voor te berei vir universiteit. Sy sê haar goeie geloofsgrondslag keer dat sy nie ingesluk word deur die dinge wat vir haar in die wêreld daarbuite wag nie.

5.1.5. Studente in wie se lewens geloof nie ŉ groot rol gespeel het nie

Twee studente vertel dat geloof deel was van hul grootwordjare, maar dat dit nie ŉ rol in hul lewens gespeel het nie (sien S5 en S6). Beide studente het eers as studente besluit om verantwoordelikheid vir hul eie geloofslewe te aanvaar en sedertdien speel hul geloof ŉ uiters belangrike en deurslaggewende rol in hul lewens.

S6 vertel dat geloof slegs ŉ "kulturele rol" in sy grootwordjare gespeel het. Hulle het as gesin elke Sondag kerk toe gegaan, maar dit was nie vir hom ŉ "hartsaak" nie. Hy het geen verhouding met God gehad nie. Hy het onlangs eers die besluit geneem om verantwoordelikheid vir sy eie geloof te aanvaar.

S5 het as ŉ universiteitstudent homself weer opnuut tot God en sy geloof verbind. S6 het grootgeword in die NGK en in die middel van 2021 oorgeskuif na die Christelike Vereniging van Suid-Afrika. Hy vertel van die rol wat sy geloof nou in sy lewe speel:

> ... ek het deur ŉ baie, baie groot verandering gegaan. Ek het ophou vloek. Ek het ophou lelik praat. Ek het ophou rook. Dit was die heel eerste stap wat ek as mens geneem het om meer vir die Here te lewe.
>
> S5



© University of Pretoria


As S5 nou terugdink aan die rol wat geloof in sy grootwordjare gespeel het, verduidelik hy dit soos volg:

> ... ek het basies met ŉ wanpersepsie grootgeword, kan ek maar so stel … want die wanpersepsie waarmee ek grootgeword het, is die feit dat, normale kerke sê, glo en jy sal gered word. En ek stry nie met dit nie. Dit is so. Maar, uhm, *there contributes a lot more to the fact*, dan as net glo, verstaan?
>
> S5

S5 glo nou dat hy nie deur geloof alleen gered kan word nie, maar dat hy ook eendag voor God, die Regter, gaan moet verantwoording doen.


© University of Pretoria

## 5.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 6**



© University of Pretoria

Soos gesien in die voorafgaande skematiese voorstelling van die data is daar vyf kernkonsepte wat na vore gekom het vanuit die studente se antwoorde. Die konsepte kan in drie groepe gegroepeer word: (1) primêre faktore wat ŉ rol gespeel het in die studente se geloofsvorming tydens hul grootwordjare; (2) die wyse waarop geloof studente gevorm het; en (3) studente in wie se grootwordjare geloof nie ŉ groot rol gespeel het nie.

Die drie primêre faktore wat ŉ rol gespeel het in die vorming van die studente se geloof tydens hul kinderjare en adolessensie is eerstens hul ouers en tweedens die kerk, waarvan kategese ŉ groot deel was en ook ŉ rol gespeel het. Die studente se geloof is ook gevorm as deel van ŉ geloofsgemeenskap tydens hul grootwordjare. Twee van die studente het ook genoem dat hul leraars in hul tienerjare vir hulle ŉ mentor was.

Daar is voorts ŉ verband tussen die rol van die ouers en die rol van die kerk. Die kerk het ŉ rol gespeel omdat die ouers self ook meelewende lidmate was en as gesin gereeld eredienste bygewoon het. Vanuit die studente se antwoorde blyk dit dat die rol wat hul ouers gespeel het meer invloedryk was as die rol van die kerk.

Vanuit die data is daar twee algemene wyses waarop geloof die studente gevorm het. Die eerste is dat dit die studente se lewensbeskouing gevorm en bepaal het en tweedens bepaal hul geloof hul gedrag.

Die twee studente in wie se grootwordjare geloof nie ŉ groot rol gespeel het nie, het die volgende gemeen; eerstens het hulle in gelowige ouerhuise grootgeword, maar daar is nie erns met geloof gemaak nie. Tweedens het beide as studente die besluit geneem om verantwoordelikheid vir hul geloof te aanvaar en erns met hul geloof te maak. Derdens is hulle die enigste twee studente uit die 11 wat die meeste klem gelê het op gedrag en moraliteit en die wyse waarop geloof ons gedrag en moraliteit moet beïnvloed en bepaal.

## 5.3. <u>Resultate en bevindinge</u>

Soos bevind in die kwantitatiewe navorsing, bevestig nege van die 11 studente ook dat hulle getroue lidmate is van die denominasie waarin hulle grootgeword het.


© University of Pretoria

In die kwantitatiewe navorsing is bevind dat die studente wat deelgeneem het aan die studie ook getroue, meelewende lidmate van hul studentegemeentes is. Die data verkry uit die kwalitatiewe navorsing toon dat die studente wat in ŉ ouerhuis grootgeword het waar erns met geloof en kerkdeelname gemaak is, volg in die voorbeeld wat aan hulle geleer is.

Die data beklemtoon die belang en die rol van die ouers in die vorming van kinders en adolessente se geloof.

## 6. DIE PERSOONLIKE BEHOEFTES VAN UNIVERSITEITSTUDENTE

Die vierde gespreksvraag aan die studente lees soos volg:

> Wat is jou grootste behoefte/s waarin jou studentegemeente kan voorsien?

### 6.1. Datarapportering

#### 6.1.1. Gemeenskap van gelowiges

Agt van die 11 studente het in antwoord op die vraag hoofsaaklik verwys na hul behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges (sien S1, S2, S3, S4, S7, S8, S9 en S11).

Vyf van die studente het verduidelik dat *gemeenskap* vir hulle ŉ groep mense is waarvan hulle deel kan wees (S2), met wie hulle kan praat en gesels (S2, S3 en S4), kan praat oor die week, oor slegte dinge wat gebeur het (S3), waar hulle in die gesprekke nuwe perspektiewe kan deel (S3), bemoedig kan word deur te hoor wat God in ander se lewe doen (S11), saam geestelik kan groei (S5) en mekaar verantwoordbaar kan hou (S6).

> Ek is in ŉ selgroep en dit is vir my verskriklik lekker en dis ŉ verskriklike spesiale plek waar mens rêrig kan, kan deel in ander mense se lewens en ook met ŉ geloofinslag. Want jy kan nie altyd met enige *random* persoon waarmee jy praat en sê, o jy weet, dit gaan sleg met my maar ek weet God gaan hierdie laat uitwerk, of God het vir my hierdie belofte gegee. Maar by ŉ selgroep kan ek dit doen en niemand dink ek is *weird* of mal of probeer hulle bekeer en word *offended* nie.
>
> S11


© University of Pretoria

Twee studente het genoem dat dit vir hulle lekker is om deel van ŉ gemeenskap te wees van mense wat in dieselfde lewensfase is (sien S1 en S11). S8 sluit aan by die twee studente, maar noem verder ook dat hy die behoefte het om sy hele gemeente te leer ken – ook die ouer lidmate.

Drie studente het genoem dat sodanige gemeenskap vir hulle belangrik is omdat hulle *vêr van hul ouerhuise* is (sien S3, S4 en S9).

> ... om die ondersteuning en ŉ familie te gee, want *obviously*, ek is nie by my familie nie … en baie keer, dit kan alleen raak … Die kerk is daar vir ŉ ondersteuningsisteem en om my te help.
>
> S9

Twee studente noem ook dat dit vir hulle belangrik is om deel van sodanige gemeenskap te wees, want dit laat hulle veilig voel in die vreemde nuwe universiteitskonteks (S3 en S7).

> ... die regte *community,* dat jy jouself nie in situasies kry waar jy nie moet wees nie.
>
> S3

Vyf studente het gesê dat dit vir hulle belangrik is om deel van ŉ gemeenskap te wees en vriende te hê wat ook Christengelowiges is: "ŉ plek om met medegelowiges te wees veral medegelowiges wat glo wat jy glo." (S8) en wat "dieselfde kyk na dinge in die lewe" (S3) (sien ook S1, S4, en S7).

> ... om te kan praat met mense in ŉ konteks … oor geloof en oor daai tipe goed, maar met mense wie jy weet sekere basiese aannames deel met jou, is ŉ verskriklike voorreg eintlik vir jou om te kan hê. Want … daar's al baie keer in die lewe wat ek … of baie keer al vroeër gewees wat ek met iemand sal stry oor soos in hoe moet mens lewe … en dan op die ou einde van die dag dan … jy werk dit af tot op ŉ punt en dan op ŉ punt kom jy agter o, maar daar's sekere basiese … basiese aannames wat ons het en deel. Daar's ŉ sekere … dis … soos ŉ bitter vrug is ek praat van sulke dinge soos ek glo dat dit ŉ gelowige se verantwoordelikheid is om te lewe vir sy medemens, of vir haar medemens ook, daarsô [sic] is mense wat nie dit glo nie, wat … mense wat dalk in ander denominasies behoort en hulle self as Christene beskou maar wat nie … maar wat half aan ŉ individualistiese wêreldbeeld behoort.
>
> S8


© University of Pretoria

### 6.1.2. Eredienste

S1 vertel dat Sondae se eredienste vir haar ŉ ruimte skep waar sy tot rus kan kom en haarself kan oriënteer vir die week wat voorlê:

> ... [Dit is ŉ] Plek waarnatoe jy kan terug gaan as jy ŉ besige of moeilike week gehad het. Eintlik net half weer *geground* kan word. Jouself in die *worship* inleef en iets dieper voel. Kerk, die plek waar jy jouself net weekliks weer kan *centre.*
>
> S1

Twee studente het genoem dat hulle waardering het vir die prediking tydens ŉ erediens en, spesifiek, die "Woordbediening" (sien S8 en S10).

> ... wat ek baie leer by die gemeentes is ook die les na elke verhaal. Soos oor… Ek het ŉ paar weke terug het ons ŉ preek gehad van jou identiteit oor hoe God gesê het jy moet jou identiteit aanvaar en nie net van dit probeer wegbly of van dit wegkruip nie, want hy het self vir jou ŉ identiteit gegee sodat jy jou eie identiteit kan uitleef. So dit het ook vir my ŉ baie groot impak vir my gemaak toe ek myself probeer vind het ŉ paar jaar terug, want ek het so bietjie van ŉ afdwaling gehad … Maar dit het vir my definitief laat besef, hoor hier, jy het ŉ doel in die lewe. So, dit het my baie gehelp om meer positief en oop te dink oor situasies.
>
> S10

### 6.1.3. Aktuele gesprekke en leiding

Drie studente het gesê dat hulle graag leiding van die kerk sal wil ontvang oor hoe hulle moet leef en hoe om moeilike situasies waarmee hulle gekonfronteer word, te hanteer (sien S1, S5 en S9).

S5 sê dat hy graag riglyne van die kerk wil hê:

> ... ek wil boodskappe hê van die kerk af en ek wil, hoe kan ek dit stel, ek wil groei. Ek wil groei in my geloof. Ek wil nader aan die Here leef … Ek wil die boodskap in so mate hê, dat ek weet wat om te doen, wat ek moet verander. Wat ek kan gebruik om te kan toepas. Om in my lewe te kan floreer …
>
> S5



© University of Pretoria

S1 sê dat sy graag oor kwessies sal wil gesels en dat sy graag leiding wil hê:


> ... Ek dink party onderwerpe wat maar taboe is in die kerk soos seks voor die huwelik en goeters wat nogals aktueel is vir student, is iets wat ek dink ons van wegskroom [sic] en as iemand wat grootgeword het met die idee dat… Ja, mens moenie seks voor die huwelik hê nie. Is dit iets wat ek wens… Ek voel daar's 'n leemte wat verhoudings aanbetref. Mens praat maar, mens weet maar alle student het verhoudings, maar ek voel daar's 'n leemte wat dit aanbetref.
>
> S1

S9 maak die volgende voorstel:

> ... Ek sal wel 'n voorstel wou maak, dat hulle meer daarop fokus om nie te wag tot iemand kom vra oor dit nie maar meer soos inligtingsessies amper te gee, in die sin dat baie keer … Ek weet baie van ons word gekonfronteer met goed wat ons nie noodwendig weet hoe om te hanteer nie en dan moet iemand nou eers gaan vra. Jy weet, sê nou maar, ek word gekonfronteer met hierdie situasie, ek's nie die enigste een nie. So as hulle 'n inligtingsessie daaroor kan hê, dan sal dit nice wees, want dan hoef die ander mense nie ook te kom vra nie.
>
> S9


© University of Pretoria

## 6.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 7**



© University of Pretoria

Uit die data het drie behoeftes na vore gekom, naamlik die behoefte aan (1) gemeenskap van gelowiges; (2) eredienste; en (3) aktuele gesprekke. Die behoeftes wat verband hou met die erediens is elk spesifiek tot ŉ student. Dit is dus nie algemene behoeftes nie. Die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges en aktuele gesprekke en leiding is algemene behoeftes. Die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges is meer algemeen as die behoefte aan aktuele gesprekke en leiding.

Die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges kan verdeel word in ŉ primêre behoefte en sekondêre behoeftes. Die primêre behoefte is om in gemeenskap met medegelowiges geestelik saam te groei. Vanuit die data is daar behoeftes wat deel uitmaak van en insig gee in die studente se begrip van wat dit beteken om saam in ŉ gemeenskap geestelik te groei. Die behoeftes is om perspektiewe met mekaar te deel en te leer uit ander se perspektiewe, gesprekke te voer, bemoedig te word en mekaar verantwoordbaar te hou. Elkeen van die behoeftes kan as ŉ sekondêre behoefte geklassifiseer word. Verdere sekondêre behoeftes sluit in dat die gemeenskap bestaan uit mense wat in dieselfde lewensfase is. Kontrasterend hiermee is ook die behoefte van ŉ ander student om deel te wees van ŉ gemeenskap met mense wat in ander fases van hul lewe is. Die data toon te min oor hierdie kontras om ŉ beslissende uitspraak oor die behoeftes van die studente hieroor te maak. Die behoefte aan ŉ veilige ruimte waar die studente kan tuiskom in die nuwe vreemde konteks van die universiteit.




**Figuur 8**


© University of Pretoria

Die primêre behoefte aan aktuele gesprekke en leiding en die behoefte aan leiding sluit in die behoefte aan leiding oor uitdagende situasies waarmee die studente gekonfronteer word, moraliteit, verhoudings en temas wat dikwels vermy word. Elkeen van die behoeftes kan as 'n sekondêre behoefte beskou word tesame met die behoefte om te groei in geloof.




**Figuur 9**

Die behoefte om te groei in geloof is sekondêr tot elkeen van die primêre behoeftes. Die navorser beskou die behoefte om geestelik te groei as motivering vir van die studente vir die twee primêre behoeftes om deel te word van 'n gemeenskap van gelowiges en om mentorskap op te soek.

6.3. <u>Resultate en bevindinge</u>

Die behoefte aan geloofsvorming is ingebed in die studente se verwoording van hul behoeftes aan 'n gemeenskap van gelowiges en aan aktuele gesprekke en leiding.

Vanuit die data plaas die navorser die behoeftes van die studente in die volgende volgorde van belang: die behoefte aan geloofsvorming, die behoefte aan 'n gemeenskap van gelowiges en die behoefte aan mentorskap.

Die behoeftes en verdeling van die behoeftes in primêre en sekondêre behoeftes sal verder in afdeling 7.3 saam met die bevindinge en resultate van die vyfde gespreksvraag bespreek word.


© University of Pretoria

## 7. DIE BEHOEFTES VAN DIE STUDENTE SE MEDESTUDENTE

Die vyfde gespreksvraag aan die studente lees soos volg:

> Met jou kennis van medestudente van jou ouderdom: Wat is hierdie groep se grootste behoeftes waarin studentegemeentes kan voorsien?

### 7.1. <u>Datarapportering</u>

#### 7.1.1. Die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges

Nege van die 11 studente het gesê dat hulle dink hul medestudente het die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges waar hulle kan behoort (sien S1, S2, S3, S4, S7, S8, S9 en S10). Die studente het verduidelik dat ŉ gemeenskap van gelowiges ŉ veilige ruimte (S1 en S4) moet wees waar studente *welkom* voel (sien S4, S7 en S9), waar hulle *aanvaar* sal word net soos hulle is (sien S3, S4 en S10) en waar studente *nuwe mense* kan leer ken en kan saamkuier, veral ná die Covid-19-inperkings (sien S1, S3 en S10).

Vier studente dink ook dit is vir hul medestudente belangrik dat die gemeenskap uit mede-Christengelowiges moet bestaan (sien S4, S8, S10 en S11). Die rede hiervoor is dat hul vriendskappe met medegelowiges wil bou (S4 en S10), sodat medegelowiges kan saamkuier en mekaar kan ondersteun (S8) en dat hulle ŉ veilige ruimte kan hê waar hulle hul geloof kan uitleef sonder enige ongemak (S10).

S8 voeg by dat daar ook in die materiële behoeftes in die gemeente ook voorsien moet word:

> ... ons leef in ŉ vreeslik geïsoleerde tyd, nie net nou oor die pandemie van die laaste paar jaar nie, ek dink daar’s ŉ … in ŉ kulturele sin, is daar baie klem op selfstandig wees en op jou eie wees en vir jouself omsien al daai tipe goed – dat die … dat daai gemeenskapsnood wat elke mens eintlik maar het, uhm … soos nie vervul word nie. En ek voel daar’s baie mense se probleme kom van daai af – van nie in ŉ gemeenskap wees nie, van op hulle eie wees sonder … sonder deel-wees – en ek dink bloot daai deel-wees aan iets is alreeds ŉ behoefte wat vervul … moet vervul word rondom ons actual fisiese uitreik na uh … studente of jong mense wat dalk uhm … emosionele nood het of finansiële nood
>
> S8


© University of Pretoria

### 7.1.2. Mentorskap en geestelike leiding

Twee van die studente het in antwoord op die vraag gesê dat hulle dink hul medestudente het mentorskap nodig (sien S6 en S8).

S6 verduidelik dat hy glo dat daar objektiewe morele waarhede is en dat daar nie ŉ objektiewe reg en verkeerd kan wees as daar nie ŉ objektiewe morele standaard is nie. Die enigste manier hoe dit kan wees, is as daar ŉ objektiewe morele gewer is en dit is God. Anders besluit elkeen vir homself. S6 vertel dat hy sien hoe studente wat nie gehoor gee aan en lewe volgens hierdie waarhede nie ongelukkig is en dat diegene wat dit wel doen, gelukkig is.

S8 verduidelik die rede waarom hy so dink soos volg:

> ... ek dink in vandag se lewe en se omgewing is daar redelik jong mense wat ŉ tekort het aan enige soort mentorskap … daar's soveel verskillende wêreldsbeskouings, daar's soveel verskillende soos idees waarmee mense rondloop en een ding wat ŉ gemeente in staat is om te doen vir die jong mense in die gemeente is om leiding te gee in die soos … godsdiens en geloofsaspekte … om plek te gee vir jong gelowiges om ouer gelowiges … om van hulle af te leer … en ook om van mekaar af te leer.
>
> S8

S11 verduidelik dat sy dink die kerk moet studente opvoed en lei deur middel van suiwer Woordverkondiging:

> ... die kerk moet ook ŉ suiwer woordverkondiging doen want, mense kom uit verskillende agtergronde uit en party mense het baie *weird* opinies oor die Bybel en sulke goeters. So dat dit mooi uitgespel kan word en party mense ook, hulle kom … As studente kom hulle kerk toe maar hulle het nie toe hulle klein was baie van die Bybel geleer of so iets nie en dit is ook dink ek goed dat mens dit kan … Soos, sekere key points kan hê oor wat is geloof en wat is belangrik wat ons glo, sodat hulle dit kan leer.
>
> S11

S5 sê hy dink nie daar is veel wat die kerk kan doen nie. Hy is van mening dat die besluit om te verander eers deur die student self gemaak moet word:

> Ek's eintlik bekommerd oor hulle. Vir die blote feit dat baie van hulle sê, nee jissie, ek glo in die Here en ek glo dat dit en dit en dit. Man, twee minute later as hy met ŉ ander



© University of Pretoria

> tjommie praat, dan laster hy links, regs, voor, elke tweede sin. En, ek glo nie daar's rêrig iets wat 'n kerk kan doen om, hoe kan ek dit stel … Om hulle … Wat 'n kerk vir hulle kan voorsien om hulle beter te maak nie. So, dit sal eers van 'n keuse van hulle kant af moet kom. Dit sal eers 'n besluit, 'n verandering van hulle kant af moet kom, om te wil verander. Om te kan wil kerk toe gaan. En dan sal hulle self eers weet wat hulle kort. Wat hulle *needs* is. Wat hulle graag wil hê 'n kerk vir hulle moet voorsien.
>
> S5


### 7.1.3. Pastorale sorg en pastorale gesprekke

S1 vertel dat sy dink dat daar 'n groter bewustheid en beweging moet wees vir studente om geestelik gesond te wees. As iemand wat self met depressie sukkel, dink sy daar moet ruimte geskep word vir studente om te kan praat:

> Ek dink dit is 'n plek waar jy na toe kan gaan met vrae en baie van my vriende en ek inkluis het al met dominee … spesifiek individuele gesprekke ook kon hê oor kindertrauma wat mens nooit oor praat nie. So ek dink daar's definitief 'n behoefte … Dalk 'n groter behoefte vir meer, amper berading, of net iemand om mee te kan praat en te kan oopmaak. Ek dink mens … Mens krop nogals baie op. En wanneer jy kom op die fase wanneer jy half begin dink aan jou eendag en jou gesin, dan is dit tyd om bietjie met daai goeters te *deal*.
>
> S1


© University of Pretoria

## 7.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 10**



© University of Pretoria

Vanuit die data is die volgende drie behoeftes geïdentifiseer: (1) behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges; (2) behoefte aan mentorskap en geestelike leiding; (3) behoefte aan pastorale sorg en gesprekke. Die behoefte aan pastorale sorg is slegs deur een student geopper en is dus nie ŉ algemene behoefte nie. Die ander twee behoeftes kan weer verdeel word in ŉ primêre behoefte en sekondêre behoeftes.

Die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges is primêr die behoefte aan ŉ veilige ruimte. Die behoefte aan ŉ gemeenskap wat ŉ veilige ruimte bied, is verder omskryf deur die behoeftes om welkom te voel, aanvaar te word net soos jy is, ander Christengelowiges te ontmoet en ŉ gemeenskap waar die individu kan behoort. Verdere sekondêre behoeftes sluit in dat die gemeenskap uit medegelowiges moet bestaan en dat die gemeenskap ŉ veilige ruimte bied waar individue hulle geloof kan uitleef.




**Figuur 11**

Die behoefte aan mentorskap en geestelike leiding is primêr die behoefte om te leer. Die studente is van mening dat hul medestudente die behoefte het om geleer te word en dat hulle geleer moet word. Die behoefte aan lering kan verder verdeel word as die behoefte om te leer van mekaar, te leer by ouer gelowiges en te leer by wyse van Woordverkondiging. Daar is ook ŉ sekondêre behoefte aan leiding in ŉ konteks met soveel verskillende wêreldbeskouings en idees sowel as ŉ behoefte aan morele leiding.


© University of Pretoria




**Figuur 12**

7.3. <u>Resultate en bevindinge</u>

Die verskil tussen die studente se persoonlike behoeftes en behoeftes van medestudente word in Tabel 7 uitgebeeld:

| Persoonlike behoeftes van student | Behoeftes van medestudente |
|---|---|
| **DIE BEHOEFTE AAN ŉ GEMEENSKAP VAN GELOWIGES** | |
| **Medegelowiges wat geestelik saamgroei** | **Veilige ruimte** |
| Geestelik te groei | Welkom voel |
| Perspektiewe deel | Aanvaar word net soos jy is |
| Gesprekke voer | Ander Christengelowiges ontmoet |
| Bemoedig word | Behoort |
| Mekaar verantwoordbaar hou | Veilige ruimte waar geloof kan uitleef |
| Gemeenskap wat bestaan uit mense in dieselfde lewensfase en ook uit mense wat in ander lewensfases is | |
| Veilige ruimte in onbekende konteks | |
| **AKTUELE GESPREKKE EN LEIDING** | **MENTORSKAP EN GEESTELIKE LEIDING** |
| **Leiding** | **Leer** |


© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| Leiding in uitdagende situasies | Leer van mekaar |
| Leiding oor moraliteit | Leer by ouer gelowiges |
| Leiding oor verhoudings | Leer deur Woordverkondiging |
| Leiding oor taboetemas | Leiding in konteks met verskillende wêreldbeskouinge en idees |
| Groei in geloof | Morele leiding |

**Tabel 7**

Daar is opmerklike verskille tussen die studente se persoonlike behoeftes en wat hulle dink die behoeftes van hul medestudente is.

Oor die verskil tussen die behoeftes aan 'n gemeenskap van gelowiges maak die navorser die volgende twee bevindinge. Vanuit die studente se antwoorde kom die navorser tot die gevolgtrekking dat die behoeftes wat verwoord word as die behoeftes van die medestudente ook die behoeftes van die studente is met wie die onderhoude gevoer is. 'n Moontlike verklaring waarom die studente dit nie noem as hul eie behoeftes nie, is omdat hulle ervaar dat hul studentegemeente reeds in die behoeftes voorsien.

Die noemenswaardige verskil tussen die behoeftes aan mentorskap is die studente se behoeftes aan leiding en hul bewoording van hul medestudente se behoeftes aan lering. Vanuit die studente se antwoorde maak die navorser die afleiding dat van die studente van mening is dat hul medestudente onder wanindrukke en verkeerde geloofsoortuigings en sieninge beskik en gevolglik reg geleer moet word. Die studente is dan verder van mening dat hulself oor die regte leringe beskik en slegs verdere leiding benodig in die uitleef daarvan.

Vir die doeleindes van die res van die studie gaan die navorser die data oor die behoeftes aan 'n gemeenskap van gelowiges en die behoefte aan mentorskap saamvoeg in twee stelle behoeftes.


© University of Pretoria




**Figuur 13**




**Figuur 14**

## 8. DIE IMPAK VAN DIE STUDENTE SE ERVARINGE OP UNIVERSITEIT OP HUL GELOOF

Die sesde gespreksvraag aan die studente lees soos volg:

> Watter impak het jou ervaringe op universiteit op jou geloof gehad?

### 8.1. <u>Datarapportering</u>

#### 8.1.1. Die invloed van die Covid-19-pandemie

Drie studente het begin deur te sê watter inpak die Covid-19-pandemie op hul universiteitservaring gehad het (sien S1, S4 en S8). S1 en S8 vertel dat hulle ŉ "beskermde weergawe van universiteit" (S1) gehad het, omdat hulle die eerste twee jaar van hul studie hoofsaaklik van die huis af studeer het. S4 vertel dat dit vir haar ŉ groot aanpassing was om van hoërskool na universiteit te gaan, en toe ná die


© University of Pretoria

verslapping van die Covidregulasies, haar studie op die kampus voor te sit. Sy sê dat dit depressie en angs in haar veroorsaak het. S4 vertel:

> Ek het verlede jaar redelik gesukkel met angstigheid en depressie en so. En ek dink dit het my geloof in God net sterker gemaak, want alhoewel daar hierdie klomp wêreldse dinge was wat aangegaan het in my en om my, kon ek nog steeds eenhonderd persent vasklou aan God en Hy't my op die ou einde van die dag regtig daar uitgehelp en vir my eintlik kom wys waarom ek deur daai goedjies moes gaan en so verskriklike slegte jaar verlede jaar moes hê … Daar was 'n verskriklike groot aanpassing wat ek moes maak van skool na universiteit en na Covid na universiteit na al die dinge. So daar was, soos ek sê, 'n klomp wêreldse dinge wat aangegaan het. Maar op die ou einde van die dag het dit my positief laat draai – nie dat ek rêrig weggedraai het van God af nie, maar net nog meer standvastigheid gegee in my geloof dat God regtig daar is en Hy sorg en daar gebeur slegte dinge maar God gee vir jou die moed en die krag om daar uit te kom. Universiteit op sigself want dit het tot 'n groot mate bygedra tot wat in my lewe aangegaan het, het definitief 'n positiewe impak op my geloofslewe gehad omdat dit sleg was.
>
> S4

S7 sluit aan by S4 deur te vertel dat haar ervaring van universiteit haar laat besef het hoeveel sy God nodig het omdat sy amper op haar eie is.

8.1.2. Blootstelling aan verskeie mense, sieninge en kerklike denominasies

Vier van die studente het gesê dat blootstelling aan die verskillende mense en hul verskillende sieninge en maniere van dink, wat aan hulle onbekend was, vir hulle 'n skok was (S1, S8, S9 en S11).

S9 verduidelik dat die blootstelling tot gevolg gehad het dat sy:

> Baie van die goed waaroor ek my hele lewe seker was en heeltemal oor vasgestaan het, het Universiteit my laat sê, maar waarom? Of, is dit regtig die waarheid?
>
> S9

S9 het beleef dat die blootstelling haar getoets, maar ook haar geloof versterk het.


© University of Pretoria

S11 verduidelik dat die blootstelling:

> ... dit het ook nogals vir my gemaak dat dit belangrik is om te weet wat ek glo en ek moet verduidelik waarom ek dit glo, want as jy nie dit weet nie, hoe kan jy vir iemand anders sê, maar wat hulle glo is verkeerd.
>
> S11

S11 vertel verder dat die blootstelling nie ŉ impak op haar geloof gehad het nie, maar wel op haar wêreldbeskouing. Sy het besef dat daar baie ander mense is wat nie soos sy glo nie.

Twee studente sluit hierby aan wanneer hulle vertel van hulle blootstelling aan verskillende denominasies (sien S3 en S8).

S3 vertel: "Ek was al bietjie getoets … daarso [is] baie kerkopsies … wat jou bietjie laat jou wonder of jy nog in die regte kerk is en of dit is waar jy behoort, want die kerk sê dit en daai kerk sê dat …". Sy vertel dat sy gevolglik die eredienste van verskeie denominasies bygewoon het, maar dat sy tuisgekom het in haar studentegemeente waar sy aanvanklik aangesluit het.

S8 sê dat die blootstelling aan verskillende kerke, veral aan charismatiese kerke, en die wyse waarop hulle sieninge en geloofsoortuigings syne kontrasteer, hom laat nadink het oor dit wat hy glo. Hy het van sy geloofoortuigings verfyn, verander hoe hy dink oor sekere goed en van sy ander geloofsoortuigings is versterk.

S2 vertel dat die blootstelling aan verskillende mense en opinies nie ŉ impak op hom gehad het nie omdat hy klaar gevestig en gemaklik was in sy denominasie.

8.1.3. Die vryheid en onafhanklikheid van universiteitslewe

S7 en S10 het vertel dat hulle as universiteitstudente besef het dat hulle self verantwoordelikheid moet aanvaar vir hulle geloofslewens. Vir S7 was dit moeilik om van haar tuisgemeente, waar daar die roetine was van hulle wat as ŉ gesin eredienste bygewoon het en ná die erediens hulle kategese bygewoon het, te gaan na die studentegemeente, waar sy nou self kan besluit of sy kerk toe wil gaan of nie. S7 en S10 sê ook albei dat hulle nou besef het dat hulle self moet Bybelstudie doen en tyd daarvoor moet inruim in hul dag.



© University of Pretoria

S5 vertel van betekenisvolle ervaringe as ʼn universiteitstudent:

> ... my hele eerste jaar en bietjie van my tweede jaar het ek vir die wêreld gelewe. Ek het baie meer misleidende goete gedoen … Ek het baie lelik geword. Ek het baie gesoek na aanvaarding en baie gesoek na mense … In my eerste jaar het ek vier van die vyf aande gaan kuier … universiteit is jou eerste stap as volwasse mens. So, alles wat jy hierso doen. Alles wat jy hierso ervaar, vorm jou tot die volwasse persoon wat jy eendag gaan word of reeds is. So, dit is ʼn baie … Jy begin baie onafhanklik word. So, die rede waarom ek dit vir jou noem is omdat jy onafhanklik word dan voel jy *oukei*, jis, nou's ek vry en nou kan jy maak net wat jy wil. So, jy vergeet eintlik van jou jare wat jou gevorm het as kind. So, jy dwaal van die pad af wat jou, gevorm het, kan mens maar sê. Jy vergeet so bietjie dat jy … Hoor hier eintlik is ek … Maak ek nou verkeerd. Eintlik is ek nou nie heeltemal reg nie. En dit is alles met universiteit te doen vir my.
>
> S5


© University of Pretoria

## 8.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 15**



© University of Pretoria

Vanuit die data is daar drie algemene ervaringe wat ŉ impak op die studente se geloof gemaak het, naamlik (1) Covid-19; (2) blootstelling; en (3) vryheid en onafhanklikheid van universiteitslewe.

Die Covid-19-pandemie het ŉ groot invloed op die studente se ervaring gehad. Hoofsaaklik omdat die studente vanweë die inperkings vir die eerste twee jaar van hul studie nie studentelewe op die universiteitskampus kon beleef nie.

Die blootstelling wat die studente wel beleef het in die beperkte tyd wat hulle op kampus was, het ŉ groot impak op hul geloof gehad. Die studente het die blootstelling gespesifiseer as blootstelling aan verskillende mense, verskillende sieninge en denkwyses, verskillende denominasies en geloofsoortuigings en aan die onbekende. Die blootstelling het ŉ impak op die studente se geloof gehad. Van die studente het beleef dat hul geloof getoets word omdat die blootstelling hulle hul geloofsoortuigings laat bevraagteken. Die studente het ook beleef dat die blootstelling hul geloof versterk.

Laastens het die vryheid en onafhanklikheid van die lewe as student ŉ impak op die studente se geloof gehad. Die mees algemene impak was dat die studente besef het dat hulle self verantwoordelikheid vir hul geloofslewe moet aanvaar en selfdissipline moet toepas.

### 8.3. <u>Resultate en bevindinge</u>

Die meerderheid van die studente se ervaringe op universiteit het ŉ impak op hul geloof gehad. Die studente beleef hierdie impak op hul geloof as ŉ negatiewe impak. Die navorser maak die afleiding dat die studente se ervaringe en die blootstelling ook ŉ aanleidende faktor is in die studente se behoefte aan mentorskap.

## 9. MULTIKULTURELE STUDENTEGEMEENTES

Die sewende gespreksvraag aan die studente lees soos volg:

> Dink jy dit is nodig dat studentegemeentes multikulturele gemeentes moet wees? Ja of nee? Waarom sê jy so?


© University of Pretoria

## 9.1. Datarapportering

Nege van die 11 studente was ten gunste van die idee van multikulturele bediening. S5 en S6 was nie gekant teen multikulturele bediening nie, maar dink nie 'n studentegemeente hoef noodwendig 'n multikulturele gemeente te wees nie.

### 9.1.1. Motiverings vir 'n multikulturele studentegemeente

S1 en S8 het hul antwoorde op die vraag begin deur erkenning te gee dat ons in 'n multikulturele land en wêreld leef.

> ... ek dink dit is gevaarlik om 'n gemeente te wil afsluit veral in 'n konteks waar ons in 'n multikulturele land woon. Dis nie … dis een ding as jy 'n Deenssprekende gemeente is in Denemarke waar almal dieselfde … dit is. Dis 'n ander ding om 'n Afrikaanse, soos 'n Afrikaanse meerderheid wit gemeente in Suid-Afrika te wees.
>
> S8

S3, S4 en S11 vertel dat hulle ten gunste van 'n multikulturele gemeente is omdat dit nie saak maak wat die kulturele agtergrond van die studente is nie – as Christengelowiges is almal deel van dieselfde geloofsfamilie en daarom is almal welkom.

> Ek dink nie dat Christenskap net vir een kultuur bedoel is nie. Ek is 'n baie groot voorstander daarvan dat God skep alle mense. Hy skeer almal onder dieselfde kam en Hy het almal perfek gemaak en op die ou einde van die dag … God gee partykeer vir jou 'n keuse. Hy sê vir jou ek wil graag jou Pa wees, sal jy my kind wees? En jy moet die keuse maak, ja of nee. So of jy nou van 'n singende kultuur of 'n dansende kultuur of waar ook al. Ek wil nou nie enigsins enige vreemde name noem nie, maar ongeag van jou kultuur as jy daai keuse maak dat jy 'n Christen wil wees, is dit net so goed soos iemand anders van 'n ander kultuur wat daai selfde keuse gemaak het. So, ja ek is definitief 'n baie groot voorstander vir multikulturele geloofsgemeenskappe.
>
> S4

> ... hoe ook al 'n mens dit wil regverdig of daaroor praat, dis nie hoe die gemeentes in die Nuwe Testament lyk nie. In Handelinge is die gemeentes multikultureel, multitalige … hulle gebruik Grieks as voertaal, maar almal se huistaal is eintlik Hebreeus of Latyn of Aramees of wat ook al … in die konteks van Handelinge en daai was die kulturele gaping eintlik … groter gewees as wat ons vandag ervaar. Ek bedoel daar is verskillende kulture


© University of Pretoria

> in Suid Afrika maar … mens lewe ook vandag in ŉ moderne tyd waar daar ŉ tipe van ŉ kulturele … eenheid is, selfs tussen mense van verskillende groepe … as gevolg van media en daai tipe goed, wat nie die geval was in Handelinge nie. Soos ek bedoel, daar's ŉ baie, massiewe groot gaping tussen die Hebreër en ŉ Griekse wêreldbeskouing … dis ŉ massiewe verskil tussen hoe hulle die wêreld beskou het … selfs hulle metafisiese beskouing van hoe hierdie wêreld *operate* … groter as wat ons vandag ervaar … Ek bedoel vandag ook is mens meer gewoond aan ander kulture … as jy nou ŉ Jood in Damaskus was het jy nou nie dieselfde blootstelling gehad aan ander wêreldbeskouings as wat iemand in vandag se lewe in Suid Afrika het nie … so die vraag is dan, watse verskoning het ons dan eintlik nou dat ons dat wil ons gaan segregeer volgens ons kultuurgroepe … wanneer die vroeë Christene blykbaar nie enige besondere probleem gehad het daarmee nie, inteendeel dat hulle ŉ punt daarvan gemaak het partykeer … jy lees baie van gemengde gemeentes van gelowiges in gemengde verhoudings … waar jy ŉ vrou of ŉ man het in ŉ verhouding met iemand wat nie ŉ Christen is nie … ek dink hulle was in baie meer ongemaklike posisies as wat ons kan ervaar … ek vermoed, meeste Afrikaanssprekende gelowiges baie ongemaklik maak as jy nou sê okay ons gaan nou saamsmelt met ŉ Tswanagemeente, en ons gaan nou die dienste in Engels hou en al daai goed. Dit sal ŉ massiewe skok wees op die gemiddelde gemeentelid, maar soos … die punt wat ek probeer maak, is … daai skok sal nou nie so groot wees soos wat die vroeë Christene sou ervaar het nie en tog het hulle dit nog steeds gedoen het. Ek voel nog steeds soos dalk die antwoorde is nou nie noodwendig om dit te gaan doen wat ek sê nie, maar ek dink nie dis ŉ maklike vraag om te antwoord nie en … ek dink daar is dalk op die minste ŉ nood vir meer dialoog tussen die verskillende kultuurgroepe in die kerk, ek bedoel die sustergemeentes het almal swart gemeentes … Daar behoort dalk meer interaksie te wees tussen die verskillende groepe en minder … skeiding in daai opsig. Hoe ŉ mens nou te werk sal gaan met so ŉ proses om dit te probeer aanspreek, is ŉ ander vraag en ek dink nie ŉ maklike een om te antwoord nie … veral ten opsigte van nou maar nie op tone trap nie en sulke goed nie … ek dink enige kant toe sal gebeur. Maar ek dink dis ŉ probleem wat sal aangespreek moet word as mens daai pad wil stap … ek dink dis ŉ probleem. Ek weet nie wat die oplossing is nie.
>
> S8

Drie studente verduidelik ook waarom ŉ multikulturele bediening, na hul mening, voordelig sal wees (sien S1, S7 en S10). S1 en S10 verduidelik dat hulle dink dit sal goed wees om mense van soveel verskillende kulture, tale en agtergronde saam te


© University of Pretoria

bring, want dan is daar ook verskeie uiteenlopende perspektiewe en kan 'n mens groei. S7 verduidelik dat sy dink 'n multikulturele gemeente kan om die volgende rede goed wees:

> ... soos in my koshuis is daar multikulturele meisies en dit sal lekker wees om vir hulle te sê kom na my kerk toe, want dis vir my moeilik om te sê kom ons gaan na 'n kerk toe op waar ek nog nooit was, maar ek weet dit is 'n kerk waarby jy aanklank sal vind. So dit is … so dalk as dit by my eie kerk was dan sou ek meer gemaklik voel om mense van ander kulture te nooi …
>
> S7

9.1.2. Die uitdagings van 'n multikulturele studentegemeente

Vyf van die studente het gesê dat hulle ten gunste van multikulturele studentebediening is, maar dat daar faktore is wat die bediening bemoeilik of verhinder om te gebeur (sien S1, S2, S5, S6 en S11).

S1, S5 en S8 verwys na die kwessie van taal wat multikulturele bediening bemoeilik.

> Omdat ons Afrikaanssprekend is, trek ons Afrikaanse mense en is dit daarom soms moeilik om ander kulture te inkorporeer. Ek geniet dat ek in Afrikaans kerk toe kan gaan. Ek dink daar is baie verskillende kerke wat meer multikulturele gemeenskappe trek, dink dit is goed dat daar 'n plek daarvoor is. Maar dit is ook goed dat daar 'n Afrikaanse kerk is waar jy mense kry wat half meer dieselfde as jy grootgeword het of dieselfde as jy dink.
>
> S1

S2 en S11 het in antwoord op die vraag gesê dat baie mense gemakliker daarmee is om saam met mense van hul kultuur te aanbid, bloot omdat hul gebruike dieselfde is.

> So in daai opsig maak dit miskien dat mense van dieselfde kultuur makliker saam aanbid, bloot omdat hulle gemakliker voel met 'n sekere manier van doen en daai manier van doen is nie verkeerd net omdat dit anders is as ons s'n nie
>
> S11

S2 sê verder ook dat 'n verskeidenheid van kerke wat 'n verskeidenheid van mense akkommodeer ook interne konflik sal voorkom en verminder en dat meer mense moontlik op dié manier by 'n gemeente sal inskakel.


© University of Pretoria


Drie studente het ook gesê dat hulle ten gunste is van 'n multikulturele bediening, maar dat 'n multikulturele bediening ook voorwaardelik is (sien S6, S9 en S11).

S9 sê dat sy glo daar moet ruimte in 'n gemeente wees vir veral verskillende tale en alle mense moet welkom voel in die gemeente, maar die kerk mag net nie haar geloofsoortuigings of waardes verander of aanpas om mens te akkommodeer nie.

S6 sê dat hy nie dink 'n studentegemeente hoef noodwendig 'n multikulturele gemeente te wees nie. Hy sê verder dat indien 'n gemeente multikultureel wil wees, moet dit organies gebeur, want as dit geforseer word, gaan dit nie werk nie.


© University of Pretoria

## 9.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 16**



© University of Pretoria

Die meeste van die studente was ten gunste van multikulturele bediening. Vanuit die data het die studente drie algemene reaksies op die vraag gehad. Eerstens het die studente motiverings aangebied waarom hulle ten gunste is van multikulturele bediening, tweedens het van die studente die uitdagings van sodanige bediening uitgewys en derdens het enkele studente voorwaardes genoem waaronder multikulturele bediening moet plaasvind.

Die eerste motiveringspunt wat die data toon, is die feit dat die kerk in 'n multikulturele konteks bedien. Die ander motiveringspunte vir multikulturele bediening sluit aan by die studente se beskrywing van hul behoeftes aan 'n gemeenskap van gelowiges en geloofsvorming. Die motiverings, wat aansluit by 'n gemeenskap van gelowiges, dat alle mense welkom moet voel, dat alle Christengelowiges, ongeag kultuur, deel is van een geloofsfamilie en multikulturele bediening daarstel, maak dit vir die studente moontlik om vriende van ander tale en kulture saam te nooi kerk toe. Die behoeftes wat aansluit by geestelike groei sluit in dat 'n bediening wat uit so 'n verskeidenheid van mense bestaan, ook die geleentheid bied om blootgestel te word aan verskeie perspektiewe en dit weer die geleentheid skep om geestelik te groei.

Twee uitdagings word in die data beklemtoon. Die eerste is die kwessie van taal en tweedens dat multikulturele bediening baie konflik in 'n gemeente tot gevolg kan hê.

Die volgende voorwaardes vir multikulturele bediening is in die data opgeteken. Eerstens moet multikulturele bediening organies plaasvind en nie geforseer word nie. Tweedes mag die kerk nie haar geloofoortuigings aanpas om mense te akkommodeer nie en derdens moet alle mense welkom voel en verskillende tale geakkommodeer word.

### 9.3. Resultate en bevindinge

In die kwantitatiewe navorsing is bevind dat 68% van die studente ten gunste is van multikulturele bediening. Die data staaf die bevinding dat die meerderheid van die studente ten gunste is van multikulturele bediening. Die data toon ook dat die studente bewus is van die uitdagings van sodanige bediening, maar nietemin ten gunste daarvan is. Vanuit die data blyk dit wel dat dit vir die studente uiters belangrik is dat



© University of Pretoria

hul gemeenskap van gelowiges bestaan uit medegelowiges wat hul geloofoortuigings deel. Buiten dit maak taal en kultuur nie soveel vir hulle saak nie.

## 10. BEDIENINSGBEHOEFTES VAN AFRIKAANSSPREKENDE UNIVERSITEITSTUDENTE

Vanuit beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe data is diepgaande insig in die drie bedieningsbehoeftes van die studente verkry. Die navorser lys die behoeftes in die volgende volgorde van belang: die behoefte aan *geloofsvorming*, die behoefte aan *mentorskap* en die behoefte aan 'n *gemeenskap van gelowiges*.

Die volgende gedeelte bevat 'n grafiese uitbeelding van die inhoud van die behoeftes, soos verkry uit die kwantitatiewe en kwalitatiewe empiriese navorsing, naamlik die vraelyste wat die studente voltooi het en die onderhoude wat met die studente gevoer is. Die grafika word gevolg deur 'n omskrywing van die behoefte. Laastens word 'n kort verduideliking gegee van die navorser se begrip van die manier waarop die behoeftes in mekaar pas.

### 10.1. Behoefte aan geloofsvorming





**Figuur 17**

Die studente se behoefte aan geloofsvorming kan soos volg omskryf word:

Afrikaanssprekende universiteitstudente het die behoefte om in gemeenskap met medegelowiges te groei in hul geloof en in hul verhouding met God. Die behoefte aan geloofsvorming vind plaas deur te leer en geskied in 'n veilige ruimte waar hulle hul geloof kan uitleef.


© University of Pretoria

## 10.2. Behoefte aan mentorskap




**Figuur 18**

Die studente se behoefte aan mentorskap kan soos volg omskryf word:

Afrikaanssprekende universiteitstudente het ŉ behoefte aan geestelike mentors wat aan hulle geestelike leiding kan gee en hulle meer kan leer sodat hulle geestelik kan groei.

## 10.3. Behoefte aan gemeenskap van gelowiges




**Figuur 19**

Die studente se behoefte aan gemeenskap van gelowiges kan soos volg omskryf word:

Afrikaanssprekende universiteitstudente het die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges wat aan hulle ŉ ruimte bied waar hulle veilig voel, voel dat hulle behoort en geestelik kan groei saam met ander gelowiges.


© University of Pretoria

10.4. <u>Die rede waarom geloofsvorming as die belangrikste behoefte geag word</u>

Die navorser skryf die belang van geloofsvorming toe aan die rol van geloof in die studente se begrip van hul lewensdoel. Soos verduidelik in afdeling 4.3, verstaan die studente hoofsaaklik hul lewensdoel as om God te verheerlik en om hul geloof uit te leef. Dit het ook herhaaldelik in die empiriese navorsing duidelik geword dat die studente erns maak met hul geloof en dat hul geloof ŉ belangrike rol in hul lewens speel. Die bevindinge dien vir die navorser as die motivering van die studente om geloofsvorming as hul belangrikste behoefte aan te wys.

10.5. <u>Die wyse waarop die behoeftes in mekaar pas</u>

Vanuit die bevindinge van die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing, verstaan die navorser die bedieningsbehoeftes van die Afrikaanssprekende universiteitstudente wat deelgeneem het aan die studie as konsentriese sirkels soos uitgebeeld in Figuur 20. Die navorser beskou die behoefte aan geloofsvorming as die kernbehoefte waaruit die ander behoeftes uitkring. Die behoefte aan ŉ *gemeenskap van gelowiges* word beskou as die omsluitende behoefte. Daar word in gemeenskap met gelowiges voorsien in die behoeftes aan geloofsvorming en mentorskap.




**Figuur 20**


© University of Pretoria

## 11. Samevatting

Hierdie hoofstuk is die tweede van die drie empiriese hoofstukke in die proefskrif. Vanuit die data verkry uit die onderhoude wat met die studente gevoer is, kon die navorser ŉ dieper begrip vorm van die studente se bedieningsbehoeftes. Tesame met die kwantitatiewe navorsing is die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente geïdentifiseer en omskryf. In die volgende hoofstuk word die data en bevindinge van die onderhoude wat die navorser met die studenteleraars gevoer het, weergegee.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 5

# KWALITATIEWE EMPIRIESE NAVORSING

# SEMIGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE MET STUDENTELERAARS

## 1. INLEIDING

Die navorsingsprobleem, navorsingsvraag en doel van hierdie studie is reeds in hoofstuk 1 soos volg geformuleer:

Die navorsingsprobleem van die studie is dat daar gebrekkige begrip en kennis is van die behoeftes van Afrikaanssprekende studentelidmate van die Gereformeerde studentegemeentes in Suid-Afrika. Daar is tans weinig resente navorsing oor studentebediening in die Suid-Afrikaanse konteks om leraars in hul onderskeie bedienings te ondersteun.

Die navorsingsvraag is om vas te stel wie die hedendaagse Afrikaanssprekende universiteitstudent is en hoe die leefwêreld van sodanige student lyk ten einde die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente te identifiseer. Die doel van die navorsing is om die bedieningsbehoeftes van universiteitstudente in Suid-Afrika te identifiseer en om studentegemeentes teologies te bemagtig om studente meer sinvol en effektief te bedien.

Hierdie hoofstuk verteenwoordig, nes hoofstukke 3 en 4, die eerste van die vier kerntake van Osmer (2008:31-218) se praktieseteologie-interpretasie. Die eerste taak is die empiries-deskriptiewe taak. Die doel van die taak is om inligting in te samel wat die navorser sal help om die dinamika van en patrone in spesifieke episodes, situasies of kontekste te onderskei (sien Osmer 2008:4). Die hoofstuk beantwoord die rigtinggewende vraag van die empiries-deskriptiewe taak, naamlik: Wat is aan die gebeur? (Osmer 2008:4; 31-78).


© University of Pretoria

Hierdie hoofstuk is die derde empiries-deskriptiewe hoofstuk in die proefskrif. Die hoofstuk bevat die bevindinge soos afgelei uit die semigestruktureerde onderhoude wat die navorser met die gekose studenteleraars gevoer het.

Die hoofstuk is gestruktureer volgens die gespreksvrae wat aan die studenteleraars gevra is. Die doel van die hoofstuk is om vanuit die onderhoude ŉ realistiese beeld te skets van huidige studentebediening in Suid-Afrika en vanuit die perspektief van die studenteleraars ŉ antwoord te bied op die vraag "Wat is die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente in Suid-Afrika?"

## 2. BESKRYWING VAN DATABRON

Soos verduidelik in hoofstuk een word hierdie navorsing gedoen in antwoord op ŉ versoek vir navorsing oor die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente in Suid-Afrika.

Na aanleiding van die versoek is vyf universiteite geïdentifiseer. Die universiteite is gekies omdat hulle van die grootste universiteitskampusse in Suid-Afrika is, die meerderheid van die Gereformeerde studentegemeentes verbonde is aan die universiteite en die meerderheid Afrikaanssprekende universiteitstudente een van die universiteite kies om by te gaan studeer. Die universiteite is die Noordwes-Universiteit (NWU) (slegs die Potchefstroomkampus), die Universiteit van die Vrystaat (UFS), die Universiteit van Johannesburg (UJ), die Universiteit van Pretoria (UP) en Universiteit Stellenbosch (US).

Die drie Gereformeerde kerkverbande wat ingesluit is in die navorsing is die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika (NHKA) en die Gereformeerde Kerk in Afrika (GKA). Die studentegemeentes van die onderskeie kerkverbande is deur die navorser genader. Nie al die kerkverbande het egter ŉ studentegemeente verbonde aan al die universiteite nie. Tabel 8 toon die aantal gemeentes wat deelgeneem het aan die kwalitatiewe navorsing en die name van die betrokke gemeentes:


© University of Pretoria

| Die name van die gemeentes wat deel is van die studie | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Universiteit** | **NGK** | **NHKA** | **GKA** | **Totaal** |
| **NWU** | Kandelaar | NHKA Potchefstroom Studentegemeente | Cachet<br>Die Bult | 4 |
| **UFS** | Kopanong Church | NHKA Bloemfontein | - | 2 |
| **UJ** | Melville Kruiskerk | - | - | 1 |
| **UP** | Universiteitsoord | Philadelphia | GKA Brooklyn | 3 |
| **US** | Kruiskerk | NHKA Stellenbosch | GKA Stellenbosch | 3 |
| **Totaal** | 5 | 4 | 4 | 13 |

**Tabel 8**

Die leraars van die 13 gemeentes wat verantwoordelik is vir die studentebediening van die betrokke gemeente is genader vir ŉ onderhoud. Daar is in totaal met 18 studenteleraars onderhoude gevoer. Tien van die leraars is leraars in NGK-gemeentes, vier in NHKA-gemeentes en vier in GKA-gemeentes. Een van die studenteleraars waarmee ŉ onderhoud gevoer is, is nie meer werksaam in een van die gemeentes nie. Dié leraar is ŉ voormalige leraar van die NGK Kandelaargemeente in Potchefstroom. Hy het aan die einde van 2018 die gemeente verlaat. Daar is besluit om onderhoude met die leraars te voer omdat hulle beskik oor ondervinding en relevante inligting wat van waarde is vir die empiriese navorsing.

Tabel 9 toon die uiteensetting van die aantal leraars wat deelgeneem het aan die empiriese navorsing.

| Aantal leraars wat deel is van die studie | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Universiteit** | **NGK** | **NHKA** | **GKA** | **Totaal** |
| NWU | 2 | 1 | 2 | 5 |
| UFS | 2 | 1 | - | 3 |
| UJ | 1 | - | - | 1 |


© University of Pretoria

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| UP | 3 | 1 | 1 | 5 |
| US | 1 | 1 | 1 | 3 |
| **Totaal** | 10 | 4 | 4 | 17 |

**Tabel 9**

Aan die begin van 2019 het die navorser onderhoude gevoer met al die leraars by die betrokke gemeentes wat verantwoordelikheid is vir studentebediening in die gemeente, behalwe by twee gemeentes, naamlik NHKA (UP) en NGK (US). Die rede hiervoor is dat slegs een van die twee studenteleraars beskikbaar was vir ŉ onderhoud.

Die navorser het elkeen van die betrokke studenteleraars in persoon gesien en ŉ semigestruktureerde onderhoud met elkeen gevoer (sien addendum 6). Elkeen van die studenteleraars het ŉ toestemmingsbrief geteken (sien addendum 7). Die kerkrade van die gemeentes het ook toestemming gegee dat hul gemeentes mag deelneem aan die navorsing (sien addendum 8). Die navorser het slegs van die voorafopgestelde vrae afgewyk indien daar onduidelikheid was oor wat gevra word of indien die navorser bykomende vrae moes vra omdat die gegewe antwoord onvoldoende was.

Soos genoem, is die onderhoude in 2019 gevoer voor die uitbreek van die Covid-19-pandemie in Suid-Afrika. Die pandemie en gepaardgaande regulasies wat deur die regering ingestel is, het ŉ reuse-impak op die gemeentes en hul bediening gehad. Hierdie impak word nie in die hoofstuk verreken nie. Die leraars se antwoorde, spesifiek rakende die funksionering van die bediening, kan dalk nou verskil van die antwoorde wat hulle toe gegee het.

Elkeen van die onderhoude is opgeneem met die toestemming van die studenteleraar en verbatim getranskribeer. Die transkripsies is met behulp van ATLAS.ti gekodeer en verwerk.

Die afkorting vir elke leraar word in Tabel 10 getoon. Die afkortings is in geen spesifieke orde nie. Die navorser het die afkortings toegeken soos wat sy die transkripsies verwerk het.


© University of Pretoria

| Afkortings vir studenteleraars | | |
|---|---|---|
| **Universiteit** | **Gemeente** | **Afkorting** |
| UFS | NHKA Bloemfontein | SL 1 |
| | NGK Kopanong | SL 2, SL 3, SL 4 |
| UJ | NGK Melville Kruiskerk | SL 5 |
| NWU | GKA Cachet | SL 6 |
| | NGK Kandelaar Studentegemeente | SL 7, SL 8 |
| | NHKA Potchefstroom Studentegemeente | SL 9 |
| | GKA Die Bult | SL 10 |
| UP | NGK Universiteitsoord | SL 11, SL 12, SL 13 |
| | NHKA Philadelphia | SL 14 |
| | GKA Brooklyn | SL 15 |
| US | NGK Kruiskerk | SL 16 |
| | GKA Stellenbosch | SL 17 |
| | NHKA Stellenbosch | SL 18 |

**Tabel 10**

# 3. DIE GEMEENTE

## 3.1. Funksionering van die studentegemeentes

3.1.1. <u>'n Kort oorsig oor die ontstaan van die studentegemeentes</u>

Die eerste gespreksvraag lees soos volg:

> Gee asseblief vir my 'n kort oorsig oor die ontstaan van die gemeente en die pad wat die gemeente gestap het tot hier.


© University of Pretoria

#### 3.1.1.1. Datarapportering

##### 3.1.1.1.1. Die ontstaan van die gemeentes

Agt van die studenteleraars het in antwoord op die vraag verwys na die ouderdom van die gemeentes (sien SL 6, SL 7, SL 8, SL 9, SL 11, SL 14, SL 17 en SL 18). Die meerderheid van die gemeentes is tussen 55 en 62 jaar oud. Die NGK Kandelaar Studentegemeente (NWU) is 40 jaar oud en die jongste gemeente.

Ses van die studenteleraars het verduidelik dat hul studentegemeentes afgestig het uit gemeentes in die omgewing (sien SL 1, SL 8, SL 11, SL 14, SL 17 en SL 18). Slegs vier gemeentes het afgestig met die doel om te fokus op studentebediening. Die vier gemeentes is NGK Kandelaar Studentegemeente, NGK Universiteitsoord, NHKA Philadelphia en NGK Kruiskerk. Die studente het te veel geword in die oorspronklike gemeentes, en daar het al meer studente na woongebiede binne die grense van die gemeentes getrek. Die gemeentes het dus afgestig om gemeentes te vestig wat op studentebediening fokus. NGK Kopanong is ook gestig met die doel om die toenemende aantal studente te bedien, maar dié gemeente is deur die streeksinode gestig.

Vier studentegemeentes het ontstaan vanuit uit twee of drie vorige gemeentes wat saamgesmelt het (sien SL 5, SL 10, SL 15 en SL 16). In elkeen van die gevalle was een van die gemeentes wat saamgesmelt het ŉ studentegemeente en is die studentebediening in die saamgestelde gemeente voortgesit. Beide die twee GKA-gemeentes het ongeveer 13 jaar gelede saamgesmelt (sien SL 10 en SL 15) en die NGK Melville het 19 jaar gelede saamgesmelt met buurgemeentes (sien SL 5).

SL 16 verduidelik dat die studentegemeente NGK Kruiskerk jare ná die afstigting om ŉ selfstandige studentegemeente te word, besef het dat kategoriale bediening nie werk nie, veral nie vanuit ŉ finansiële oogpunt nie. Die studentegemeente het daarom saamgesmelt met die NGK Moedergemeente Stellenbosch. Die twee gemeentes is sedert 2007 een gemeente, maar met twee geboue. SL 16 verduidelik dat veranderinge in die omgewing en politieke landskap van die land ook aanleiding gegee het tot die samesmelting.


© University of Pretoria

3.1.1.1.2. Geboue

NGK Kopanong en NGK Universiteitsoord se kerkgeboue is deur die gemeentes se eerste studentelidmate befonds en gebou.

GKA Cachet en NGK Kandelaar het sedert hul ontstaan nie hul eie kerkgebou nie en het van die fasiliteite op die Potchefstroomkampus gehuur. Weens veranderinge in die universiteit se beleid oor die verhuring van fasiliteite, het dit vir die gemeentes onbekostigbaar geword om die fasiliteite te huur. Gevolglik het GKA Cachet in 2018, met behulp van die breër kerkverband, begin om ŉ gebou te huur en op te gradeer (sien SL 6). NGK Kandelaar Studentegemeente het steeds nie hul eie gebou nie, en huur tans die fasiliteite van een van die ander NGK-gemeentes in Potchefstroom (sien SL 7 en SL 8).

3.1.1.1.3. Die rol van die sinode en algemene kerkvergadering

Vanuit die antwoorde van die studenteleraars blyk dit dat sinodes en die algemene kerkverband sedert die ontstaan van die studentegemeentes ŉ rol gespeel het en vandag steeds by van die studentegemeentes ŉ rol speel.

Die NGK Kopanong is deur hul streeksinode, die Vrystaatse Sinode, begin:

> Dit het ontstaan want sinode het behoefte raakgesien – eintlik, vanuit Grey College is die universiteit gestig en vanuit die toename van studente in die dorp, het die sinode dit raakgesien as ŉ ongelooflike geleentheid om studentebediening te begin.
>
> SL 4

In afdeling 3.1.1.1.2 is verwys na die rol van die kerkverband om gemeentes by te staan wat die verkryging van fasiliteite betref.

3.1.1.1.4. Die verhouding tussen die studentegemeentes en die universiteitskampusse

Vyf van die studenteleraars het genoem dat daar ŉ direkte korrelasie is tussen die gebeure en veranderinge op die betrokke universiteitskampus en die studentegemeente (sien SL 3, SL 7, SL 11. ). Hierdie korrelasie is sedert die ontstaan van die gemeentes teenwoordig. SL 3 noem byvoorbeeld dat die gemeente voor 1994 ŉ ideologiese en strategiese plek was vir die rektor om sy mag uit te leef.


© University of Pretoria

SL 7 verduidelik hoe die veranderinge op die NWU se Potchefstroomkampus die NGK Kandelaar tans raak:

> Die PUK was ook ʼn klein universiteitjie gewees, laat ons dit bysê ook – vir lang jare. Dis maar die laaste paar jaar wat die PUK uit sy skoene uit gegroei het, wat die universiteit aanbetref en ook die feit dat hulle die laaste Afrikaanse universiteit is. So jy kry jou meer konserwatiewe ouens wat PUK toe gaan wat in Afrikaans wil leer. So dis die … gemeente op hierdie stadium. Hulle is so plus minus 2 000 studente wat op ʼn Sondagaand die dienste bywoon waarvan net een dominee … oor.
>
> SL 7


3.1.1.1.5. Residensiële lidmate

Twee van die studenteleraars het verduidelik dat hul gemeentes ʼn residensiële gemeente is wat slegs oor studentebediening beskik (sien SL 17 en SL 18). SL 6, SL 14 en SL 18 het genoem dat hulle studentegemeentes is, maar dat daar ook residensiële lidmate by die gemeente inskakel. NGK Kruiskerk is deel van die NGK Moedergemeente, maar, soos SL 16 sê, die studente is nie eers altyd bewus dat die gemeente deel is van die Moedergemeente nie.

NGK Kandelaar en NGK Kopanong is die enigste twee studentegemeentes van die betrokke gemeentes wat slegs studentelidmate het.


© University of Pretoria

3.1.1.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 21**



© University of Pretoria

Die vyf betrokke studentegemeentes wat sedert hul ontstaan steeds as onafhanklike gemeentes funksioneer, is ŉ gemiddeld van 50 jaar oud. Die studentegemeentes is gestig met die doel om die toenemende aantal studente in die omgewing te bedien. Drie van die gemeentes is studentegemeentes met residensiële lidmate en twee het slegs studentelidmate.

Die drie gemeentes wat sedert hul ontstaan met ŉ ander gemeente saamgesmelt het, is ŉ gemiddeld van 17 jaar oud. Elkeen van die gemeentes is residensiële gemeentes met sterk studentebediening in die gemeente.

3.1.1.3. Resultate en bevindinge

Veranderinge op die onderskeie universiteitskampusse het ŉ direkte invloed op die studentegemeentes wat aan die kampusse verbonde is. Dit blyk waar te wees sedert die ontstaan van die gemeentes.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat studentebediening belangrik geag word deur die breër kerkverband en die lidmate betrokke by die gemeentes. Die navorser baseer die gevolgtrekking eerstens op die rol wat die sinode en algemene kerkverband in die gemeentes gespeel het en steeds speel. Tweedens word die gevolgtrekking gebaseer op die rol wat die lidmate gespeel het in die bou van sommige van die gemeentes en derdens die motivering vir die stigting van die bedienings wat vandag steeds studente bedien.

3.1.2. Die bedieningsmodelle van die onderskeie studentegemeentes

Die gespreksvraag lees soos volg:

Hoe funksioneer die gemeente?

a. Wat is julle bedieningsmodel?

3.1.2.1. Datarapportering

In antwoord op die vraag het die studenteleraars hoofsaaklik verwys na: (1) die rol van die studenteleraar; (2) die operasionele funksies van die gemeente; en (3) uitdagings in die bediening.


© University of Pretoria

3.1.2.1.1. Die rol van die studenteleraar

Vyf studenteleraars het in antwoord op die vraag na hul rol as leraar verwys.

SL 18 het begin deur te sê: "Ek is nie hulle maat nie, ek is hulle dominee. Maar ons het 'n baie goeie verhouding."

SL 1 verduidelik dat hy graag wil hê die studente moet voel soos 'n familie. Hy poog om 'n tuiste te skep vir studente wat ver van die huis af is. Dit is daarom ook vir hom belangrik om gereelde kontak met die studente te hê.

SL 12, in wie se gemeente die studentebediening baie groter is as dié van SL 1, verduidelik dat sy sukkel om op 'n gereelde basis by al die studente uit te kom. Sy kom wel gereeld uit by die gemeenteleiers saam met wie sy nou saamwerk, maar verder werk sy meestal met studente wat háár kontak.

SL 16 verduidelik dat hul bediening 'n "bediening aan studente is deur studente". Daarom verstaan hy ook sy rol soos volg:

> ... my werk is om daai leiers te bemagtig, te versorg, nader te beweeg as ek moet, verder te staan as ek moet, maar nie in hulle pad te staan nie. Ons tref aanmekaar die onderskeid waar moet ek nader kom waar moet ek weg staan? Maar hulle dryf dit. Die energie kom van hulle af. Ons doen niks nie as … iemand sy hand opsteek en inkoop nie. Jy weet, so ons kom forseer nie 'n klomp goed en sê ons dink dit moet gebeur nie, natuurlik daar is dinge wat moet gebeur uit die aard van die saak. Maar die energie wat kom van hierdie gemeenskap, want as dit goed kom dan volg ons die energie en dit, dink ek, werk baie goed. Probeer ouens bemagtig om te hardloop.
>
> SL 16

3.1.2.1.2. Operasionele funksies van die gemeente

a. Eredienste

Tien studenteleraars het in antwoord op die vraag na hul gemeente se eredienste verwys (sien SL 1, SL 3, SL 5, SL 7, SL 10, SL 11, SL 12, SL 14, SL 17).

Vier van die leraars het genoem dat hul gemeentes aanddienste aanbied wat gefokus is op die studente (sien SL 1, SL 5, SL 10, SL 14).


© University of Pretoria

SL 3, SL 7 en SL 11 het genoem dat die eredienste belangrik is in hul bediening, want die "bediening is primêr deur die eredienste" (SL 11) en "vanuit die eredienste word 'n massa goed gedryf" (SL 7).

SL 14 en SL 17 noem ook dat die aanddienste vir studente 'n geleentheid is om saam te kom en te kuier.

Vier studentegemeentes maak ook voorsiening vir Engelssprekende studente in hul eredienste, hetsy deur beide Afrikaans en Engels in die diens te gebruik (sien SL 1 en SL 3) of deur eredienste in Engels aan te bied (sien SL 3, SL 5 en SL 10).

b. Kleingroepe

Sewe van die studenteleraars het verduidelik dat hul bedienings sterk fokus op en gebou is rondom kleingroepe (sien SL 5, SL 10, SL 12, SL 14, SL 15, SL 16, SL 17). Vier van die leraars het ook genoem dat die kleingroepsisteem die voormalige wyksisteem in hul gemeentes vervang het (sien SL 10, SL 14, SL 15, SL 17).

SL 1, SL 17 en SL 18 se studentebediening is klein en daarom het hulle slegs een groep wat weekliks bymekaarkom.

SL 16 verduidelik die motivering vir die gebruik van kleingroepe in sy gemeente soos volg:

> ... kleingroepe is die gemeente se klein vorm. Plek waar studente kan kom land en te voel … binne so groot gemeenskap word ek versorg.
>
> SL 16

c. Kerkrade

Ses studenteleraars het in antwoord op die vraag verwys na hul gemeentekerkrade (sien SL 1, SL 3, SL 4, SL 6, SL 7, SL 8).

Elkeen van die onderskeie gemeentes se kerkrade beskik oor studentekerkraadslede. Sommige gemeentes se kerkraadslede is almal studente, en ander gemeentes se kerkraadslede is studentelidmate en residensiële lidmate.


© University of Pretoria

Die kerkrade is verantwoordelik vir die beplanning en organisering van gemeente-aktiwiteite. NGK Kopanong (UFS) en NGK Kandelaar (NWU) het ook ŉ verkleinde kerkraad wat dien as die besluitnemende kerkraad.

In die studentegemeentes is daar ook afsonderlike komitees wat verantwoordelik is vir die reël van spesifieke gemeente-aktiwiteite. SL 6 en SL 17 het byvoorbeeld Verduidelik dat hulle ŉ sosiale komitee het wat verantwoordelik is vir die reël van sosiale geleenthede in die gemeente.

SL 3 verduidelik dat daar in hul gemeente studenteleiers is wat elkeen een van hul bedieningsfokuspunte lei. Hy verduidelik verder dat die gemeente twaalf aksies, of uitreike, per jaar het. Die aksies word deur die studente self bestuur en dit is "so R2 miljoen ŉ jaar wat inkom en uitgaan uit hulle uit."

d. Uitreike

Sewe van die studenteleraars het verwys na die uitreike wat hulle in hul onderskeie gemeentes het (sien SL 3, SL 5, SL 11, SL 12, 14, SL 16, SL 17). Vanuit hul kort beskrywings van die uitreike wil dit voorkom of die uitreike hoofsaaklik plaaslike uitreike is wat in die omgewing van die gemeente plaasvind. Dit sluit in uitreike na die plaaslike staatshospitaal, plaaslike sopkombuis en om kinders in die omgewing te tutor.

SL 12 verduidelik dat hulle beleef dat uitreike in hul gemeente die geleenthede is waar studente inskakel en deel word van die gemeente. Uitreike is ook die geleenthede in die gemeente waar verhoudings die beste gebou kan word. SL 11 vertel: "Ná ŉ uitreik [kry] ons mense opgewonde vir die bediening en vir die gemeente en vir die Here en ons kry ook ons leiers op die einde meestal uit die uitreike."

SL 16 verduidelik dat uitreike hul manier is om studente te leer en te help om hul verantwoordelikheid en identiteit ten opsigte van hul gestuurdheid uit te leef en te ontdek.

e. Kampe

Sewe van die studenteleraars het verwys na die verskeie kampe wat in hul gemeentes gehou word (sien SL 1, SL 6, SL 11, SL 12, SL 14, SL 16 en SL 17).


© University of Pretoria

Die studenteleraars van NGK Universiteitsoord (UP), NHKA Philadelphia (UP) en NGK Kruiskerk (US) het verwys na hul eerstejaarskampe (sien SL 11, SL 12, SL 14 en SL 16). Die leraars van NGK Universiteitsoord en NGK Kruiskerk beskryf beide hul eerstejaarskampe as hul "momentumskeppers" vir die jaar. Die kamp is hul "inkompunt" vir nuwe studente en die hoop is dat ŉ klomp van die studente wat die kamp bygewoon het vir die duur van hul studie meelewende lidmate in die gemeente sal word.

3.1.2.1.3. Uitdagings in die bediening

a. Toenemende aantal kerke in die omgewing van die studentegemeentes

SL 11, SL 12 en SL 16 het in antwoord op die vraag genoem dat daar ŉ toenemende aantal kerke van ander denominasies is wat ook studentebediening het. SL 11 noem dat daar in Pretoria meer as veertig verskillende studentebedienings is wat studente wat aan die Universiteit van Pretoria studeer, wil bedien.

b. Koshuisstudente en dagstudente


SL 5 en SL 11 het beide verduidelik dat die onderskeie gemeentes se fokus in die verlede baie sterk op koshuisstudente was. Daar het egter oor die afgelope paar jaar groot skuiwe in die beleide van die betrokke universiteitskampusse plaasgevind, wat tot gevolg gehad het dat al meer Afrikaanssprekende studente verkies om in privaat behuising te woon.

> ... Die gedagte was dat mense, studente, van dorpe buite Pretoria en wat ook al hier kom vestig, hier kom bly en hier ŉ geestelike tuiste moet vind. En daarom was die bediening sterk rondom koshuise gerig. Want die soort van logika was dat die mense wat in Pretoria bly, waarskynlik nog ŉ bietjie by hulle gemeentes meer betrokke is. Soos wat oor die jare, dink ek, die konteks verander het, die koshuise verander het, kwotas het die afgelope 20 jaar baie sterk ingekom. Die koshuise se kulture het verander en alles, het die dagstudente komponent in hom … op die … by Tuks self en ook in ons gemeente *obviously* begin groei. Hier het ŉ verskriklike klomp woonstelblokke ontwikkel, hier is baie meer kommunes, en enige vorm van ŉ plek waar studente bly. Die koshuise se struktuur en goed het ook verander. Ek dink die bediening het nogal sterk rondom die koshuise gefunksioneer en sterk rondom die feit dat waarskynlik 90% van die ouens in die koshuis Afrikaans en wit en blank [sic] was en as jy dan van daai 90% tradisioneel vat, is die helfte NG kerk ouens. So jy het ŉ groot komponent


© University of Pretoria

SL 11

3.1.2.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 22**



© University of Pretoria

Slegs enkele leraars het na hul rol as studenteleraar verwys. Vanuit dié enkele opmerkings is daar geen algemene verstaan van die leraars se rol nie.

Vanuit die leraars se antwoorde het hul twee uitdagings in hul bedienings beklemtoon, naamlik die verblyf van studente en die toenemende aantal kerke in die omgewing. Die uitdagings word weer en meer volledig bespreek in antwoord op gespreksvraag 7 (sien afdeling 4.2.).

Vanuit die leraars se antwoorde is daar vyf algemene operasionele funksies in studentebediening, naamlik eredienste, kampe, uitreike, kerkrade en kleingroepe.

3.1.2.3. Resultate en bevindinge

Daar is raakpunte en oorvleueling in die onderskeie gemeentes se bedieningsmodelle. Elke gemeente se bedieningmodel is ook uniek tot elke gemeente. Die unieke aard van die bedieningsmodelle kan deels toegeskryf word aan die verskillende kontekste waarin die gemeentes bedien, die denominasie waarvan die gemeente deel is en die gemeente se bedieningsfilosofie (sien afdeling 3.3.).

3.1.3. <u>Ruimte vir verskillende spiritualiteitstipes in die onderskeie bedieningsmodelle</u>

Die gespreksvraag lees soos volg:

a. Laat julle bedieningsmodel ruimte vir studente met verskillende spiritualiteitstipes? Indien wel, watter ruimtes skep julle vir studente van verskillende spiritualiteitstipes?

3.1.3.1. Datarapportering

Vier van die studenteleraars het in antwoord op die vraag gesê dat hul bedieningsmodel ruimte laat vir studente met verskillende spiritualiteitstipes, of dat hulle minstens probeer om die ruimte te skep (sien SL 1, SL 2, SL 12 en SL 15). Drie van die betrokke studenteleraars het geantwoord dat hul bedieningsmodelle nie ruimte laat nie of minstens nie genoeg ruimte laat nie (sien SL 8, SL 10, SL 14).

Die betrokke studenteleraars het die vraag op een van twee maniere verstaan – hulle het óf die vraag verstaan met verwysing na die inrig van die erediens, spesifiek die gebruik van musiek in die erediens (sien SL 1, SL 10, SL 13, SL 15 en SL 17), óf


© University of Pretoria

hulle het die vraag verstaan met verwysing na die vier spiritualiteitstipes en die ruimtes vir die verskillende spiritualiteitstipes in hul bedienings (sien SL 2, SL 3, SL 6, SL 8, SL 12 en SL 14).

Vanuit die studenteleraars se antwoorde op die vraag oor spiritualiteit is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid van studenteleraars spiritualiteit primêr assosieer met die erediens en die inrigting van die erediens. Die liturgiese element van musiek en lofsang is die element wat die sterkste deur studenteleraars met spiritualiteit geassosieer word. Deur die benutting van verskeie musiekinstrumente en geestelike liedere, poog studenteleraars om ruimte te skep vir studente met verskillende spiritualiteitstipes. Die leraars verstaan spiritualiteit in terme van ’n bepaalde kerklike tradisie.

Die teorie van die vier verskillende spiritualiteitstipes is nie ’n teorie waarmee die meerderheid van die studenteleraars vertroud is nie. Die studenteleraars wat wel met die teorie vertroud is, vind dit uitdagend om ruimtes in hul bediening vir die verskillende spiritualiteitstipes te skep. Die teorie word in 3.1.3.3.2. verduidelik.

#### 3.1.3.3.1. Die gebruik van musiek in die erediens

Die studenteleraars wat die vraag beantwoord het met verwysing na die eredienste het uitgebrei oor die verskillende eredienste in die gemeente en die musiek en liedere wat gespeel word in die eredienste wat gemik is op die studente. SL 10, SL 15 en SL 17 het verduidelik dat hul gemeentes die aanddienste inrig met die oog op studente. Die aanderedienste is daarom meer informeel as die oggenderedienste.

Sewe van die betrokke leraars het in hul antwoord op die vraag verwys na die musiek wat in die erediens gebruik word. Die eerste aspek van musiek waarna die studenteleraars verwys, is die soort musiekinstrumente wat in die erediens gebruik word. In die gemeentes van vyf van die studenteleraars word klassieke instrumente, soos bv. ’n klavier of ’n viool, saam met die orrel gebruik (sien SL 6, SL 11, SL 13, SL 15 en SL 17).

Ses studenteleraars het verduidelik dat daar nie net *Liedboek*-liedere in die studente-eredienste gesing word nie (sien SL 1, SL 3, SL 11, SL 15 en SL 17). Die ander liedere sluit *Vonk*-, *Flam*- en kontemporêre aanbiddingsliedere in. Vier studenteleraars het verduidelik dat hulle die musiek in die erediens op dié manier inrig



© University of Pretoria

sodat alle studente daarby aanklank kan vind en soveel moontlik studente geakkommodeer kan word (sien SL 1, SL 6, SL 13 en SL 14).

SL 6 en SL 13 verduidelik verder dat die rede hiervoor is dat studente vanuit verskillende kerklike agtergronde die eredienste bywoon. Daar is byvoorbeeld studente wat uit meer behoudende gemeentes kom waar slegs *Liedboek*-liedere met orrelbegeleiding gesing word, en dan is daar studente wat uit meer vernuwende gemeentes kom waar slegs kontemporêre liedere met orkesbegeleiding gesing word.

3.1.3.3.2. Ruimtes vir die vier spiritualiteitstipes

Ses van die betrokke studenteleraars het, benewens die erediens, ook na die vier spiritualiteitstipes verwys en na die wyses waarop hulle ruimte vir die spiritualiteitstipes in hul onderskeie bedienings skep (sien SL 2, SL 3, SL 6, SL 8, SL 12 en SL 14). Die vier spiritualiteitstipes is, soos verstaan deur die leraars, *emosionele spiritualiteit*, *intellektuele spiritualiteit*, *mistieke spiritualiteit* en *praktiese spiritualiteit* (sien Ware 1995). Ware (1995:31) verduidelik dat mense met die emosionele óf intellektuele spiritualiteitstipe geneig is om inligting oor God te versamel. Die intellektuele spiritualiteitstipe versamel inligting by wyse van logika en die versameling van feite. Die emosionele spiritualiteitstipe versamel inligting deur te fokus op instinkte en intuïtiewe gevoelens. Die mistieke spiritualiteit lê klem op die mistieke aard van geloof en die onkenbare aard van God (sien Ware 1995:32). Die praktiese spiritualiteit het ten doel om God te gehoorsaam en sodoende die samelewing te transformeer deur by te dra tot die vestiging van God se Koninkryk (sien Ware 1995:32).

Drie van die studenteleraars het genoem dat mediatiewe spiritualiteit die minste aandag in die gemeente geniet en in van die gemeentes is daar geen ruimte vir mediatiewe spiritualiteit nie. In gemeentes waar daar wel ruimte geskep word, is sodanige ruimtes slegs enkele of seldsame geleenthede soos byvoorbeeld gebedsgeleenthede (sien SL 6) of ʼn Taizé-diens in samewerking met ʼn ander gemeente (sien SL 12 en SL 13). Die NGK Kopanong is die enigste gemeente wat ʼn weeklikse byeenkoms het wat aan studente die geleentheid bied om stil te word vir oorpeinsing. SL 8 noem dat sy nog nie die behoefte vir ruimtes vir mediatiewe spiritualiteit in haar gemeente waargeneem het nie.


© University of Pretoria

> Ek het nog nie so baie die behoefte gekry nie, maar ek weet ook nie of mense wat daai behoefte het, weet hulle het dáái behoefte nie.
>
> SL 8

Volgens vyf van die ses studenteleraars word daar baie ruimte in hul bediening geskep vir praktiese spiritualiteit (sien SL 2, SL 6, SL 8, SL 12) by wyse van uitreike.

Drie studenteleraars het genoem dat intellektuele spiritualiteit sterk teenwoordig is in hul onderskeie gemeentes (SL 6, SL 8 en SL 12). Die ruimtes vir intellektuele spiritualiteit word geskep by wyse van prediking en Bybelstudie.

Volgens SL 12 word tyd geskep vir die emosionele spiritualiteit by wyse van die musiek wat tydens die erediens gespeel word.


SL 14 is van mening dat dit vanweë die spesifieke aard van studente nie noodsaaklik is om in studentebediening ruimte te skep vir verskillende spiritualiteite nie:

> Mens probeer ten minste miskien net die aard van student te wees akkommodeer, want vir hulle, dink ek, gaan dit nie soseer oor die spiritualiteit nie, maar oor die gemeensaamheid en die saamwees en hier is iemand langs wie ek sit wat ek ken en: "Haai! Ek sien jou darem vanaand weer." Ek dink dit is … my gevoel is – hulle is nie verskriklik gepla oor wat in die erediens gebeur nie. Dit gaan vir hulle oor die gemeenskapheid oor die gemeensaamheid, oor die koinonia, oor die hier wees.
>
> SL 14



© University of Pretoria

3.1.3.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 23**



© University of Pretoria

Die leraars assosieer spiritualiteit hoofsaaklik met die erediens en meer spesifiek die inrig van die liturgiese elemente van musiek en lofsang. Die leraars verstaan die gebruik van verskeie musiekinstrumente en liedere as ruimteskepping vir verskillende spiritualiteitstipes.

Nie al die leraars is egter vertroud met die vier spiritualiteitstipes nie. Die leraars wat wel vertroud is met die teorie vind dit uitdagend om ruimte vir die verskillende spiritualiteitstipes in hul bediening te skep. Vanuit die antwoorde van die leraars wat wel met die teorie vertroud is, blyk dit dat intellektuele spiritualiteit die dominante spiritualiteit in hul gemeentes is.

Vanuit die leraars se antwoorde maak die navorser die afleiding dat die leraars se begrip van spiritualiteit gelykstaande is aan hul verstaan van kerklike tradisie.

## 3.2. Studentebediening as bediening in die onderskeie gemeentes

Die gespreksvraag lees soos volg:

> Is die gemeente uitsluitlik ŉ studentegemeente? Indien nie, hoe pas die studentebediening in by die bediening van die gemeente as ŉ geheel?

### 3.2.1. Datarapportering

In antwoord op die vraag word die term *residensiële lidmate* gebruik. Die term verwys na al die lidmate in die gemeente wat nie universiteitstudente is nie. Dit sluit kinders, tieners, jong werkendes, volwassenes en bejaardes in.

Die betrokke studentegemeentes is op een van drie maniere saamgestel. Van die gemeentes beskik slegs oor studentebediening. Daar is dus meer residensiële lidmate in die gemeente as studentelidmate. Ander gemeentes staan bekend as studentegemeentes en het dus meer studentelidmate as residensiële lidmate. Twee van die betrokke studentegemeentes het slegs studentelidmate en geen residensiële lidmate nie. Sien Tabel 11 vir die verdeling van die gemeentes.


© University of Pretoria

| **Studentebediening in die gemeente** | **Studentegemeente met residensiële lidmate** | **Studentegemeentes met geen residensiële lidmate nie** |
|---|---|---|
| NHKA Bloemfontein (UFS) | GKA Cachet (NWU) | NGK Kopanong (UFS) |
| NGK Melville Kruiskerk (UJ) | NHKA Potchefstroom Studentegemeente (NWU) | NGK Kandelaar (NWU) |
| GKA Die Bult (NWU) | NGK Universiteitsoord (UP) | |
| GKA Brooklyn (UP) | NHKA Philadelphia (UP) | |
| NHKA Stellenbosch (US) | NGK Kruiskerk (US) | |
| GKA Stellenbosch (US) | | |

**Tabel 11**

3.2.1.1. Gemeentes waar studentebediening ʼn bediening van die gemeente is

In die gemeentes waar studentebediening een van die gemeente se bedienings is, is die studente ʼn integrale deel van die gemeente en moedig die leraars wisselwerking tussen die studente- en residensiële lidmate op verskeie maniere aan. Die ses studenteleraars (sien SL 1, SL 5, SL 10, SL 15, SL 17 en SL 18) se antwoorde eggo SL 17 se stelling:

> ... ons het nie twee bene – ʼn studente en gemeente nie. Dis een gemeente … vorm dit ʼn goeie eenheid. Dit is nie twee afdelings nie.
>
> SL 17

Die mees algemene manier waarop eenheid in die gemeente bewerkstellig en versterk word, is by wyse van gemeente-aktiwiteite. SL 1 verduidelik dat daar van studentelidmate verwag word om by al die gemeente-aktiwiteite in te skakel. SL 5 verduidelik verder dat in sy gemeente die studente deel gemaak word van alle gemeente-aktiwiteite en dat die gemeente ook deelgemaak van die studente se aktiwiteite.


© University of Pretoria

Die gemeente-aktiwiteite sluit gemeente-etes (sien SL 5, SL 10 en SL 17), gemeentebasaars (SL 1), Nagmaalvierings (SL 17), gemeentekampe (SL 1 en SL 17) en Bybelstudie (SL 18) in.

Twee studenteleraars noem verder dat die studente net soveel seggenskap in die gemeente-aktiwiteite het as die res van die gemeente (sien SL 1 en SL 18). In die gemeentes NHKA Bloemfontein (UFS) en NHKA Stellenbosch (US) dien van die studente ook op die gemeente se kerkraad.

Die gemeentes bied ook afsonderlike aktiwiteite spesifiek vir die studente aan. Elkeen van die gemeentes, uitsluitend NHKA Stellenbosch (US), het ŉ aanddiens wat met die studente in gedagte ingerig word en wat oorwegend deur studente bygewoon word. Ander aktiwiteite sluit in kleingroepe (sien SL 1, SL 5, SL 10, SL 15, SL 17 en SL 18), kampe (sien SL 1, SL 10 en SL 17) en uitstappies (sien SL 18).

In die gemeentes bied die residensiële lidmate vryheid en ondersteuning vir die leraars en die studente om die studentebediening in te rig soos hulle goed dink (sien SL 1, SL 15 en SL 18).

Dit wil voorkom of die studente goed by die gemeentes inpas. SL 18 noem dat die gemeentelede die studente ken en dat daar goeie verhoudings is tussen die studente- en residensiële lidmate. Die residensiële lidmate geniet dit om studente as deel van die gemeente te hê en die insette van die studente te hoor (sien SL 1). Volgens SL 10 geniet die studente ook die interaksie met die residensiële lidmate.

*Mentorskap* is ŉ konsep wat na vore gekom het vanuit die studenteleraars se antwoorde. In sommige gemeentes is daar suksesvolle mentorskapverhoudings gevestig tussen die residensiële lidmate en die studente (sien SL 5, SL 10 en SL 17) en in ander gemeentes nie (sien SL 15 en SL 11).

Volgens SL 10 het die studente ŉ behoefte aan mentorskap en ontvang hulle die mentorskap van die residensiële lidmate. SL 17 en SL 6 verduidelik dat die residensiële lidmate graag wil sien dat die studente gevorm word vir die toekoms en ŉ aandeel in die vorming wil hê.

> So hulle [die studente] is ongeveer ŉ derde/kwart van die gemeente en ek dink die bediening in terme van ouderlinge, in terme van die Bybelstudies, in terme van die


© University of Pretoria

> kampe is eintlik vanaf die gemeente gerig tot hulle. Bedoelende om leiers te begelei – hulle is maar die leiers van more. Wat mens nie noodwendig in jou eie gemeente gaan gebruik nie maar jy weet, jy stuur dit eintlik maar … die leiers uit om iewers te gaan werk waar hulle ook al is.
>
> SL 17

3.2.1.2. Studentegemeentes met residensiële lidmate


Die studentegemeentes wat oorheersend uit studentelidmate bestaan, ervaar nie die wisselwerking tussen residensiële lidmate en studente nie. SL 6 beleef dat die fokus en klem in sy gemeente dikwels net op die studente val en nie op die residensiële lidmate nie. SL 12 noem dat die twee bedienings – bediening aan die studente en bediening aan die residensiële lidmate – los van mekaar kan raak en heeltemal onafhanklik funksioneer. Die leraars in beide die NGK Universiteitsoord (UP) en NGK Kruiskerk (US) verduidelik dat die oorgrote meerderheid van die studente nie eers bewus is daarvan dat die gemeente residensiële lidmate ook het nie. In beide van die gemeentes poog die leraars om die verhoudings te versterk en samewerking aan te moedig. Die samewerking en interaksie wat daar wel is, is tussen die leiers in die gemeente, die studenteleiers en die residensiële leiers.

In die studentegemeentes is dit ook so dat die residensiële lidmate dit geniet om studente as deel van die gemeente te hê en die studentebediening ondersteun. Volgens SL 6 en SL 11 kies die residensiële lidmate om in te skakel by die studentegemeente:

> die ouer mense het oorgekom juis omdat hier jong mense is en hulle geniet dit om die jong mense te sien wat ook maar gevorm moet word vir die toekoms en graag 'n aandeel wil hê daarin.
>
> SL 6


© University of Pretoria

### 3.2.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 24**


© University of Pretoria

Daar is verskille en ooreenkomste tussen die residensiële gemeentes en die studentegemeentes. Die grootste ooreenkoms is dat die residensiële lidmate dit geniet om die studente as deel van die gemeente te hê. Die grootste verskil is dat daar min tot geen wisselwerking tussen die residensiële lidmate en die studente in die studentegemeentes is nie. In die residensiële gemeentes is daar wel wisselwerking tussen die studente- en die residensiële lidmate. In sommige gemeentes is daar suksesvolle mentorskapverhoudings tussen residensiële lidmate en die studente.

### 3.3. Bedieningsfilosofie

Die gespreksvraag lees soos volg:

> Wat is die gemeente se bedieningsfilosofie? Wat is die oogmerk van jul studentebediening?

#### 3.3.1. <u>Datarapportering</u>

Vanuit die studenteleraars se antwoorde op die vraag het die volgende vyf kernkonsepte na vore gekom: tuiste, geloofsvorming, roeping, toerus en stuur.

##### 3.3.1.1. Tuiste

Drie van die studenteleraars het genoem dat hulle ŉ tuiste wil skep (sien SL 1, SL 11 en SL 18) vir universiteitstudente wat ver van hul ouerhuise is. SL 11 en SL 18 het *tuiste* verder gedefinieer deur te spesifiseer dat hulle poog om vir universiteitstudente ŉ geestelike tuiste te skep.

Gemeenskap is ŉ integrale deel van die tuiste wat studenteleraars vir universiteitstudente wil skep. SL 1 en SL 5 het die metafoor van ŉ familie gebruik om hul bediening te beskryf. SL 1 verduidelik sy gebruik van die metafoor soos volg:

> My filosofie is, as ek dit net kan noem, is om klomp jong mense te laat besef maar ons is almal verskillend maar ons kan saam werk. Ons kan saam aanbid. Ons kan saam dien. En by baie van die outjies kan ek sien jy vat die ding half al pos, al stem ŉ mens nie altyd met mekaar ooreen nie, al hou jy nie altyd van die goeters wat die ander ouens doen nie, jy weet, ons bly ŉ familie; ons bly ŉ geloofsfamilie.
>
> SL 1



© University of Pretoria

Drie studenteleraars het genoem dat dit vir hulle baie belangrik is dat alle studente tuis moet voel in hul gemeente en die vrymoedigheid moet hê om in die gemeente hom- of haarself te wees (sien SL 1, SL 5 en SL 9). SL 5 en SL 9 het bygevoeg dat dit vir hulle belangrik is dat geen universiteitstudent uitgesluit word nie. Alle studente, ongeag hul seksuele oriëntasie, kulturele agtergrond of ras, is welkom.

Twee studenteleraars het genoem dat hulle graag vir universiteitstudente ŉ plek wil skep waar hulle kan heel word (sien SL 5 en SL 11).

3.3.1.2. Geloofsvorming

Twee studenteleraars het die term *geloofsvorming* in hul verduideliking van hul bedieningsfilosofie gebruik (sien SL 5 en SL 13). Konsepte soos *verhouding, pad met die Here stap* en *identiteit* is ander algemene konsepte wat deur die betrokke studenteleraars gebruik is en word deur die navorser verstaan as deel van ŉ filosofie van geloofsvorming.

Vier studenteleraars het genoem dat hulle graag sal wil sien dat universiteitstudente ŉ pad saam met die Here stap en erns maak met die pad wat hulle saam met Hom stap (SL 3, SL 6, SL 12 en SL 17). SL 6 koppel die pad wat studente saam met die Here stap aan die verdieping en uitbreiding van die studente se kennis van die Woord van die Here. SL 18 sluit aan by S6 wanneer hy verduidelik dat sy eerste mikpunt is om studente geestelik toe te rus. Hy doen dit deur klem te lê op diepgaande Bybelstudie en soliede Woordverkondiging in sy prediking.

3.3.1.3. Roeping

Sewe van die 18 studenteleraars het die term *roeping* as deel van hul bedieningsfilosofie gebruik. Vanuit die studenteleraars se gebruik van die term kan die afleiding gemaak word dat die studenteleraars roeping koppel aan ŉ bepaalde begrip van self of identiteit. Sommige van die studenteleraars se begrip van identiteit spruit voort uit hul begrip van hul roeping (sien SL 6, SL 8 en SL 16). Vir ander studenteleraars spruit hul begrip van roeping voort vanuit hul begrip van identiteit (sien SL 2 en SL 13).



© University of Pretoria

Drie studenteleraars het genoem dat dit vir hulle baie belangrik is dat universiteitstudente moet besef dat daar nie mindere of meerdere roepings is nie (sien SL 8, SL 13 en SL 16). Dit is vir die studenteleraars belangrik dat studente toegerus moet wees om hulle roeping te gaan uitleef in hul werkplek.

Drie studenteleraars se verstaan van roeping behels ook om goeie landsburgers te wees (sien SL 2, SL 12 en SL 16).

> So ons het ŉ sterk fokus daarop om, met alle respek gesê, nie die ouens net te kry om hulle hartjie vir Jesus te gee en hier gaan ons die lewe in nie, en lief vir die kerk en lief vir Jesus nie, maar om te sê: "Maar *oukei* wat is my roeping in ons land?" … Daar is nie geestelike werk en sekulêre werk nie … jy is God se gestuurde, so waar jy gaan daar dra jy Sy lig en lewe.
>
> SL16

3.3.1.4. Toerus

Nege studenteleraars het aangedui dat hulle studente wil toerus om hul roeping uit te leef – beide in die werkplek en in ŉ volgende gemeente.

SL 8 en SL 15 het verduidelik dat studente, uit hul ervaring, bedien wil word en Studentebediening geniet omdat dit alleenlik op hulle gerig is en vir hulle ingerig word. Daarom noem die twee studenteleraars dat hulle hul senior studente daarop voorberei dat geen ander gemeente gaan wees soos die studentegemeente nie. Die leraars poog om die studente toe te rus en aan te moedig om diensbaar te wees in hul volgende gemeente en daar ŉ verskil te maak.

Saam met SL 8 en SL 15, poog SL 14 en SL 10 ook om studente toe te rus om ŉ verskil in ŉ volgende gemeente te gaan maak.

Drie studenteleraars verduidelik dat ŉ deel van hul bedieningsfilosofie leieropleiding is. Hulle beskou die studente in hul gemeentes as toekomstige leiers – beide in hul onderskeie gemeenskappe en as kerkleiers (sien SL 11, SL 14 en SL 17). Daarom poog hulle om op verskeie maniere die studente toe te rus om leiersposisies te kan vervul. SL 11 verduidelik dat een van die maniere waarop hul gemeente studente toerus is deur studente die geleentheid te gee om volledig beheer te neem van die bediening. Op dié manier word studente bemagtig.


© University of Pretoria

Twee studenteleraars ag dit belangrik dat daar in hul bediening ruimtes geskep moet word waar studente moeilike vrae kan vra en gesprekke kan voer oor uitdagende en aktuele sake (sien SL 10 en SL 12).

3.3.1.5. Stuur

Drie van die studenteleraars het na die studente verwys as sendelinge (sien SL 8, SL 15 en SL 10). Die gedagte is dat studente ná hul kort tydjie in die studentegemeente die wêreld ingestuur word.

Nege ander studenteleraars het ook aangedui dat hulle bewus is daarvan dat hulle studente toerus en dan die wêreld instuur. Vanuit die studenteleraars se antwoorde is twee verskillende motiverings en fokuspunte geïdentifiseer. Die eerste is ŉ Koninkrykfokus en die ander ŉ kerkfokus.

Vyf studenteleraars het uitdruklik gespesifiseer dat hulle nie werk met ŉ kerkbesef nie, maar met ŉ Koninkryksbesef (sien SL 2, SL 8, SL 12, SL 15 en SL 16). Dit is nie vir hulle belangrik dat die studente lojale lidmate van hul betrokke kerkverband moet wees nie, maar dit is wel vir hulle belangrik dat studente as gelowiges in die Koninkryk moet leef. Hulle doel is dat studente daar waar hulle gaan woon en werk as gelowiges moet leef. SL 2, SL 12 en SL 16 het genoem dat dit vir hulle belangrik is dat die studente goeie landsburgers moet wees.


SL 11 en SL 18 het gespesifiseer dat dit vir hulle belangrik is dat studente moet groei in hul liefde vir hul spesifieke kerkverband en ná die afloop van hul studie weer moet diensbaar wees in ŉ gemeente van dieselfde kerkverband.

Sewe studenteleraars, beide studenteleraars met ŉ Koninkryksfokus en/of met ŉ kerkfokus, het genoem dat dit vir hulle belangrik is dat studente moet inskakel by ŉ volgende gemeente en in die gemeente diensbaar moet wees (SL 8, SL 11, SL 14, SL 15 SL 17, SL 18).

> ... my verhouding met die Here moet grond vat in ŉ konkrete inskakeling in ŉ geloofsgemeenskap, waar ek my gawes kan uitleef en waar ek ook bedien kan word deur ander.
>
> SL 10


© University of Pretoria

3.3.2. <u>Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande</u>




**Figuur 25**



© University of Pretoria

Geeneen van die betrokke studenteleraars se bedieningsfilosofieë bestaan uit al vyf konsepte nie. Die studenteleraars se bedieningsfilosofieë betrek hoofsaaklik twee of drie van die konsepte. Die uitgebreide konsepte wat die meeste voorkom is *geloofsvorming, toerus* en *stuur*.

Die konsep van ŉ persoonlike verhouding met God is ŉ kernkonsep in die studenteleraars se begrip van geloofsvorming. Geloofsvorming beteken om studente te begelei in ŉ persoonlike verhouding met God. Dit sluit in om die studente se geloofskennis te verbreed en hulle toe te rus. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat lering deur die studenteleraars beskou word as die primêre aspek van geloofsvorming.

Die konsepte *toerus* en *stuur* sluit nou aan by mekaar. Die leraars rus die studente toe met die doel om hulle die wêreld in te stuur. Die wyse waarop die leraars die studente toerus kan nie vanuit hul antwoorde afgelei word nie. Dit is wel duidelik dat die leraars óf ŉ Koninkrykfokus óf ŉ kerkfokus het wat die stuur en gevolglike toerusting van studente betref.

Die betrokke studenteleraars werk met ŉ sterk bewustelikheid dat studentebediening tydelik van aard en ŉ soort voorbereidende bediening is.

## 4. DIE STUDENTELERAARS SE BELEWENIS VAN UNIVERSITEITSTUDENTE EN DIE KONTEKS VAN UNIVERSITEITSTUDENTE

### 4.1. Die veranderende konteks van universiteite en studentegemeenskappe

Die twee gespreksvrae lees soos volg:

> Studentegemeentes kom voor groot uitdagings te staan weens die vinnig veranderende kontekste van universiteite en die studentegemeenskap in Suid-Afrika. Watter veranderinge in die konteks raak die gemeente direk?
>
> Hoe is die konteks en die studente besig om te verander?


© University of Pretoria

### 4.1.1. Datarapportering

Die twee gespreksvrae word saam bespreek omdat die studenteleraars se antwoorde op die twee vrae oorvleuel. Die veranderinge wat reeds in die konteks bewerkstellig is, is ook die veranderinge wat steeds besig is om die konteks te verander.

Die primêre uitdaging wat deur die oorgrote meerderheid van die betrokke studenteleraars beleef word, is die afname in getalle van Afrikaanssprekende studente en gevolglik studentelidmate (sien SL 1, SL 6, SL 10, SL 11, SL 13, SL 14, SL 15, SL 16 en SL 18). Daar is verskeie veranderinge in die konteks wat die afname voortdurend tot gevolg het. Vanuit die studenteleraars se antwoorde het twee redes vir die veranderinge na vore gekom. Die eerste rede is die verandering van die onderskeie universiteite se taalbeleide en tweedens die belewenis van die tendens van dislojaliteit aan die kerk en ŉ bepaalde kerkverband.

#### 4.1.1.1. Veranderde taalbeleide

Vanuit die studenteleraars se antwoorde kan die afleiding gemaak word dat die afname in studentelidmaatgetalle primêr toe te skryf is aan die verandering van universiteite se taalbeleide.

Vier van die betrokke universiteite het hul taalbeleid verander. By hierdie universiteite word Afrikaans nie meer as ŉ onderrigtaal gebruik nie. Slegs Engels word as onderrigtaal gebruik. Die universiteite is UP, UJ, UFS en US. Die NWU het, ten tyde van die onderhoude, nog nie die onlangse verandering aan hul taalbeleid aangebring nie. Volgens vyf van die betrokke studenteleraars is die verandering van taalbeleide die grootste verandering wat beterekking op hul konteks het (sien SL 11, SL 12, SL 14, SL 15 en SL 18). Die rimpeleffek van die veranderinge is ook steeds besig om die konteks te verander (sien SL 8, SL 9, SL 13, SL 15 en SL 18).

Die verandering van onderrigtaal na Engels het eerstens ŉ direkte invloed op die gemeente se lidmaatgetalle gehad. Sewe studenteleraars noem dit as ŉ feit dat daar minder Afrikaanssprekende studente is wat aan die vier universiteite kom studeer (sien SL 1, SL 11, SL 12, SL 13, SL 14, SL 15, SL 16 en SL 18). Dit is die belewenis van vyf van die betrokke studenteleraars dat Afrikaanssprekende studente as gevolg hiervan kies om eerder aan die NWU se Potchefstroomkampus te gaan studeer (sien SL 8, SL 12, SL 13, SL 15 en SL 18).


© University of Pretoria

> ... ek dink die taal en die studentelewe is wat maak dat baie studente verby ander universiteite ry om Potch toe te kom. Want daar is baie wat van Pretoria af hiernatoe ry. Of wat verby Bloem, verby Kovsies ry. En ek dink dit gaan daaroor – dis veilig, dis Afrikaans.
>
> SL 8

Tesame met die verandering in die taalbeleide het daar ook ŉ demografiese skuif op die kampusse plaasgevind. Daar is al meer studente wat nie Afrikaans magtig is nie, wat aan die universiteite kom studeer. Dit het, volgens die studenteleraars, tot gevolg dat daar ook al minder studentelidmate in hul gemeentes is:

> ... [O]ns lidmate is blank [sic] en hulle is Afrikaanssprekend en omdat Tukkies eintlik nie, jy weet, hulle taalbeleid maak nie meer voorsiening vir Afrikaans nie … hier is heelwat meer swart mense en dit is nie ons lidmate nie. Ons maak nie voorsiening vir hulle in terme van hulle taal en dit is nie ons fokusgroep nie.
>
> SL 14

Vier studenteleraars het verduidelik dat omdat hulle in Afrikaans bedien, dit die aantal studente wat hulle kan bedien beperk (sien SL 1, SL 11, SL 13, SL 14 en SL 15). Twee studenteleraars het verder verduidelik dat hulle ook vind dat dit oorwegend Afrikaanssprekende studente is wat aanklank vind by hul styl van aanbidding en bediening (sien SL 1 en SL 13). SL 11 het verduidelik dat hul konteks en hul bediening vervreemd geraak het.

Twee studenteleraars het genoem dat hulle wel studentelidmate van ander rasse het wat by hul gemeente inskakel, maar dat die studentelidmate almal Afrikaans magtig is (sien SL 9 en SL 17).

Vanweë die afname in getalle en die demografiese veranderinge op die universiteitskampusse worstel die studenteleraars met die vraag oor hoe en of hulle bediening moet verander en hoe hulle as gemeentes steeds relevant kan bly (sien SL 14). Twee studenteleraars het genoem dat hulle vanweë hul roeping nie ŉ wit, Afrikaanse gemeente wil wees nie (sien SL 13 en SL 16). Vanuit die studenteleraars se antwoorde is die twee grootste struikelblokke vir die verandering. Eerstens, die taal, waarin bedien word en, tweedens, of die bediening ŉ multikulturele bediening moet word (sien SL 7, SL 9, SL 12, SL 13 en SL 16).



© University of Pretoria

> Wie wil ons wees in ons land? Ons wil regtig nie ŉ homogene gemeenskap wees nie. Ons is dit nou nog. Ons wil nie net Afrikaanssprekende, wit studentjies wees wat eintlik besig is om ŉ iets in stand te hou wat lankal verby is nie. Glad nie! Geensins nie! Ons probeer hard om daai brûe te slaan, om mense ŉ plek te gee van oor die kultuurgrense heen, maar, onmiddellik, wat is jou eerste *barrier*? Dis Engels.
>
> SL 16

Twee studenteleraars het verduidelik dat hulle gemeentes gekies het om in Afrikaans te bedien (sien SL 7 en SL 12):

> ... [D]ie vraag is maar moet ons nie nou al ŉ meer multikulturele bediening of Engelse bediening sterker dryf omdat ons konteks meer Engels is, dan sit ons met daai ding van – maar ons sit met ŉ klomp. Ons is nog nie net 30 in die erediens nie, wat ons voel *okay* as ons nie nou skuif nie gaan ons toemaak nie, … maar ek dink my ding is, as ons nie ŉ Afrikaanse kerk is nou nie, gaan ons ŉ klomp outjies wat na ons toe kom, dadelik verloor, hulle gaan net nie kom nie. Hulle gaan nie na ŉ Engelse bediening toe kom nie, hulle gaan net na ŉ ander Afrikaanse kerk toe gaan, want daar is genoeg van hulle in die omgewing.
>
> SL 12

> Ons het gekies, nee, ons bly vir die wit, studente omdat dit nog ŉ Afrikaanse universiteit is. Reg of verkeerd, ons het gesê: maar hulle is daar om te *swot* en ons is daar om hulle te bedien.
>
> SL 7

Twee studenteleraars verduidelik verder dat hulle poog om as wit Afrikaanse gemeentes hul studentelidmate te begelei om as Christene in die veranderde konteks te leef (sien SL 12 en SL 17).

> So my vertrekpunt … is om die Afrikaanse outjies wat kom ook darem die ruimte te skep en blootstelling te gee, dat ons moet in ons land anders dink oor ras as wat hulle dalk noodwendig het … met die samewerking hoop ons om daai ruimte te skep van ek kan nog steeds myself wees, in my moedertaal my geloofstaal uitleef, maar dat ek nie in Suid-Afrika  jy weet moet laer trek nie maar nog steeds as Christen in hierdie veranderende konteks leer hoe om goeie bande te bou …
>
> SL 12


© University of Pretoria

In antwoord op die uitdagings het twee studentegemeentes begin met afsonderlike studentebediening in Engels as deel van hul bediening aan die studente (sien SL 6 en SL 10). Sedert die onderhoude in 2019 gevoer is, het die NGK Universiteitsoord (UP) ook studentebediening in Engels in hul gemeente begin.

Drie studenteleraars het in antwoord op die vrae genoem dat hulle ook spanning by die studentelidmate waarneem rakende die veranderinge in die universiteitskonteks (sien SL 10, SL 12 en SL 16). Dit is SL 12 se ervaring dat die studente nie oor kwessies soos die rassekwessie wil praat of daarmee gekonfronteer wil word nie. In teenstelling hiermee beleef SL 16 dat die studente saam dink en worstel met die uitdagings en aandring op verandering. SL 10 verduidelik sy belewenis van die tweespalt in die studente-omgewing en die invloed wat dit op die gesprekke oor taal en multikulturele bediening het:

> ... [M]y ervaring is dat, jy kry so half ŉ tweespalt binne die studente-omgewing vandag, waar jy kry outjies wat baie sterk teruggryp na iets van ŉ verlede tyd toe so, eintlik baie fel rassisme so en negatiwiteit oor hoe dit in Suid-Afrika gaan en ŉ wantroue oor enige iets wat dit gaan oor besigheidsgeleenthede, werksgeleenthede, sulke tipe dinge. Maar dan kry jy ook jong mense wat nie daai bagasie dra nie en wat eintlik juis afgesit word deur daardie tipe denke en jy weet, ek dink dit gaan ŉ deurslaggewende rol binne die volgende klompie jaar – oor hoe ons dit as kerk gaan aanspreek en waar ons, onsself gaan posisioneer [in] die gesprek rondom Afrikaans, die gesprek rondom die meer multikulturele bediening …
>
> SL 10

Twee studentegemeentes, NGK Kopanong (UFS) en NGK Melville Kruiskerk (UJ), het ŉ multikulturele, Engelse bediening gekies en reeds die skuif gemaak.

> So die *demographics* [by ons] is tagtig persent swart en twintig persent wit op ons kampus. So op ŉ manier wil ons sê die kerkdiens moet iets daarvan reflekteer; en dit vat ŉ klomp introspeksie in ons tradisie in, maar ook in soort van ons eie teologie in en in ons eie identiteit in wat ek dink konstant *challenging* is, maar, so ŉ *exciting challenge*. Ek dink vir my die grootste uitdaging … is om mense begrip en liefde vir mekaar te gee, om eenheid te behou tussen mense, ons wil hê dat mense rêrig verder dink as hulle neuse wat hierdie goed aanbetref. So dit is maar soort van ons grootste uitdaging. Maar ja, die taal is moeilik, maar ja, ons sien dit rêrig as ons kernroeping


© University of Pretoria

SL 2

4.1.1.2. Dislojaliteit aan die kerk en die kerkverband

Twee studenteleraars het genoem dat die tendens dat studente nie meer lojaal is aan die kerk nie ŉ verandering is wat hulle waarneem in die universiteitskonteks (sien SL 8 en SL 11). Vier studenteleraars het dieselfde tendens beskryf as een van die maniere waarop die konteks besig is om te verander (sien SL 3, SL 10, SL 14 en SL 15).

SL 11 verduidelik die tendens soos volg:

> Die lojaliteitsgedagte waarop ek dink ŉ tradisionele kerk nog altyd sy fondament gebou het, bestaan ook nie meer nie. Ouens ken ook … daar is ook nie vir ouens ŉ groot verskil tussen kerke nie. Hulle dink ook nie daaroor nie. Hulle voel ook nie dis belangrik nie
>
> SL 11


SL 10, SL 14 en SL 15 beaam die stelling van SL 11. Studente het nie meer ŉ saak met die kerkverband nie; hulle weet dikwels nie eers van watter kerkverband die studentegemeente deel is nie, en dit raak hulle ook nie dat die studentegemeente deel is van dieselfde kerkverband waarin hulle grootgeword het of nie (sien SL 10, SL 14 en SL15). SL 8 het verder verduidelik dat dit haar belewenis is dat studente gemaklik daarmee is om te erken dat hulle nie glo nie en voel hulle hoef “nie eers ordentlik te wees en te maak of ek wil kerk toe gaan nie”.

Verder beleef die studenteleraars dat studente ook baie gemaklik is met “church-hopping” (sien SL 15). Die leraars ondervind dat studente baie vinnig en maklik sonder enige waarskuwing die gemeente verlaat indien hulle byvoorbeeld nie van die prediking of aanbiddingstyl hou nie (sien SL 10 en SL 12). SL 14 en SL 15 ondervind ook dat studente op ŉ gemeente besluit op grond van waarheen hul vriende gaan.

Van die studenteleraars beleef dat veranderinge in die breër kerkverband ook hul studentegemeentes beïnvloed en ŉ invloed het op hul studentelidmaatgetalle (sien SL1, SL 15 en SL 18).


© University of Pretoria

4.1.2. <u>Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande</u>




**Figuur 26**



© University of Pretoria

Vanuit die studenteleraars se antwoorde blyk dit dat die grootste gevolg van die veranderende konteks vir die studentegemeentes die afname in die aantal Afrikaanssprekende studente en lidmate is. Volgens die leraars is daar hoofsaaklik twee redes hiervoor. Eerstens die veranderende taalbeleide van die onderskeie universiteite en tweedens die studente se dislojaliteit aan die gemeentes en die kerkverband.

Die verandering na Engels as die enigste onderrigtaal aan die universiteite het tot gevolg dat minder Afrikaanssprekende studente aan die universiteite kom studeer en verkies om aan die NWU se Potchefstroomkampus te studeer. Die veranderende taalbeleid het ook tot gevolg dat daar ŉ demografiese skuif op kampusse plaasgevind het, wat spanning onder die Afrikaanssprekende studente veroorsaak. Die verandering in die konteks laat die studenteleraars met die vraag oor hoe hulle hul bediening moet aanpas om relevant te bly in die konteks.

Dit is die belewenis van die studenteleraars dat dit nie meer vir studente belangrik is om te weet van watter kerkverband hulle deel is nie en ook nie om lojaal te wees aan die kerkverband nie. Aansluitend hierby beleef die leraars ook dat studente met groot gemak tussen gemeentes van verskillende denominasies beweeg.

4.1.3. Resultate en bevindinge

Vanuit die leraars se antwoorde op die vrae maak die navorser die afleiding dat beide die leraars en die studente dit moeilik vind om aan te pas by die veranderende konteks. Beide van die leraars en van die studente is geneig om meer behoudend te wees en poog om die status quo te preserveer en te handhaaf. Daar is ook ŉ verlange en ŉ teruggryp en verlange na die verlede, hoe gemeentes gefunksioneer het en hoe lidmate se houding teenoor die kerk was.

## 4.2. Die uitdagings wat studentegemeentes beleef

Die gespreksvraag lees soos volg:

Wat is jul grootste uitdagings as studentegemeente?


© University of Pretoria

### 4.2.1. Datarapportering

Daar is vyf algemene uitdagings wat deur die betrokke studenteleraars beleef word, naamlik finansies, die aard van studentebediening, die toenemende aantal charismatiese kerke wat op die universiteitskampusse bedien, die toenemende aantal dagstudente en die politieke spanning in die land en op universiteitskampusse.

#### 4.2.1.1. Finansies

Vier studenteleraars het genoem dat finansies vir hulle ŉ groot uitdaging is (SL 1, SL 2, SL 8 en SL 11). Elkeen van die gemeentes van die vier studenteleraars word deur hul onderskeie sinodes gesubsidieer. Die subsidies maak die studentebediening moontlik. Die studenteleraars van die betrokke gemeentes se salarisse word ook onder andere deur die sinodes betaal. SL 1 en SL 8 verduidelik dat die subsidies jaarliks gesny word. SL 1 verduidelik verder dat indien die subsidies gestaak word, dit nie meer vir die gemeente moontlik sal wees om voort te gaan met die Studentebediening nie. SL 8 is die enigste studenteleraar by NGK Kandelaar omdat die gemeente nie nog ŉ leraar kan bekostig nie. Gevolglik moet sy alleen die ongeveer drie en ŉ half tot vierduisend studente in die gemeente bedien.

#### 4.2.1.2. Die aard van studentebediening

Vir SL 3 en SL 8 is die wisselende aard van studentebediening moeilik. Die konstante wisseling van studentelidmate maak dit moeilik om kontinuïteit in die gemeente te handhaaf en diepgaande verhoudings met die studente te vestig. SL 3 verduidelik verder:

> Mense moet in kultuur reeds instap en hulle het nie so groot deel om daarin te vorm nie, want mens kan nie te afhanklik raak van hulle nie, want hulle loop weer te vinnig.
>
> SL 3

SL 8 sluit hierby aan wanneer sy sê:

> ... [E]lke jaar is daar ŉ heel nuwe leierskap … jy is eintlik basies net besig om toe te rus en dan net wanneer die goed begin loop en jy weet dinge begin eienaarskap vat, dinge gebeur mooi dan gaan hulle.
>
> SL 8


© University of Pretoria

Daarmee saam beleef die studenteleraars ook dat die studente dikwels nie lojaal en getrou is aan die gemeente nie (sien SL 3, SL 6 en SL 8; sien ook afdeling 4.1.).

Die volgende uitdaging is studente se besige skedules en dat daar vanuit soveel verkillende oorde aanspraak gemaak word op hul tyd. SL 12, SL 15 en SL 17 verduidelik dat studente bloot net te besig is en gevolglik neem minder studente deel aan gemeente-aktiwiteite.

4.2.1.3. Die toenemende aantal charismatiese kerke

Agt van die betrokke studenteleraars vind die toenemende aantal charismatiese kerke wat op en om die onderskeie kampusse studente bedien, uitdagend (sien SL 7, SL 9, SL 10, SL 12, SL 16, SL 17 en SL 18). SL 16 en SL 18 beleef dat die kerke aktief probeer om studente van ander gemeentes oor te wen vir hul gemeente. Vier studenteleraars het verduidelik dat die kerke verwarring onder hul studentelidmate veroorsaak en studente met baie vrae oor hul geloof laat (SL 9, SL 10, SL 16 en SL 17). SL 17 verduidelik die gevolg hiervan:

> Apologetiek of daai moeilike vrae wat gevra word: Is dit waar? En is die Bybel waar? Is Christenskap waar? Is Christus die enigste weg? Hoekom sê ons dit? So daai vrae word studente baie mee gekonfronteer en ek dink dit is ŉ uitdaging om daai … vrae te kan antwoord en dan ook toe te rus sodat hulle dit kan antwoord.
>
> SL 17

4.2.1.4. Die toenemende aantal dagstudente

Drie studenteleraars het verder ook genoem dat die toenemende aantal dagstudente vir hul bediening ŉ uitdaging is (sien SL 5, SL 7 en SL 16). Die tendens is dat studente óf privaat verblyf verkies of verkies om in hul ouerhuise aan te bly. Dit maak dit vir die gemeentes moeilik om die studente te bereik en te bedien. SL 12 en SL 15 sluit hierby aan deur te noem dat hulle dit uitdagend vind om toegang tot die studente te verkry. Daarom, sê SL 12, werk hulle meer met die studente wat vanself by die gemeente kom aanmeld of wat hulle, die leraars, kontak.


© University of Pretoria

4.2.1.5. Politieke spanning in die land en op universiteitskampusse

SL 13 en SL 16 noem dat die politieke spanning en politieke groeperinge in die land hul bediening uitdagend maak. SL 16 beleef dat daar studente is wat teruggryp na die verlede en konserwatief is. SL 13 sluit hierby aan wanneer sy verduidelik dat sy waarneem dat daar ŉ toenemende aantal studente is wat aansluit en aktief betrokke is by politieke partye soos die Vryheidsfront Plus en die burgerregteorganisasie AfriForum. SL 16 verduidelik die uitdaging wat dit aan die bediening stel:


> ... [O]m al die verskillende groepe in jou kerk te laat voel hulle mag daar wees, maar nie … die waarheid van die evangelie af te water nie … Ons het reekse gedoen oor, spesifiek oor, wat is geregtigheid? Wat is *white privilege*? – daai goeters. Daar sit voor jou, sit AfriForum, Solidariteit, DA, jy weet al die groeperinge – *fees must fall* – almal sit daar. Hoe *engage* jy met al die ouens sinvol … ons het nie die reg om mense sommer net voor die voet te laat skuldig voel oor goed, maar ons het ook die voorreg om ŉ plek te kan skep waar ouens met die waarheid gekonfronteer word, en sê, *oukei,* vanuit dit moet ek reageer. Nie vanuit my oortuiging oor ander goed nie.
>
> SL 16

SL 13 se begrip van die uitdaging sluit aan by SL 16 se verduideliking:

> Ek dink waarskynlik is ons grootste uitdaging om ons studente te help om hulleself binne Suid-Afrika te sien en te voel dat hulle hier tuishoort, dat hulle ŉ roeping het, dat hulle ŉ verskil kan maak. En om hulle positief te hou oor die toekoms.
>
> SL 13


© University of Pretoria

### 4.2.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 27**



© University of Pretoria

Die vyf uitdagings word ook deur die leraars in antwoord op van die ander gespreksvrae bespreek of aangeroer.

Finansiële druk is vir studentegemeentes ŉ groot uitdaging aangesien hulle deur sinodes gesubsidieer word en van die subsidies voortdurend gesny word. Studentegemeentes verkry min tot geen inkomste van hul studentelidmate nie.

Die toenemende aantal dagstudente bemoeilik ook studentebediening omdat dit moeiliker is om die studente te bereik. Die uitdagings wat die toenemende aantal dagstudente aan die bediening bied, is ook in afdeling 3.1.2.3.5. bespreek, waarvan die vernaamste is dat studentebediening in die verlede, en steeds vandag in sommige bedienings, sterk rondom koshuise gestruktureer is en gefunksioneer het.

Deel van die uitdaging wat die politieke spanning in die land en op die kampusse vir die bediening bied, is volgens sommige leraars om die studente wat konserwatief is in hul denke te begelei. Die uitdaging sluit aan by en eggo sommige van die leraars se opmerkings oor die veranderende konteks van die kampusse (sien afdeling 4.1.).

Die toenemende aantal charismatiese kerke is ŉ uitdaging vir die leraars, omdat dit onder andere verwarring onder die studente veroorsaak. Die uitdaging word weer deur van die leraars bespreek in afdeling 6.1.

Die *aard van studentebediening* is ŉ sambreelterm wat deur die navorser gebruik word vir verskeie uitdagings wat deur die leraars beleef word. Dit sluit in die konstante beweging van studente (sien afdeling 6.1.), die belewing dat studente is getrou en lojaal is aan die gemeente nie (sien afdeling 4.1.) en dat studente baie besig is (sien ook 6.2).

## 4.3. Die verskil tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het

Die gespreksvraag lees soos volg:

> Sien julle ŉ groot verskil tussen studente wat van die platteland af kom en studente wat uit die stad kom?



© University of Pretoria

4.3.1. Datarapportering

Nege van die 17 leraars het "ja" geantwoord op die vraag wat beteken dat hulle 'n definitiewe verskil tussen plattelandse en stedelike studente sien (sien SL 2, SL 5, SL 7, SL8, SL 9, SL 11, SL 15, SL 16, SL 18).

Twee studenteleraars het geantwoord dat die verskil wat hulle sien van korte duur is en dat studente gou aanpas in die nuwe omgewing (sien SL 13 en SL 14). Drie studenteleraars het "ja en nee" geantwoord op die vraag. Hulle sien 'n verskil, maar die verskil is genuanseerd en kompleks (sien SL 1, SL 3 en SL 12).

Drie studenteleraars het "nee" geantwoord op die vraag. Hulle sien nie 'n verskil nie (sien SL 6, SL 10 en SL 17).

In antwoord op die vraag het die studenteleraars die verskil tussen die studente, soos uit hul ervaring, omskryf. Die studenteleraars het meer uitgebrei oor hul belewenis van die plattelandse studente as van hul belewenis van die studente wat in stede grootgeword het.

Die enkele beskrywings van die studente wat in die stad grootgeword het, sluit in dat hulle meer "street-wise" is (sien SL 5 en SL 9), meer ontvanklik is vir verandering en ook verandering teweeg wil bring (sien SL 8, SL 15 en SL 16), en groter gemeentes met baie lidmate verkies (sien SL 1 en SL 8).

Drie studenteleraars het verduidelik dat hulle ondervind dat studente wat in dieselfde stad as die universiteitskampus woon dikwels nie aktief inskakel by die studentegemeente nie omdat hulle steeds betrokke bly by hul tuisgemeentes (sien SL 11, SL 12 en SL 18).

In hul beskrywing van plattelandse studente het die studenteleraars hoofsaaklik twee eienskappe van die plattelandse studente beklemtoon, naamlik dat hulle meer geneig is om meelewende lidmate te wees en ook meer geneig is om konserwatief en behoudend te wees.

Vyf studenteleraars noem dat hulle in hul onderskeie gemeentes beleef dat die plattelandse studente meer geneig is om die meelewende lidmate te wees en leierskaprolle in die gemeente te vertolk (sien SL 3, SL 11, SL 12 en SL 15).


© University of Pretoria

Vyf studenteleraars het verduidelik dat hulle die plattelandse studente as konserwatief en behoudend in hul uitkyk op die lewe beleef (sien SL 3, SL 7, SL 8, SL 13 en SL 15). Drie studenteleraars het verder genoem dat hulle ook beleef dat die studente ŉ konserwatiewe en behoudende bedieningstyl verkies (SL 12, SL 15 en SL 17).

Drie studenteleraars voeg by hulle beleef dat daar ook studente is wat uit stede kom wat konserwatief en behoudend is (SL 7, SL 8 en SL 12). SL 7 en SL 8 meen dit is juis die rede waarom hulle verkies om by die NWU Potchefstroomkampus te kom studeer.

Drie studenteleraars verskil heelwat van mekaar oor die mate waarin die omgewing waarin studente grootgeword het hulle blootgestel het aan die diverse, multikulturele konteks van Suid-Afrika en hulle gehelp het om ŉ integrale deel te word van die konteks.

SL 11 is van mening dat studente wat op die platteland grootgeword het meer blootgestel en dus meer geïntegreer is. SL 13 en SL 16 verskil van hom.

> Ek glo natuurlik baie keer die platteland is voor baie bevoorregte plekke in die stad, of miskien is dit benadeelde plekke in die stad, het hulle sekere goed wat in hierdie Menlyn *bubble* nog nie beleef is nie, lankal al beleef. Ekonomiese realiteite van Suid-Afrika. Ras, kultuur, Engels, skole. As jy in die platteland is, kry jy met al hierdie goed te doen, ryk, arm, as jy in Pretoria-Oos bly en jy bly in Midstream hoef jy nie daaruit te gaan nie … En daar is die platteland dink ek by verre voor, wat integrasie betref.
>
> SL 11

Daarteenoor sê SL 16:

> ... moeiliker vir hulle [om] brûe te slaan na mekaar toe as jy kom uit ŉ eng plattelandse konteks, waar jy nie regtig 'die ander' … verstaan nie – nie taal nie, nie kultuur nie, baie – alhoewel jy nie wil nie dit doelbewus doen nie – maar die nog bietjie as ŉ mindere sien. Definitief, dit sien jy nogal soos dag en nag. Waar die ouens wat uit die stad uit kom, in meer geïntegreerde skole is, kan baie makliker oor die goeters praat. Besef die uitdagings, is meer geneig om te sê "Yes, kom ons doen dit." Dit sien jy baie duidelik rondom dit, so ek praat nou sterk vanuit ons land se konteks met die rasseverhoudings natuurlik is die ding.


© University of Pretoria

S16

Vyf studenteleraars meen dat die omgewing waarvandaan die student kom nie so ŉ groot invloed op die student het soos wat die student se ouers en sy/haar tuisgemeente het nie (sien SL 2, SL 3, SL 12, SL 13 en SL 17).

Twee studenteleraars is van mening dat die student se ouers die grootste invloed het op die vorming van die student (sien SL 13 en SL 17). SL 3 beleef dat sommige studente dan as studentelidmate spanning ervaar omdat dit wat hulle as lidmate leer, nie ooreenstem met hul ouers se oortuigings nie.

> ... ons kry studente op ŉ goeie plek, en sodra hulle huis toe gaan, dan verander dit weer … dan het hulle weer ŉ klomp vrae jy weet: "is dit, dit … my ouers sê dit, is dit so?
>
> SL 3


Twee studenteleraars het in antwoord op die vraag verwys na die studente se tuisgemeentes en die vormende rol wat die gemeentes op die studente se geloof gehad het (sien SL 2 en SL 12). SL 2 is van mening dat:

> ... dit [is] vrek belangrik om mense se tuisgemeentes, as identiteitsvormers te sien. Te besef soos jou dominee, jou gemeente waarvan af jy afkom, maak jou wie jy is, teologies … ons *deal* met dieselfde stuk ideologie wat oorgedra word deur die samelewing en deur die kerke, want daar's nie gemeenskapsleiers wat voorloop nie.
>
> SL 2



© University of Pretoria

### 4.3.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 28**



© University of Pretoria

Vanuit die leraars se antwoorde blyk dit dat daar wel ŉ verskil is tussen studente wat op die platteland grootgeword het en studente wat in die stad grootgeword het. Daar is egter nie eenstemmigheid onder die leraars oor wat die verskil is nie.

Die grootste verskil blyk te wees dat studente wat op die platteland grootgeword het, geneig is om meer behoudend en konserwatief te wees. Hulle blyk ook meelewende lidmate te wees. Studente wat in die stad grootgeword het, is geneig om nie aktief by die studentegemeente in te skakel nie.

Van die leraars is ook van mening dat die studente se ouers en tuisgemeente ŉ groter invloed op die vorming het van die student het as die omgewing waar hy/sy grootgeword het.

4.3.3. Resultate en bevindinge

Vanuit die studenteleraars se antwoorde op die vraag kom die navorser tot die gevolgtrekking dat daar nie onderskeid getref kan word tussen studente wat op die platteland en studente wat in die stad grootgeword het nie. Daar kan wel twee strome studente geïdentifiseer word, naamlik studente wat meer konserwatief en behoudend is en studente wat meer liberaal is en verandering aanmoedig. Daar is wel ŉ verwantskap tussen die omgewing waarin die student grootgeword het en die denkwyse van die student, maar die verwantskap kan nie veralgemeen word nie.

## 4.4. Kategese

4.4.1. Kategese tydens skooljare

Die gespreksvraag lees soos volg:

> Sien julle die vrugte, hetsy goed of sleg, van die kategese wat die studente tydens hul skooljare ontvang het?

4.4.1.1. Datarapportering

Die studenteleraars het in antwoord op die vraag verduidelik dat dit verskil van student tot student. Vier van die betrokke studenteleraars het in antwoord op die vraag gesê dat hulle kan sien dat die meeste studente beskik oor ŉ mate van geloofskennis (sien SL 1, SL 5, SL 7, SL 15). Die studenteleraars is van mening dat daar groot leemtes is


© University of Pretoria

in die kategese wat kinders tydens hul skooljare ontvang het. Die studenteleraars het drie algemene leemtes uitgewys.

Eerstens beleef die studenteleraars dat die geloofkennis waaroor studente beskik slegs kennis is. Die kennis het nie “grondgevat in hulle lewe nie” (sien SL 13 en SL 7). SL 15 en SL 10 verduidelik dat sommige studente die katkisasie-antwoorde op bepaalde geloofsvrae ken, maar hulle is nie seker of die studente self die antwoorde verstaan nie.

Tweedens het agt studenteleraars genoem dat die gebrek aan kennis oor die geloofstradisie vir hulle ŉ groot leemte is (sien SL 3, SL 5, SL 6, SL 8, SL 9, SL 12, SL 13). Die leemtes sluit in dat studente nie die Belydenisgeskrifte ken nie (sien SL 9 en SL 12), nie verstaan hoekom die nagmaal gevier word nie (sien SL 13) en geen verstaan het van wat kerk is nie (sien SL 3). Die mees algemene leemte in dié verband is dat studente nie die doop verstaan en die betekenis van die doop ken nie (sien SL 7, SL 8 en SL 13).


Die derde leemte, wat vanuit die studenteleraars se antwoorde die grootste leemte blyk te wees, is die gebrek aan Bybelkennis (sien SL 6, SL 8, SL 9, SL 11, SL 12, SL 13, SL 15, SL 16 en SL 17). Die gebrek aan kennis oor die Bybel sluit in die gebrek aan kennis oor die agtergrond van die teks, ŉ gebrekkige begrip van die kronologie van die Bybel en min tot geen kennis oor die verhale en karakters in die Bybel nie.

Dit is die waarneming van twee van die studenteleraars dat daar ŉ geneigdheid is dat die studente wat oor ŉ goeie geloofskennis beskik en in verhouding met God leef dit in hul ouerhuise geleer het. Die verhouding en kennis kan hoofsaaklik aan die opvoeding in hul ouerhuise toegeskryf word (sien SL 6, SL 14 en SL 17).

Vanweë die leemtes maak van die leraars die “basiese” geloofskennis, (kategesemateriaal) deel van hul bediening aan die studente (sien SL 1, SL 2, SL 6, SL 8, SL 16 en SL 17).


© University of Pretoria

4.4.1.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 29**



© University of Pretoria

Vanuit die studenteleraars se antwoorde blyk daar drie algemene leemtes in die studente se geloofskennis wat ŉ aanduiding kan wees van leemtes in kategese-onderrig. Die drie leemtes is ŉ gebrek aan Bybelkennis, gebrekkige kennis oor die geloofstradisie en die feit dat die kennis waaroor die studente wel beskik nie deurleefde kennis is nie. Om die leemtes aan te vul, gebruik die leraars gevolglik kategesemateriaal in hul bediening.

Weereens kan daar nie veralgemeen word nie omdat die vrug van kategese van student tot student verskil. Van die studenteleraars het opgemerk dat die studente wat wel oor goeie geloofskennis beskik, dit in hul ouerhuise geleer het. Die waarneming sluit aan by die leraars se opmerking oor die vormende invloed van die ouerhuis soos bespreek in afdeling 4.3.

4.4.2. <u>Voortgesette kategese</u>

Die gespreksvraag lees soos volg:

> Hoe sien en verstaan julle as gemeente voortgesette kategese en hoe maak julle dit deel van julle bediening aan die studente?

4.4.2.1. Datarapportering

Elkeen van die betrokke studentegemeentes maak voortgesette kategese deel van hul bediening en ag dit as ŉ groot en belangrike komponent van hul bediening.

Die mees algemene wyse waarop voortgesette kategese volgens die betrokke studenteleraars plaasvind, is prediking (sien SL 1, SL 3, SL 8, SL 9, SL 12, SL 13, SL 14, SL 16, SL 17).

Ander geleenthede waartydens voortgesette kategese plaasvind, sluit in kleingroepe (sien SL 5, SL 12 en SL 13), kursusse wat aangebied word (sien SL 7, SL 16 en SL 17), uitreike (sien SL 3, SL 7 en SL 11), persoonlike gesprekke (sien SL 3, SL 8 en SL 9) en/of Bybelstudie (SL 5, SL 9 en SL 15) of Bybelskool (sien SL 8). Vier studenteleraars het genoem dat hulle in hul gemeentes ruimtes geskep het waar studente vrae kan vra (sien SL 2, SL 13, SL 14 en SL 16).



© University of Pretoria

Drie van die studenteleraars het ook genoem dat hul elke jaar ŉ paar studente het wat kom aanmeld vir volwasse kategese met die doel om belydenis van geloof af te lê (sien SL 1, SL 10 en SL 12).

Van die betrokke leraars het in antwoord op die vraag verduidelik dat hul doel met voortgesette kategese is om studente toe te rus om as gelowiges te leef (sien SL 1, SL 8, SL 10, SL 16, SL 17).


© University of Pretoria

4.4.2.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van onderlinge verbande




**Figuur 30**



© University of Pretoria

Voortgesette kategese is vir die leraars ŉ belangrike deel van studentebediening. Daar is verskeie wyses waarop hulle dit inwerk en deel maak van hul bediening. Die mees algemene en prominente wyse is prediking. Die doel van voortgesette kategese is hoofsaaklik om studente toe te rus om as gelowiges te leef.

## 5. BLOOTSTELLING AAN DIE BREËR OMGEWING

### 5.1. Blootstelling aan die breër omgewing

Die gespreksvraag lees soos volg:

> Is jul bedieningsmodel van so aard dat studente blootgestel word aan hul breër konteks?

5.1.1. Datarapportering

Drie studenteleraars het 'nee' op die vraag geantwoord. Twee studenteleraars het verduidelik dat hulle dit nie doen nie, omdat die "blootstelling vanself kom" (SL 6, sien ook SL 13). SL 14 het in antwoord op die vraag gesê dat sy beleef dat die meerderheid van die studentelidmate nie ŉ belang daarby het nie.

Elf van die betrokke studenteleraars het 'ja' geantwoord op die vraag (sien SL 1, SL 2, SL 3, SL 5, SL 7, SL 8, SL 9, SL 10, SL 11, SL 12, SL 15, SL 17 en SL 18). Tien van die leraars het verduidelik dat die studente blootgestel word by wyse van uitreikaksies in en om die omgewing. Die uitreike sluit in besoeke aan en werksaamhede by plaaslike ouetehuise, kinderhuise, hospitale, kleuterskole, skole en sopkombuise.

Van die studenteleraars het ook hul motivering en doelstelling vir die blootstelling van studente verduidelik (sien SL 2, SL 3, SL 5, SL 8, SL 9, SL 10).

SL 17 verduidelik dat die doel van die uitreike vir hom is om studente te laat besef "daar is ŉ Suid-Afrika daarbuite en die Suid-Afrika is eintlik maar net drie of vier kilo's van jou af." (sien ook SL 10). SL 8 beskryf, uit haar ervaring, die effek wat die uitreike op die studente het:



© University of Pretoria

> Dis vir my altyd ongelooflik dat jou ouens wat ook betrokke raak en so daar is ouens wat van daar af terugkom en daar gebeur iets, want ek het 'n groter besef van die wêreld buite my wêreldjie en ek wil meer hê.
>
> SL 8

In antwoord op die vraag het SL 3 ook gesê dat die konteks op die gemeente se voorstoep is en dat studente elke dag in die konteks leef. SL 3 en SL 6 noem beide dat hulle poog om studente bewus te maak van wat dit beteken om kerk in die onderskeie kontekste te wees.


© University of Pretoria

5.1.2. <u>Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande</u>




**Figuur 31**



© University of Pretoria

Die meerderheid van die studenteleraars stel studente deur hul onderskeie bedienings bloot aan die breër omgewing. Die blootstelling vind hoofsaaklik plaas by wyse van plaaslike uitreike. Die doel van die blootstelling is tweeledig. Eerstens wil die leraar die studente bewus maak daarvan dat die land anders lyk as die studente se leefwêreld en tweedens wil die leraars die studente help om te verstaan wat dit beteken om kerk te wees in die verskillende kontekste. Die tweede doel word verder ondersteun deur die feit dat die studente in die kontekste leef as universiteitstudente. Dit is ook die rede waarom twee studenteleraars nie die studente in hul bedienings blootstel aan die breër omgewing nie. Hul is van mening dat die blootstelling van self kom.

## 5.2. Aktuele gesprekke

Die gespreksvraag lees soos volg:

> Word daar met die student in gesprek getree oor brandende kwessies van die dag in hul omgewing en in die land?

### 5.2.1. Datarapportering

Nege studenteleraars het ‘ja’ geantwoord op die vraag (sien SL 2, SL 3, SL 6, SL 8, SL 9, SL 10, SL 15, SL 16, SL 17, SL 18).

Vanuit die studenteleraars wat ‘ja’ geantwoord het op die vraag blyk drie algemene motiverings vir die gesprekke. Eerstens om vir die studente die ruimtes te skep om die vrae wat hul het te kan vra en te gesels oor die kwessies waarmee hulle gekonfronteer word (sien SL 1, SL 2, SL 3). Tweedens wil die leraars die studente help om antwoorde op hul vrae te vind deur aan hulle leiding te gee en hulle te help om vanuit ’n evangeliese perspektief na die probleem te kyk (sien SL 7, SL 8, SL 10 en SL 16).

Derdens wil die studenteleraars die studente help en begelei om krities oor die kwessies na te dink en om hul eie opinies as gelowiges oor die kwessies te formuleer (sien SL 7 en SL 16)

> Dis deel van my geestelike toerusting van die studente dat hulle oop moet kan dink oor die geloof … Hulle moet kan dink daaroor en hulle moet hulle ook kan verwoord daaroor. En ek dink leer om evangelies ook daarna te kyk.



© University of Pretoria


SL 16

Enkele van die betrokke leraars het ook genoem dat hulle dikwels brandende sosiale, maatskaplike en politieke kwessies in hul preke hanteer en bespreek (sien SL 2, SL 8, SL 15).

Ander voorbeelde van algemene geleenthede wat as platform gebruik word om die kwessies te bespreek, sluit in kampe (sien SL 10, SL 15 en SL 17), gespreksgeleenthede waar ŉ bepaalde tema bespreek word (sien SL 2, SL 6, en SL 15), Bybelstudiegroepe of selgroepe (sien SL 5, SL 8 en SL 17). SL 5 het verduidelik dat die gesprekke meer op gespreksvlak plaasvind en nie tydens formele geleenthede nie.


© University of Pretoria

5.2.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 32**



© University of Pretoria

Die meerderheid van die studenteleraars tree met hul studentelidmate in gesprek oor brande kwessies. Daar is drie algemene motiverings vir die gesprekke. Eerstens is dit om vir die studente die ruimte te skep om vrae te vra en te gesels oor die kwessies waarmee hulle gekonfronteer word. Tweedens is dit om leiding te bied aan die studente en derdens is dit om kritiese denke by die studente te vorm. Daar word verskeie geleenthede gebied vir die bespreking van die kwessies.

## 5.3. Studente vra vrae

Die gespreksvraag lees soos volg:

> Kom die studente na julle as leraars met vrae oor aktuele en/of geloofskwessies? Gee asseblief voorbeelde van sodanige kwessies.

### 5.3.1. Datarapportering

Sewe studenteleraars het “ja” geantwoord op die vraag. Studente kom na hulle toe met vrae oor aktuele en geloofskwessies (sien SL 1, SL 5, SL 6, SL 8, SL 10, SL 17 en SL 18). Ses studenteleraars het geantwoord dat dit afhang van student tot student. Daar is studente wat baie vrae vra en studente wat glad nie vrae vra nie (sien SL 2, SL 3, SL 11, SL 12, SL 13 en SL 15).

Van die betrokke studenteleraars beleef dat die vrae van studentevoortspruit uit hul alledaagse ervaringe, veranderinge in hul konteks en soms ook nuusgebeure (sien SL 1, SL 2, SL 5). Dit is die belewenis van SL 15 en SL 18 dat dit die betrokke, toegewyde studentelidmate is wat oor die algemeen oor die kwessies wil praat en vrae vra. SL 8, SL 10 en SL 15 beleef dat daar studente is wat nie net vrae vra nie, maar ook ŉ gesprek begin oor die bespreekte onderwerp en in sodanige gesprekke van die leraars verskil of die leraars soms vasvra. SL 1 en SL 10 verduidelik dat die studentelidmate vrae vra om meer inligting oor ŉ bepaalde saak te bekom.

SL 5, SL 8 en SL 17 beleef dat sommige studente die behoefte het om vanuit ŉ geloofsperspektief antwoorde op hulle vrae te verkry. SL 17 verduidelik dat studente wil weet hoe hulle hulself vanuit ŉ Christelike perspektief moet posisioneer ten opsigte van bepaalde kontekstuele gebeure. SL 5 beleef dat studente praktiese vrae vra oor die uitleef van hul geloof.


© University of Pretoria

Drie studentegemeentes het vasgestelde geleenthede waar aktuele sake bespreek en gesprekke gevoer word oor temas wat die studente wil bespreek (sien SL 1, SL3 en SL 8)

SL 1, SL 6, SL 8 en SL 10 beleef dat sommige studente huiwerig is om in ŉ groep hul vrae te vra. Hulle verkies om eerder tydens ŉ persoonlike gesprek of anoniem hul vrae te vra. In die gemeentes van SL 8 en SL 10 het die leraars platforms geskep waar studente anoniem hul vrae kan vra en óf tydens ŉ gespreksgeleentheid óf in die gemeente se nuusbrief ŉ antwoord kan kry.

SL 2, SL 3, SL 11, SL 12, SL 13 en SL 15 beleef ook dat daar studente in hul gemeentes is wat glad nie vrae vra of in gesprek wil tree oor aktuele, spesifiek politieke en kontekstuele, kwessies nie. SL 2, SL 11, SL 12 en SL 13 beleef dat van die studente baie sterk weerstand bied teen sulke gesprekke en glad nie daaroor wil praat nie.


> Daar is ŉ definitiewe groep jy weet, kom ons noem dit jou *white privileged middle class* en *upper class* student wat net sê: “Maar wat maak ek hiermee?” jy weet? So daar is definitief daai stuk ontvlugting van: “Ek wil nie” en dan dink ek daar is eintlik ŉ aggressiewe: “Ek wil nie, moenie met my hieroor praat nie!”
>
> SL 2

> My ervaring is selfs – ek onthou toe *fees must fall* en *Afrikaans must fall, it was happening* so ons jy weet, ons moet nou kontekstueel praat en preek, dat ons studente êrens gesê het, kan julle asseblief ophou om die preek na … dit te verwys, kan ons net oor iets anders praat.
>
> SL 12



© University of Pretoria

### 5.3.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 33**



© University of Pretoria

Die meerderheid van die studenteleraars beleef dat studente vrae vra. Dit is voorts die algemene ervaring van die leraars dat toegewyde studente meer geneig is om vrae te vra. Vanuit die leraars se antwoorde is drie algemene redes geïdentifiseer ten opsigte van die vrae wat die studente vra. Eerstens ontstaan die studente se vrae vanuit hul alledaagse ervaringe. Tweedens wil die studente meer inligting oor ŉ saak bekom en derdens wil die studente ŉ antwoord op hul vrae vanuit ŉ geloofsperspektief verkry.

Die leraars beleef ook dat studente verkies om hul vrae anoniem te vra óf in ŉ persoonlike gesprek. Die leraars ervaar ook dat daar studente is wat nie in gesprek wil tree oor aktuele kwessies nie en sterk weerstand daarteen bied.

5.3.3. <u>Resultate en bevindinge rakende die studente se blootstelling aan die breër omgewing</u>

Die navorser kies om die resultate en bevindinge rakende die studente se blootstelling aan die breër omgewing saam te bespreek omrede daar oorvleuelende temas is wat in elkeen van die vrae na vore gekom het.

Die studente word blootgestel aan die breër Suid-Afrikaanse konteks as universiteitstudente. Die blootstelling vind plaas by wyse van die onderskeie bedienings of deur ŉ student te wees op een van die onderskeie kampusse.

Die blootstelling het tot gevolg dat die studente die behoefte het om te praat in ŉ godsdienstige omgewing oor dit waarmee hulle gekonfronteer word in die universiteitskonteks en dat die studente kritiese vrae vra oor die uitleef van hul geloof in die konteks.

Dit blyk dat die waarnemings waar is vir die meerderheid van die studentelidmate, maar nie vir al die studentelidmate nie. Opmerkings van die leraars, soos dat die studente nie belang het by blootstelling aan die breër omgewing nie (sien afdeling 5.1.) en dat studente weerstand bied teen gesprekke oor aktuele kwessies (sien afdeling 5.3.), toon weerstand daarteen om in gesprek te tree oor die breër omgewing.


© University of Pretoria

## 5.4. Die bedieningsbehoeftes van universiteitstudente

Die gespreksvraag lees soos volg:

Wat sou julle sê is die studente se grootste bedieningsbehoeftes?

### 5.4.1. Datarapportering

Vanuit die studenteleraars se antwoorde op die vraag het die volgende vyf kernkonsepte na vore gekom: *'n plek om te behoort, gemeenskap, verhoudings, geestelike groei* en *geestelike begeleiding.* Soos beskryf deur die studenteleraars, hou die behoeftes nou met mekaar verband.

#### 5.4.1.1. Die behoefte aan 'n plek om te behoort

Ses studenteleraars het in antwoord op die vraag onder andere gesê dat universiteitstudente die behoefte het aan 'n *plek om te behoort* (sien SL 1, SL 7, SL 8, SL 9, SL 12 en SL 14). Die studenteleraars het die plek om te behoort beskryf as 'n plek waar studente veilig en welkom voel (SL 1 en SL 16), voel dat hulle aanvaar word (sien SL 6 en SL 7) en waar hulle deel kan wees van 'n groep (sien SL 7, SL 12 en SL 14).

#### 5.4.1.2. Die behoefte aan 'n gemeenskap van gelowiges

Van die studenteleraars het die groep waarvan universiteitstudente deel wil wees verder omskryf as 'n gemeenskap. Universiteitstudente het die behoefte om deel te wees van 'n *gemeenskap* (sien SL 2, SL 7, SL 9 en SL 10). Hulle het ook die behoefte aan interpersoonlike kontak en om met ander studente te "connect" (sien SL 5 en SL 2). Universiteitstudente het die behoefte aan 'n gemeenskap waar hulle vir ander kan omgee, voor omgegee kan word en mekaar in liefde kan bedien (sien SL 6, SL 9 en SL 16).

#### 5.4.1.3. Die behoefte aan verhoudings

Die behoefte aan gemeenskap hou nou verband met die studente se behoefte aan diepgaande *verhoudings* (sien SL 8, SL 10, SL 12 en SL 13). Vyf studenteleraars het genoem dat hulle ondervind dat studente die behoefte het aan leiding oor verhoudings en meer spesifiek hoe "om goeie verhoudings te hê en in verhoudings te funksioneer" (SL 17 sien ook SL 3, SL 8, SL 10, SL 14 en SL 15). SL 17 voeg by dat studente ook


© University of Pretoria

wil weet hoe om buite die gemeente met mense in verhouding te staan "oor kulture heen".

5.4.1.4. Die behoefte aan ŉ geestelike tuiste

Tesame met die voorgenoemde behoeftes het universiteitstudente ook die behoefte aan ŉ *geestelike tuiste* (sien SL 6) waar hulle geestelik versorg kan word (sien SL 16 en SL 17) en geestelik kan groei en verdiep (sien SL 3, SL 12 en SL 17). SL 8 en SL 17 verduidelik dat studente graag in hul verhouding met die Here wil groei. Universiteitstudente wil mekaar as gelowiges kan bedien (sien SL 2, SL 6 en SL 17) en ŉ ruimte gebied word waar hulle hul geloof kan uitleef en ŉ verskil kan maak (sien SL 16).

SL 10 en SL 16 ondervind dat daar studente is wat uit gebroke huisgesinne kom. Hierom wil SL 16 die studente help om die slegte en negatiewe gebeure van die verlede te verwerk. SL 10 meen studente het ŉ behoefte aan intergenerasionele verhoudings:

> ... ŉ behoefte aan daai intergenerasiegemeenskap as ŉ mens dink aan hoe stukkend huisgesinne is en die gesinne waaruit hulle kom, dink ek is dit goed om voorbeelde te hê van ooms en tannies wat pa- en ma-rolle vervul.
>
> SL 10

5.4.1.5. Die behoefte aan geestelike begeleiding

Tien van die betrokke studenteleraars het verduidelik dat universiteitstudente, uit hulle ervaring, ŉ behoefte het aan *geestelike begeleiding* (sien SL 1, SL 7, SL 8, SL 10, SL 11, SL 12, SL 15, SL 16 en SL 18). Studente het die behoefte aan iemand wat aan hulle leiding kan bied (sien SL 1, SL 7, SL 18) en iemand om mee te praat (sien SL 11, SL 12 en SL 18). SL 12 beleef dat studente se geloof baie persoonlik is:


© University of Pretoria

> Dis amper asof ons nie ons geloof koppel aan die groter konteks, noodwendig, nie, omdat ons nie praat oor dit nie, maar ons wil nie. Hulle geloof… dis nie so privaat nie maar dis baie, baie persoonlik – hoe help my geloof my met my studies kyk? Hoe help my geloof my met my ouers wat skei ? Of hoe hanteer ek dit? Nie soseer hoe help my geloof my dink oor noodwendig hoe moet ek as ŉ, jy weet, in ŉ rasse-gesprek optree nie.
>
> SL 12

Daarenteen beleef van die ander studenteleraars dat studente toegerus wil word oor hoe om in verhouding met God te leef en "hoe werk die goed wat ons glo in ons konteks" (SL 8, sien ook SL 3, SL 6, SL 9 en SL 16).

Drie studenteleraars het verduidelik dat studente spesifiek die behoefte het aan leiding oor hoe om vrae te beantwoord wanneer hulle gekonfronteer word oor hulle geloof (sien SL 8, SL 15, SL 18). SL 15 verduidelik:


> ... [E]k het nie noodwendig baie pastorale goeters nie, maar waarmee studente wel na my toe kom, baie na my toe kom, is goed soos – ek het ŉ Moslem vriend in die koshuis – hoe antwoord ek hom, verstaan … oor die homoseksualiteit debat. Jy weet ŉ klomp relevante kwessies – die ouens wonder baie oor die goed.
>
> SL 15

SL 16 beleef dat studente ŉ behoefte het aan leiding om hulle te help om te kan onderskei tussen al die inligting wat aan hulle beskikbaar is. Iemand wat hulle kan "help om die regte vrae te vra" en hulle help om hulself in die grys gebied te vind. SL 10 beleef ook dat studente op soek is na leiding om te kan onderskei. Hy beleef dat studente "op soek is na die waarheid":

> ... [H]ulle soek die waarheid. Ek dink bietjie ŉ nadraai of ŉ verlore voel binne ŉ wêreld waar almal die heeltyd sê alles is reg, of niemand sê iets oor reg of verkeerd nie. Almal sê net wat hulle dink. Ek dink dit is nogal ŉ uitdaging. Daar is soveel stemme en almal het hulle eie opinie, maar binne ŉ wêreld waar jy weet, jy mag nie oordeel nie, jy mag nie … raak mense weg, want iewers moet iets tog nou die waarheid wees.
>
> SL 10


© University of Pretoria

### 5.4.2. <u>Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande</u>




**Figuur 34**


© University of Pretoria

Vanuit die vyf behoeftes wat geïdentifiseer is, kom die navorser tot die gevolgtrekking dat *plek om te behoort*, *gemeenskap van gelowiges* en *geestelike begeleiding* die grootste en belangrikste is. Elkeen van die drie behoeftes kan verdeel word in ŉ primêre behoefte en sekondêre behoeftes.

*ŉ Plek om te behoort* dien as die primêre behoefte. Die sekondêre behoefte is ŉ plek waar hulle kan deel wees van ŉ groep en dat hulle in die groep veilig en welkom kan voel en aanvaar sal word.




**Figuur 35**

ŉ *Gemeenskap van gelowiges* dien as die primêre behoefte. Die sekondêre behoefte is om met ander te 'connect'. Dit sluit in interpersoonlike kontak, om om te gee vir ander, om voor omgee te word en om mekaar in liefde te bedien.




**Figuur 36**

Die behoeftes aan ŉ plek om te behoort en ŉ gemeenskap van gelowiges sluit nou aan by mekaar. Die behoeftes rakende verhoudings kan ook hierby gevoeg word.

Die derde behoefte, naamlik aan geestelike begeleiding, hou verband met die aard van die verhouding tussen die studente en die leraars. Die primêre behoefte is ŉ behoefte aan geestelike begeleiding. Die sekondêre behoefte is om toegerus te word.


© University of Pretoria

Dit sluit in om met iemand te praat en iemand wat leiding bied en vrae oor geloof kan beantwoord.




**Figuur 37**

In vergelyking met die ander vier behoeftes het min van die studenteleraars verwys na en uitgebrei oor die studente se behoefte aan ŉ geestelike tuiste waar hulle geestelik kan groei. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die leraars die behoefte as die kleinste of minder algemene behoefte beskou.

## 6. TWEEDEJAARSTUDENTE

### 6.1. Die betrokkenheid van tweedejaarstudente in die studentegemeentes

Die navorser het twee vrae aan die betrokke studenteleraars gevra rakende die betrokkenheid van tweedejaarstudente in hul gemeentes. Die twee vrae word saam bespreek omdat die studenteleraars se antwoorde op die vrae by mekaar aansluit en oorvleuel. Die twee vrae lees soos volg:

1. Hoeveel van die tweedejaarstudente wat in hul eerste jaar by die gemeente ingeskakel het, is steeds betrokke in die gemeente in hul tweede jaar?
2. Is daar studente wat eers in hul tweede jaar by die gemeente en die gemeente aktiwiteite inskakel?

6.1.1. <u>Datarapportering</u>

Ses studenteleraars het geantwoord dat dit vir hulle baie moeilik is om te sê hoeveel van die universiteitstudente wat in hul eerste jaar by die gemeente aangesluit het, steeds betrokke in die gemeente is (sien SL 6, SL 7, SL 8, SL 10, SL 15 en SL 17). SL 6, SL 7 en SL 17 het verduidelik dat dit nie vir hulle moontlik is om te sê nie omdat daar konstante beweging in die gemeentes is van studente wat kom en gaan.


© University of Pretoria

Vyf studenteleraars het geantwoord dat die meerderheid van die studente wat in hul eerste jaar by die gemeente aansluit vir die duur van hul studie by die gemeente betrokke bly (sien SL 6, SL 7, SL 9, SL 17 en SL 18).

Agt van die studenteleraars het in antwoord op die vraag of studente eers in hul tweede jaar by die gemeente inskakel, gesê dat dit wel gebeur, maar dat dit min gebeur (sien SL 5, SL 6, SL 9, SL 15, SL 17 en SL 18). SL 5 en SL 14 verduidelik dat dit, uit hul ervaring, net gebeur indien hulle deur vriende genooi en ingetrek word by die gemeente.

Ses studenteleraars het verduidelik dat hulle elke jaar begin met ŉ eerstejaarskamp of ŉ aanvangskamp (sien SL 1, SL 11, SL 12, SL 14, SL 17 en SL 18). Twee van die studenteleraars het verder verduidelik dat die studente wat die kamp bywoon die studente is wat by die gemeente inskakel (sien SL 14 en SL 18). SL 11, SL 12 en SL 17 beleef weer dat nie al die eerstejaarstudente wat gaan kamp by die gemeente inskakel nie.


Ses van die betrokke studenteleraars het in antwoord op die vrae verduidelik dat studente, uit hul ervaring, gedurende hul eerste jaar uit die gemeentes "verdwyn" (sien SL 7, SL 8, SL 10, SL 11, SL 12 en SL 13). Drie van die studenteleraars verduidelik dat die eerstejaarstudente nie betrokke is in hul eerste jaar nie omdat hulle gedurende die jaar die nuwe universiteitsomgewing verken.

Vyf studenteleraars sê verder dat sommige studente later, hetsy in hul tweede jaar of later, weer by die gemeente inskakel (sien SL 7, SL 8, SL 10, SL 15 en SL 17). Die leraars verduidelik dat die studente terugkeer wanneer hulle klaar die studentelewe verken en hulle voete gevind het. Die leraars beleef ook dat die studente terugkeer nadat hulle ander kerke verken het en dan terugkeer omdat hulle "besef hier is meer" (SL 8, sien ook SL 10) of omdat hulle ŉ behoefte het aan Skrifgetroue prediking (SL 10) of omdat hulle ernstig is oor hulle "geloofsvorming" (SL 3).

Vier van die studenteleraars het gesê dat sommige studente verkies om saam met hul vriende na ander kerke toe te gaan (sien SL 1, SL 2, SL 10 en SL 17). SL 2 en SL 10 het gespesifiseer dat van die studente verkies om na charismatiese kerke te gaan.


© University of Pretoria

6.1.2. <u>Skematiese voorstelling en beskrywing van onderlinge verbande</u>




**Figuur 38**



© University of Pretoria

Vanuit die studenteleraars se antwoorde blyk dit nie moontlik te wees om die presiese aantal tweedejaarstudente wat in hul eerste jaar aangesluit het by die gemeente en steeds in hul tweede jaar by die gemeente betrokke is, te bepaal nie. Die rede hiervoor is die konstante beweging van studente.

Vanuit die studenteleraars se antwoorde blyk daar drie algemene tendense te wees wat studente se bywoning en betrokkenheid in die gemeente betref. Eerstens begin die meerderheid van die gemeentes elke jaar met ŉ eerstejaarskamp. Die meer algemene tendens blyk te wees dat nie al die studente wat die kamp bywoon by die gemeente inskakel nie. Tweedens beleef die leraars dat die meerderheid van die studente wat in hul eerste jaar by die gemeente ingeskakel het, aanbly vir die duur van hul studie. Dit is min dat studente eers in hul tweede jaar by die gemeente inskakel. Derdens beleef die leraars ook dat studente tydens hul eerste jaar verdwyn uit die gemeente en in hul latere studiejare weer na die gemeente terugkeer.

6.1.3. Resultate en bevindinge

Vanuit die studenteleraars se antwoorde maak die navorser die afleiding dat dit onwaarskynlik is dat studente wat nie in hul eerste jaar kennis maak met die gemeente nie op enige ander stadium van hul studie by die gemeente sal inskakel.

Vanuit die leraars se antwoorde blyk vriende ook ŉ bepalende faktor te wees in die studente se keuse van gemeente.

## 6.2. Beskrywing van tweedejaarstudente

Die gespreksvraag lees soos volg:

Hoe sou julle tweedejaarstudente beskryf? Hoe beleef julle hulle?

6.2.1. Datarapportering

Vanuit die ander studenteleraars se antwoorde op die vraag is vier algemene eienskappe van tweedejaarstudente geïdentifiseer. Hierdie eienskappe word vervolgens kortliks bespreek.


© University of Pretoria

6.2.1.1. Baie slim

Vier van die betrokke studenteleraars het tweedejaarstudente as "baie slim" beskryf (sien SL 5, SL 9, SL 11 en SL 14). Hiermee saam het van die studenteleraars die tweedejaarstudente beskryf as "hulle dink hulle het al die antwoorde" (SL 5, sien ook SL 11) en woorde soos "windgat" (SL 12) en "arrogant" (SL 3) gebruik om hulle te beskryf.

6.2.1.2. Die verskil tussen eerstejaar- en tweedejaarstudente

Elf van die betrokke studenteleraars het in antwoord op die vraag gesê dat hulle ŉ definitiewe verskil tussen eerste- en tweedejaarstudente sien. Die eerste jaar is vir studente baie oorweldigende en verwarrend (sien SL 12, SL 13 en SL 17). Hulle moet aanpas in hul nuwe omgewing (sien SL 13 en SL 17), hulle beleef baie spanning en druk om "deur te kom" (sien SL 10 en SL 16) en hulle is nog baie "naïef" en "skrikkerig" (sien SL 3, SL 10 en SL 14).

Daarenteen is tweedejaarstudente reeds tuis in hul nuwe omgewing (sien SL 9, SL 12, SL 15, SL 16, SL 17). SL 10 beskryf die tweede jaar as "die hoogtepunt van vryheid" (sien ook SL 16). Tweedejaarstudente verstaan ook nou hoe die lewe as ŉ student werk en het meer vryheid en selfvertroue as in hul eerste jaar om te besluit wat hulle wil doen en nie wil doen nie (sien SL 10, SL 16 en SL 17). In teenstelling met die verwardheid en naïwiteit van eerstejaarstudente, begin tweedejaarstudente om hul eie opinies te vorm en vrae te vra en is, soos reeds verduidelik, "baie slim" (sien SL 3, SL 7 en SL 14). SL 3 en SL 13 noem ook dat hulle ervaar dat van die tweedejaarstudente oor meer selfkennis beskik as in hul eerste jaar. Ses van die betrokke studenteleraars het in hul beskrywing van tweedejaarstudente genoem dat hulle groei by tweedejaarstudente bespeur (sien SL 6 en SL 13) en dat tweedejaarstudente meer volwasse is as eerstejaarstudente (sien SL 6, SL 9 en SL 15).

6.2.1.3. Energiek en entoesiasties

Die studenteleraars verduidelik verder dat, noudat die studente "hul voete gevind het" in die universiteitsomgewing en die vryheid wat daarmee gepaard gaan besef, hulle, as studenteleraars, "ŉ nuwe stuk energie" by tweedejaarstudente bespeur (SL 5, sien ook SL 9, SL 12). Van die leraars gebruik woorde soos "ywerig", "entoesiasties" en


© University of Pretoria

"idealisties" om hulle te beskryf (sien SL 3, SL 8 en SL 12). Tweedejaarstudente "sprei hulle vlerke" en "vlieg", hulle gaan volheid vir alles (sien SL 10, SL 13 en SL 16).


6.2.1.4. Begin om identiteit as individu te ontdek

Sewe van die betrokke studenteleraars het verduidelik dat tweedejaarstudente begin om hul identiteit as individue te ontdek, te ontwikkel en te vestig (sien SL 1, SL 3, SL 5, SL 6, SL 9, SL 14 en SL 17).

Hierdie proses is vir sommige tweedejaarstudente uitdagend. Van die studenteleraars beleef dat tweedejaarstudente baie onsekerheid ervaar en verward is (sien SL 5, SL 13, SL 14 en SL 16). SL 1 en SL 16 het albei genoem dat hulle baie pastorale gesprekke met tweedejaarstudente het. SL 16 verduidelik dat hy baie pastorale gesprekke oor depressie en angs met tweedejaarstudente het. Die redes wat hy hieraan toeskryf sluit in dat die studente begin vrae vra oor die lewe en geloof en omdat hulle nou tuis is in hulle nuwe omgewing, "kom al die angs en onsekerheid na die oppervlak". SL 13 sluit aan by SL 16 wanneer sy sê dat sy ervaar dat sommige tweedejaarstudente voel dat dit met hulle goed gegaan het in hul eerste jaar, maar nou in hulle tweede jaar voel hulle "nowhere". SL 1 en SL 13 beleef dat baie tweedejaarstudente hul studierigting bevraagteken. SL 13 skryf die onsekerheid en verwarring toe aan die innerlike stryd oor of die student in die regte studierigting is of nie.


© University of Pretoria

6.2.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande




**Figuur 39**


© University of Pretoria

Vanuit die studenteleraars se antwoorde is vier algemene eienskappe van tweedejaars geïdentifiseer, naamlik baie slim, verskil van eerstejaars, energiek en entoesiasties en begin om identiteit te ontdek. Die leraars se beskrywing van die eienskappe is breedvoerig. Dit dui vir die navorser op uiteenlopende verstaanswyses en belewenisse van die eienskappe, soos ook gesien in die datarapportering.

6.2.3. Resultate en bevindinge

Soos gesien in die datarapportering het die studenteleraars wat ŉ opmerking gemaak het oor die tweedejaarstudente se ontdekking van identiteit nie ŉ opmerking gemaak oor die verskil tussen eerste- en tweedejaarstudente en omgekeerd nie. Die twee eienskappe van tweedejaarstudente is dus twee verskillende sieninge van tweedejaarstudente. Die een sienswyse beskou tweedejaarstudente as selfversekerd, onafhanklik en as individue met selfkennis. Die ander beskou tweedejaarstudente as onseker, verward en in die beginfase van identiteitsontwikkeling. Die navorser verkies nie die een sienswyse bo die ander nie, maar aanvaar dat beide waar kan wees.

## 6.3. Bedieningsbehoeftes van tweedejaarstudente

Die gespreksvraag lees soos volg:

> Wat sou julle sê is die bedieningsbehoeftes van tweedejaarstudente?

6.3.1. Datarapportering

Vanuit die ander studenteleraars se antwoorde op die vraag is vier algemene bedieningsbehoeftes geïdentifiseer, naamlik die behoefte aan mentorskap, die behoefte aan ŉ veilige ruimte, die behoefte aan gemeenskap en die behoefte om betrokke te wees.

6.3.1.2. Die behoefte aan mentorskap

Die behoefte aan mentorskap was die mees algemene behoefte wat deur nege van die betrokke studenteleraars genoem en bespreek is. Die studenteleraars verstaan ŉ behoefte aan mentorskap en die aard van die mentorskap as ŉ behoefte aan begeleiding deur ŉ uitdagings wat studente beleef (sien SL 3, SL 5 en SL 14). SL 10 en SL 15 noem verder dat studente die behoefte het om toegerus te word met kennis. Verder het die studente ook ŉ behoefte aan iemand wat na hulle sal luister (sien SL


© University of Pretoria

3), iemand met wie hulle in gesprek kan tree wanneer hulle vrae het en/of iemand om mee te praat as hulle ŉ krisis het (sien SL 9, SL 10 en SL 15). Tweedejaarstudente het soms iemand nodig om hulle te help en aan hulle emosionele ondersteuning te bied (sien SL 7, SL 9 en SL 14).

6.3.1.3. Die behoefte aan veilige ruimtes

Drie studenteleraars het genoem dat tweedejaarstudente ŉ behoefte het aan veilige ruimtes (sien SL 2, SL 3 en SL 10). Vanuit die studenteleraars se antwoorde het hulle twee ruimtes genoem. Eerstens het tweedejaarstudente die behoefte aan ŉ veilige ruimte waarin hulle vrae kan vra, uiting kan gee aan hul frustrasie en moedeloosheid en met ander studente en die studenteleraar in gesprek kan tree (sien SL 2 en SL 3). Tweedens het tweedejaarstudente ŉ behoefte aan ŉ veilige ruimte waar hulle kan ontspan, rus en net kan wees (sien SL 3 en SL 10).

6.3.1.4. Die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges


Drie van die betrokke studenteleraars het in antwoord op die vraag genoem dat tweedejaarstudente ŉ behoefte het aan ŉ gemeenskap waar hulle kan behoort (sien SL 6, SL 7 en SL 9).

6.3.1.5. Die behoefte om betrokke te wees

Twee van die betrokke studenteleraars het in antwoord op die vraag genoem dat tweedejaarstudente die behoefte het om aktief betrokke te wees in die gemeente (sien SL 10 en SL 11). Tweedejaarstudente gryp graag geleenthede aan, hulle help graag en aanvaar meer verantwoordelikheid in die bediening.


© University of Pretoria

6.3.2. Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande





**Figuur 40**



© University of Pretoria

Vanuit die leraars se antwoorde blyk dit dat mentorskap by uitstek tweedejaarstudente se grootste bedieningsbehoefte is. Die behoefte aan ŉ veilige ruimte as ŉ ruimte waarin hul vrae kan vra en gesprekke kan voer, sluit by die behoefte aan mentorskap aan. Die behoefte aan mentorskap is volgens die navorser ook ŉ behoefte aan pastorale sorg.




**Figuur 41**

6.3.3. <u>Resultate en bevindinge</u>

Die behoeftes van tweedejaarstudente, soos genoem deur die leraars, oorvleuel met en verskil van die algemene bedieningsbehoeftes wat hul genoem het in afdeling 5.4. Vanuit die leraars se antwoorde is die behoefte om betrokke te wees ŉ unieke behoefte van tweedejaarstudente. Die behoefte aan ŉ plek om te behoort, ŉ gemeenskap van gelowiges, verhoudings en geestelike tuiste, blyk vanuit die leraars se antwoorde nie so prominent te wees onder tweedejaarstudente nie.

Die prominente behoefte aan mentorskap sluit nou aan en oorvleuel met die behoefte aan geestelike begeleiding (sien afdeling 5.4.1.5). Vanuit die leraars se antwoorde op die onderskeie vrae tref die navorser die volgende onderskeid tussen die behoefte aan geestelike leiding (afdeling 5.4.1.5.) en mentorskap (afdeling 6.3.1.1.). Die behoefte aan geestelike leiding handel meer oor vrae oor gedrag, optrede en die soeke na waarheid wat profetiese en apologetiese gesprekke benodig. Die behoefte aan mentorskap is meer ŉ behoefte aan geestelike begeleiding en pastorale sorg.


© University of Pretoria

## 7. LAASTE OPMERKINGS

Die gespreksvraag lees soos volg:

Is daar enige iets anders wat julle graag onder my aandag wil bring?

### 7.1. Datarapportering

Elkeen van die betrokke studenteleraars se antwoord op die vraag was uniek. Daar is egter twee algemene opmerkings wat deur van die betrokke studenteleraars gemaak is.

Eerstens het twee van die betrokke leraars genoem dat dit vir hulle ŉ groot verlies is dat studenteleraars nie meer op nasionale vlak na mekaar omsien nie (sien SL 4 en SL 5).

Tweedens het drie van die betrokke studenteleraars gesê dat hulle ŉ behoefte het aan verdere soortgelyke navorsing oor studentebediening, maar met ŉ ander fokus. SL 2 het genoem dat hy dink daar is ŉ behoefte aan soortgelyke navorsing wat fokus op Engelssprekende studente ten einde ŉ meer holistiese beeld van studentebediening in Suid-Afrika te verkry. SL 8 en SL 11 het genoem dat hulle die behoefte het aan soortgelyke navorsing wat fokus op kerkvervreemde universiteitstudente ten einde vas te stel waarom studente van die kerkvervreemd geword het en om studente en studenteleraars te bemagtig om die universiteitskampus as ŉ sendings- of bedieningsveld te betree.

## 8. BEVINDINGE

### 8.1. Studentebediening in Suid-Afrika

Die doel van die hoofstuk is om ŉ realistiese beeld van studentebediening aan Afrikaanssprekende studente in Suid-Afrika te vorm.

Studentebediening is ŉ soort bediening wat belangrik geag word deur die betrokke kerkverbande. Soos gesien in hoofstuk 2, eggo die studenteleraars se antwoorde ook die kerkverband se ondersteuning wat die kerkverband aan studentegemeentes gebied het en steeds bied. Vanuit die onderhoude is dit ook duidelik dat studentebediening belangrik geag word deur die residensiële lidmate van die kerk.



© University of Pretoria

Studentebediening in Suid-Afrika is uiteenlopend. Die bedienings verskil ten opsigte van grootte, struktuur, funksionering en bedieningsfilosofie. Die verskille is hoofsaaklik weens die individuele studenteleraars van die gemeente en die konteks waarin die gemeente studente bedien.

8.1.1. Uitdagings van studentegemeentes weens die veranderende konteks van universiteitskampusse in Suid-Afrika

Die konteks waarin ŉ studentegemeente studente bedien, speel ŉ invloedryke en bepalende rol in spesifiek die bedieningsmodel en, tot ŉ beperkte mate, in die bedieningsfilosofie van die studentegemeente. Daar is ooreenkomste tussen die bedieningsfilosofieë en bedieningsmodelle van gemeentes wat in dieselfde kontekste bedien. Een van die veranderinge in die breër konteks wat ŉ uitdaging aan studentebediening bied, is die toenemende aantal kerke, meer spesifiek charismatiese kerke, wat ook universiteitstudente bedien. Charismatiese kerke bied veral twee uitdagings aan die betrokke studentegemeentes. Eerstens verkies al meer Afrikaanssprekende studente om by die studentebediening in te skakel en tweedens laat die charismatiese teologie Gereformeerde studente met baie geloofsvrae.

Daar is ook ŉ direkte korrelasie tussen die stand en funksionering van die universiteitskampus en die studentegemeentes verbonde aan die kampus. Die mees prominente uitdagings vir studentebediening, soos belig deur die leraars, hou ook direk verband met die universiteitkampus. Eerstens is daar duidelike aanduidings dat studentebediening krimp omdat al minder Afrikaanssprekende studente aan die betrokke universiteite gaan studeer. Tweedens verkies studente privaat behuising bo koshuisverblyf. Hierdie keuse bemoeilik die studenteleraars se pogings om die studente te bereik en by hul bedienings te betrek.

Die derde uitdaging word, na aanleiding van die kwalitatiewe navorsing, deur die studenteleraars beskou as die grootste en belangrikste uitdaging aan studentebediening, naamlik die uitdaging om die diverse studentegemeenskappe in Suid-Afrika te weerspieël. Die uitdaging behels veral om hul bedienings so in te rig en aan te bied dat studente van alle rasse-, taal-, kultuur- en teologiese agtergronde welkom sal voel, tuis kan kom om saam te aanbid en ŉ geloofsgemeenskap te vorm. *Multikulturele bedienings* word as sambreelterm gebruik om na sulke geloofsgemeenskappe te verwys. Die kwalitatiewe navorsing toon dat Afrikaans as


© University of Pretoria

primêre bedieningstaal die grootste struikelblok vir meer multikulturele bedienings in Suid-Afrika is.

## 8.2. Die student

Die navorsingsvraag van die proefskrif vra wie die hedendaagse Afrikaanssprekende universiteitstudent is en hoe die leefwêreld van sodanige universiteitstudent lyk. Die studenteleraars het vanuit hul ervaringe en interaksies met die studente twee strominge onder die studente onderskei.

Eerstens is daar studente wat meer konserwatief en behoudend is, wat hul lewensbeskouing, politieke sieninge en teologiese oortuigings betref. Hierdie studente is geneig om gekant te wees teen verandering. Tweedens is daar studente wat meer liberaal is en juis verandering aanmoedig. Daar is ŉ direkte verwantskap tussen die mikro- en meso-omgewings (sien hoofstuk 8) waarin die student grootgeword het en die denkwyse en wêreldbeskouing van die student.

Die studenteleraars het ŉ blik gebied op die leefwêreld van die universiteitstudent as student. Die leraars het veral beklemtoon dat studente in hul nuwe omgewing gekonfronteer word met mense wie se wêreldbeskouings, waardes en teologiese oortuigings radikaal van hul eie verskil. Die verskille waarmee die studente gekonfronteer word, is vir hulle moeilik om te hanteer en daarom is hulle op soek na leiding en antwoorde op hul vrae.

Soos verduidelik in hoofstuk 1, is die navorsing gefokus op tweedejaarstudente. Die studenteleraars het tweedejaarstudente beskryf as studente wat (1) besig is om hul identiteit as individue te ontdek, te ontwikkel en te vestig; vir wie dit (2) belangrik is om deel te wees van ŉ groep; en wat (3) ŉ behoefte het aan mentorskap.

## 8.3. Bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende studente soos verstaan deur die studenteleraars

Die doel van die navorsing is om die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende studente te identifiseer. Vanuit die onderhoude met die studenteleraars het die navorser drie kernbehoeftes geïdentifiseer. Die drie behoeftes word deur die studenteleraars geag as die primêre behoeftes van studente en dit is ook die behoeftes waarin hulle by wyse van hul onderskeie bedienings wil voorsien. Die


© University of Pretoria

behoeftes sluit in die behoefte aan gemeenskap, die behoefte aan geloofsvorming en die behoefte aan mentorskap.

Die drie behoeftes en ander konsepte wat gebruik is om die behoeftes te beskryf, is algemene konsepte wat deur die leraars gebruik is. Dit is egter nie vir die navorser moontlik om vanuit die analise van die onderhoude ŉ algemene begrip of definisies van die konsepte te formuleer nie omdat die leraars se gebruik en begrip van die konsepte so uiteenlopend is.

8.3.1. Gemeenskap van gelowiges

Vanuit die kwalitatiewe data kom die navorser tot die gevolgtrekking dat die leraars die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges as die studente se grootste behoefte beskou. Die studenteleraars het verduidelik dat studente die behoefte het aan ŉ plek waar hulle kan behoort en aan ŉ gemeenskap waarvan hulle deel kan wees. Daarby het studente ook ŉ behoefte aan diepgaande verhoudings. Een van die algemene bedieningsfilosofieë van die leraars is daarom ook om vir studente ŉ tuiste te skep.

Studentebediening in Suid-Afrika is oor die algemeen nie intergenerasionele bediening nie. Daar is wel by enkele leraars die droom dat hul studentegemeenskappe ook deel van ŉ intergenerasionele gemeenskap moet wees.




**Figuur 42**



© University of Pretoria

8.3.2. Mentorskap

Die konsep *toerus* het herhaaldelik in die onderhoude voorgekom. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die leraars hul rol as mentors verstaan as om die studente spesifiek toe te rus om hul roeping uit te leef. Die konsep van *stuur* sluit hierby aan. Die oogmerk van toerusting is om die studente die wêreld in te stuur, hetsy om diensbaar te wees in ŉ volgende gemeente en/of om ŉ leidende rol in die gemeenskap te speel en/of om as ŉ verantwoordelike landsburger te leef.

Die leraars se beskrywing van die studente se behoefte aan geestelike begeleiding sluit hierby aan en dien as dryfveer vir die leraars se begrip van mentorskap. Die behoefte aan mentorskap is ook as die mees algemene behoefte van tweedejaarstudente geïdentifiseer.

Een van die maniere waar mentorskap by wyse van toerusting plaasvind, is in persoonlike en groepsgesprekke waar aktuele sake en vrae wat die studente het bespreek en antwoorde gebied word.




**Figuur 43**

8.3.3. Geloofsvorming

Vanuit die kwalitatiewe data kom die navorser tot die gevolgtrekking dat die leraars die behoefte aan geloofsvorming as studente se kleinste behoefte beskou. Vanuit die leraars se beskrywings van hul bedieningsfilosofieë kom die navorser tot die gevolgtrekking dat die leraars geloofsvorming hoofsaaklik verstaan as om studente te begelei om te groei in hul verhouding met God; om te besef dat hulle ŉ roeping het; en om te verstaan wat die roeping is. Die leraars verstaan geloofsvorming oorhoofs


© University of Pretoria

as lering. Dit hou direk verband met die leraars se begrip van die studente se behoeftes aan ŉ geestelike tuiste en geestelike begeleiding.




**Figuur 44**

## 9. SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is die derde en laaste van die drie empiriese hoofstukke van die proefskrif.

Die data wat vanuit die onderhoude met die studenteleraars verkry is, het aan die navorser ŉ dieper begrip van die studenteleraars se begrip van die studente se bedieningsbehoeftes besorg. Die volgende hoofstuk is die eerste van twee literatuurhoofstukke. In die hoofstuk word ŉ literatuurondersoek ingestel na die ontwikkeling en leefwêreld van die student.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 6

# STUDENTEBEDIENING

## 1. INLEIDING

Die navorsingsprobleem, navorsingsvraag en doel van hierdie studie is reeds in hoofstuk 1 soos volg geformuleer:

Die navorsingsprobleem van die studie is dat daar gebrekkige begrip en kennis is van die behoeftes van Afrikaanssprekende studentelidmate van die Gereformeerde studentegemeentes in Suid-Afrika. Daar is tans weinig resente navorsing oor studentebediening in die Suid-Afrikaanse konteks om leraars in hul onderskeie bedienings te ondersteun. Die navorsingsvraag is om vas te stel wie die hedendaagse Afrikaanssprekende universiteitstudent is en hoe die leefwêreld van sodanige student lyk ten einde die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente te identifiseer. Die doel van die navorsing is om die bedieningsbehoeftes van universiteitstudente in Suid-Afrika te identifiseer en om studentegemeentes teologies te bemagtig om studente meer sinvol en effektief te bedien.

Die hoofstuk verteenwoordig die derde van die vier kerntake van Osmer (2008:31-218) se praktieseteologie-interpretasie. Die derde taak is die normatiewe taak. Die doel van die taak is om bepaalde episodes of kontekste te interpreteer deur middel van teologiese konsepte ten einde etiese norme te konstrueer om gedrag te bepaal en te leer by “goeie praktyke” (sien Osmer 2008:4). Die hoofstuk beantwoord die rigtinggewende vraag van die normatiewe taak, naamlik: Wat behoort te gebeur? (sien Osmer 2008:4; 31-78).

Die navorser het gekies om die normatiewe taak voor Osmer (2008:175-218) se tweede taak, die interpretatiewe taak, te plaas. Omdat hierdie studie in die veld van die praktiese teologie is, ag die navorser dit nodig om eers die praktieseteologiebegronding vir studentebediening te bespreek voordat die psigologiese interpretasie bespreek word. Hierdie hoofstuk is dus die eerste literatuurhoofstuk van die proefskrif.


© University of Pretoria

## 2. TEOLOGIESE BEGRONDING VAN JEUGBEDIENING

Jeugbediening is ten diepste teologies maar dit is nie altyd so verstaan nie (sien Nel 2018a:19; vgl. Roebben 2012:192-206). Tradisioneel is daar byvoorbeeld duidelik onderskeid getref tussen *jeugbediening* (oftewel *jeugarbeid* soos dit vroeër bekendgestaan het) en *kategese* en/of *Christelike onderrig*. Jeugbediening en kategese is as afsonderlike entiteite beskou. In die digotomie is kategese gewoonlik teologies begrond, terwyl jeugbediening beskou is as ŉ nie-amptelike bediening van die kerk (sien Nel 2018a:19), soos ook verduidelik in hoofstuk 2.

Nel (2018a:22) skryf dat jeugbediening voortdurend teologies gefundeer moet word. Dit is die oortuiging van die navorser dat studentebediening, as deel van jeugbediening, ook voortdurend diep teologiese motivering en begronding benodig. Dit is ook die fokus van hierdie hoofstuk om ŉ teologiese grondslag vir studentebediening in Suid-Afrika te verken. In die hoofstuk word verskeie teologiese lense en perspektiewe op studentebediening bespreek. Voordat die teologiese begronding in diepte bespreek word, is dit eers nodig om die doel van jeugbediening, die benadering tot Jeugbediening en die plek van studentebediening in jeugbediening te verstaan.

### 2.1. Die aard van jeugbediening

Die oorlewing van ŉ spesifieke denominasie is dikwels as die doel van jeugbediening beskou. Die jeug word gesien as ŉ belegging in die toekoms van die kerk (sien Nel 2018a:195). Root (2017:xviii) skryf dat Bonhoeffer (2009:515-517) soos volg hierop sou reageer:

> Since the days of the youth movement, church youth work has often lacked that element of Christian sobriety that alone might enable it to recognize that the spirit of youth is not the Holy Spirit and that the future of the church is not youth itself but rather the Lord Jesus Christ.

Root (2014a:xix) skryf verder dat die kerk se obsessie met jeugdigheid ŉ ondeug is en, na sy mening, aanleiding gegee het tot die fenomeen van moralistiese terapeutiese deïsme (sien hoofstuk 7). In teenstelling met Root se beskouing, bevraagteken kerke juis nie hierdie sogenaamde obsessie met jeugdigheid nie omdat die werwing van jong lidmate juis verkeerdelik as noodsaaklik verstaan word om die


© University of Pretoria

voortbestaan van die kerk te verseker. Die stelling dat daar na die jeug omgesien moet word omdat die kerk net een generasie weg is van uitsterwing, regverdig nie die rede vir die belang van die jeug nie. So ŉ stelling, soos Bonhoeffer (2009:515-517) uitgewys het, sien die toekoms van die kerk nie in Jesus Christus nie, maar in die jeug. Root (2014a:xix) skryf verder dat sodanige denke oor die jeug as die toekoms van die kerk skadelik is, want dit verruil die goddelike aksie van die Heilige Gees vir pragmatiese strategie wat die kerk kan help om die jeug te behou en die institusionele kerk te red. Deur op te tree asof die jeug die kerk kan red, word geloof beskou as sogenaamde “brand loyalty” aan die kerk wat gestel word bo die ervaringe van die lewende Christus, wat na ons gekom het deur die kruis en opstanding en homself aan ons gegee het as die geskenk van geloof (sien Root 2014a:xix).

Gevolglik hou die aard van jeugbediening direk verband met die teologiese begronding daarvan (sien Nel 2018a:196). Dit is die oortuiging van die navorser dat die doel van studentebediening ook nie die behoud van die kerk is nie, maar dat die doel van studentebediening ook direk verband hou met die teologiese begronding van jeugbediening en, gevolglik, studentebediening.

### 2.2. ŉ Omvattende en inklusiewe benadering

Jeugbediening is deel van die totale, omvattende gemeentelike bediening en is nie ŉ afsonderlike entiteit nie (sien Nel 2018a:214; vgl. Beyer 1978:7). Ongelukkig is dit nie altyd die geval nie. Dean (2011:20) skryf dat dit steeds algemeen vir gemeentes is om jeugbediening te beskou as ŉ hulpmiddel vir evangelisasie of as ŉ onderafdeling van Christelike onderrig. Die geheel is die gemeente en as deel van die geheel is die jeug en jeugbediening ŉ integrale en belangrike deel. Daarom kan jeugbediening nie net geskuif word na die jeug se vrye tyd nie (sien Nel 2018a:214). Die argument vir ŉ omvattende en inklusiewe benadering tot jeugbediening is gebaseer op die gevolgtrekking en drie gevolge van die Bybelse perspektief op jeugbediening (sien afdeling 4.1.4.).


© University of Pretoria

### 2.3. Ouderdomspesifieke jeugbediening

Differensiasie in jeugbediening verwys na twee vlakke, naamlik *bediening* en *jeug*. Bediening verwys daarna dat bediening aan die jeug alles behels wat bediening aan volwassenes behels. Daar is egter ŉ groot verskil tussen ŉ volwassene en ŉ kind en daarom is differensiasie in die bediening belangrik.

Die navorser verstaan bediening soos gedefinieer deur Root (2014b:xx) in sy boek, *Christopraxis*. Hy skryf dat hy nie met die woord "bediening" verwys na die geestelike of institusionele funksies nie, maar eerder:

> a relational, personal, and embodied (even emotive) encounter of love and care, a willingness to share in the other, to join in the concrete experience of homelessness, imprisonment and hunger, to enter the experience of suffering for the sake of participating in the transformation towards new life. In these acts of ministry that join concrete humanity, Jesus is present through the ministerial action of the Spirit.

Die tweede vlak behels die karaktereienskappe van die jeug in verskillende ouderdomsgroepe. Dit is wat Root (2007:30) *ouderdomspesifieke bediening aan die jeug* noem (sien Nel 2018a:231).

Jeugbediening is dus nie ŉ afsonderlike of verskillende bediening nie. Dit neem egter dit wat kenmerkend is van ŉ spesifieke bediening én dit wat kenmerkend is van ŉ spesifieke ouderdomsgroep aan wie die bediening gerig is in ag. In jeugbediening is prediking byvoorbeeld steeds prediking, maar dit fokus op en is gerig op die jeug. Die fokus word bepaal deur die jeug se lewensfase en die behoeftes van die spesifieke fase (sien Nel 2001b)

### 2.4. Die plek van studentebediening in jeugbediening

Studentebediening vind nie in isolasie plaas nie. Die student was reeds deel van en is gevorm in jeugbediening toe hy/sy op skool was. Die taak van jeugbediening is egter nie klaar as die kind klaar is met skool nie, maar duur voort deur die student se studiejare. Studentebediening is ŉ belangrike deel van jeugbediening. Jeugbediening aan alle ouderdomme, hetsy voorskools, skoolgaande of naskools hou baie nou met mekaar verband, beïnvloed mekaar en bou op mekaar. Studentebediening bou voort op die psigososiale ontwikkeling en geloofsvorming waaraan daar in jeugbediening in hul tuisgemeente aandag gegee is.


© University of Pretoria

Die vorm, inhoud en intensiteit van religieuse sosialisering gedurende adolessensie is deurslaggewend in die vorming van latere religieuse uitkomste (sien Smith 2009:286). Die taak van religieuse sosialisering is gewoonlik die verantwoordelikheid van hoofsaaklik twee sosiale entiteite. Die eerste is die individuele gesin, waar ouers waarskynlik die meeste sosialisering bewerkstellig. Die tweede is individuele religieuse gemeentes waar ander volwassenes sosialiserende invloede op die jeug kan uitoefen. Die bevinding van Smith (2009:286) se navorsing wys duidelik dat die individuele gesin en die religieuse gemeenskap deurslaggewend is vir die geloofsvorming van die jeug in die VSA. Indien vorming in geloof nie hier gebeur nie is die kanse skraal dat dit êrens anders sal gebeur.

## 3. TRINITARIESE LENS VIR JEUGBEDIENING

Die eerste teologiese begronding vir jeugbediening is Nel (2018a:23-26) se Trinitariese lens op jeugbediening.

Die breër kerkverband en die gemeente, insluitend die jeug, is ŉ Trinitariese realiteit: Ons word tot stand gebring deur die genade van die Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is die kern van ons selfbegrip as mense met ŉ missie. Ons is, omdat God is. Dit is ŉ kritiese vertrekpunt in die verstaan dat die kerk nie ŉ missie het nie, maar ŉ missie is en in missie is. Ons is ŉ gevolg van die werk van die Vader, Seun en Heilige Gees. 'We are a work of God for a God-intended purpose' (Nel 2015b:49).

Zscheile (2012:13) skryf dat die Triniteit ŉ integrale deel van die missionale teologie van geloofsvorming is. Die God wat ons ken vanuit die reddingsgeskiedenis, in Jesus Christus, en in die gemeenskap van die kerk is ŉ gemeenskaplike, relasionele God wat vir en met ons is. So ŉ teologie moet nie net die *stuur*-konsep van die Triniteit, soos kenmerkend van Westerse teologie, in ag neem nie, maar ook die *sosiale lering* van die Triniteit wat ontwikkel is in Oosterse teologie, en meer onlangs, deur kontemporêre Westerse teoloë (vgl. Nel 2018a:23-24).

Fowler (1996:15,17) argumenteer lank reeds vir ŉ Trinitariese perspektief op adolessente en bediening:

> To our human point of view, from within God's oneness God's self-disclosure has manifested a three-ness. The fullness and plenitude of God's allness has come to us in a triplex of relations […] Trinitarian faith can offer youth the witness that God calls each


© University of Pretoria

> human being, and has called the church collectively, to vocations of partnership in God's cause – partnership in the divine praxis. Trinitarian proclamation offers as a prime theme this news about an ontological calling for human beings – this calling that comes with our very beings.

In jeugbediening word die Triniteit en die invloed van die begrip van die Triniteit op ons teologie en ekklesiologie ook erken. Michael Hryniuk (2007:65) skryf soos volg hieroor:

> Theologically, the starting point of our contemplative approach to Youth Ministry is found in a fully Trinitarian understanding of God's life, presence, and activity in the world. We discern God moving powerfully in the lives of young persons and their ministers as a creative, redemptive, and sanctifying force, drawing them into an intimate relationship with him and naming, claiming, and sending them forth as his beloved daughters and sons. Like a dancer who is sensitive to the movements of the other, who is leading, ministers to youth are being invited to respond to what the triune God is already doing in the lives of God's young people in calling them to this journey of the Beloved.

In jeugbediening bely ons ook dat mense geskep is en herskep word deur God. Ons is as gevolg van Hom. Dié belydenis is die werk van God se genade en die gawe van geloof (sien Nel 2018a:25).

Die belydenis is ook waar vir ons korporatiewe identiteit as mense van God. Wanneer ons die Triniteit ernstig opneem, het ons nie net verhoudings nie, maar is ons ons verhoudings (sien Nel 2018a:26).

### 3.1. Relasionele lens vir jeugbediening

Die relasionele lens op jeugbediening sluit nou aan by die Trinitariese lens op jeugbediening.

God het Homself verbind tot ŉ ewig herstellende verhouding met die mens en Sy wêreld. Lee (2006:101-108) verduidelik iets van die realiteit in terme van die ekonomie van die Trinitariese God. Die ekonomie van die Trinitariese God in die geskiedenis neem ŉ kommunikatiewe vorm aan. Die persone van die Triniteit werk saam om die Koninkryk op aarde te herstel. Die Gees en die Logos werk as ŉ eenheid om die glorie van die Vader sigbaar te maak. Die verheerliking van God is die einddoel


© University of Pretoria

van die Trinitariese ekonomie. Wanneer God verheerlik is, is alle skepsels ook herstel tot hul unieke, volle potensiaal.

Die mens se betrokkenheid in die herstelproses en die realisering van die Koninkryk is ŉ skeppingsgegewe (sien Nel 2018a:70). Die sosiale doktrine van die Triniteit beklemtoon die relasionele aard van menswees bo die individualistiese aard daarvan. Die uniekheid van elke mens word egter ook weerspieël in die Trinitariese persone. Die individu behou ook sy/haar uniekheid in verhouding tot ander. In verhouding, dien die uniekheid van elke persoon die ander. Sonder die basiese verskille van persone is verhoudings nie moontlik nie (sien Lee 2006:104; Nel 2018a:70-71).

Inteendeel, bevry en herstel die Gees die individu om hom/haar unieke self te wees soos God hom/haar geskep het vir die diens en daarstelling van die Koninkryk. Die sosiale verstaan van die Triniteit help om die *imago Dei* in Trinitariese en relasionele terme te herkonstrueer. Die *imago trinitatis* beskik oor ŉ kommunikatiewe verbondstruktuur. Die mens, geskape na die beeld van God, is geskep as ŉ relasionele wese. Die mens is geskep om ŉ vry, wederkerige vernoot van God se verbond te wees (sien Lee 2006:106).

Jeugbediening is gewortel in God se relasionele of verbondsverbintenis tot die mens en die wêreld. God het die verhouding gefundeer in Christus en deur sy Gees. Om aktief betrokke te wees in jeugbediening is niks anders as om deel te neem aan, en as jong mense in, dit waarmee God besig is en wat hy Homself relasioneel en as ŉ Verbondsgod verbind het om te wees. Diegene wat betrokke is by jeugbediening doen dit in die naam van God.

### 3.1.1 Relasionele bediening

ŉ Relasionele jeugbediening van ruimtedeling is ŉ ryker beeld van die inkarnasie en die koinonia van die Triniteit (Root 2009:61-62).

Relasionele jeugbediening, oftewel relasionele studentebediening, poog om studente te help om ŉ God te volg wat Homself bekendgemaak het in die persoon van Jesus Christus wat saam met ons ly deur ons te ontmoet in verhouding met Hom. Relasionele bediening moet daaroor handel om te deel in die ruimtes van jong mense


© University of Pretoria

soos Jesus Christus deel in ons ruimtes, eerder as om hulle te beïnvloed (sien Root 2009:11).

Nadat Root (2009:11) ŉ uitgebreide pleidooi gelewer het dat die doel van ŉ relasionele bediening nie is om te beïnvloed nie, maar eerder om ruimtes te skep, soos verduidelik aan die hand van Bonhoeffer se konsep van *plekdeling* ("place-sharing"), pak hy ŉ plekdelende bediening in twee punte uit (Root 2009:54-62).

ŉ Relasionele jeugbediening van delende ruimte beteken om in te staan vir die volle menswees van die adolessent (Root 2009:54-58). Hiermee bedoel Root (2009:54) om kniediep in die wanordelikheid van ander se lewens in te stap – nie om die gemors op te los of skoon te maak nie, maar om eerder saam met die persoon ŉ pad in die gemors te stap. God in Christus kom deel in ons ruimte en ons word dan geroep om dieselfde te doen.

ŉ Relasionele jeugbediening van ruimtedeling beteken "om saam te ly" (Root 2009:58-61). Hierdie punt bou op die vorige deurdat dit van die adolessent vra om sy/haar lyding te deel met die studenteleraar sodat hy/sy die seer kan ken en saam met hulle daar kan wees, nie net van buite af nie, maar ook van binne.

## 4. DISSIPELSKAP

Die antieke Griekse woord vir, *dissipelskap*, was geassosieer met "vakleerlingskap". Om te leer en om ŉ manier van leef te ontwikkel is die kern van dissipelskap. Nel (2018a:32) skryf dat gelowiges die vermoë om die lewe wat hulle ontvang het te leef, verloor het. Hy sê verder dat ons selfs die betekenis van dit waaroor die lewe gaan, verloor het. Root (2014a:72) is van mening dat ons die konsep van dissipelskap verflou het na net *imitatio Christi*, terwyl dit veel meer gaan oor *participatio Christi*. Hy haal Bonhoeffer aan wat sê dat wanneer Jesus Christus ŉ persoon roep om Hom te volg, Hy hom roep om te kom sterf (Root 2014a:87).

In sy artikel oor wat dissipelskap is, gegrond op Matteus 28:19, verduidelik Van Aarde (2006:106-107) dat die geloofsgemeenskap eers moet herontdek hoe hulle geleer het om te leef as gebroke mense "wat weet hoe afhanklik hulle van God" is (Matteus 5:3; vgl. Nel 2015a:5). Nel (2015a:3) skryf dat om te leer en om vrede te maak met ons eie gebrokenheid is ŉ voorvereiste vir dissipelmakende gemeentes en bedienings. Alle gelowiges is self ook leerlinge wat altyd lerend moet bly. "We have


© University of Pretoria

not arrived yet" (Nel 2018a:33). Dissipels van Jesus Christus is voortdurend besig om te leer hoe om te leef met geloof en twyfel, hoop en teleurstelling.

Fowler (1981:184-198) verwys hierna in sy vyfde geloofsfase genaamd *konjunktiewe geloofsfase* ("conjunctive faith") wat beteken om te leef met polariteite. Die fase word gekenmerk deur bereidwilligheid om betrokke te raak in die paradoksale en gelaagde realiteite van alledaagse bestaan. Een van die kenmerke van die fase is die belydenis van ons eie ideologiese perspektiewe en die noodsaak om ander perspektiewe te ondersoek ten einde die waarheid te kan onderskei (vgl. Osmer 1990:242-251). Fowler (1996:16) stel dit soos volg:

> All individual human beings, as well as the species taken as a whole, are unfinished; we are still evolving, still struggling towards the fullness of the dream God has for us, implanted in our being, created *imago Dei.*

Slegs dissipels in wording wat voortdurend hul eie gebrokenheid besef, en gevolglik meer en meer besef dat hulle deur genade alleen gered is, kan dissipels "maak". Vir hulle is die groot sendingopdrag (Matteus 28:19) nie ŉ militêre opdrag nie. In en deur hul eie lewe wys hulle ŉ lewe wat die moeite werd is om te leef deur die manier waarop hulle voortdurend besig is om by Jesus Christus te leer hoe om te leef (vgl. Nel 2018a:35). Van Aarde (2006:114) verduidelik soos volg:

> In Matteus se "groot sendingopdrag" kom die woord "gaan" (*poreuthentes* – Matt 28:19) nie in die grammatiese vorm van ŉ opdrag voor nie, maar in dié van ŉ deelwoord. In die Grieks is die deelwoord dikwels ŉ hulpwerkwoord … soos ons in Afrikaans sal sê: ek gaan eet. Dit word nie as ŉ opdrag verstaan: GAAN en eet nie. Die klem lê op die imperatiewe vorm van die hoofwerkwoord: maak dissipels (*mathēteusate*), maak die kerk een groot skool van Jesus-volgelinge.

Stoppels (2013:13) stel dit soos volg: "Jezus roept leerlingen, geen kerkmensen." Oor dié besondere manier van leer skryf Cannister (2013:37) dat Jesus Sy dissipels geroep het om meer as leerlinge te wees – Hy het hulle geroep tot ŉ radikale verbintenis aan Homself en aan die Koninkryk. Root (2012:97-117) verbind ook die oproep tot dissipelskap met die missie van God se mense:

> Rather, we've asserted that faith is trust in the action of God; it is trust that God is moving between possibility and nothingness […] Rather, young people have faith when they trust in the coming of God, when they bend their lives toward God's future by seeking to



© University of Pretoria

participate now in the action of God who encounters us in nothingness and death […] Faith is becoming […] The disciple, the one who follows the action of God, is on a mission. But is it God's mission, God's activity. Which brings the fullness of God's future.

Root (2012:103-105, 113)

Die *didache* as inisiasie in dissipelskap maak die oproep op die mens om te leef soos 'n mens van "die weg", en om in elke aspek van sy/haar lewe 'n voorbeeld te stel en nie net deur dit wat hy/sy ander leer nie (sien Nel 2009; Firet 1986:67). Nel (2018a:36) skryf dat dit in wese 'n relasionele bediening is:

It is about being invited, initiated into a new way of life, being guided on this way and being helped to discern the things that really matter in this way of living life.

### 4.1. Dissipelskap en lering

Dissipelskap soos beskryf in die Nuwe Testament herinner aan die Ou Testamentiese verbond tussen God en sy volk. Wat Nuwe Testamentiese dissipelskap onderskei in die persoon en werk van Jesus, wie mense roep om Sy dissipels te word. In teenstelling met Judaïsme waar die leerling die rabbi kies, is dit Jesus self wat sy leerlinge sien, kies en roep. Die klem val uitsonderlik op die persoon van Jesus. Ook na die opstanding is dissipelskap gesentreerd rondom die persoon van Christus (sien Nel 2018a:39).

In teenstelling met rabbi's wat 'n spesifieke lering aan hul leerlinge oorgedra het, bied Jesus homself. Rengstorf (1967:447) stel dit soos volg:

Jesus's concern is not to impart information, nor deepen an existing attitude, but to awaken unconditional commitment to Himself. That *mathytys*, as *akolouthein*, is also *manthanein*, is self-evident.

Bonhoeffer (2001:59) stel dit soos volg:

Discipleship is commitment to Christ. Because Christ exists, he must be followed. An idea about Christ, a doctrinal system, a general religious recognition of grace and forgiveness of sins does not require discipleship. In truth, it even excludes discipleship; it is inimical to it. One enters into a relationship with an idea by way of knowledge, enthusiasm, perhaps even by carrying it out, but nearby personal obedient discipleship. Christianity without the living Jesus Christ remains necessarily a Christianity without discipleship; and a Christianity without discipleship is always a Christianity without Jesus Christ.


© University of Pretoria

## 5. GELOOFSVORMING

Dissipelskap en geloofsvorming hou nou met mekaar verband. Die begrip van dissipelskap, soos hier verduidelik, en die hieropvolgende verduideliking van geloofsvorming, vul mekaar aan.

### 5.1. Geloofsvorming in ’n sekulêre era

Root (2017:98) skryf dat die sosiale verbeelding van Westerse mense, en meer spesifiek Christene, een van *verlies* is. Hy skryf dat hulle glo hulle het gekom waar hulle is weens dinge wat onttrek is van hul kulturele lewens. Hulle glo dat hulle te doen het met ’n epidemie van geloofsvorming omdat hulle morele toegewydheid *verloor* het, godsdiens uit skole *weggelaat* is en daar ’n *afname* in kerkbywoning is. Hulle veronderstel dat in die leemte wat gelaat word deur al die verlies, daar verskeie spirituele kwale ontwikkel. Hulle veronderstel dat die wêreld in die toestand is wat dit is omdat geloof onttrek is van die wêreld se kulturele en sosiale lewe.

Daarom is die ingesteldheid van programme vir geloofsvorming bedoel om die verlies teë te werk. Daar word dus gesoek na strategieë en die beste praktyke om hierdie verlies teë te werk. Voorts word gehoop dat daar pragmatiese aksies is wat kan voorkom dat jong mense nie meer kerk toe gaan nie (sien Root 2017:98-99). Root (2017:99) skryf dus dat die probleem met geloofsvormingprogramme die oorvereenvoudigde konnotasie is dat die teëwerking van verlies die geloof van die jong mense sal behou. Weens die vals idee van verlies, word daar nie erkenning gegee aan die feit dat die era van egtheid (age of authenticity) ons begrip van geloof verdraai het tot iets wat beter pas by die verbeelding van egtheid (authenticity) eerder as by Bybelse geloof (sien Root 2017:100) nie. Weens die era van egtheid, word die aanname gemaak dat geloof die grondslag lê vir religieuse deelname en spesifieke geloofsoortuigings. In die era van egtheid is die self gebuffer en vrylik op soek na sy eie weg vanuit sy eie wil. Dit wat hy wil doen en glo is wat hy doen en glo. Dit waaraan hy sy tyd bestee en homself verbind is dit wat sy identiteit vorm: “I am what I consent to and participate in” (Root 2017:100). Gevolglik poog programme en modelle van geloofsvorming om jong mense te oorreed om in te stem tot bepaalde geloofs- en institusionele deelname.


© University of Pretoria

> We don't treat faith as a movement into a new reality or a sense of entering into the Spirit; neither does faith mean relating to God and others in some different way. Rather, we operate as though faith is simply the willingness to resist subtraction.
>
> Root (2017:102)

Indien geloofsvorming dan nie is om "verlies" teë te werk nie, wat is dit dan?

## 5.2. Wat is geloof?

Voordat geloofsvorming bespreek word, is dit belangrik om eers die definisies van bepaalde terme uit te klaar omdat begrip van die terme begrip van geloofsvorming sterk beïnvloed en so ook begrip van die res van die hoofstuk sal bewerkstellig.

### 5.2.1. Die verskil tussen geloof as religie en geloof as spiritualiteit

#### 5.2.1.1. Geloof as religie

Indien geloof verstaan word as gelykstaande aan godsdienstige en religieuse deelname, word geloof verstaan as die mate waarin 'n individu die doktrines, praktyke, rituele en gemeenskappe van 'n religieuse tradisie verstaan en daaraan deelneem (sien Whitney & King 2014:134).

Die woord *geloof* het dus problematies geword in 'n veranderende wêreld met veelvoudige religieuse uitdrukkings (sien Parks 2011:21). Indien geloof beskou word as religie, word dit wel herken as 'n deel van die menslike bestaan, selfs 'n belangrike deel, maar dan ook slegs as 'n deel afsonderlik van ander belangrike elemente van die lewe soos loopbane, verhoudings, politieke verbintenisse, siviele betrokkenheid en ekonomiese lewe. Vanuit hierdie perspektief word geloof bloot 'n enkele en opsionele element in die komplekse matriks wat vereis word om kontemporêre volwasse lewe te navigeer. Gevolglik maak talle mense die aanname dat geloof 'n persoonlike saak is wat verkieslik beperk moet word tot private ruimtes (sien Parks 2011:21-22).

In kontras hiermee is daar diegene, in die besonder dié wat sterk gedefinieerde religieuse oortuigings het, wat daarop aandring dat 'n spesifieke vorm van geloof, húlle vorm van geloof, die volle en korrekte interpretasie is. Dit kan ook arbitrêr inbraak maak op alle ervaringe, hul eie en die van ander, en kan dus gebruik word om beide persoonlike en polities-publieke verbintenisse te regverdig (sien Parks 2011:22).


© University of Pretoria

Laastens is die aanname dat geloof iets is wat staties is algemeen geldend vir die verskeie maniere waarop geloof verstaan word. Wanneer geloof gekoppel word aan religieuse dogma, word die woord nie oor die algemeen gebruik in verband met iets dinamies wat verandering kan ondergaan, getransformeer en oor tyd ontwikkel kan word nie (sien Parks 2011:22).

5.2.1.2. Geloof as spiritualiteit

Daar is egter wêreldwyd ŉ skuif in die rigting van ŉ ruimer konnotasie wanneer geloof met spiritualiteit geassosieer word. Meer en meer mense kies om te sê "Ek is nie religieus nie, maar spiritueel."

*Spiritualiteit* is die breër oorvleuelende konstruk, maar verskil van godsdienstigheid in die sin dat dit nie gebonde is tot ŉ religieuse konteks of gemeente nie. Daar word dikwels na spiritualiteit verwys as die soeke na die heilige, die misterie of transendente (vgl. Pargament 2007:29-52).

> As such, spirituality refers to transcending the self to the extent that one's beliefs and commitments are transformed and one is propelled to live in a manner mindful of others.
>
> Whitney & King (2014:135; vgl. King, Ramos & Clardy 2013:513-528).

Spiritualiteit kan dus religieuse deelname behels of nie.

Die wending na die erkenning van spiritualiteit en die siel is gegrond in die soeke of verlange na maniere om diepgaande gesprekke te voer oor die menslike ervaring van diepte, betekenis, morele doel, transendensie, heelheid, intuïsie, weerloosheid, deernis, dapperheid, die vermoë om lief te hê en die essensiële kern van lewe – gees (Afrikaans), *pneuma* (Grieks), *ruha* (Hebreeus). Palmer (1997) stel dat "it arises from the hunger for authenticity, for correspondence between our inner and outer lives."

Daar is ŉ groeiende behoefte aan ŉ verruimde verstaan van die alledaagse lewe wat alle mense deel. In dié konteks word *geloof* verbind met vertroue, verhouding en lojaliteit (sien Parks 2011:23).

Die studie is gefundeer in die Christelike geloof en gevolglik in Christelike spiritualiteit. Boa (2001:21) beskryf spiritualiteit vanuit ŉ Christelike perspektief as "a


© University of Pretoria

Christ-centered orientation to every component of life through the mediating power of the indwelling Holy Spirit". In 'n Christelik konteks het spiritualiteit tot 'n mate min met die mens te doen. Dit gaan daaroor om Christus en die Heilige Gees toe te laat om ons lewens te beïnvloed.

#### 5.2.1.3. Spiritualiteit en religie

Parks (2011:268) verduidelik die verband tussen spiritualiteit en religie soos volg:

> If "spirituality" is understood as one's lived relationship with Mystery, a religion is a *shared* way of making meaning of that relationship. At its best, religion is a distillation of shared and worthy images powerful enough to shape into one the chaos of our existence. Neither mere dogma nor simply an optional thread in the composing of a lifestyle, religion functions religiously when it serves as shared means of interpreting the whole of life – continually tested and revised in the ongoing lived experience of individuals and their communities.

### 5.2.2. Bybelse verstaan van geloof

Geloof word op verskeie maniere in die Bybel verstaan. Twee van die maniere waarop geloof in die Bybel verstaan word, is belangrik vir die doeleindes van die hoofstuk. Die eerste is geloof as 'n geskenk van God en die tweede Paulus se verstaan van geloof. Die Bybelse verstaan van geloof hou nou verband met die verstaan van Christelike spiritualiteit soos reeds verduidelik.

#### 5.2.2.1 Geloof is 'n geskenk van God

Geloof as 'n insig dat Jesus die Christus is, is 'n geskenk wat teweeg gebring word deur die Heilige Gees. God gee geloof en die mens kan nie glo weens sy eie instemming nie. Dit impliseer dat God ook geloof gee by wyse van ander mense. Slegs Hy kan dit gee en Hy neem sy skepsels in diens deur die gee van geloof. Die Drie-enige God werk deur Sy Woord, en die plaaslike kerk, ouers en ander, om te gee wat net Hy kan gee, naamlik die geloof dat Jesus die Christus is. Geloof is om, met die hulp van God, rekening met God te hou (sien Nel 2018a:173).



© University of Pretoria

5.2.2.2. Geloof volgens Paulus

Vir Paulus word geloof gebore deur verlies ("negation"). Met verlies verwys Root (2017:119) na dood, gebrokenheid en verlange. Gorman (2009:80) verduidelik Paulus se begrip van geloof soos volg:

> Paul's understanding of faith is a death experience in which one enters into the experience of Jesus' crucifixion. Paradoxically this death experience called faith results in life, both present and future.

Dit is deur die ervaring van verlies wat ons die geskenk van geloof ontvang. Geloof is nie iets wat ons doen of skep nie – dit is 'n geskenk wat aan ons gegee word om te deel in die persoon van Jesus deur verlies. In geloof word ons sogenaamde narratiewe boog getransformeer en word Jesus se narratief ons eie (sien Root 2017:149). Dus word die gelowige se geloof gekonformeer tot Christus se geloof. "Specifically, the believer's faith is cruciform faith because Christ's faithfulness was expressed on the cross" (Gorman 2001:141). Geloof is om toe te laat dat ons lewens gerig word deur die transendente ervaring van goddelike aksie wat ons ervaar deur verlies en om bedien te word met nuwe lewe. Die ervaring van transendensie is 'n hipostatiese ervaring. Dit is die spirituele realiteit van om onsself met Christus te verenig. Geloof is daarom altyd die deelname aan die narratiewe boog van Jesus se kruis en opstanding deur bedien ("minister") te word en ander te bedien (sien Root 2017:149).

Paulus het Abraham beskou as 'n geregverdigde man van geloof. Nie omdat hy deelgeneem het aan godsdiens of ingestem het om te glo nie, maar omdat hy voortdurend homself oorgegee het aan die narratiewe boog – om nie net blindelings te vertrou nie, maar sy menswees oor te gee aan die narratief. Alhoewel Sarah se baarmoeder onvrugbaar was, Het God ingetree en nuwe lewe bedien. Daar het lewe uit die dood gekom (sien Root 2017:149-150). Gorman (2008:155) verduidelik soos volg:

> But what is perhaps most unusual about Paul's experience and understanding of faith … is its participatory character. That is, the response of faith is participation in Christ's death and resurrection – not merely obedience to or imitation of Jesus as God's faithful one but a real sharing in his experience (Rom 3:26) and thus in him … Galatians 2:15-21 suggests that "justification by faith" means that Christ's faithfulness is the objective ground of justification and that our sharing in the faithfulness, by co-crucifixion, is the


© University of Pretoria

subjective ground of justification. Faith, then, is a death experience that leads to a resurrection experience.

Om geloof te hê is om toe te laat dat ons lewens gerig word na die narratiewe boog van goddelike aksie wat kom van die krag van ŉ bedienaar wat ons verlies en onvrugbaarheid omhels ter wille van gedeelde eenheid met goddelike aksie (sien Root 2017:150).

Leraars en gemeentes moenie voel dat daar gevoeg moet word vir ruimte of toewyding om mense in hul gemeentes te help om geloof te ervaar nie. Die fokus moet eerder daarop wees om mense aan te moedig om te bid en hul lewens vir die transendente oop te stel. Dit beteken om hulle in te nooi en om, deur gebed, hul ervaring van verlies te verwoord sodat hulle bedien kan word. Dit beteken ook om, in en deur die aksies van bediening, voortdurend in gebed te soek na die werking van God (sien Root 2017:150).

Deur die ervaring van bediening, om te deel in die lewe van ander ter wille van liefde en gemeenskap (sien Root 2017:120), neem geloof ŉ nuwe narratief aan. Bediening het die krag om te deel in die verlies en by te wees wanneer nuwe lewe kom ná die verlies, sodat die verlies self die plek van goddelike aksie word. Om geloof te hê, is om toe te laat dat jou lewe gevorm word volgens Jesus se eie narratiewe boog van die kruis en opstanding. Ons lewens word gevorm volgens hierdie narratiewe boog van Jesus deur toe te laat dat Jesus se menswees aan ons bedien word. Om mense te help om geloof te hê, is om hulle te help om goddelike aksie te ervaar deur die aksie van om bedien te word en om ander te dien (sien Root 2017:150).

### 5.3. Geloofsvorming

In die lig van geloofsbegrip bied die volgende definisies ŉ breër, omvattende verstaan van geloofsvorming. Root (2014a:190) skryf dat geloofsvorming in jeugbediening niks meer is as om die oproep van Jesus te volg nie. Aansluitend hierby definieer Robert Mulholland (1993:12) geloofsvorming as “a proses of being conformed to the image of Christ for the sake of others”. Volgens Richard Foster (2005:xxxiv) is geloofsvorming “an intentionally directed action by which we do what we can in order to receive from God the ability to do what we cannot do by direct effort”.


© University of Pretoria

Samevattend verwoord Bonhoeffer (2001:59) sy begrip van wat die oproep om te volg is en hoe die proses van transformasie lyk. Hy skryf dat wanneer Jesus ŉ persoon roep, Hy hom/haar roep om te kom sterf. Die kruis staan aan die begin van gemeenskap met Jesus Christus. Jesus roep ons na die kruis om ook ons eie kruis te dra en dan roep Hy ons ook om ons naaste lief te hê in en deur hul lyding van hul kruise wat hulle ook moet dra (Bonhoeffer 2001:90). Hy roep ons om te kom en te sterf in die ruimtedeling met ons naaste sodat in ons gemeenskap die Gees ons kan lei van die dood die nuwe lewe in.

In die hoofstuk is daar al na die Trinitariese begrip van God en die implikasies daarvan vir jeugbediening verwys. Begrip van die Triniteit en *imago Dei* moet ook ons begrip van geloofsvorming beïnvloed. In die lig van nuwe ontwikkelings in die teologie en die menslike wetenskappe skryf Douglass en Mikoski (2018:21) dat:

> Effective faith formation is holistic and grounded in the recognition of the image of God (*imago Dei*) in each person. This means that the spiritual, bodily, and social reality of an individual and the community within which they are embedded are taken into account as part of faith formation.

Die ontwikkelings in die teologie en menslike wetenskappe beklemtoon die relasionele aard van menswees. Die mens is ŉ relasionele wese. Ons ontwerp van leerervaringe vir onderrig van basiese Christelike beginsels en praktyke moet rekening hou met die lewe en leerwyse van die studente (sien Douglass & Mikoski 2018:24).

In die teologie verken Moltmann (1985:216-224) die implikasies van die doktrine van die Triniteit vir nadenke oor wat dit beteken om mens te wees. Indien die mens geskep is na die beeld van God, en indien God Trinitaries is, beteken dit dat die mens fundamenteel relasioneel van aard is. Dit beteken dat die mens staan in dinamiese verhoudings met ander mense. Om ŉ selfstandige persoon te word, vereis die ontluiking van en deelname aan ŉ sosiale matriks (vgl. Douglass & Mikoski 2018:23).

Vanuit die veld van die neurologie is bevind dat die brein, en per implikasie die wyse waarop die mens leer, nie afsonderlik funksioneer van die binnewerkinge van die liggaam, die veelheid van emosies en die kompleksiteit van verhoudings met ander nie. Om krities te dink en te leer is afhanklik van die verrykte en intensionele


© University of Pretoria

koördinering van elkeen van die komponente van menslike kognisie (sien Douglass & Mikoski 2018:25).

Gevolglik moet konsepte, emosies, liggame, verhoudings en kulturele dimensies van leer voldoende aandag geniet. Geloofsvorming behels meer as net die oordrag van tradisionele idees – dit behels die transformasie van die hele persoon (sien Douglass & Mikoski 2018:28).

### 5.4. Geloofsvorming in studentebediening

#### 5.4.1. Geloofsvorming as lering/onderrig en identiteitsvorming

Wanneer Osmer (1990:219) lering bespreek vanuit die perspektief van ontwikkeling, sluit hy aan by Fowler (1981). Plaaslike gemeentes wat geloofsontwikkeling ernstig opneem, help hulself deur materiaal te ontwikkel en aan te bied wat ontwikkelingsfase en geloofsfase relevant is en ontwikkeling na die volgende fase fasiliteer. Indien die materiaal nie ontwikkeling fasiliteer nie, sal lidmate waarskynlik iewers in die fase van sinteties-konvensionele geloof bly (vgl. Fowler 1981:1581-173) waar hulle instem tot ’n intellektuele benadering tot wat hulle weet oor die geloof. Hulle ken die gebruike van die kerk, neem deel op ’n spesifieke manier, maar leef nie wat hulle weet nie en geloof bepaal nie hul waardesisteem nie. Hul geloof is nie individueel-refleksief nie en beslis nie konjunktief en universeel nie. Konjunktiewe geloof word gekenmerk deur die bereidwilligheid om betrokke te raak in die paradoksale en gelaagde realiteite van elke dag. Een van die kenmerke van geloofsfaseontwikkeling is die belydenis van jou eie ideologiese perspektiewe en die noodsaaklikheid om ander perspektiewe te ondersoek ten einde die waarheid te kan onderskei (sien Osmer 1990:242-251). Universele geloof word verstaan as dit wat in Christenskap verstaan sal word as insigte in die Koninkryk van God. Die wêreld behoort aan God en ons is deel daarvan. Ons neem deel in die nuwe realiteit op ’n herstellende en genesende manier (sien Nel 2018a:174).

Geloofsvorming in die Gereformeerde tradisie is niks anders as die ontdekking, vind en verstaan van jou godgegewe identiteit nie. In plaaslike Gereformeerde kerke word die jeug by wyse van ’n holistiese bediening gehelp om te word wie hulle reeds in Christus is. Geen bediening, insluitend lering, voeg enige iets by tot hulle status voor God nie (sien Nel 2018a:174).


© University of Pretoria

Osmer (2012:36) voer dus aan dat dit meer is as programme. Dit handel oor om te werk aan die gemeente en hul selfbegrip. Vorming is dus nie iets wat die gemeente doen met ander nie, veral nie met nuwe lede nie. Dit is iets wat eers moet gebeur in die gemeente self. In die konteks van die lens van dissipelskap, "maak" slegs leerlinge, soos hulle vir Jesus volg, nuwe leerlinge wat Jesus volg (vgl. Nel 2018a:176).

5.4.2. Geloofsvorming as pastorale leiding

Richards (1983:101) beskryf lering in die gemeente as "communicative movements of searching". In die gemeenskap van gelowiges en saam met die gemeenskap, is daar ŉ soeke na kontekstuele getroue volging van Christus. In die plaaslike gemeente is alle mense steeds besig om te groei terwyl hulle deel in ŉ lerende gemeenskap. As ŉ lerende gemeenskap sien die plaaslike gemeente haar eie bestaan as ŉ voortdurende leersituasie en -proses (sien Nel 2018a:170; vgl. Schippers 1977; 1996). Volgens Schippers (1996:476) is daar drie motiewe wat ŉ rol speel: die betrokkenheid van die hele persoon in die leerproses, die openlike teenwoordigheid van Christus in sy pleidooi vir verandering, dood en nuwe lewe; en die krag wat verkry word vanuit die ondersteuning van die gemeenskap van gelowiges (sien Yousuf 2008).

Nel (2018a:170-171) skryf dat, in die lig van die herontdekking van die belang van toegeneentheid in die onderrig en ontwikkeling van mense, die kerk ŉ nuwe bewustheid van die pastorale dimensie van lering moet gee. Babin (1991:14) skryf dat die jeug nie belangstel in klasse, kursusse en besprekingsgroepe nie, maar eerder in kontak met spirituele persoonlikhede. Praatjies en besprekings moet verbind word met gebed en opregte Christelike lewens. Die jeug stel meer belang in verbondsverhoudings as in dogmatiese formules.

Hierdie insigte is egter nie nuut nie. Die kruks van Firet (1986:246) se argument was die beskrywing van agogiek as ŉ pastorale situasie. Die wyse waarop die opvoeder pastoraal betrokke is, byvoorbeeld as sogenaamde "evenmens" (sien afdeling 6) in die onderrig van ander, bepaal grotendeels tot watter mate die leerling betrokke sal raak in sy/haar eie proses van verandering. Slegs in pastorale betrokkenheid kan ontwikkeling, groei en verandering verstaan word as ŉ saak van "losing limitations" (Downs 1994:76) óf, in die taal van Root, as ŉ saak van nuwe lewe.


© University of Pretoria

Verdere motivering vir die onontbeerlike element van lering kan gevind word in die essensie van verbondslering in ŉ gemeenskap van gelowiges. Om te leer om te glo begin met die individu se ontmoeting met die geloofservaringe van die gemeenskap (sien Dingemans 1986:119). Dit is hoe Dingemans (1986) sosialisering verstaan. Die doel van opvoeding, is "mens-wording van de mens" (Dingemans 1986:119). Die mens-wording gaan gepaard met sosialisering. Gedurende die kommunikatiewe soektog vind lering plaas by wyse van nabootsing en modellering van ander en die identifisering met ander. Waar die "basisvertrouwen" gebrekkig is, vind lering óf nooit plaas nie óf lei dit to neurose (Dingemans 1986:123). Nel (2018a:172) skryf dat God die begrip van Homself gee in en by wyse van die ervaringe van die geloof van gelowiges soos dit beskryf word in die Bybel en geïllustreer word deur die lewens van die gelowiges in gemeentelike lewe.

In die teorie van *praxis* vereis die uitgangspunt ŉ gesonde pastorale verhouding tussen die mense wat onderrig in die plaaslike gemeente en die wat geleer word. Hierdie verhouding is die primêre fasiliteerder vir die oordrag van kennis. Die ontwikkeling van ŉ persoon word versterk deur die menslikheid en die pastorale 'evenmenselijkheid' van die opvoeder. Prins (1995:59) sê dat intergenerasionele verhoudings die proses van geloofsvorming fasiliteer (sien afdeling 5).


#### 5.4.2.1. Die pastorale siklus

Die pastorale proses lê in die hart van praktiese teologie. Die navorser wil die pastorale siklus ook voorstel as ŉ riglyn waarvolgens geloofsvorming kan geskied in die konteks van pastorale begeleiding. Of soos Root (2017:179) geloofsvorming verstaan te laat geskied:

> … Faith formation is to allow the song of kenosis to direct the steps of your life
>
> (vgl. Filippense 2:6-11)

Die proses is van toepassing op en vind plaas in pastorale gesprekke, kleiner groepe, die bediening en in die gemeente.


© University of Pretoria




**Figuur 46: Die pastorale siklus (Jacober 2011:31)**

Die pastorale siklus (sien Figuur 46) is ŉ vierledige proses: (1) ervaring, (2) verkenning, (3) refleksie en (4) aksie.

Die siklus begin met *ervaring*. Dit is die punt waar iets die normale patroon ontwrig wat verandering van een of ander aard forseer. Die ervaring beskik oor die potensiaal vir betekenisskepping en vereis ŉ gelaagde omskrywing. *Verkenning* is die inligtingfase waartydens dit wat gebeur het, geassesseer word en inligting vanuit beide ŉ teologiese perspektief en ander relevante areas versamel word. Die inligting word dan bespreek, verwerk en getoets soos dit relevant is tot die situasie.

*Refleksie* neem dit wat geleer is in die verkenningsfase ernstig op en verreken die realiteit dat die individu nie in ŉ vakuum woon nie. Dit verwoord persoonlike en gemeenskaplike (geloofsoortuigings) indien dit korreleer, en behels ook ontdekking en verandering. *Aksie,* die laaste fase in die siklus, kom vanuit die hele proses en is gebaseer op refleksie, ingeligte besluite en gepaste inisiatiewe. Dit vind plaas nadat inligting versamel is en die begrip ("understandings") van die gemeenskap, teologiese tradisie en individu oorweeg is (sien Jacober 2011:31).



© University of Pretoria

Hierdie is die voltooiing van een rotasie van die siklus. Dit is egter ŉ siklus en wanneer dit eindig, begin dit weer van vooraf met ŉ nuwe ervaring – ongeag hoe klein die verandering is.

Elke siklus bied sy eie storie oftewel ŉ nuwe narratief wat sy plek vind in die aansluitende narratief. Ná elke ervaring, laat dit ŉ afdruk as ingebedde inligting vir toekomstige verkenning. Die ervaring kan met tyd vervaag, maar dit word ŉ laag in die altyd toenemende web van die lewe (sien Jacober 2011:32).

Die rol van die studenteleraar is om bemiddelend op te tree met die intensie om die beste manier te vind vir God om deur hom/haar te werk ten einde versoening in die lewe van die student teweeg te bring, ongeag van wat dit beteken. Wanneer dit reg gedoen word, verseker praktiese teologie dat die jeugwerker en/of studenteleraar die teologiese implikasies en gevolge in die gegewe situasie oorweeg (sien Jacober 2011:34).

## 6. GEMEENSKAP VAN GELOWIGES

### 6.1. Teologiese begronding van gemeenskap van gelowiges

Root (2014a:193) maak die stelling dat daar geen Christelike lewe buite gemeenskap is nie, want daar is geen Christelike geloof buite Christus nie, en Christus, omdat Hy die geïnkarneerde een is, kan slegs wees waar sy liggaam te vinde is. En daardie liggaam is die kerkgemeenskap.

Omdat die gemeenskap ŉ liggaamlike gemeenskap is, is dit nooit saamgestel as ŉ idee, psigologiese behoefte of alleenlik as ŉ institusionele vorm nie, Dit is saamgestel as ŉ beliggaamde aktualisering in die vorm ŉ gemeenskap van beliggaamde persone. Die Christengemeenskap is ŉ gemeenskap van fisiese teenwoordigheid; dit is die omhelsing van ons konkrete lewens. Christengemeenskap is alleenlik dit: Ons behoort aan mekaar slegs deur en in Jesus Christus (sien Bonhoeffer 1996:31).

Die kerkgemeenskap kan nie wegkruip van die beliggaamde realiteite van haar mense deur te ontsnap in die “idee” van haar gemeenskaplike lewe of self in haar intensionele vorm of funksie nie. Die kerkgemeenskap mag dalk sosiaal ŉ intensionele realiteit wees, maar teologies, selfs ontologies, is dit “an embodied *communio* of



© University of Pretoria

sharing persons" (Root 2014a:194). Die kerk kan nooit die beliggaamde en konkrete lewe van haar mense vermy om haar ideaal te handhaaf nie. Die kerkgemeenskap is ŉ fisiese gemeenskap in die wêreld wat mense konkreet en prakties liefhet. Dit is gebonde aan die konkrete menswees van Christus en beliggaam in die praktiese lewe van haar mense (sien Root 2014a:194-195).

Idealiste kla graag oor hul kerke wat verwyderd is van die ideaal, maar daar is nie iets soos die ideale kerk nie en net so is daar geen ideale kerkgemeenskap nie. Daar is slegs die beliggaamde fisiese gemeenskappe waarin ons leef. Die gemeenskappe waarin ons leef, wat bestaan uit fisiese, beliggaamde persone, worstel altyd met dreigende disfunksionaliteit (sien Root 2014a:195).

Ware gemeenskap is altyd kompleks, want dit is op soek na lewe in die vriendskappe van onvolmaakte persone. ŉ Kerk waarin die moontlikheid van disfunksionaliteit nie bestaan nie, is nie meer ŉ gemeenskap nie, maar eerder ŉ ideale fasade waar prediking slegs die oordrag van beginsels geword het.

Nel (2018a:73-82) sluit aan by Bonhoeffer (1996:5) se verstaan dat daar geen Christelike lewe buite gemeenskap is nie. Hy bied ook ŉ ander Bybelse perspektief op gemeentes as gemeenskappe van gelowiges. Hy skryf dat God die "ons" in die "ek" sien. ŉ Mens kan gebore word as een, maar in Bybelse teologie word die een gebore as een van baie. In die relasionele of verbondsgeskiedenis van die mensdom word dit duidelik dat God op dié wyse met sy mense werk. Die "een" bekom betekenis en vervulling vanuit die geheel (sien Nel 2018a:73). Nel (2001b & Nel 2018a:75) skryf:

> [O]ne could therefore say that God thinks somatically, or corporately. He takes pleasure in the wonder of the unity of his people. He even connects our unity to the clarity of our witness that the world may understand his coming into this world. Their unity is a witness to his glory. In this way, the restoration to wholeness attains its peak. God restores to relatedness. The covenant leads to covenantal (relational) commitment – to God and the others in the covenant.

Firet (1968:112-114) skryf dat "samesyn" die grondvorm van kerkwees, of dan geloofsgemeenskap, is. Hy skryf dat die grondvorm van die kerk behels dat dit as ŉ geheel ŉ eiesoortige gemeenskap is waarin elke lid deel van die geheel is (sien Firet 1968:112). Die samekoms van die gemeente is die grondvorm van die funksionering van die liggaam van Christus (sien Firet 1968:113). Firet (1968:112-114) verwys na


© University of Pretoria

die funksionering van die eerste gemeentes in die Bybel en beklemtoon hoe ver verwyderd dit was van die kerklike samekomste vandag, waar daar ŉ leier is en die res van die lidmate passief kerk toe kom om te ontvang. In die eerste gemeentes is die Woord verkondig, maar niemand het die eksklusiewe voorreg gehad om dit te verkondig nie. Almal het saam bedien en gedien.

In dié samesyn word die Woord verkondig in die kragveld van die Heilige Gees van Christus se vergaderde gemeente. In die sfeer van een onderlinge gesprek kom God in sy Woord in die vorm van *kerygma*, *didache* en *paraklese*. In die samesyn, die een samesyn in Christus en die Gees, word die realiteit van verlossing verkondig. So ook word die weg waarlangs die mens in die "nuutheid van die lewe" (sien Rom. 6:4; vgl. Gal. 5:25) kan wandel, uitgewys (sien Firet 1968:114).

In jeugbediening is die beginsel van die gemeenskap van gelowiges krities en bied dit ŉ bediening met integriteit. Jeugbediening word dikwels bedreig deur individualisme of deur die gebrek aan insig in die gemeenskaplike en interdenominale doel en handelinge van God (sien Nel 2018a:76). In Nel (2018a:76-82) se begrip van die gemeenskap van gelowiges as ŉ geheel, en die belang van die geheel in jeugbediening, beklemtoon hy die belang van die jeug as ŉ integrale deel van die geheel oftewel die gemeenskap van gelowiges.

### 6.2. Intergenerasionele bediening

Nel (2018a:64) skryf dat daar vanuit die Bybel tot slegs een gevolgtrekking gekom kan word ten opsigte van jeugbediening, naamlik dat die jeug ŉ integrale deel van God se mense is. Gemeentes mag dus nooit aan die geloofslewens of geloofservaringe van kinders en adolessente (insluitend ontluikende volwassenes) dink as iets wat verwyderd is van of ondergeskik is aan die geloofslewe en geloofservaringe van volwasse lidmate nie (sien Nel 2018a:215). Nel (2001b) versterk sy punt wanneer hy skryf:

> People do not need to reach a certain age before God becomes interested in them and starts working with and through them. Youths are part of the congregation's service to God because they share in God's relationship with his people (the covenant) and are incorporated into the congregation.

Hierdie gevolgtrekking het volgens Nel (2018a:215-217) drie gevolge.


© University of Pretoria

Die eerste gevolg is dat die jeug nooit verwyderd of geskei moet word van die res van die geloofsgemeenskap nie. Al beskik hulle oor unieke karaktereienskappe, is die jeug nie ŉ afsonderlike groep in die gemeente nie. God se verhouding met gelowiges en hul kinders, sowel as die aard van die gemeente as iets wat deur God geskep is, maak dit onmoontlik om die jeug as losstaande van die res van die gemeente te bedien. Alhoewel die jeug dus weens hul ontwikkelingsfases en unieke aard spesifieke aandag verg, behoort hulle steeds benader en bedien te word as essensiële lidmate van die gemeente (sien Nel 2001b; vgl. Nel 2018a:215).

Die tweede gevolg is dat die jeug in ŉ gemeente nooit afgeskeep of geïgnoreer mag word nie. Die jeug moet geïnkorporeer word in elke denkproses en ontvang word as deel van elke bediening. Hulle moet in ag geneem word, ongeag die soort bediening wat bespreek word (sien Nel. 2001b; vgl. Nel 2018a:216).

Die derde gevolg is dat die jeug die verantwoordelikheid van die hele geloofsgemeenskap is. Die jeug is nie net die verantwoordelikheid van die mense in die gemeente wat hulle oor die jeug ontferm en verantwoordelikheid vir hulle aanvaar nie. Hulle is ook die verantwoordelikheid van elke gemeentelid, volwasse een ander jeuglidmate ingesluit. Die verantwoordelikheid is onvervreembaar en nie oordraagbaar nie (sien Nel 2018a:216).

6.2.1. <u>Die belang van intergenerasionele bediening vir studentebediening</u>

Daar is baie geskryf oor intergenerasionele jeugbediening en die belang van kinders as ŉ integrale deel van die geloofsgemeenskap. Dit is ook waar en uiters belangrik vir Studentebediening. Die belang van intergenerasionele bediening word herhaaldelik in literatuur oor ontluikende volwassenheid en die geloofsvorming van ontluikende volwassenes beklemtoon.

Ontluikende volwassenes sosialiseer met mense van hul ouderdom wat soortgelyk is aan hulle. Dit is in kontras met die idee van ŉ Christengeloofsgemeenskap waar die gemeenskap uit mense van alle ouderdomme bestaan. Ontluikende volwassenheid leen sig nie daartoe om sodanige gemeenskap te vorm nie (sien Herrmann 2015:20-21).

Omdat die lewensfase van die ontluikende volwassene ŉ kritiese vormende fase in identiteits- en geloofsvorming is, is dit problematies dat hulle hulself distansieer


© University of Pretoria

en nie sommer verbind nie. Anders gestel, is dit gevaarlik om mense, in hierdie geval ontluikende volwassenes, te los om deur hul portuurgroep gesosialiseer te word. Sosialisering deur ŉ portuurgroep hou direk verband met die afwesigheid van ŉ volwassene in die lewens van soveel ontluikende volwassenes. Hierdie afwesigheid is nie die skuld van een groep nie. Wanneer mense in verskillende lewensfases is, is dit nie maklik om die fases saam te smelt nie. Smith (in Herrmann 2015:23) stel voor dat die kerk so ŉ plek kan wees waar verskillende ouderdomsgroepe kan saamkom en saamsmelt.

In die gevolgtrekking van haar hoofstuk "Walking with emerging adults on the spiritual journey" skryf Allen (2015:88-89) dat sy daarvan oortuig is dat generasies saam in die kerk hoort. As rede vir hierdie oortuiging verwys sy spesifiek na navorsing oor religieuse sosialisering. ŉ Sleutelpunt van navorsing oor religieuse sosialisering is dat verbintenis tot die Christelike geloof gevorm en versterk word wanneer individue *verhoudings ontwikkel* en *aktief deelneem* aan geloofsgemeenskappe wat die gemeenskap se geloofsoortuigings leer, beliggaam en uitleef. Smith (2005) voer die punt verder deur te sê dat sodanige gemeenskappe *kruisgenerasioneel* ("cross-generational") moet wees. In Kinnaman (2011:203) se boek *You lost me* ondersoek hy die rede waarom ontluikende volwassenes die kerk verlaat. Hy kom tot die gevolgtrekking dat intergenerasionele verhoudings in geloofsgemeenskappe van kardinale belang is.

ŉ Intergenerasionele jeugbedieningsbenadering beskou die rolle van ouers en die omliggende volwasse gemeenskap as die primêre invloed in ŉ student se geestelike vorming. As ŉ gevolg hiervan, skep intergenerasionele jeugbediening geleenthede/ruimtes vir geestelike groei oor generasies heen (sien Fraze 2017:222).

ŉ Intergenerasionele benadering moet egter nie verwar word met inklusiewe jeugbediening of ŉ multigenerasiebediening nie. Inklusiewe jeugbediening poog om heeltemal weg te doen met ouderdomsgefokusde bediening. Multigenerasiebediening plaas verskillende generasies in dieselfde ruimte, maar doen min om die verskillende ouderdomsgroepe in kontak met mekaar te bring of dialoog te bewerkstellig. Daarenteen werk intergenerasionele bediening strategies om generasies op ŉ sinvolle wyse bymekaar te bring, terwyl dit steeds ruimte bied vir ouderdomsgepaste bediening aan adolessente (sien Fraze 2017:222).


© University of Pretoria

Smith (2009:285) skryf in die gevolgtrekking van sy boek *Souls in transition* dat die empiriese data daarop wys dat dit wel belangrik is vir die uitkoms van ontluikende volwasse geloof dat die individu as tiener volwassenes in sy/haar geloofsgemeenskappe gehad het na wie hy/sy kon draai vir hulp en ondersteuning (sien Smith 2009:285). Dit maak saak of die tiener behoort het aan ŉ gemeente met jeuggroepe waarvan hy/sy gehou het en deel van wou wees. Dit maak saak of die tiener deelgeneem het aan kategese of nie. Volwasse betrokkenheid by, om ŉ rolmodel te wees vir en die vorming van tieners speel ŉ belangrike rol in hoe hulle gaan wees ná die tienerjare. Om dit negatief te stel: Wanneer volwassenes nie betrokke is in die lewens van tieners op hul pad na ontluikende volwassenheid nie word die tieners geforseer om die pad of alleen saam met hul portuurgroep te stap (Smith 2009:285). Dit is dan ook meer waarskynlik dat hulle minder religieuse en minder getroue ontluikende volwassenes gaan wees.

6.2.2. Praktiese vereistes vir intergenerasionele bediening

Volgens Seibel en Nel (2010:1) is daar minstens twee vereistes waaraan ŉ gemeente moet voldoen indien die gemeente die oorgangsproses na ŉ intergenerasionele bediening suksesvol en effektief wil navigeer. Eerstens moet die relevansie van die kerk se missie en boodskap herontdek en weer toepaslik gemaak word in kulturele vorme wat spreek tot die lidmate van elke nuwe generasie (sien Kraft 2005:224). Lynch (2002:58-59, 211) het bevind dat minstens twee faktore ŉ prominente rol speel in die vestiging van die lojaliteit van jong mense aan ŉ bepaalde religieuse tradisie, naamlik *konsekwente religieuse sosialisering* en *betekenisvolle religieuse ervaringe*. Die geloof wat deur elke nuwe generasie aangeneem word, moet geloof wees wat verstaan en uitgedruk kan word in terme van hul spesifieke subkultuur (sien Kraft 2005:67). Gevolglik moet die sosialisering en ervaring wat aan lidmate van elke opkomende generasie gebied word, aansluit by hul kulturele werklikheid. Soos Merritt (2007:84) dit stel: "As new generations gather in a church, vital congregations learn to adapt their customs while keeping their traditions."

Tweedens moet die gemeente bereid wees om elke opkomende generasie te bemagtig met die vryheid om hul afdruk op die tradisie te laat. Kraft (2005:247) stel dit soos volg:


© University of Pretoria

> It is crucial that each new generation and people experience the process of producing in its own cultural forms an appropriate church vehicle for the transmission of God's meaning.

Indien ŉ gemeente se lidmate waarlik hul gesamentlik getuienis beskou as hul primêre belang en voorneem dat dit moet voortleef, moet hul bereid wees om hul persoonlike voorkeure ten opsigte van die kerk opsy te skuif ten einde dit moontlik te maak dat ŉ nuwe etos gebore kan word (sien Thompson 2003:162).

### 6.3. Die belang van ŉ gemeenskap van gelowiges vir identiteitsontwikkeling

Individualisering is die sentrale taak gedurende die fase van ontluikende volwassenheid. Individualisering vind in ŉ meerdere mate in plaas gemeenskap. Dit het ŉ impak op die gemak en gesondheid waarmee ŉ ontluikende volwassene na volwassenheid beweeg. Adolessensie bring die potensiaal vir die kognitiewe begrip dat daar die moontlikheid is vir verlies van die self. Dit is grotendeels waarom adolessensie, en ook ontluikende volwassenheid, ŉ kritiese tyd in die spirituele lewens van ŉ individu is. Adolessente, en ontluikende volwassenes, kan wat hul ontwikkeling betref, begin worstel met die moontlikheid dat God hul lewens kan binnekom, spesifiek deur die kruisiging en opstanding van Christus. Dit kan lei tot nuwe lewe en die versoeningswerk van God in die wêreld (sien Jacober 2011:139).

Root (2020:155) verduidelik dat daar ŉ kulturele wanbegrip van identiteit is. Die foutiewe aanname is dat identiteit slegs ŉ interne besluit is wat uit afgeslotenheid gebore word. Soos gesien in hoofstuk 6 word identiteit gevorm in verhouding met die wêreld rondom die individu. Dit word altyd gevorm in verhoudings deur verskillende gesprekke. Geen identiteit word in ŉ vakuum ontdek nie. Alle identiteite ontstaan uit ŉ vorm van uitruiling. Die noodsaaklikheid van sodanige uitruiling maak dit moontlik vir die ontdekking van ŉ identiteit wat ons aan onsself kan gee deur ons uit onsself te neem (sien Root 2020:155).

> This is the profound claim of the gospel, and it's why the Christian faith claims such a deep identity in Christ that it can be put in ontological language (Gal. 2:20: "I no longer live, but Christ lives in me"). There is such an exchange at the heart of the Christian life that your identity becomes Christ. Youth Ministry, then, is for Jesus Christ, because through open takes it invites young people to find their identity exchanged for Christ.



© University of Pretoria

> And it is a joyful exchange ... because Jesus takes on the identity of death and sin and gives you his very being of new life. In finding ourselves in discourse with the living Jesus ... were taken out of ourselves, only to be given ourselves back, now with our identity in Christ.

Ten diepste illustreer die aanhaling dat identiteit altyd beteken om uit jouself te tree. Ons kan slegs onsself ken, en oor ŉ sterk identiteit beskik, in en deur gemeenskappe en kollektiewe diskoerse. Om in Christus te wees, is altyd ŉ gemeenskaplike realiteit, soos verduidelik in afdeling 6.1.

Om ŉ identiteit te kan hê, moet die individu ŉ storie oor hom- of haarself hê. Die individu se identiteit is die storie van die gebeure waardeur hy of sy geleef het. Maar om ŉ storie oor hom- of haarself te hê, moet hy of sy na die stories van ander luister en deel in hul stories (sien Root 2020:157).

## 7. DIE ROL VAN DIE STUDENTELERAAR

### 7.1. Die studenteleraar

Die gepaste begin vir enige jeugbediening is nie ŉ program vir die geloofsvorming van adolessente nie, maar eerder ŉ verbintenis aan ons eie geloofsvorming as volwasse Christene en dissipels van Jesus (sien Heflin 2009:9). Deur te weier om genoeë te neem met ŉ louwarm beeld van Christus, het diegene betrokke in jeugbediening die geleentheid om primêre instrumente te word waardeur die Heilige Gees jong mense kan lei tot ŉ verhouding met God. Wanneer die noemenswaardige invloedryke rol wat Christenvolwassenes speel in die vorming van adolessente erken word, word ruimte geskep vir ŉ meer effektiewe jeugbediening wat spruit vanuit die geestelike volwassenheid van die leiers (sien King 2008:11).

In antwoord op die voorafgaande stellings, stel Borgman (1997:58) voor dat effektiewe jeugwerkers voortdurend nie net die Bybel en hul konteks moet bestudeer en interpreteer nie, maar ook hulself. Sodanige persoonlike refleksie sal lei tot die wete en begrip van *wie ek as jeugleraar moet wees* en *hoe ek jeugbediening moet doen* (sien ook Dean & Foster 1998:32;). Jack, McRay en Setran (2005:70) skryf dat jeugwerkers se taal uiters belangrik is omdat dit die medium is waardeur die roeping en rolle wat hul van waarde ag in hul bediening aan die studente oorgedra word. Wanneer jeugwerkers hul roeping beskou as ŉ uitwerking en voortvloeiing van wie


© University of Pretoria

hulle in hul diepste wese is, word bediening al minder ŉ werk en al meer die uitstorting van wat God besig is om in hul eie harte te doen. Omdat jeugbediening, soos elke ander bediening, lewe-tot-lewe is, herskep ons wie ons is (sien DeVries 2008:111).

#### 7.1.1. Die studenteleraar as leier

> Youth ministry stands and falls with good leaders.
>
> Nel (2000:116)

Leierskap en leiers is uiters belangrik in jeugbediening en so ook in studentebediening. Senter (1987:202, 204, 217, 221) beklemtoon die belang van leierskap in jeugbediening:

> Youth Ministry begins when a Christian adult finds a comfortable method of entering a student's world (axiom 1); Youth Ministry happens as long as a Christian adult is able to see his or her contact with a student to draw that student into a mature relationship with God (axiom 2); Youth Ministry will reflect the vision of adult leaders (axiom 10); the development of Youth Ministry will not exceed the public communication skills of the primary adult leader (axiom 12).

Nel (2018a:270-273) stel drie belangrike eienskappe van ŉ jeugleier en vier leierskapstyle en -take voor. Die drie eienskappe en leierskapstyle en -take is, na die navorser se mening, ook drie essensiële eienskappe vir ŉ studenteleraar.

##### 7.1.1.1. Eienskappe van ŉ jeugleier

###### 7.1.1.1.1. Roeping

Elke persoon betrokke in jeug- of studentebediening moet by magte wees om hul roeping te kan weergee (sien Nel 2018a:270-271). Nel (2000) skryf dat Jeugbediening op sigself uitputtend en dreinerend genoeg is, en sonder die ondersteuning van ŉ roeping is dit nie volhoubaar nie.

Jeugbediening kan aantreklik wees vir sommige mense en daarom kan hulle betrokke raak om die verkeerde redes. Gespesialiseerde jeugbediening kan byvoorbeeld mense lok weens die moontlikheid wat dit bied om in die kalklig te wees. Eerlikheid oor roeping is een van die wyses waarop jeugleiers kan nadink oor hul



© University of Pretoria

motiewe en ŉ eerlike antwoord gee oor waarom hy/sy in die bediening is (sien Nel 2018a:270; vgl. Borthwick 1997:21-27; Nel 2000:n.p.)

Jeug- en studentebediening is ŉ bediening van inkarnasie. Dit doen ŉ beroep op leiers om mense met deernis te wees (sien Nel 2018a:271).

7.1.1.1.2. Inklusiewe perspektief

Een van die belangrikste eise vir enige persoon in die bediening is sy/haar filosofie of teologie van studentebediening (sien Nel 2018a:271). Die plaaslike kerk as geloofsgemeenskap is te sentraal tot die Bybel om dit te vervang met enige plaasvervanger vir jeugbediening.

7.1.1.1.3. Identiteit

Borthwick (1987:99) verwys na die leier se identiteit as die bewussyn van "wie ek is" en "wie ek nie is nie". Dit hou verband met die feit dat die soeke na identiteit een van die hoof ontwikkelingstake van adolessensie en ook ontluikende volwassenheid is. Die wyse waarop leiers in studentebediening hulself sien en agting vir hulself het, is noodsaaklik vir die groei van die jeug in die gemeente. Wanneer jeugleiers ŉ gebrekkige bewustheid van hul identiteit het, het die jeug self geen duidelik omskrewe waardesisteem waaraan hul hulself kan meet en hul eie identiteit kan ontdek nie (sien Nel 2018a:272; vgl. Elkind 1984:9). Dit beteken nie dat die jeugleier sy/haar eie soeke en groei afgehandel het nie. Die mens is immers voortdurend besig om sy/haar eie identiteit te vind. Teologies beteken dit om voortdurend God se mens te word (sien Nel 2018a:272).

Nel (2018a:272) verwys na ander eienskappe van ŉ persoon in Jeugbediening:

- Selfaanvaarding
- Integriteit
- Opregtheid
- Aanpasbaarheid
- Die moed om deur te druk
- ŉ Lewe wat aangepas is by prioriteite


© University of Pretoria

Een van die belangrikste persoonlikheidseise in die konteks van identiteit is balans. ŉ Jeugleier moet beskik oor spirituele ekwilibrium (sien Nel 2018a:272-273).

7.1.1.2. Leierskapstyle en -take

7.1.1.2.1. Afhanklik soos ŉ kind

Nel (2018a:273) begin deur te sê dat dit ŉ troos vir leiers moet wees dat die Koninkryk van God vir kinders is (vgl. Matteus 18:1-5). Root (2017:xx) se verduideliking van Bonhoeffer se verstaan van die belang van die jeug in die kerk sluit hierby aan:

> Rather, he'd call us all to return to childhood. The child is the eschatological form because it is she Jesus so loves, calling us all to be like children in the kingdom of God.

Nel (2018a:273) skryf verder dat leiers in ŉ geloofsgemeenskap nie "groot" hoef te wees nie, bedoelende dat hulle nie belangrik hoef te wees nie. Om groot en belangrik te wees, kan selfs gevaarlik wees omdat die leier die Koninkryk kan misloop en nie sy/haar doel bereik nie. Dit is belangrik dat leiers soos kinders moet wees omdat kinders nog kan opkyk na iemand van wie hulle afhanklik is. Vir hulle is die feit dat iemand hulle hand neem en die weg wys nog nie vernederend nie. Afhanklikheid kom natuurlik vir ŉ kind. Kinders neem ook nog nie hulself ernstig op nie, maar hulle neem wel hul spel ernstig op (sien Nel 2018a:273-274; vgl. Shawchuck & Heuser 1993:32-34).

Aansluitend hierby is Shawchuck en Heuser (1993:32-34) se sogenaamde pouperbeeld van ŉ leier. Die verband met 'kindwees' lê in die feit dat die Koninkryk behoort aan die armes van gees (vgl. Matteus 5:3). Die salig spreek verwys na mense wat nie hooggeag word deur die samelewing nie, maar wel deur God hooggeag word. Sy koninkryk is juis vir mense soos hulle.

Leiers in geloofsgemeenskappe beskou dikwels die waardes van die Koninkryk as ŉ swakheid of "van min waarde". In teorie stem almal saam met die lering van die Bybel. Tog is dit nie die leierskapstyl van alle leiers nie. Nel (2018a:274) verduidelik soos volg:

> Yet man often has an 'espoused theory' (Shawchuck & Heuser 1993:225) while one's 'theory in practice' determines your behaviour. The theory of praxis within the church is often 'espoused theory' of those outside the church. Childlike dependence and the spirit


© University of Pretoria

of dependent childlikeness make no sense to many leaders in today's society. For such it borders on weakness.

In jeug- en studentebediening moet die voorgenoemde vereistes vir leierskapstyl bevestig word as outentiek vir Christene as volgelinge van Christus. Jeugleiers en jeugwerkers (die navorser sluit studenteleraars hierby in) moet geleer word dat nederigheid nie ŉ swakheid is nie. Dit is die primêre lewenshouding van mense wat deelneem aan dit wat God besig is om te doen. Hierdie lewenshouding is ŉ belydenis dat God die een is wat optree. Hy is die Skepper en die mens is betrokke as Sy skepsel. Dit is ŉ belydenis dat ek, as mens, klein genoeg is om in te pas in die sleutelrol wat Hy vir my in sy handelinge met ander en die wêreld het.

7.1.1.2.2. Dienaar

Leiers is dienaars. Dit is deel van hul identiteit. Die titel van dienaar vir leiers in die geloofsgemeenskap is ŉ belydenis dat Jesus Christus die hoof van die kerk is. Hy wat nie gekom het om bedien te word nie, maar om te dien (vgl. Markus 10:45). Hy, die een wat Sy lewe gegee het, en nie die leiers van die plaaslike gemeente nie, is die hoof van die kerk (vgl. Nel 1994:50; 2015b:143). Daarom noem Paulus homself ŉ dienaar van Christus (vgl. Romeine 1:1; Filippense 1:1). Hierdie identiteit mag nooit verlore gaan nie (sien Nel 2018a:275).

Dit is belangrik om te noem dat die jeug sensitief is vir die gesindheid van Christus in hul leiers. Jesus Christus maak ŉ indruk op die jeug. Cassels (1973:9) skryf dat mense (leiers) uit die pad moet kom sodat die jeug self kan sien dat Jesus inderdaad die weg, die waarheid en die lewe is. Indien jeugleiers dit nie in hul navolging van Christus doen nie, indien hulle nie sy diensbaarheid beliggaam nie, word Christenskap ongeloofwaardig en problematies (sien Nel 2018a:276).

7.1.1.2.3. Die groei en ontwikkeling van ander

In die voorgenoemde leierskapstyl, is die taak van die leier die ontwikkeling van die mense wat hy/sy dien. Die sin van die bediening lê in die feit dat God se wil gesoek en uitgevoer word. So ook in die feit dat mense groei en dat die jeug bemagtig word om die mense te word wat God wou hê hulle moet wees. Hulle word dus wie en wat hulle reeds in Christus is (sien Nel 2018a:276).


© University of Pretoria

Die beplande vraag in jeugleierskap is: Groei ander by wyse van dit wat ek doen deur my bediening? Nel (2018a:276) skryf dat, in ooreenstemming met wat die psigoloog Erikson wat die konseptualiseerder van die fases van psigososiale ontwikkeling was, gesê het dat die suksesvolle voltooiing van ŉ ontwikkelingstaak die leier ŉ gevoel van vervulling gee, –ŉ gevoel dat ŉ doel bereik is. Die ervaring van 'ek het my plig nagekom en my doel bereik' bevestig die leier se identiteit opnuut en die leier weet dat hy/sy is waar hy/sy behoort te wees en wie hy/sy behoort te wees. Die taak van die jeugleier, of dan studenteleraar, is om mense, en in hierdie geval studente, te sien groei en hulle te sien word wie hulle veronderstel is om te wees (sien Nel 2018a:276).

7.1.1.2.4. Die "evenmens"-benadering

Die ontwikkeling van norme vir pastorale bemiddeling was ŉ deurbraak in pedagogiese denke in die jare sewentig en tagtig (sien Nel 2018a:278; vgl. Firet 1977:203-222; 1986:156-171). Firet (1986:169) skryf dat die persoon wat nie erkenning kan gee aan die kern van die lewe waarna hy/sy geroep is nie, nie in sy/haar verhoudings met ander van enige positiewe waarde kan wees nie. Volgens hom is die "evenmens"-benadering een van drie pedagogiese kategorieë. Firet (1986:160) maak die doelbewuste besluit om die term *evenmens* te gebruik en nie die term *medemens* nie. In Firet se huistaal, Nederlands, word *equihuman* vertaal as *evenmens.* In Nederlands word sy keuse vir die term duidelik. Die term beklemtoon dat alle mense gelyk is – "equally human not just fellow human" (Nel 2018a:279).

Vir jeug- en studentebediening beteken dit dat die een wat deur jeugbediening bedien word ŉ gelyke is – net soveel mens as die jeugleiers (vgl. Firet 1977:208; 1986:156). As mens is die kind, of in hierdie geval die student, die opvoeder se gelyke. Die jeugleier wat nie die kind of student as ŉ mens, as ŉ eweknie, of as ŉ persoon met gelyke waarde ag nie, tree nie in verhouding met die persoon nie. Firet (1986:164) skryf dat hy/sy nie naby aan die persoon gaan kan kom nie. Dit beteken egter nie dat daar geen ongelykheid of asimmetrie tussen die opvoeder en lering of tussen die studenteleraar en student is nie, maar om voor iemand te wees wat kennis, ervaring of ouderdom betref, beteken nie dat hy/sy meerderwaardig is ten opsigte van menslikheid nie (sien Nel 2018a:279-208; vgl. Firet 1986:162).


© University of Pretoria

Die evenmens-benadering is uiters belangrik vir mense betrokke in jeugbediening en meer spesifiek in onderrig wat ŉ onontbeerlike deel van jeugbediening is. In onderrig word daar dikwels klem gelê op die asimmetrie tot nadeel van die evenmensbenadering. Vir eeue is kategese verstaan as om te onderrig met gesag van bo af. Die veronderstelling 'van bo af' lei dikwels tot outokratiese en verkleinerende oordrag van kennis. Die oordrag van kennis wat beskou word as vanaf die persoon wat meer weet na die een wat minder weet, en van die ervare na die onervare, word maklik as ŉ soort klassisme oorgedra van die "hoër" persoon na die "laer" persoon (sien Nel 2018a:280).

Volgens die teorie van praxis beteken dit dat almal wat met die jeug werk hul eie persepsies van die 'ander persoon' moet ondersoek. Hierdie insig hou verband met die insig van jeugleiers, ouers en ander jong mense in wat dit beteken om vir ander lief te wees (sien Nel 2018a:280). Die Bybel sê dat liefde hoofsaaklik handel oor diep waardering en hoë agting vir die ander (vgl. Louw & Nida 1988:294). Vanuit hierdie begrip vloei die belangrike lewenshouding om "ander met respek te hanteer" (vgl. Nielsen 1971:120). Die liefde hou verband met God se respek vir sy eie Skepping en die hoë waardering vir die mens as die skepsel aan wie hy sy Skepping toevertrou het. Dit dien as bewys van die verweefdheid van alle teologie en in die besonder jeugbediening. Antropologie self is in dié geval op die spel. Die manier waarop jong mense (studente) beskou en geag word deur die evenmensbenadering maak die betrokkenheid van mense in Jeugbediening agogies van aard. Dit maak verandering moontlik. Deur middel van die evenmensbenadering word agogiese situasies (vir verandering) geskep. Die situasies is primêr pastoraal van aard en gerig op verandering in die individu. Die eintlike verandering ontstaan in die spirituele funksionering van die individu en in die funksie van sy/haar betrokkenheid in ŉ verhouding wat op die verandering gerig is (sien Nel 2018a:281; vgl. Firet 1986:195).

Slegs wanneer 'die ander' aanvaar en waardeer word as ŉ 'evenmens', word die persoon in jeugbediening effektief betrokke in ŉ verhouding wat die onafhanklike spirituele funksionering van 'die ander' versterk. Die houding van Jesus Christus was ŉ daaglikse voorbeeld vir sy volgelinge en so ook vir elkeen in jeugbediening. Die gelowige leer die beginsel van die evenmens van Hom. Dit is die onvoorwaardelike aanvaarding van wie 'die ander' is en waar 'die ander' hom-/haarself bevind. Niemand raak effektief betrokke by die veranderinge in iemand anders as die ander persoon nie


© University of Pretoria

aanvaar en benader word as ŉ gelyke mens, ŉ evenmens, nie (sien Nel 2018a:281-282).

## 8. DIE KONINKRYK VAN GOD

### 8.1. Die lens van die evangelie van die Koninkryk van God op jeugbediening

Die konsep van die Koninkryk van God is afgeskeep in jeugbediening (sien Nel 2018a:26).

Die evangelie wat Jesus verkondig en gedien het, was die evangelie van die Koninkryk. In jeugbediening het dit dikwels beteken, en beteken dit moontlik steeds, om die jeug na Jesus toe te lei (sien Nel 2018a:26; Hryniuk 2007:60-61). Dit lei dan dadelik na die vraag "Hoe"? Nel (2018a:26-27) argumenteer dat die fokus eerder op die "Hoekom?"-vraag moet val. Wanneer ons erns maak met die hoekom-vraag, begin die hoe-vrae anders lyk en voel. Die aandag word verskuif na dieper vrae oor hoe om ruimte vir God te skep in die daaglikse lewens van jong mense deur die dissiplines van die geestelike lewe.

Die lewe self is op die spel – meer spesifiek die Koninkrykslewe wat beteken om te weet en te beleef dat daar lewe, oorvloedige lewe, voor die dood is. Die Koninkryk van God het alles te make met die herstel van lewe op aarde. Daar waar die Koninkryk kom, word die lewe, soos dit bedoel is deur God, herstel en teruggegee. ŉ Verhouding met God lei tot ŉ kwaliteit lewe, die belewenis van genesing, versoening, geregtigheid, ensovoorts (sien Nel 2018a:27-28).

Elke aspek van die lewe is ingesluit in die proses om dit te word wat God met die Skepping bedoel het. Die dimensies van die evangelie van die Koninkryk het te make met die aardse karakter van God se genesing en herstellende teenwoordigheid. Die nuwe manier van dink en lewe is vol verrassings (sien Nel 2018a:28).

Fowler (1996:17) verwys hierna as ŉ Trinitariese roeping. Hy skryf dat die ontologiese roeping nie net betrekking op Christene het nie. Dit is ŉ Christelike en Bybelse insig wat die ware roeping van alle mense openbaar, hetsy hulle dit weet en dit herken of nie.


© University of Pretoria

Die Koninkryk van God is die goeie nuus van die verhaal van God vir die wêreld. Dit is ŉ goeie storie wat eindig met ŉ nuwe aarde, maar om daar te kom, is ook ŉ goeie reis. Dit is die verantwoordelikheid en prioriteit van die Koning en sy dissipels om daar te kom. Ons doen dit wanneer ons bely dat God alleen die nuwe wêreld kan bewerkstellig. Ons is aktief en passief besig om te wag vir die nuwe wêreld om te kom. Ons aktiewe betrokkenheid is om ŉ nuwe skepping te bewerkstellig, nie uit niks nie, maar uit die ou wêreld (sien Nel 2018a:29).

## 8.2. Etiese vorming

Talle ontluikende volwassenes beskou Christelike spirituele groei as ŉ verbetering van hul morele gedrag –ŉ poging om al meer soos ŉ 'goeie' Christen op te tree. Wanneer daar gefokus word op ontluikende volwassenes se moraliteit en gedrag (insluitend swak besluite), is dit maklik om in die lokval waarna Willard (1998:35-59) verwys as *sondebestuur* te beland. Sondebestuur verwys na pogings om individue se gedrag deur wilskrag te beheer.

Wanneer bediening poog om sekere gedragspatrone in ontluikende volwassenes se lewens uit te roei, slaag dit nie daarin om aandag te gee aan die onderliggende kernkwessies wat ŉ rol speel nie. Gevolglik is bediening aan ontluikende volwassenes geneig om niks meer te wees as wat Tripp (2002:63) "fruit stapling" noem nie. Leiers wil ou vrot "vrugte" (gedrags- en leefstylprobleme) vervang deur kunsmatige nuwe "vrugte" (praktyke en voorgeskrewe gedrag). Alhoewel dit op die kort termyn moontlik verbeterde gedrag tot gevolg kan hê, sal die veranderinge nie hou nie omdat dit van buite af afgedwing word eerder as wat dit natuurlik vloei vanuit ŉ nuwe kernsisteem. Indien die individu se hart nie verander nie, sal die gedragsveranderinge verdwyn wanneer die druk of aansporing verwyder word. Uiteindelik sal die persoon se ware hart ontbloot word. Borg (2003:151) verduidelik dat die hart in die Bybel gebruik word as ŉ beeld vir die self op ŉ diep vlak – dieper as ons persepsies, intellek, emosies en wil. Die hart is die spirituele sentrum van die totale self en dit affekteer ons sig, gedagtes, gevoelens en wil.

### 8.2.1. <u>Christelike spiritualiteit en etiek</u>

In Christelike spiritualiteit word etiek verstaan as ŉ manier van wees (Carlson, Erickson & Seewald-Marquardt 2002:218)


© University of Pretoria

> Spirituality is a profoundly relational and moral way of being, as the primary purpose centres on our intimate relationship with the Divine … and how that relationship invites us into communal relations of respect, mutuality, accountability, compassion, and love with all humanity, and with all creation.

Om eties te wees, vereis meer as om gehoor te gee aan huidige regulasies, reëls en standaarde. Etiek vra van ons om altyd bedagsaam te wees van die kwaliteit van die verhouding wat ons uitnooi, aanmoedig, koester en op reageer. Dit vra om ŉ verstaan van etiek as ŉ manier van wees en nadenke oor hoe ons ons waardes uitleef (Carlson *et al.* 2002:220-221).

Die Suid-Afrikaanse teoloog en etikus Johan Heyns (1982:363-373) skryf dat roeping en gehoorsaamheid sentrale begrippe is vir die etiese lewe (sien Heyns 1982:363). Aan die hand van die roeping van die mens, soos verwoord in die skeppingsverhaal, skryf Heyns (1982:364):

> [D]ie aarde vra om bewerk te word. Daarom kan ons ook voortgaan en sê: my liggaam vra om ontplooiing en gebruikmaking, die boom vra om bemesting, die mooi seetoneel vra om vaslegging op ŉ doek, die kenbare vra om geken te word – en oral waar die mens hierdie roepstem hoor en hy daarop met die gepaste woord en/of daad in gehoorsaamheid antwoord, dáár handel hy eties-goed, want hy behandel sy eie persoon ooreenkomstig sy roeping as mens.

Hy voer sy argument verder deur te skryf dat die etiese vraag vra "na die mens se instelling tot en behandeling van sy eie persoon" (sien Heyns 1982:365). Die vraag bied dan ook ŉ antwoord op die vraag oor die doel van die mens se bestaan. Hy skryf dat die mens se bestaan nie ŉ vraag is wat beantwoord moet word nie, maar eerder ŉ versoek is waarop hy/sy moet reageer. Om dit op ŉ etiese wyse te kan doen, is selfkennis van kardinale belang (sien Heyns 1982:365-367). Hierdie selfkennis is vir Heyns (1982:365) meer as net selfwaarneming. Volgens hom kom selfkennis "alleen tot stand wanneer die verligtende werking van die Gees die menslike rede open om die boodskap van die Skrif met betrekking tot sy eie lewe, te verstaan." (Heyns 1982:365). Die inhoud van die selfkennis is die ontdekking van drie fundamentele waarhede aangaande die self: die mens is geskape deur God, die mens is gebroke, en God bring herstel en verlossing (sien Heyns 1982:366).


© University of Pretoria

Heyns (1982:367) skryf verder dat die etiese inhoud van die intrapersoonlike verhouding nie net uit selfkennis bestaan nie, maar ook uit selfaanvaarding.

> Aanvaarding van die self is bevestiging van Gods skeppings- en herskeppingswerk, en is tevredenheid, nie net met wat God gegee het nie, maar ook met die grense van en beperkinge in wat Hy gegee het. Daaruit spruit voort ŉ innerlike vergenoegdheid, nie net met die eienskappe en kwaliteite van die self nie, maar ook met die verskeidenheid van aanleg en begaafdheid, van posisie en moontlikhede, van pligte en verantwoordelikhede.

Wie homself/haarself dus aanvaar, verstaan dat daar in die verskeidenheid van gawes ook ŉ eenheid van opdrag is om God te dien (Heyns 1982:367).

8.2.2. Die vorming van deugde in ontluikende volwassenheid

Soos verduidelik aan die begin van die afdeling, behels morele vorming ŉ diep transformasie van die hart. Morele vorming is outoritatiewe leiding en ondersteuning aan ontluikende volwassenes in hul groeiende persoonlike verbintenis tot gedeelde objektiewe waardes wat geanker is in die Bybelse narratief. Dit is meer as die versekering van goeie gedrag; dit is die vorming van karakter wat transformasie van die hart vereis en die ontwikkeling van ŉ deugsame lewe (sien Setran & Kiesling 2013:150).

Tousley en Kallenberg (2011:814) stel ŉ drievoudige definisie vir deugde voor wat nuttige riglyne bied om die proses van morele vorming in ontluikende volwassenes te benader:

> Virtues are (1) habituated dispositions involving both an affective desire for the good and this skill to both discern and act accordingly; (2) learned through practice within a tradition (i.e., a historical community with a rich account of the "good"); and (3) directed toward this tradition's particular conception of the good (making virtues teleological)

Die eerste deel van die definisie beklemtoon dat karakter die kognitiewe, affektiewe en gedragsaspekte van die lewe behels. Al drie domeine is essensieel vir die vorming van deugde. Soos Wood (1998:44) voorstel: "Virtues … paradigmatically dispose us to think and feel and act in ways that contribute to our and others' flourishing."

Na aanleiding van die definisie van Tousley en Kallenberg, stel Wright (2010:29) voor dat enige waardige benadering tot karakterontwikkeling die volgende


© University of Pretoria

drie stappe insluit: (1) gerig op die regte doelwit, naamlik die ontwikkeling van ŉ gepaste *telos* of siening van menslike florering; (2) die vasstel van sterkpunte en deugde wat die beste kan bydra tot die doel; en (3) bepaal hoe om die deugde te kweek sodat dit diep gewortel en gewoontes word met verloop van tyd.

Vanuit ŉ Christelike siening is die doeleindes van die ontwikkeling van deugde gevestig op die goddelike narratief en word deugde beskou as ŉ stel gewoontes en ingesteldhede wat nodig is vir die individu om sy/haar rol in die groter narratief te vertolk. Wright (2010:17) verwoord dit soos volg:

> For a start, [virtue] is a call not to specific acts of behavior but to a type of character. For another, it is a call to see oneself as having a role to play within a story, a story where there is one supreme Character whose life is to be followed. And that Character seems to have his eye on a goal, and to be shaping his own life, and those of his followers, in relation to that goal.

Soos met geloofsvorming, is die oproep van morele vorming om herhaaldelik jouself in ŉ posisie te plaas waar die Heilige Gees die hart kan transformeer en gedagtes kan vernuwe. Dit behels die beoefening van deugde totdat dit gewoontes en toenemend 'natuurlike' reaksies word op lewensomstandighede (sien Setran & Kiesling 2013:156).

Setran en Kiesling (2013:156-160) beskryf vyf hulpbronne vir die fasilitering van morele vorming in die lewens van ontluikende volwassenes:

- Die eerste kritiese element in die praktyk van morele vorming is om in gesprek te tree met stories.
- Morele voorbeelde, oftewel rolmodelle, is nodig vir ontluikende volwassenes om ŉ konkrete beeld van die morele lewe te vorm.
- Morele vorming is absoluut afhanklik van herhaalde praktyke wat gewoontes van deugde inskerp.
- Die vierde kritiese element van morele vorming is die sosiale konteks van ŉ gemeenskap.


© University of Pretoria

- Laastens besprekings, ervaringe en gebeure wat morele bewussyn aanwakker. Dit is belangrik vir die skakeling van deugde met die ervaring van die wêreld.

### 8.3. Roeping

James Fowler (2000:113,117) verduidelik roeping soos volg:

> To be in vocation means to grow in a grace-full fitting of our dance to the larger movement of the core plot. To be in vocation means to make creative contributions to the ongoing unfolding of the drama, in accordance with the vision and denouement intended by the playwright. To be in vocation means to develop the talents and gifts one has been given for the sake, and within the constraints, of enriching and moving the whole drama-dance toward the climatic fulfilment envisioned by the script… The challenge and invitation that the Christian community has to offer late adolescents is that of shaping their young adult dream in terms of vocation.

Setran en Kiesling (2013:112) skryf dat studenteleraars geroep word om ontluikende volwassenes te help om ʼn breër sin van God se doel te ontwikkel en om hul spesifieke bydrae in die groter plan te onderskei. Roeping is ʼn area wat ʼn individu se siening van God, mense, kulture en lewensdoel reflekteer en vorm. Dit ontbloot geloofsoortuigings oor die manier waarop God lei en rigting gee, oor die rol van werk en plesier in Christelike dissipelskap en oor die plasing van identiteit en roeping. Dit dien ook as ʼn fundamentele smeltkroes vir Christelike karakterontwikkeling (vgl. Nel & Scholtz 2015:5). Verder vestig roeping gewoontes en patrone wat die individuele, familie- en gemeenskaplike lewensfere beïnvloed. Soos wat studenteleraars ontluikende volwassenes wat roepingsonderskeiding moet navigeer, begelei, moet hulle deurentyd daarvan bewus wees dat die proses meer as net ʼn soeke na winsgewende indiensneming verteenwoordig. Dit is ook ʼn vormende lokus vir teologiese, spirituele en sosiale transformasie. Indien die onderskeid van Christelike roeping (1) ʼn toenemende bewustheid is van die doeleindes van God se koninkryk en (2) die kapasiteit om ʼn unieke roeping met die doeleindes te kies, dan moet ontluikende volwassenes op beide areas fokus.

Aanvullend skryf Nel en Scholtz (2015:4) dat roeping deesdae dikwels saam met ons aard as herstel deur genade verstaan word. Die teoloog Herbert Alphonso (2001:11) skryf dat “your personal identity, your personal orientation in life, your most profound and true self is your vocation in life.” Rowan Williams (2014:2409) verduidelik dat God nie ʼn roeping laat neerdaal op ʼn individu nie, maar eerder dat Hy weer en


© University of Pretoria

weer dieselfde woord vir die individu sê – die individu se ware naam, die individu se ware identiteit. In die verstaan van die woord, het roeping meer te make met *wees* as met *doen*. Guinness (1998:526) skryf dat die individu se werk soveel ure opneem dat sy/haar beroep die individu definieer en sy/haar identiteit bepaal. Die mens word wat hy/sy doen. Roeping keer dié denkwyse om. In stede van 'jy is wat jy doen', sê roeping 'doen wat jy is'.

Ten opsigte van die eerste punt het Christian Smith (2009:294) voorgestel dat ontluikende volwassenes nie daarin slaag om ŉ diep gevoel van doel in hul lewens te kweek nie omdat hulle vasberade is om vry te wees. Smith (2009:294) suggereer dat hulle nie weet wat die moeite werd is om te doen met hul vryheid nie. Hulle werk hard om op hul eie voete te kan staan, maar hulle weet nie regtig waarheen en waarom hulle behoort te gaan wanneer hulle eers op hul eie voete staan nie. Deur volwassenheid in terme van vryheid en onafhanklikheid te definieer, word die gevoel van verantwoordelikheid wat ware roeping kenmerk dikwels afgeskeep. Daarby is gekompartementaliseerde sieninge van Christenskap geneig om die koninkrykgedrewe roepingsvisie, wat moontlik regte doeleindes vir ontluikende volwassenes kan skep, te vernou/verklein. Soos Parks (2011:138) dit verduidelik, kan diegene in hierdie ouderdomsgroep maklik die vorming van groot genoeg vrae en drome wat hul volwasse roeping kan begelei misloop. Diegene wat ontluikende volwassenes bedien, moet hul drome verder as hul eie belange uitbrei en ontluikende volwassenes help om ŉ omvattende koninkrykslewensdoel, wat hul hele lewe insluit, na te jaag (sien Setran & Kiesling 2013:112-113).

Wat die kies van ŉ unieke roeping betref, moet ontluikende volwassenes gehelp word in die besluitnemingsproses wat aandag gee aan die vraag "Wat moet ek doen met my lewe?" Omdat verlengde ontluikende volwassenheid ook besluitneming verleng en klem lê op die verskeidenheid van keuses, kan dit ŉ pynlike proses wees om tussen al die roepingsopsies te kies. Die besluitnemingsproses is ook soveel meer uitdagend omdat heelwat Christelike ontluikende volwassenes soekend is na die wil van God om hul toekomstige roeping te ontdek. Omdat ontluikende volwassenes graag hul moontlikhede wil uitbrei en tog die wil van God wil vind, lei hul onderskeidingsproses dikwels tot angstigheid, verlamming en ŉ gebrek aan toewyding en tevredenheid oor hul roeping.


© University of Pretoria

> Those ministering with emerging adults must help them navigate their many choices and quests for the elusive "will of God" by shifting their gaze toward the providential hand of a loving God in their vocational lives.
>
> Setran & Kiesling (2013:113)

Setran en Kiesling (2013:112-137) wy ŉ hoofstuk aan roeping en ontluikende volwassenheid. Hulle fokus ook op diegene wat ontluikende volwassenes bedien en skryf oor maniere waarop hulle kan help met die onderskeid van hul roeping. Hulle sluit die hoofstuk af met Crouch (2008) se beskrywing van roeping. Hy skryf dat roeping dikwels ontdek word by die kruising van "genade" en die "kruis". Genade verteenwoordig die plekke waar God se voorsienigheid in ons lewens en werk gesien kan word. Die kruis verteenwoordig die wêreld se gebroke plekke en areas wat uitroep om die genesing en verlossingskrag van die evangelie. Soos Crouch (2008:262) voorstel: "So, where are we called to create culture? At the intersection of grace and the cross. Where do we find our work and play bearing awe-inspiring fruit – and at the same time find ourselves able to dig into the dirt, cultivate and create." Genade (voorsienigheid) sonder die kruis kan lei tot selfversonkenheid ("self-absorption"). Die kruis (doel) sonder genade kan lei na leë aktivisme wat gegrond is op persoonlike wilskrag. Doel en voorsienigheid is beide nodig vir ŉ waarlik Christelike roepingsvisie onder ontluikende volwassenes.

## 9. SAMEVATTING

In die hoofstuk is ŉ oorsig oor die literatuur oor jeug- en studentebediening te bied. Soos daar aan die begin van die hoofstuk genoem is, is jeugbediening ten diepste teologies en vra dit om voortdurende teologiese fundering. Dieselfde geld vir studentebediening.

In die hoofstuk is die teologiese fundering van jeug- en studentebediening vanuit die volgende perspektiewe bespreek: die Trinitariese en relasionele lens, die lens van dissipelskap en geloofsvorming, die gemeenskap van gelowiges en die Koninkryk van God. Die gevolglike implikasies vir die begrip en uitvoering van studentebediening is ook bespreek.

In die volgende hoofstuk word die vraag "Wie is die universiteitstudent?" beantwoord vanuit die psigososiale benadering tot menslike ontwikkeling.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 7

# DIE UNIVERSITEITSTUDENT

## 1. INLEIDING

Die navorsingsprobleem, navorsingsvraag en doel van hierdie studie is reeds in hoofstuk 1 soos volg geformuleer:

Die navorsingsprobleem van die studie is dat daar gebrekkige begrip en kennis is van die behoeftes van Afrikaanssprekende studentelidmate van die Gereformeerde studentegemeentes in Suid-Afrika. Daar is tans weinig resente navorsing oor studentebediening in die Suid-Afrikaanse konteks om leraars in hul onderskeie bedienings te ondersteun. Die navorsingsvraag is om vas te stel wie die hedendaagse Afrikaanssprekende universiteitstudent is en hoe die leefwêreld van sodanige student lyk ten einde die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente te identifiseer. Die doel van die navorsing is om die bedieningsbehoeftes van universiteitstudente in Suid-Afrika te identifiseer en om studentegemeentes teologies te bemagtig om studente meer sinvol en effektief te bedien.

Soos verduidelik in die inleiding van hoofstuk 6, het die navorser gekies om die normatiewe taak voor die interpretatiewe taak te plaas. Die hoofstuk verteenwoordig die tweede van die vier kerntake van Osmer (2008:31-218) se praktieseteologie-interpretasie. Die tweede taak is die interpretatiewe taak. Die doel van die taak is om vanuit teorieë en literatuur in die sosiale wetenskappe idees te verkry om te help om die patrone en dinamika, geïdentifiseer in die empiries-deskriptiewe taak (hoofstukke 3, 4, 5) beter te verstaan en te verduidelik (sien Osmer 2008:4). Die hoofstuk beantwoord die rigtinggewende vraag van die interpretatiewe taak, naamlik: Waarom is dit aan die gebeur? (sien Osmer 2008:4; 79-128).

Hierdie hoofstuk is die tweede van die twee teoretiese hoofstukke in die proefskrif. Die hoofstuk beantwoord die vraag "Wie is die universiteitstudent?" vanuit psigososiale teorieë oor menslike ontwikkeling. In kort dui die teorie daarop dat 'n universiteitstudent in die lewensfase genaamd *ontluikende volwassenheid* is (sien afdeling 5). Die teorie van ontluikende volwassenheid bou voort op die werk van Erik Erikson (1950:231-233) en toon dat die soeke na identiteit, wat reeds in adolessensie


© University of Pretoria

ŉ aanvang geneem het, eers tydens ontluikende volwassenheid afgehandel word (sien Arnett 2015b:8-10; Arnett 2016:410).

Ontluikende volwassenheid as lewensfase en die soeke na identiteit maak deel uit van ŉ gesprek oor menslike ontwikkeling wat reeds vir eeue duur. Daarom word dit nodig geag om ontluikende volwassenheid in die breër historiese konteks te verstaan. Die hoofstuk word soos volg gestruktureer: Eerstens word menslike ontwikkeling kortliks beskryf, waarna die ontwikkeling van die konsep van *identiteit* bespreek word en Erikson (1950, 1959, 1968) se teorie bespreek word. Die tweede deel van die hoofstuk handel oor ontluikende volwassenheid en die rol van geloof in ontluikende volwassenheid.

## 2. MENSLIKE ONTWIKKELING

In die Westerse kultuur is die vroegste aanvaarde konsep van opvoeding verwoord in die sogenaamde *mechanical mirror theory*. Hierdie teorie veronderstel dat “man grows to be what he is made to be by his environment” (Langer 1969:4). Opvoeding vereis gevolglik sensorskap. Die eerste opvoedkundige wat die aanname uitgedaag het, was John Comenius (ca. A.D. 1650). Hy het geskryf vanuit ŉ breër perspektief wat besorgdheid vir die individu, die samelewing en die verkondiging van die evangelie geïntegreer het. Hy het die idee dat opvoeding bloot ŉ meganiese patroon is, verwerp. Deur na opvoeding as ŉ geheel te kyk, het die erkenning van die groeiproses hom gelei tot ŉ unieke opvoedingsteorie waarin onderrig en lering aangepas moet word volgens die karaktereienskappe van die kind (sien Richards 1983:90). Alle leermateriaal moet gevolglik verdeel word volgens ouderdom, sodat die kind slegs leer wat binne sy/haar vermoëns is (sien Comenius vertaal deur Keatinge 1896:266). Die stelling lê aan die kern van moderne ontwikkelingsteorie. Die kind moet verstaan word sodat lering en opvoeding ontwerp kan word om aan te pas by die kind se vermoëns (sien Richards 1983:91).

Vandag is menslike ontwikkeling ŉ ontwikkelde vakgebied. Menslike ontwikkeling verwys na die wyse waarop die mens groei en verander gedurende sy/haar lewensduur. Dit sluit die mens se biologiese, kognitiewe, psigologiese en sosiale ontwikkeling in (sien Arnett 2016:4). Daar is drie primêre benaderings tot menslike ontwikkeling, naamlik die psigoseksuele benadering, die psigososiale


© University of Pretoria

benadering en die ekologiese benadering (sien Arnett 2016:21). Bronfenbrenner (1979) se ekologiese teorie word in die volgende hoofstuk bespreek.

In die hoofstuk word daar slegs na menslike ontwikkeling gekyk vanuit die psigososiale teorie van Erik Erikson (1950) wat veronderstel dat menslike ontwikkeling gedryf word deur die individu se behoefte om in die sosiale en kulturele omgewing geïntegreer te word.

## 3. IDENTITEIT

In die psigososiale teorie van Erikson (1950, 1959, 1968) staan die konsep van identiteit sentraal. Soos reeds genoem, bevind universiteitstudente hulself in die lewensfase genaamd ontluikende volwassenheid. In hierdie fase word die soeke en vorming van identiteit voortgesit en geïntensiveer. Gevolglik word dit nodig geag om eers die konsep van identiteit te verstaan alvorens Erikson se teorie en ontluikende volwassenheid bespreek word.

### 3.1. Die historiese en filosofiese grondslag van identiteit

Die fundamentele konsepte wat onderliggend is aan die self en identiteit het diepgaande historiese wortels (vgl. Burkitt 2011:270-274; Taylor 1989:177-184; Baumeister 1986:29).

Voor die totstandkoming van die sosiale wetenskappe in die negentiende en die vroeë twintigste eeu, het vrae oor menswees en identiteit aan die domein van die filosofie behoort. Die moderne idee van identiteit het ontstaan vanuit filosofiese perspektiewe op geheue en persepsie uit die era van die Verligting. Dit is later bewillig deur die eerste generasie van psigoloë en sosioloë. René Descartes (1637/2000) se alombekende stelling "cogito, ergo sum" ("Ek dink, daarom is ek.") is moontlik die vroegste stelling rakende identiteit. Die stelling het die rol van selfbewuste kognisie in die menslike ervaring bekragtig. Later het John Locke (1694/1998) *identiteit* en *diversiteit* as konsepte beskou wat handel oor die eendersheid van of verskille in persepsie. Hy beklemtoon dat soortgelyke eienskappe van voorwerpe of persone samehang in die bewussyn skep. Dit skep 'n sin van eenheid tot die mens se ervaring van die sensoriese wêreld.


© University of Pretoria

In die agtiende eeu het filosowe soos David Hume (1739/1986) en Immanuel Kant (1781) die idee dat die bewussyn van identiteit teenwoordig is in die eienskappe van ŉ persoon of voorwerpe self uitgedaag. Hulle het voorgestel dat die geheueproses eerder die eenheid skep. Met ander woorde, identiteit behels die persepsie van eendersheid of onveranderlikheid wat in die geheue gekonstrueer word. Kant (1781) beklemtoon dat ŉ mens slegs die self kan ken in verhouding tot die wêreld. Mense maak sin van hul interaksies met die materiële wêreld wanneer hulle hul persepsies van verskeie ervaringe aanmekaarlas (sien Baumeister 1986:29).

Die studie van identiteit het in die laat negentiende eeu oorgeskuif van die veld van filosofie na psigologie. Wilhelm Dilthey (1923/1988) het in sy konseptualisering van ŉ hermeneutiese benadering tot psigologie geargumenteer ten gunste van die sentraliteit van betekenis. Hy het voorgestel dat mense betekenis skep deur eenheid in gebeure raak te sien en taal gebruik om ŉ verenigde weergawe van wie hulle is in die sosiale wêreld te konstrueer. Hierdie siening was die vooruitskouing van latere narratiewe teorieë van identiteit en hermeneutiese benaderings in die sosiale wetenskappe (sien Hammack 2015:13).

Vroeë filosofiese perspektiewe beklemtoon dus die beduidendheid van geheue, betekenis, relasionaliteit en die persepsie van eendersheid en verskille ten opsigte van die konsep van identiteit. Die konseptuele klem sou later die teorieë van William James en George Herbert Mead beïnvloed. James (1890) en Mead (1934) was fundamentele teoretici wie se idees steeds vandag die kern van kontemporêre teoretiese benaderings vorm (sien Hammack 2015:13).

## 3.2. James en Mead: die fundamentele teoretici

### 3.2.1. <u>William James</u>

James (1890:331) het *persoonlike identiteit* gedefinieer as "consciousness of personal sameness". Sy siening sluit aan by die vroeër filosofiese perspektiewe wat klem gelê het op individuele kognisie en selfrefleksie. Sy siening lê klem op kontinuïteit en eenheid in ŉ persoon se denke asook op ŉ somatiese gevoel van "warmte" wat ŉ positiewe psigologiese sensasie bied. Hy het dus gepoog om kognisie, emosie en psigologiese reaksies in sy siening van identiteit te integreer. James (1890:336) verwoord dit soos volg:


© University of Pretoria

> Resemblance among the parts of a continuum of feelings (especially around bodily feelings) experienced along with things widely different in all other regards, thus constitutes the real and verifiable 'personal identity' which we feel.

Met die skuif van die studie van identiteit vanuit die filosofie na die psigologie, het die teoretiese grondslag van identiteit verskuif van ŉ grootliks private, interne gesentreerde siening van identiteit na ŉ siening waar die private en publieke aspekte van identiteit in tandem beskou is. James (1890:294) het die term *sosiale self* gebruik en voorgestel dat "a man has as many social selves as there are individuals who recognize him and carry an image of him in their mind". Sy konsep van identiteit is verruim van ŉ grotendeels private, innerlike siening van identiteit na ŉ publieke, verspreide siening waar identiteite geskep word in sosiale aksies (sien Hammack 2015:13-14).

#### 3.2.2. George Herbert Mead

Mead (1934) het een van die vroegste sistematiese verduidelikings van die idee van die self as ŉ sosiale konstruk gebied. Hy skryf dat "the self is something which has a development; it is not initially there, at birth, but arises in the process of social experience and activity" (Mead 1934:135). Sodoende lê hy die grondslag vir die teoretiese perspektief in sosiologie wat bekend sou word as *simboliese interaksionisme* ("symbolic interactionism") (sien Hammack 2015:14). Hy het geargumenteer ten gunste van ŉ vroeë, radikale vorm van sosiale konstruering waarin die self, gedagtes en samelewing saamsmelt deur kleinskaalse sosiale interaksies. Die gevoel van eendersheid en verskille wat onderliggend is aan identiteite kom na vore wanneer mense deelneem aan wat Mead (1934:43) "conversation of gestures" noem. Gevolglik kan mense slegs idees en konsepte begryp deur hul interaksie met die simboliek – die gebaar, die wêreld en die verteenwoordiging.

### 3.3. ŉ Kort omskrywing van identiteit

Hammack (2015:12) bied gevolglik die volgende kort beskrywing van identiteit. Die konsep van identiteit dui op die dialogiese idee van eendersheid en verskille. Dit word gedoen deurdat identiteit ŉ sin van interne samehang en kontinuïteit vir die individu in ŉ bepaalde sosiale konteks bied, maar dit dien ook om die sosiale wêreld in betekenisvolle kategorieë te verdeel (sien Hammack 2015:12).


© University of Pretoria

Hierdie perspektief is beïnvloed deur James (1890:332) se klem op persoonlike samehang, maar ook Mead (1934:135) se siening van die self as sosiale konstruk.

Latere ontwikkelings in die verstaan van identiteit sluit in Tajfel (1981:254-267) se idee dat sosiale identiteite as beduidende bepalers van gedagtes, gevoelens en dade dien en in Hammack (2015:12) se navorsing plaas hy klem op die rol van taal as die bemiddelende meganisme waardeur identiteit ontwikkel. Dit het hom gelei om narratiewe teorieë sentraal tot die studie van identiteit te plaas (vgl. McAdams 2001:100-122).

## 4. ERIK ERIKSON: IDENTITEITSONTWIKKELINGSTEORIE

Daar is moontlik geen ander akademikus wat so sterk geassosieer word met die konsep van identiteit soos Erik Erikson nie (vgl. Hammack 2015:17). Die sentrale uitgangspunt van Erikson (1950:231-233, 1968:104) se teorie oor identiteit is dat mense tydens adolessensie ŉ normatiewe identiteitskrisis ("identity crisis") beleef wat uiteindelik die trajek van hul volwasse lewe bepaal. Sentraal tot sy teorie – en ŉ nuwe vertrekpunt van die filosofie en vroeë psigologiese benaderings tot die konsep – was die idee van *identiteitsontwikkeling.*

### 4.1. Identiteitsontwikkelingsteorie

Erikson (1968:34) het identiteit beskou as ŉ proses en uitkoms van menslike ontwikkeling. Volgens Erikson se teorie duur die proses lewenslank voort, maar is gesentreerd tot die ontwikkelingsfase van adolessensie (vgl. Hammack 2015:17). Erikson se teorie is breedvoerig, multidimensioneel en vereis interaksie op drie vlakke van identiteit wat werk vir gesonde ontwikkeling (vgl. McLean & Syed 2015:3).

Die eerste vlak is *ego-identiteit*. Ego-identiteit behels ŉ fokus op persoonlike kontinuïteit en is te vinde wanneer ŉ persoon by magte is om sy/haar belangrikste, mees basiese en private oortuigings oor die self te integreer om ŉ sin van persoonlike eenvormigheid oor tyd te skep. Erikson (1959:94) definieer dit soos volg:

> [T]he accrued confidence that one's ability to maintain inner sameness and continuity … is matched by the sameness and continuity of one's meaning for others.

Erikson integreer dus James (1890) se kognitiewe perspektief met Mead (1934) se klem op die self as ŉ sosiale produk. Dit terwyl hy dit verweef in ŉ psigoanalitiese siening van die gedagtes met die klem op die ego (sien Hammack 2015:17).


© University of Pretoria

Die tweede vlak, *persoonlike identiteit,* sentreer rondom die manier waarop ŉ persoon sy/haar oortuigings of doelwitte, wat verkry word in die onderhandeling van kultureel-relevante rolle en posisies, definieer. Die vlak word die beste vasgevang in die huidige benadering tot die ondersoek van identiteitstatusse. Dit word gebaseer op die prosesse van verkenning van opsies vir die rolle en dan die verbintenis tot daardie rolle (sien Erikson 1968:41; vgl. McLean & Syed 2015:3).

Die derde vlak is *sosiale identiteit*. Op hierdie vlak word die klem geplaas op die verband wat ŉ persoon met ŉ groter groep het, soos byvoorbeeld met sy/haar etniese agtergrond, geslag of land van afkoms. Op hierdie manier word ŉ persoon nie net gedefinieer deur die persoonlike of individuele aspekte van die self nie, maar ook deur die groter groep waaraan hy/sy behoort (Erikson 1950:213, 1968:35; vgl. McLean & Syed 2015:3).

Vir Erikson (1968:41) is die hoogtepunt van die interaksie van die drie vlakke *identiteitsintese*. Hy het identiteitsintese beskou as die proses waarin identifikasies van die kinderjare ingebou word in ŉ selfverstaan dat dit samehangend deur tyd en konteks is. Dit word ook verteenwoordig deur ŉ verbintenis aan volwasse rolle in die persoon se samelewing waaraan waarde geheg word (vgl. McLean & Syed 2015:4). Geen historiese of kontemporêre benaderings tot Erikson se teorie het al daarin geslaag om die totaliteit van die proses vas te vang nie (sien McLean & Syed 2015:4)

### 4.2. Fases van ontwikkeling

In die ontwikkelingsproses is daar, volgens Erikson (1959) se teorie, agt fases wat ŉ persoon moet deurmaak. Die suksesvolle navigering van die fases kan ŉ 'gesonde persoonlikheid' tot gevolg hê. Dit beteken dat die persoon ŉ identiteit ontwikkel wat ŉ gevoel van kontinuïteit, self-eendersheid en betekenis vir ander bied. Alternatiewelik kan die onvermoë om die vereistes of krisis van enige fase te bemeester, diffusie of rolverwarring tot gevolg hê. Dit kan veroorsaak dat die persoon dit moeilik vind om ŉ gevoel van kontinuïteit te verkry en ŉ plek in die wêreld te vind (vgl. McLean & Syed 2015; Arnett 2016:23).

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk is die vyfde en sesde fase van ontwikkeling van belang. Fase vyf, wat voorkom tydens adolessensie, is eksplisiet begaan oor die vorming van identiteit. Met die psigososiale revolusie van puberteit,


© University of Pretoria

het adolessente toenemend besorg geraak oor hul sosiale rolle en hoe om hulself aan die rolle te verbind (sien Erikson 1959:94). Hulle is besig met die vlak van ego identiteit.

Erikson (1959:120) beskou adolessensie dus as ŉ tyd van psigososiale moratorium – ŉ oorgang moment waarin "the individual through free role experimentation may find a niche in some section of his society, a niche which is firmly defined and yet seems to be uniquely made for him" (Erikson 1959:120).

### 4.3. Adolessensie: Identiteit teenoor differensiasie

Erikson (1968:125) skryf dat die taak van adolessensie is om 'getrouheid' te behaal. Getrouheid is volgens hom "the ability to sustain loyalty freely pledged in spite of inevitable contradictions an confusions of value systems" (Erikson 1968:125; vgl. Erikson 1950:231-233). Om dit te kan doen, moet die fase van *identiteit vs. differensiasie* suksesvol genavigeer word.

Cushing en McGoldrick (2004:237) skryf dat differensiasie van die self ook ŉ essensiële taak van ontluikende volwassenheid is. Hulle definieer differensiasie van die self as "a state of self-knowledge and self-definition that does not rely on the acceptance or rejection of others" (Cushing & McGoldrick 2004:237). Dit wat bygedra het tot selfdefinisie en identiteitvalidering tot en met ontluikende volwassenheid (byvoorbeeld sportprestasies en skoonheid) mag egter nie meer die medium wees vir suksesvolle funksionering in die volwasse wêreld nie (sien Graham 2004:226).

### 4.4. Jong volwassenes: Intimiteit teenoor isolasie

Die volgende fase is *jong volwassenheid*. Erikson (1950:233-236) karakteriseer die ego-ontwikkelingstaak van jong volwassenheid as *intimiteit vs. isolasie.* Die taak hou nou verband met die krisis tydens adolessensie wat *identiteit vs. differensiasie* is. Die jong volwassene bring die konsolidering van identifikasies en resolusies (vertroue, outonomie en inisiatief) in gereedheid om intieme verhoudings te waag. Identiteit wat gereed is vir intieme betrokkenheid veronderstel ŉ samehangende self-struktuur wat bestaan uit ŉ "internal, self-constructed, dynamic organization of drives, abilities, beliefs and individual history, which is shaped by the child's navigation of normal crises or challenges at each stage of development" (Catalano, Berglund, Ryan, Lonczak & Hawkins 2004:98). Met ander woorde, teen die ouderdom van agtien moet die kind


© University of Pretoria

hom-/haarself goed genoeg ken en die nodige vaardighede vir intieme verhoudings ontwikkel het (sien Setran & Kiesling 2013:61).

## 5. ONTLUIKENDE VOLWASSENHEID

Studente bevind hulself in die ontluikende volwassene lewensfase. Die lewensfase is ŉ relatiewe nuwe lewensfase in vergelyking met die ander lewensfases. Die soeke na identiteit word verskerp en voortgesit tydens die lewensfase. Voordat identiteitsontwikkeling verder bespreek word, is dit eers nodig om die konteks van ontluikende volwassenheid, waarin identiteitsontwikkeling plaasvind, te verduidelik.

### 5.1. Die totstandkoming van ontluikende volwassenheid: vier revolusies

Ontluikende volwassenheid het ontstaan weens die skerp toename in die algemene ouderdomme waarop jong mense trou en ouers word sedert die middel van die twintigste eeu (sien Arnett 2015a:3). Die hoër ouderdomme het ŉ ruimte geskep tussen die latere tienerjare en die laat twintigs vir die nuwe lewensfase van ontluikende volwassenheid.

Die hoër ouderdomme was egter nie op sigself die oorsaak vir die nuwe lewensfase nie. Dit was eerder ŉ reaksie op die vinnige veranderinge wat plaasgevind het in die moderne samelewing. Vier revolusies het in die 1960's en 1970's plaasgevind wat die grondslag gelê het vir die wêreld soos ons dit vandag ken, insluitend die lewensfase van ontluikende volwassenheid. Die vier revolusies was die Tegnologiese Revolusie, die Seksuele Revolusie, die Vrouebeweging en die Jeugbeweging (sien Arnett 2015a:3-6). Vervolgens word elk van die revolusies kortliks bespreek.

5.1.1. <u>Tegnologiese revolusie</u>

Weens die buitengewone tegnologiese vooruitgang kon masjinerie die meeste van die vervaardigingswerk, wat voorheen die hoofbron van indiensneming in die ontwikkelde lande was, vervang. Die nuwe industriële ekonomie het klem gelê op inligting en tegnologie en het daarom tersiêre onderrig en opleiding vir die meeste beroepe verlang, spesifiek vir beroepe met die hoogste betaling en status. Gevolglik het ŉ uitsonderlike hoë aantal jong mense, meer as ooit vantevore, verder gaan studeer ná


© University of Pretoria

hoërskool. Die meeste van die jong mense het volwasse verpligtinge soos trou en ouerskap uitgestel tot ten minste in hul laat twintigs (sien Arnett 2015a:4).

5.1.2. Seksuele revolusie

ʼn Tweede verandering was die Seksuele Revolusie wat begin is deur die uitvinding van die voorbehoedmiddel in 1964. Die gemak en beskikbaarheid van "die Pil" het gelei tot minder streng standaarde vir seksuele moraliteit. Daar is algemeen aanvaar dat jong mense nie meer hoef te trou om seksueel aktief te wees nie (Arnett 2015a:4).

5.1.3. Vrouebeweging

Die derde groot verandering wat die lewens van hedendaagse jong mense verander het, was die Vrouebeweging. Voor die beweging was dit nie ʼn lewensvatbare sosiale status vir ʼn vrou om enkellopend te bly nie en relatief min vroue het tersiêre onderrig ontvang. Aangesien vroue nie ander opsies gehad het nie, en sosiale teenkanting ervaar het as hulle vir te lank ongetroud was, het hul behoefte om vroeër te trou en kinders te kry toegeneem (sien Arnett 2015a:4).

Vir jong vroue van die een-en-twintigste eeu het die Vrouebeweging alles verander. Op elke vlak van onderrig oortref dogters seuns en jong vroue se beroepsmoontlikhede is nou amper onbeperk. Met soveel moontlikhede en so min druk om te trou in hul vroeë twintigs, het die lewens van jong vroue amper onherkenbaar verander in vergelyking met vyftig jaar gelede. Die meeste jong vroue gryp nou nuwe geleenthede aan en maak die beste van hul jare as ontluikende volwassenes voordat hulle trou en kinders kry (sien Arnett 2015a:6).

5.1.4. Jeugbeweging

Die vierde groot skuif wat plaasgevind het in die 1960's en 1970's was die Jeugbeweging. Hierdie beweging het volwassenheid misken en jeugdigheid verhef. As gevolg van die Jeugbeweging was daar diepgaande verandering in die wyse waarop die betekenis en waarde van volwassenheid gesien word, en so is die intrede tot volwasse rolle van die eggenoot, ouer en werknemer ook gesien. Gevolglik sien hedendaagse jong mense volwassenheid en die verpligtinge van volwassenheid nie as iets wat bereik moet word nie, maar eerder as iets wat vermy moet word. Volwassenheid en die verpligtinge daarvan bied sekuriteit en stabiliteit, maar


© University of Pretoria

verteenwoordig ook die toemaak van deure, die einde van onafhanklikheid, die einde van spontaniteit en die einde van ŉ sin van oneindige moontlikhede (sien Arnett 2015a:6).

### 5.2. Die term ontluikende volwassenheid

Ontluikende volwassenes verskil van adolessente in verskeie opsigte en daarom sal *laat adolessensie* nie ŉ gepaste beskrywing wees vir hierdie groep jong mense wees nie. Die term *ontluikende volwassene* word verkies omdat dit hulle onderskei van adolessente en terselfdertyd erkenning gee aan die feit dat hulle nog nie ten volle volwasse is nie (sien Arnett 2015a:21).

Daar is verskeie redes waarom *jong volwassene* of dan *vroeë volwassenheid* ook nie ŉ gepaste term is nie (Arnett 2015a:21-22). Die eerste rede is dat die term impliseer dat volwassenheid reeds bereik is. Die meeste mense in hul laat tienerjare en vroeë tot middel twintigs sal egter nie saamstem dat hulle reeds volwassenheid bereik het nie. Hulle sien hulself nie meer as adolessente nie, maar ook nog nie as volwassenes nie, en daarom vang die term *ontluikende volwassenheid* hierdie spesifieke lewensfase beter vas. Dit is ŉ beter beskrywende term vir die verkennende, onstabiele en vloeiende kwaliteite van die fase.

Arnett (2015a:23) argumenteer dat nie een van die terme wat in die verlede gebruik is, genoegsaam is om te beskryf wat vandag onder jong mense voorkom tussen hul laat tienerjare en deur hul twintigs nie. Daar is ŉ behoefte aan ŉ nuwe term en ŉ nuwe konsep van hierdie lewensfase en daarom stel hy *ontluikende volwassenes* voor, met die hoop dat dit tot ŉ beter verstaan en meer intensiewe studie van die jare sal lei.

### 5.3. Karaktereienskappe van ontluikende volwassenes

Arnett (2015a:8) het vanuit sy navorsing van die laaste twintig jaar vyf karaktereienskappe geïdentifiseer kenmerkend van ontluikende volwassenes. Hy stel die eienskappe voor as kenmerkend van ontluikende volwassenes, maar nie uniek tot ontluikende volwassenes nie. Die karaktereienskappe kan ook kenmerkend van ander lewensfases wees, maar dit is meer prominent en algemeen in die fase van ontluikende volwassenheid (sien Arnett 2015a:8).


© University of Pretoria

Die kenmerkende eienskappe van ontluikende volwassenheid is die volgende (sien Arnett 2015a:8):

- Verkenning van jou identiteit
- Onstabiliteit
- Fokus op die self
- Gevoel van tussenin
- Moontlikhede en optimisme

### 5.3.1. Verkenning van jou identiteit

Identiteitsvorming word eerder met adolessensie as met ontluikende volwassenheid geassosieer. In 1950 het Erik Erikson (1950:231-233) identiteit teenoor rolverwarring voorgestel as die sentrale krisis van die adolessente lewensfase, en in die daaropvolgende dekades was die fokus van navorsing oor identiteitsvorming op adolessente. Erikson het egter ook kommentaar gelewer op sogenaamde “verlengde” adolessensie wat eie is aan geïndustrialiseerde samelewings en die *psigososiale moratorium* wat op jong mense in sodanige samelewings geplaas is. Gedurende hierdie jare kon jong volwassenes deur middel van vryeroleksperimentering ʼn nis in ʼn gedeelte van die samelewing vind (sien Erikson 1968:150).

Dekades later is hierdie stelling steeds van toepassing. As adolessensie die tydperk is van 10 tot 18 jaar en laat adolessensie van (rofweg) 18 tot 25 jaar, vind die meeste identiteitsverkenning eerder in ontluikende volwassenheid as in adolessensie plaas. Alhoewel navorsing oor identiteitsvorming hoofsaaklik gefokus het op adolessente, het die navorsing getoon dat identiteitsverkryging skaars bereik word aan die einde van die hoërskooljare en dat identiteitsontwikkeling voortduur en verskerp gedurende die laat tienerjare en twintigerjare (sien Schwartz, Zamboanga, Luyckx & Richie 2015; vgl. Arnett 2015a:8-10; Arnett 2016:410).

Soos vroeër genoem (sien afdeling 5.3.1.), is ʼn kerneienskap van ontluikende volwassenheid dat dit ʼn fase van identiteitsverkenning is. Ontluikende volwassenheid is die fase waarin die meeste mense beweeg na die maak van definitiewe, langetermynkeuses in die liefde en in hul werk. Die maak van keuses behels dikwels om na te dink oor wie jy is en die rigting waarin jy wil hê jou lewe moet beweeg, wat jy


© University of Pretoria

glo en hoe jou lewe inpas in die wêreld rondom jou. Gedurende dié tyd verken die persoon verskeie aspekte van sy/haar identiteit, en dit gee aanleiding tot verbintenisse wat die grondslag vir die volwasse lewe daarstel (sien Arnett 2016:435).

Studies oor universiteitstudente het bevind dat vordering in identiteitsverwesenliking ook gedurende die universiteitsjare plaasvind, maar dan hoofsaaklik in die spesifieke area van beroepsidentiteit, eerder as ʼn meer algemene identiteit (sien Arnett 2016:460; vgl. Waterman 1992:50-72). Sommige studies het bevind dat identiteitsverwesenliking vinniger gebeur vir ontluikende volwassenes wat nie aan ʼn universiteit studeer nie. Dit is moontlik omdat die universiteitsomgewing geneig is om ʼn plek te wees waar jong mense se idees oor hulself uitgedaag word en hulle aangemoedig word om die idees en ideologieë waaroor hulle beskik te bevraagteken (sien Arnett 2016:460; vgl. Lytle, Bakken & Romig 1997:175-185; Munro & Adams 1997:523-524).

Ontluikende volwassenes wil meer uit hul werk kry as net ʼn redelike salaris. Hulle wil hê hulle werk moet ʼn uitdrukking van hulself wees, moet inpas by hul belangstellings en vaardighede, moet iets wees wat hulle bevredigend en genotvol vind en waarmee hulle iets goeds in die wêreld kan doen (sien Arnett 2015a:191). Indien nodig, is hulle bereid om gereeld van werk te verander en ʼn reeks swakbetalende werke te verduur, terwyl hulle meer duidelikheid kry oor watter werk hul ontwikkelende identiteit die beste pas. Selfs te midde van die onstabiliteit van hul werk in ontluikende volwassenheid, bly die meeste van hulle hoopvol dat hulle soeke na identiteit suksesvol sal wees en dat hulle ʼn identiteitsgebaseerde werk sal vind (sien Arnett 2015a:191).

### 5.3.2. Onstabiliteit

In ontluikende volwassenheid verdwyn die onsekerhede van adolessensie, maar onstabiliteit vervang dit as ʼn nuwe bron van ontwrigting (sien Arnett 2015a:12). Die verkenningstogte van ontluikende volwassenheid maak dit ʼn fase van onstabiliteit. Die onstabiliteit in ontluikende volwassenes se lewens word veroorsaak deur hul verkenning van verskillende moontlikhede in onder andere die liefde en werk. ʼn Goeie illustrasie hiervan is hoe gereeld hulle van een woning na ʼn ander verhuis (sien Arnett 2016:411; vgl. Douglass 2005; Douglass 2007:101-108; Lacovou 2011; Arnett 2015a:10-13).


© University of Pretoria

### 5.3.3. Fokus op die self

Om gefokus te wees op jouself beteken nie noodwendig om selfsugtig te wees nie, en om te sê ontluikende volwassenheid is ŉ tyd waartydens daar gefokus word op die self, word nie ongunstig bedoel nie. Om op jouself gefokus te wees gedurende ontluikende volwassenheid is normaal, gesond en tydelik. Deur op hulself te fokus, ontwikkel ontluikende volwassenes vaardighede vir die alledaagse lewe en bekom hulle ŉ beter begrip van wie hulle is en wat hulle uit die lewe wil hê. Hulle begin ook aan die fondasie vir hul volwasse lewe bou. Die doel van hul fokus op hulself is om te leer om alleen te kan staan as ŉ selfonderhoudende persoon, maar hulle sien nie selfonderhouding as ŉ permanente toestand nie. Hulle sien dit eerder as ŉ noodsaaklike stap voordat hulle hulself tot langtermynverhoudings met ander in liefde en werk verbind (sien Arnett 2015a:13-14; vgl. Arnett 2016:411).

### 5.3.4. Gevoel van tussenin

Die rede waarom soveel ontluikende volwassenes “tussenin” voel, word duidelik vanuit die kriteria wat hulle beskou as die belangrikste om ŉ volwassene te word. Die top drie vereistes is om (sien Arnett 2015a:14-15; vgl. Arnett 2016:411):

- verantwoordelikheid vir jouself te aanvaar;
- onafhanklike besluite te kan neem; en
- om finansieel onafhanklik te word.

### 5.3.5. Moontlikhede en optimisme

Ontluikende volwassenheid is ŉ fase van moontlikhede omdat soveel verskillende toekomsmoontlikhede steeds moontlik is en so min oor die persoon se lewensrigting finaal besluit is. Dit het die geneigdheid om ŉ fase van hoë verwagtinge te wees, gedeeltelik omdat so min drome reeds die vuurproef van die lewe moes deurstaan (sien Arnett 2016:411; vgl. Arnett 2015a:15-16).

Ontluikende volwassenheid is ook ŉ fase van moontlikhede omdat dit ŉ tyd is wat oor die potensiaal vir dramatiese veranderinge beskik. Dit is ŉ geleentheid vir ŉ nuwe begin. Hulle is nie meer afhanklik van hul ouers nie en hulle is by magte om onafhanklike besluite te neem. Dit is ŉ tyd waarin hul lewens ŉ nuwe rigting kan inslaan (sien Arnett 2016:411-412; vgl. Arnett 2004; Masten *et al*. 2006:173-190).


© University of Pretoria

Dit is ook vir ontluikende volwassenes ŉ geleentheid om hulself te transformeer, sodat hulle nie bloot net gevorm is na die beeld van hul ouers nie, maar ook onafhanklike besluite kan neem oor die soort persoon wat hulle graag wil wees en hoe hulle graag wil lewe. Vir die beperkte tydperk van ongeveer sewe tot tien jaar lyk die vervulling van hul hoop en drome moontlik omdat die spektrum van keuses oor hoe om te leef breër is as wat dit ooit vantevore was of ooit weer sal wees (sien Arnett 2016:412).

## 5.4. Ontwikkeling tydens ontluikende volwassenheid

### 5.4.1. <u>Fisiese ontwikkeling</u>

Fisiese volwassenheid word op verskeie maniere bereik aan die einde van adolessensie. Teen die ouderdom van agtien is mense volgroei. Puberteit is verby en seksuele volwassenheid is bereik. Fisiese krag en uithouvermoë groei steeds gedurende die twintiger jare vir die meeste mense. Ontluikende volwassenheid is die lewensfase waarin die piek van fisiese funksionering bereik word, wanneer die liggaam die hoogtepunt van gesondheid, krag en lewenskragtigheid bereik (sien Arnett 2016:414).

Ontluikende volwassenheid is dan ook die periode tydens die lewensduur wat die laagste vatbaarheid vir fisiese siektes het (sien Arnett 2016:415; vgl. Braveman, Egerter & Williams 2011:381-398; Gans 1990). Die immuunsisteem bereik in dié fase die toppunt van effektiwiteit (sien Arnett 2016:414), maar dit beteken egter nie ontluikende volwassenes is buite gevaar nie.

#### 5.4.1.1. Riskante gedrag en gesondheidskwessies

Ontluikende volwassenheid is ŉ tyd in die lewensduur wanneer verskeie soorte riskante gedrag die meeste voorkom (Arnett 2016:417; vgl. Arnett 2000; 2015a). Anders as kinders en adolessente, monitor ontluikende volwassenes se ouers nie meer hul gedrag nie en stel nie meer vir hulle perke nie – minstens nie meer in dieselfde mate as tevore nie. Ontluikende volwassenheid is die laagste punt van sosiale beheer. Sosiale beheer is die beperking van gedrag wat opgelê word deur sosiale verpligtinge en verhoudings. Om die rede is individue meer geneig om risiko’s op hulself te neem (Arnett 2016:417).



© University of Pretoria

### 5.4.2. Kognitiewe ontwikkeling

Volgens die akademikus en psigoloog Piaget (1978) se teorie van die fases van kognitiewe ontwikkeling is formele bedrywighede die hoogtepunt van kognitiewe ontwikkeling. Formele bedrywighede is ŉ kognitiewe fase wat begin op die ouderdom van 11 jaar waarin mense leer om sistematies te dink oor moontlikhede en hipoteses. Wanneer formele bedrywighede ten volle bereik is teen die ouderdom van twintig is kognitiewe volwassenheid bereik. Navorsing toon egter dat kognitiewe ontwikkeling op belangrike wyses voortduur tydens ontluikende volwassenheid. Sodanige navorsing het teorieë oor kognitiewe ontwikkeling ná formele bedrywighede geïnspireer. Dit staan bekend as postformele denke (sien Arnett 2016:423; vgl. Malott 2011:97-111; Sinnott 2014:9-10). Twee van die mees kenmerkende aspekte van postformele denke tydens ontluikende volwassenheid handel oor vooruitgang in pragmatiese en reflektiewe oordeel (sien Arnett 2016:423).

#### 5.4.2.1. Pragmatiese oordeel

Pragmatisme behels die aanpassing van logiese denke by die praktiese beperkinge van situasies in die lewe. Teorieë oor postformele denke, wat pragmatisme beklemtoon, is deur verskeie geleerdes ontwikkel (vgl. Basseches 1989:161-178; Labouvie-Vief 1998; Labouvie-Vief 2006; Labouvie-Vief & Diehl 2000:490-594; Sinnott, 2014:11-22). Elkeen van hierdie teorieë beklemtoon dat die probleme waarmee mense in die normale volwasse lewe gekonfronteer word dikwels kompleksiteite en teenstrydighede bevat wat nie met die logika van formele bedrywighede opgelos kan word nie (sien Arnett 2016:423).

Volgens Gisela Labouvie-Vief (1982:161-191; 1990:43-62; 1998:206-237; 2006:59-84) verskil die kognitiewe ontwikkeling van ontluikende volwassenes van die van adolessente in die opsig dat daar ŉ groter herkenning en inkorporering van praktiese beperkinge tot logiese denke tydens ontluikende volwassenheid is. Ontluikende volwassenheid bring ŉ toenemende bewustheid van die manier waarop sosiale invloede en faktore spesifiek is tot ŉ gegewe situasie en in ag geneem moet word wanneer die lewe se probleme benader word (sien Arnett 2016:423). Ontluikende volwassenes is postformele denkers in die sin dat hulle besef dat probleme van die regte lewe dikwels kompleksiteite en teenstrydighede bevat. Labouvie-Vief (2006:59-84) beklemtoon egter dat met postformele denke, net soos


© University of Pretoria

met formele denke, nie almal aanbeweeg na hoër vlakke van kognitiewe kompleksiteit nie en vele mense steeds vroeër, meer konkrete denkwyses tydens ontluikende volwassenheid en daarna gebruik (vgl. Arnett 2016:424).

#### 5.4.2.2. Reflektiewe oordeel

Reflektiewe oordeel is die kapasiteit om die akkuraatheid en logiese samehang van bewyse en argumente te evalueer (sien Arnett 2016:424). ŉ Invloedryke teorie oor die ontwikkeling van reflektiewe oordeel tydens ontluikende volwassenheid was voorgestel deur die akademikus en psigoloog William Perry (1970). Hy het sy teorie gebaseer op sy studie van universiteitstudente in hul laat tienerjare en vroeë twintigerjare. Volgens Perry (1970) is adolessente en eerstejaarstudente geneig tot dualistiese denke. Dit beteken dat hulle dikwels situasies en kwessies in gepolariseerde terme sien, ongeag van die nuanses of die situasie waarop dit toegepas word. In die sin is daar ŉ gebrek aan reflektiewe oordeel. Reflektiewe oordeel begin egter eers ontwikkel by die meeste mense op die ouderdom van twintig jaar.

Dit begin met ŉ fase van meervoudige denke, waarin jong mense tot die besef kom dat daar twee of meer legitieme sienswyses van elke kwessie is en dat dit moeilik kan wees om slegs een posisie te regverdig as die ware of akkurate posisie. In hierdie fase is mense geneig om alle sienswyses as gelyk te sien – tot so ŉ mate dat hulle vasbeslote is dat dit onmoontlik is om enige oordele te maak oor watter sienswyse van meer waarde is (sien Arnett 2016:425).

Volgende ontwikkel meervoudige denke in relativisme. Soos mense in die fase van meervoudige denke, is mense in die fase van relativisme by magte om die legitimiteit van teenstrydige sienswyses te herken. Maar in plaas daarvan om te ontken dat een siening meer oortuigend kan wees as ŉ ander, poog relativisme om die meriete van die teenstrydige sieninge te evalueer (sien Arnett 2016:425).

Uiteindelik, teen die einde van hul universiteitsjare, bereik baie jong mense ŉ fase van verbintenis. In hierdie fase verbind hulle hulself tot ŉ wêreldsiening wat hulle glo die geldigste is. Hulle is egter ook steeds gewillig om hul sieninge te herevalueer indien nuwe bewyse aan hulle gebied word (sien Arnett 2016:425).



© University of Pretoria

Navorsing oor reflektiewe oordeel dui aan dat noemenswaardige winste tydens ontluikende volwassenheid kan plaasvind (sien Arnett 2016:425; vgl. King & Kitchener 2015:105-125; Kitchener, King & DeLuca 2006:73-98). Dit wil egter voorkom of die winste wat verkry word, toegeskryf kan word aan onderrig eerder as volwassenheid. Met ander woorde, mense wat aan ŉ universiteit studeer toon meer vooruitgang in reflektiewe oordeel as mense wat nie verder studeer nie.

### 5.4.3. Emosionele en sosiale ontwikkeling

Ontluikende volwassenheid is ŉ periode waartydens emosionele en selfontwikkeling op verskeie maniere ontwikkel. Ná afloop van adolessensie, verbeter die selfbeeld stelselmatig. Identiteitsontwikkeling gaan vooruit en word in ŉ sekere mate tot stand gebring soos jong mense beweeg na langtermynbesluite, soos die keuse van ŉ lewensmaat en ŉ beroep (sien Arnett 2016:434).

#### 5.4.3.1. Selfbeeld

ŉ Persoon se selfbeeld neem af gedurende vroeë adolessensie, maar begin weens verskeie redes weer toeneem gedurende ontluikende volwassenheid (sien Arnett 2016:435).

Fisieke voorkoms is belangrik vir die selfbeeld van ŉ adolessent, maar teen ontluikende volwassenheid het die meeste jong mense reeds deur die ongemaklike gedeeltes van adolessensie beweeg en kan hulle meer gemaklik wees met hul voorkoms. ŉ Gevoel van aanvaarding en goedkeuring deur die ouers dra by tot die selfbeeld en van adolessensie tot ontluikende volwassenheid verbeter die verhouding met die ouers oor die algemeen soos wat konflik verminder (sien Arnett 2016:435; vgl. Arnett, 2015b; Galambos *et al*. 2006:350-365). Die portuurgroep en vriende is ook belangrik vir die selfbeeld en wanneer ontluikende volwassenheid betree word, word die sosiale druk van die hoërskool agtergelaat (sien Arnett 2016:435; vgl. Gavin & Furman 1989:827-834).

Wanneer ontluikende volwassenheid bereik word, beteken dit gewoonlik dat die persoon meer beheer het oor die sosiale konteks van sy/haar daaglikse lewe. Dit maak dit moontlik vir ontluikende volwassenes om die kontekste wat hulle verkies uit te soek en die kontekste waarvan hulle nie hou nie te vermy op ŉ wyse wat adolessente nie kan nie (sien Arnett 2016:435).


© University of Pretoria

#### 5.4.3.2. Politieke ontwikkeling

Politieke deelname aan konvensionele gebruike, soos om te stem, is laag tydens ontluikende volwassenheid. Ontluikende volwassenes is egter meer geneig as ouer volwassenes om as vrywilligers te werk en by ekstreme politieke bewegings aan te sluit. Dit is vanweë hul ideologiese soeke na identiteit en die feit dat hulle min tot geen bindende sosiale verpligtinge het nie (sien Arnett 2016:456-466).

#### 5.4.3.3. Ontluikende volwassenes en sosiale betrokkenheid

Oor die algemeen is ontluikende volwassenes nie by verskeie vrywilligersinstansies betrokke nie. Ontluikende volwassenes is oor die algemeen nie betrokke nie. Hulle bring tyd saam met mense van hul ouderdom deur en integreer nie met die samelewing nie. Ontluikende volwassenes is nie betrokke in die kerk, politiek, siviele lewe of gemeenskapsorganisasies nie, want hulle is oor die algemeen sosiaal geïsoleerd (sien Herrmann 2015:22).

Smith (soos aangehaal in Herrmann 2015:23) verduidelik die verwantskap tussen kerklike en siviele betrokkenheid. Oor die algemeen is mense wat meer betrokke is in die kerk ook meer betrokke in alles anders. Daar is dus ŉ positiewe korrelasie tussen om ŉ meelewende lidmaat in ŉ gemeente te wees en in die samelewing betrokke te wees. Dieselfde korrelasie is ook waar vir ontluikende volwassenes, maar weens hul lewensfase het ontluikende volwassenes minimale verbintenisse.

Omdat die lewensfase ŉ kritiese vormende fase is waartydenshul identiteite ontwikkel, is dit problematies dat hulle hulself so distansieer en nie sommer verbind nie. Anders gestel, dit is gevaarlik om mense, in dié geval ontluikende volwassenes, te los om deur hul portuurgroep gesosialiseer te word. Sosialisering deur die portuurgroep hou direk verband met die afwesigheid van ŉ volwassene in die lewens van soveel ontluikende volwassenes. Die afwesigheid is nie die skuld van een groep nie. Wanneer mense in verskillende lewensfases is, is dit nie maklik om die fases saam te smelt nie. Smith (soos aangehaal in Herrmann 2015:23) stel voor dat die kerk so ŉ plek kan wees waar verskillende ouderdomsgroepe kan saamkom en saamsmelt.


© University of Pretoria

### 5.5. Sentrale taak van ontluikende volwassenheid

Parks (2011:8) skryf dat die sentrale werk van ontluikende volwassenes in die lewensiklus nie is om volwassenheid te bereik nie. Die belofte en broosheid van ontluikende volwassenheid lê in die ervaring van die geboorte van kritiese bewussyn en gevolglik in die ontnugtering en herformulering van die betekenis van die self, die ander, die wêreld en God. In die proses van menslike ontwikkeling, het die taak om krities te kan dink en die gevolge vir jou eie sin van betekenis en waarde te kan onderskei, enorme implikasies vir die jare van volwassenheid wat volg. Ontluikende volwassenheid is daarom ŉ regmatige tyd om groot vrae te vra en waardige drome te droom (Parks 2011:8).

Hierdie take neem egter ŉ tyd om te voltooi. Wanneer die skuif plaasvind van "net lewendig wees" na "ek weet ons het ŉ lewe", bereik ŉ mens onvermydelik ŉ ander vorm van bewussyn. Nuwe moontlikhede en verantwoordelikhede kom na vore vir beide die persoon (die self) en die wêreld. Hetsy die transformasie voorkom (of nie) en die wyse waarop ŉ ontluikende volwassene ontmoet en uitgenooi word om die nuwe bewussyn te toets, sal ŉ groot verskil maak in die ontluikende volwassene se volwasse lewe wat voorlê (Parks, 2011: 9). Ontluikende volwassenes word gehelp om die potensiële betekenis en omvang van die skuif van bewussyn te begryp en, alhoewel dit tyd neem, deur ŉ begrip van die ontwikkeling van betekenisskepping, in sy mees omvattende dimensies, die ontwikkeling van "geloof" (Parks, 2011: 9)

## 6. ONTLUIKENDE VOLWASSENHEID EN GELOOF

Ontluikende volwassenheid is ŉ kritiese fase vir die ontwikkeling van identiteit wat, benewens ŉ wye verskeidenheid kompeterende perspektiewe, ook wêreldbeskouing en geloofstandpunt insluit. Die lewensfase gaan dikwels gepaard met die behoefte om eienaarskap van jou geloof te neem en om mentors en gemeenskappe te kies wat by magte is om jou geloof uit te daag en op die lange duur te voed. Die keuses wat in hierdie areas gemaak word, vorm die kontoere vir die res van die lewensduur en dien as poorte vir die toekomstige skep van betekenis, lewenstyl en missie (sien Setran & Kiesling 2013:1-2).


© University of Pretoria

### 6.1. Identiteitsontwikkeling en geloof

Die herevaluering van geloofsoortuigings en identiteit loop parallel met ontwikkelingsveranderinge wat tydens ontluikende volwassenheid voorkom. Om hul geloof hul eie te maak is ŉ belangrike aspek van identiteitsontwikkeling en differensiasie. Vir universiteitstudente vind dit plaas aan die begin van hul studie in die nuwe omgewing verwyderd van hul ouers, vriende en ander ondersteuningsnetwerke. Met verwysing na ontwikkelingsteorie (vgl. Erikson 1959; Marcia 1966:551-558) vind dit plaas deur ŉ krisis wat van hulle verwag om vrae te vra oor hul religieuse oortuigings, belydenisse en opvoeding.

Allen (2015:80) skryf dat dit vir ontluikende volwassenes wat in ŉ Christenhuis grootgeword het, moeilik is om hul geloof hul eie te maak. Sleutelvrae wat hul kan vra sluit in: Wie is ek? Wat is my fundamentele identiteit? Is ek bloot net ŉ Christen omdat my ouers Christene is? Glo ek werklik wat ek gedink het ek glo toe ek ŉ kind of ŉ adolessent was?

Die nuwe intellektuele idees en ontwikkeling gedurende die universiteitsjare kan by sommige studente innerlike konflik oor hul eie spirituele oortuigings veroorsaak. Dit kan lei tot ŉ periode van spirituele stryd, onsekerheid en twyfel. Daar is egter ook studente wat universiteit toe gaan met ŉ geslote siening van geloof. Sodanige studente is minder gewillig om in gesprek te tree oor geloofsvrae of dubbelsinnighede wat moontlik hul geloofsoortuigings kan uitdaag of verander (sien Schundler 2015:63).

Smith (2009:282) het bevind dat bykans die helfte van ontluikende volwassenes stabiel bly in hul vlakke van religieuse verbintenis en praktyke of in die gebrek daaraan. Die primêre gevolgtrekking oor ontluikende volwasse religie is dus dat dit nie een van verandering is nie, maar van kontinuïteit. Die lewensfase gaan wel gepaard met ŉ spirituele stryd.

ŉ Spirituele stryd of verlies kan verstaan word as ŉ verlengde krisisperiode waartydens die individu nie by magte is om hom-/haarself te verbind tot ŉ stel geloofsoortuigings nie (sien Schundler 2015:49).


© University of Pretoria

Bryant en Astin (2008:2) definieer ŉ spirituele stryd soos volg:

> A spiritual struggle is [an] intrapsychic concerns about matters of faith, purpose, and meaning in life.

ŉ Spirituele stryd behels: (1) die bevraagtekening van religieuse of spirituele oortuigings; (2) om onseker te voel oor oortuigings; (3) te worstel met moeilike onderwerpe soos lyding en die dood; (4) woede teenoor God te ervaar; en (5) ontnugter te voel oor religieuse opvoeding.

Parks (2000:28) gebruik die metafoor van ŉ skeepswrak om die ervaring te beskryf. Sy skryf dat die ervaring van ŉ spirituele stryd sny tot in die individu se diepste wese en ŉ ineenstorting van die self, wat die wêreld en God tot gevolg het.

Die meeste dominante wêreldgelowe herken ŉ spirituele stryd as ŉ verwagte en essensiële deel van die lewensreis (sien Pargament, Murray-Swank, Magyar & Ano, 2005:245-268). Daarmee saam reken verskeie ontwikkelingsteorieë (sien Erikson 1959; Marcia 1966:551-558) dat krisisse kan lei tot persoonlike groei indien die individu dit kan oorkom. Spirituele ontwikkelingsteorieë soos gekonseptualiseer deur Fowler (1981) en Parks (2000) erken die teenwoordigheid van krisis in die geloofsvormingsproses.

ŉ Spirituele stryd is algemeen onder universiteitstudente. Veral gedurende die ontwikkelingsperiode waartydens individue hul oortuigings en identiteit verken (sien Erikson 1980).

Beide omstandighede en eksistensiële faktore kan aanleiding gee tot ŉ spirituele stryd en ŉ tyd van vrae vra en onsekerheid oor spirituele of religieuse oortuigings, betekenis en doel (sien Schundler 2015:51).

Sommige studies (sien Bryant & Astin 2008:1-27) beklemtoon die fisiese en psigologiese gevolge van ŉ spirituele stryd. Ander studies (sien Parks 2000:29; Pargament, Murray-Swank, Magyar & Ano 2005:245-268; Rockenbach, Walker & Luzader 2012:55-75) demonstreer die positiewe uitkomste wanneer ŉ student ná afloop van die stryd eksploreer, reflekteer en betekenis skep uit die stryd. Die verplettering van die individu se geloof kan transformasie tot gevolg hê en so ook ŉ


© University of Pretoria

voller en meer volledige verstaan van die self, die wêreld en van God (sien Parks 2000:29).

## 6.2. Geloofsfases

Sommige aspekte van vorige geloofsvormingsteorieë pas goed by ontluikende volwassenes terwyl ander nie van toepassing is op die generasie nie (sien Allen 2015:81). Die drie geloofsvormingsteorieë wat wel van toepassing is en kortliks bespreek sal word, is die van Fowler (1981), Westerhoff (1976), en Parks (1986; 2000).

### 6.2.1. Fowler (1981) se geloofsfases

James Fowler (1981) se teorie is waarskynlik een van die bekendste teoretiese perspektiewe op geloofsvorming. Fowler (1981:117-199) verdeel geloofsontwikkeling in ses fases. Die meeste van die adolessente en baie van die volwassenes wat deel was van Fowler se oorspronklike studie, was in fase drie (sien Allen 2015:81). Fowler (1981:172) het ook bevind dat talle volwassenes nooit deur fase drie groei nie.

#### 6.2.1.1. Fase drie: Sinteties-konvensionele geloof (sien Fowler 1981:172-173)

Fase drie het gewoonlik sy totstandkoming en opgang in adolessensie, maar vir baie volwassenes word dit ŉ permanente plek van ekwilibrium. Die beelde van verenigde waarde en mag is afkomstig van die uitbreiding van eienskappe wat in persoonlike verhoudings ervaar is. Dit is ŉ konformerende fase in die sin dat dit kortstondig ingestel is op die verwagtinge en oordele van mense van belang vir die individu, wat nog nie ŉ seker genoeg begrip van sy/haar eie identiteit en outonome oordeel het om ŉ onafhanklike perspektief te konstrueer en onderhou nie. Terwyl oortuigings en waardes diep beleef word, word hulle in stilswye gehou. Die persoon woon in sy/haar gedagtewêreld en in die betekenis wat hy/sy skep. Daar was nog nie die geleentheid om buite hulself te tree om te reflekteer of om hulself eksplisiet of sistematies te ondersoek nie. In fase drie beskik ŉ persoon oor ŉ "ideologie". Dit is ŉ doelbewuste groepering van waardes en oortuigings wat hy/sy het en nog nie geobjektiveer het sodat dit ondersoek kan word nie. Hy/Sy is daarom in ŉ mate onbewus dat hy/sy daaroor beskik. Ideologieë of opinies wat verskil van die persoon se ideologie word as ŉ verskil in die soort mens ervaar. Outoriteit is gelokaliseer in die bekleër van


© University of Pretoria

tradisionele outoritêre rolle (indien persoonlik waardig beskou) of in die konsensus van ŉ gewaardeerde, persoonlike groep.

Die potensiële kapasiteit van die fase is die vorming van ŉ persoonlike mite – die mite van die individu se eie wording in identiteit en geloof, die inkorporering van die individu se verlede en verwagte toekoms in ŉ beeld van die uiteindelike omgewing wat verenig is deur karaktereienskappe van persoonlikheid.

Die gevare of tekortkominge in die fase is tweevoudig. Eerstens kan die verwagtinge en evaluering van ander so oortuigend geïnternaliseer (en heilig gemaak) word, dat latere outonomiteit van oordeel en aksie in gevaar gestel kan word. Tweedens kan interpersoonlike verraad aanleiding gee tot wanhoop oor ŉ persoonlike beginsel van bestaan, of ŉ kompenserende intimiteit met God, wat nie met alledaagse verhoudings verband hou nie.

Faktore wat bydra tot die afbreek van fase drie en die gereedheid vir die oorgang kan die volgende insluit: ernstige botsings of teenstrydighede tussen gewaardeerde outoritêre bronne; definitiewe veranderinge deur amptelike gekose leiers of beleide of praktyke wat as heilig en onveranderlik beskou word; die kennismaking met ervaringe en perspektiewe wat aanleiding gee tot kritiese refleksie oor die manier waarop die individu se oortuigings en waardes gevorm is en verander het. Die ervaring van om die "huis te verlaat" – hetsy emosioneel of fisies of beide – bied dikwels die oorsprong vir ŉ soort ondersoek na die self, agtergrond en waardes wat aanleiding gee tot ŉ oorgangsfase.

6.2.1.2. Fase vier: Individueel-reflektiewe geloof (sien Fowler 1981:182-183)

Die beweging van fase drie na fase vier, ŉ individueel-reflektiewe geloof, is krities. Fase vier kan voorkom in ontluikende volwassenheid. Navorsing toon egter dat talle volwassenes nooit die fase betree nie of eers in hul middel dertigs of veertigs.

In hierdie fase begin die individu om verantwoordelikheid vir sy/haar eie verbintenisse, leefstyl, oortuigings en lewenshouding te aanvaar. Wanneer daar ŉ werklike beweging na fase vier onderweg is, moet die individu bepaalde onvermydelike spanninge in die gesig staar. Dit sluit in die spanning van individualiteit teenoor om ŉ lid te wees van ŉ groep, kritiese refleksie oor oortuigings, selfvervulling of selfaktualisering as primêre


© University of Pretoria

kommer teenoor diens aan en tot diens wees van ander, die vraag na relatiwiteit teenoor die stryd met die moontlikheid van ŉ absolute waarheid.

Die fase word gekenmerk deur ŉ soort dubbele ontwikkeling. Die self, wat vantevore onderhou is deur identiteits- en geloofsamestellings deur ŉ interpersoonlike sirkel van noemenswaardige individue, maak nou aanspraak op ŉ identiteit wat nie meer gedefinieer word deur die samestelling van die individu se rol of betekenis aan ander nie. Om die nuwe identiteit te onderhou, vereis dit ŉ betekenisraamwerk uit die individu se eie grense en innerlike verbindings sowel as ŉ bewustheid van hom- of haarself as ŉ “wêreldbeskouing”. Self (identiteit) en uitkyk (wêreldbeskouing) is gedifferensieer van die van ander en word erkende faktore in die reaksies, interpretasies en oordele wat die individu maak oor sy/haar optrede en die van ander. Dit gee uitdrukking aan die individu se intuïsies van samehang in die konteks van ŉ eksplisiete betekenissisteem. Fase vier vertaal simbole in konseptuele betekenisse. Dit is ŉ “ontmitologiserende” fase waartydens die individu van sy/haar persoonlike mites gestroop word. Voorts is dit waarskynlik dat minimale aandag gegee sal word aan die onbewuste faktore wat oordele en gedrag beïnvloed.

Fase vier se opkomende potensiaal het te make met die fase se kapasiteit vir kritiese refleksie oor identiteit (self) en uitkyk (ideologie). Die volgende gevare skuil in die sterkpunte van die individu: ŉ oordrewe selfvertroue in bewustheid en in kritiese denke, sowel as ŉ soort tweede narsissisme, waarin die nou duidelik begrensde, reflektiewe selfrealiteit en perspektiewe van ander in sy/haar eie wêreldbeskouing met mekaar assosieer.

Ongemak met die selfbeelde en uitkyke wat onderhou word in fase vier, kan daartoe lei dat die individu wat nou gereed is vir die oorgang aandag begin skenk aan wat kan voel soos anargistiese en ontstellende innerlike stemme. Elemente van ŉ kinderlike verlede, beelde en energieë van ŉ dieper self, ŉ knaende bewustheid van steriliteit en oppervlakkigheid van die betekenisse wat die individu onderhou Stories, simbole, mites en paradokse van die individu se eie of ander tradisies kan inbraak maak op die ordelikheid van die vorige geloof. Ontnugtering vanweë die individu se eie kompromieë en erkenning dat die lewe meer kompleks is as fase vier se logika, of die vermoë om duidelike onderskeid te tref en abstrakte konsepte te verstaan, dryf die individu na ŉ meer dialektiese en gelaagde benadering tot lewenswaarhede.


© University of Pretoria

Allen (2015:82) skryf dat die meeste mense in hierdie fase, uit haar ervaring, selfs net vir ŉ seisoen in die fase was en uiteindelik in ŉ nuwe en gevestigde eienaarskap van hul geloof tot rus gekom het. Dit is egter nou haar ervaring dat ontluikende volwassenes wat vandag worstel met geloofskwessies, kerkkwessies en kongruente kwessies, langer neem om hul weg deur die fase te baan. Sommige individue bevind hulself in die fase vir ŉ dekade waar hulle poog om hul huidige lewens en geloofsoortuigings te belyn met ŉ vorige weergawe van hul geloof. Dit is ŉ pynlike proses en lei nie noodwendig na Fowler se volgende fase nie.

#### 6.2.2. Westerhoff (1976) se geloofstyle

Ná afloop van haar navorsing is Allen (2015:82-83) van mening dat Westerhoff (1976) se geloofstyle beter geskik is om die geloofsreis van die hedendaagse generasie ontluikende volwassenes te beskryf. Die rede wat sy hiervoor gee is dat Westerhoff (1976) erkenning gee aan die feit dat ŉ individu verskeie style kan herbesoek op verskillende tye in sy/haar lewe.

Westerhoff (soos aangehaal in Allen 2015:83) se geloofstyle kan soos volg opgesom word:

- Ervaarde geloof (vroeë kinderjare): ontvangde en aanvaarde geloof
- Geaffilieerde geloof (kinderjare; soortgelyk aan Fowler se sinteties-konvensionele fase): styl van behoort met die houding van dit is wat *ons* glo en wat *ons* doen
- Soekende geloof (adolessensie, twintigs of later, of nooit nie): tyd van betwyfeling, vrae vra soos byvoorbeeld Is die stories waar? Is dit wat ek glo? Die styl word gekenmerk deur kritiese denke en kan verskeie kere in ŉ leeftyd herbesoek word.
- Geëiende, volwasse geloof (volwassenheid, moontlik nooit): Die vermoë om met geloof te leef te midde van paradokse. Dit is ŉ getoetste geloof. Oortuigings word gehou met integriteit en dwing die individu om daarop te reageer, om ŉ lewe in ooreenstemming met sy/haar geloofsoortuigings te lei.

#### 6.2.3. Sharon Parks (1986, 2000)

Sharon Parks (1986, 2000) het haar verstaan van geloofsvorming in die 1980's gekonstrueer. Haar werk bou op die van Perry (1970) en Fowler (1981). Parks (1986; 2000; 2011) het nóg ŉ fase tussen adolessensie en volwassenheid geplaas, naamlik


© University of Pretoria

"probing commitment" (sien Parks 2000:84-85; Parks 2011:88-91). Parks (2000:85) plaas die fase voor Fowler (1981:182-183) se vierde fase. Die vorm is soortgelyk aan Perry se aanvanklike verbintenis in relativisme voor volwasse verbintenis (sien Allen 2015:84). Tydens die periode van ondersoekende verbintenis word jong volwassenes se oortuigings, waardes of leefstyle spreekwoordelik aangepas om te sien of hulle pas (sien Parks 2000:84-85; Parks 2011:88-91). Bailey Gillespie (1988:178) noem die fase van jong volwassenheid ŉ tyd van herrangskikte geloof. Hy beskryf dit as die "restructuring, relearning the life of faith, retesting and sorting out their feelings of religion" (Gillespie 1988:178). Allen (2015:84) skryf verder dat die toets van oortuigings goed kan wees. Dit is, inteendeel, waarskynlik nodig vir die individu se geloof. Om te lank in die plek van ondersoek te wees kan egter ook ontstellend wees.

#### 6.2.4. Bediening en geloofsvormingteorie

In sy boek *Developing faith in young adults* vra Gribbon (1990:26) die vraag "Hoe kan studenteleraars studente help om van die een geloofsfase na die volgende te beweeg?" In antwoord hierop bied Gribbon (1990:27-32) drie algemene leerstellings.

Die eerste is dat die teorie wat bespreek is in die studie nie ŉ kitsoplossing is wat herlewing in studentebediening gaan bewerkstellig nie. Die waarde van die teorie lê daarin dat dit leraars help om die inhoud van die proses te onderskei en om te bepaal watter soort bediening van waarde kan wees vir mense op verskillende plekke in hul geloofsreis. Vir die teorie om prakties toegepas te kan word, moet dit egter eers geïnternaliseer word in persoonlike begrip deur middel van persoonlike verhale, gevallestudies en verwysings uit die Bybel. Gribbon (1990:27) skryf dat, uit sy ervaring van nadenke saam met medeleraars, die klem vir hulle geskuif het van die aanvanklike klem om studente te laat beweeg na ŉ "hoër" geloofsfase na die erkenning van die waarde van al die geloofstyle en die noodsaak vir ŉ omvattende bediening.

Die tweede leerstelling is dat alhoewel leraars nie studente van een fase na die volgende kan laat beweeg nie, hulle beskikbaar kan wees om hulle te bedien in die fase waar hulle is (sien Gribbon 1990:27-28). Leraars kan dit doen deur bloot net daar te wees, mentorskap te bied en deur in ŉ egte en lewendige wyse te glo. Hiermee bedoel Gribbon (1990:29) dat "for those seeking some grounding to risk their lives on, it has to be authentic and offer hope for the future." Studente het nodig om ŉ volhoubare visie van die lewe te vorm, maar hulle kan dit slegs doen in interaksie met



© University of Pretoria

gelowige en geloofwaardige volwassenes. Soos Gribbon (1990:30) dit stel: "Faith is caught, not taught." Ongeag die meganismes wat in plek is, kan instansie geloof oordra of in studente vorm nie, mits die fundamentele geloof van die instansie geglo word, geloofwaardig is en geleef word (sien Gribbon 1990:30).

Die derde leerstelling behels dat slegs een individu ŉ noemenswaardige verskil kan maak. Vir studente wat in die oorgangsfase is, kan selfs ŉ kort interaksie ŉ groot verskil maak. Gribbon (1990:31) skryf dat hy in sy bediening ontdek het dat studente die behoefte het om gereeld interaksie te hê met iemand wat in hulle glo en hul selfvertroue kan vernuwe. Gribbon (1990:31) skryf verder dat leraars die rolmodel van die 'professionele Christen' kan wees, terwyl ander volwasse lidmate aan studente die ryk verskeidenheid van maniere waarop geloof uitdrukking in die lewe vind, kan demonstreer. Daarom moet volwassenes bemagtig word om beskikbaar te wees as ondersteuners vir studente in die geloofsgemeenskap. Dit is ook tot voordeel van die ouer volwassenes om betrokke te wees in ŉ bediening van sorg vir die volgende generasie en toe te laat dat hul lewens verryk word deur die soekende geloof van studente.

### 6.3. Moralistiese terapeutiese deïsme

Die Amerikaanse sosioloog, Christian Smith (2009:154-156), beskryf die operatiewe geloofsamestelling van die Amerikaanse jeug as moralisties, terapeuties en deïsties (sien Herrmann 2015:21; vgl. Root 2017:xvi). Vandag word die konsep van *moralistiese terapeutiese deïsme (MTD)* verder nagevors en algemeen in navorsing gebruik. In ŉ onderhoud met Herrmann (2015) het Smith MTD soos volg verduidelik.

Vanuit sy navorsing het Smith (2009:154) waargeneem dat die meeste van die Christengelowiges nie Trinitaries is nie. Die idee van Jesus se bestaan is bykans nie moontlik nie. Hulle praat baie maklik oor God, maar nie oor Jesus of die Heilige Gees nie. Hulle is nie net nie teologies nie, maar operasioneel is daar vir hulle net ŉ God. Die aard van God is nie verbind aan hul alledaagse lewens nie. Hul verstaan van God neig meer na deïsme as na die Christelike God wat persoonlik en betrokke is in die geskiedenis en die ontwikkeling van elke mens se lewe.

God se basiese doel is om mense se probleme onmiddellik op te los en om mense goed te laat voel. Dit dui op die terapeutiese aspek van hul geloof. Wanneer


© University of Pretoria

Smith (2009:154) die term *terapeuties* gebruik, bedoel hy ’n kulturele sensitiwiteit dat die lewe handel oor die individu se geluk, tevredenheid en om die individu goed te laat voel.

Tog is hul geloof nie absoluut moreel relatief nie. Die term *moralistiese* verwys na ’n ongegronde bewussyn dat sekere goed net reg of verkeerd of goed of sleg is. Niemand kan werklik verduidelik waarom dit reg of verkeerd is nie. Dit pas nie in ’n groter narratief wat sin maak nie. Maar selfs sonder die vermoë om te kan verduidelik waarom, het hulle ’n duidelike verstaan gehad dat sekere goed verkeerd is.

Daar is vyf kerngeloofsoortuigings van MTD (Smith in Herrmann 2015:21-22):

- ’n God bestaan wat die wêreld geskep het, dus is dit teïsties en kreasionisties.
- Die doel van die lewe is om gelukkig en tevrede te wees.
- God wil hê dat mense gaaf, vriendelik en regverdig teenoor mekaar moet wees – dit is die somtotaal van God se wil.
- Mense moet gaaf wees met mekaar – dit is wat die Bybel en elke ander geloof leer. Dus is alle gelowe essensieel dieselfde.
- Goeie mense gaan hemel toe as hulle doodgaan. Die hemel is vir goeie mense en amper alle mense is goed.

In geeneen van die geloofsoortuigings is Jesus ter sprake nie. Daarom kom Smith tot die gevolgtrekking dat moralistiese terapeutiese deïsme ’n funksionele geloof is vir mense wat in ’n hoogs gepolariseerde samelewing woon. Dit bind mense saam wat andersins drasties van mekaar verskil en dit help mense, veral jong mense, om in die samelewing te oorleef. MTD is ’n simplistiese religieuse geloof, maar die lewe is meer kompleks as dit. Wanneer tieners dit oordra van hul twintigerjare, begin dit verbrokkel, want die twintigs is te uitdagend vir moralistiese terapeutiese deïsme (sien ook Root 2017:xv-xxii; Dean 2010:3-24).

In haar boek *Almost Christian* stel Kendra Dean (2010) ondersoek in na die verskynsel van MTD en verken sy ook die manier waarop die kulturele verskynsel teengewerk kan en moet word. Sy skryf dat ’n missionale perspektief as ’n ‘teenmiddel’ teen MTD ingespan kan word (sien Dean 2010:104). Sy skryf dat enige kulturele praktyk of ideologie, insluitend MTD, wat die belang van die ‘persoon van Jesus die


© University of Pretoria

Christus' in gedrang bring, ook die kerk se missionale identiteit in gedrang bring (sien Dean 2010:104).

Dean (2010:22) skryf dat MTD die weg baan vir, wat sy noem, ŉ "consequential faith" (Dean 2010:22). Dit is ŉ geloof wat genoeg gewig dra om ŉ kenmerkende identiteit en leefwyse tot gevolg te hê. ŉ "Gevolglike" geloof is geloof wat groei deur belydenis van geloof, deur te behoort aan ŉ geloofsgemeenskap en die nastreef van God se doel en hoop (sien Dean 2010:7).

Dean (2010:60; 83-84) skryf verder dat die kulturele "gereedskap" wat tot gelowiges se beskikking is, naamlik kulturele 'gereedskap' wat deur die samelewing aan jong mense gegee word en gereedskap uit die Christelike tradisie, gebruik kan en moet word om die sogenaamde gevolglike geloof te vorm en sodoende MTD teë te werk.

Sy gebruik die beeld van ŉ spieël wat lig kan reflekteer in die donker (sien Dean 2010:83). In die Christelike tradisie is kulturele gereedskap spieëls wat Christus se lig in die donker plekke van die wêreld kan reflekteer. MTD is ŉ voorbeeld van vervormde kulture wat ontwikkel is in die kerk (sien Dean 2010:84). Gevolglike geloof reflekteer Christus wat Sy volgelinge stuur soos Hy gestuur is om die lig vir die wêreld te wees, genesing en hoop te bring aan die wat siek, swak en ongewens is, en om te lei, soms onregverdig, ter wille van ander. Met die missionale verbeelding kan 'gevolglike' Christenskap die self-gesentreerde spiritualiteit op sy kop keer (sien Dean 2010:84).

Betreffende die sogenaamde kulturele gereedskap wat deur die samelewing aan jong mense gegee word, skryf sy dat jong Christene ook hierdie kulturele gereedskap tot hul beskikking het. In die Christelike tradisie seën Christus nie die kulturele gereedskap nie, Hy betree die wêreld deur die gereedskap. Daarom is die doel van geloofsvorming nie net kerklidmaatskap nie, maar meer perfekte liefde vir God en die naaste. Christelike geloofsvorming gaan nie soseer oor die verkryging van sosiale gereedskap nie, maar meer oor die oorgee van daarvan. Deur onsself, met ons kulturele 'gereedskap', tot God se beskikking te stel kan Hy ons en ons gereedskap transformeer. In die Christelike tradisie is ŉ belydenis, gemeenskap, roeping en hoop nie net gereedskap wat ons vergader nie. Dit is gereedskap wat God gebruik om die wêreld te betree en waarvan gelowiges ook gebruik maak. Dit het ŉ ander verbeelding tot gevolg as die verbeelding van MTD (sien Dean 2010:60).


© University of Pretoria

### 6.4. Geloof en doel in die lewe

Perry Glanzer (2015:30-38) het in sy bestudering van die 185 onderhoude met gelowige en niegelowige studente wat Bronk (2014) gevoer het, 12 doelstellings geïdentifiseer:

- Loopbaan
- Geluk
- Diens en/of liefde
- Familie
- Vriende
- Kreatiewe prestasies
- Ervaring
- God
- Geloof
- Die wêreld ten goede verander
- Materiële goedere of geld
- Siviele betrokkenheid

Glanzer (2015:43) skryf dat sommige van die studente slegs op een doelstelling fokus. Talle studente kombineer egter die doelstellings op verskeie maniere. Hy skryf dat een manier om sin te maak van die wyse waarop die studente oor die doelstellings praat, is om daaraan te dink as *bestanddele* vir die goeie lewe.

Glanzer (2015:44-45) kom tot die gevolgtrekking dat gelowiges en niegelowiges verskil in die wyse waarop hul wêreldbeskouings hul verstaan van hul doel beïnvloed. Hy staaf die bevinding deur te verwys na verskeie opnames en bepalings van doelstellings wat herhaaldelik aangedui het dat gelowige deelnemers konstant ŉ groter doel demonstreer (sien Bronk 2014:113-117; Smith 2009:37).

Soos Mariano en Damon (2008:210-230) ook voorstel, bevind Glazer (2015:45) dat spiritualiteit en religie funksioneer om gelowige studente te help om ŉ lewensdoel te onwikkel, deurdat dit ŉ identiteit bied wat hulle aan ŉ groter verhaal, saak en gemeenskap verbind. Die narratief bied ŉ kognitiewe plan wat groter is as die individu


© University of Pretoria

se eie perspektiewe en waarna gekyk kan word wanneer daar sin van die wêreld gemaak moet word. Mariano en Damon (2008:218) skryf dat dit waarde en betekenis aan jong mense se doelstellings toevoeg. Gelowige studente vind in hul identiteit en geassosieerde tradisies ŉ groter metanarratief oor God se plan en die toekoms, wat help om hul soeke na ŉ doel te ondersteun, te rig en sin van te maak.

### 6.5. Religieuse tipes

Smith (2009:166-168) het vanuit sy navorsing ses oorhoofse religieuse tipes onder ontluikende volwassenes geïdentifiseer, naamlik "committed traditionalists", "selective adherents", "spiritually open", "religiously indifferent", "religiously disconnected" en "irreligious emerging adults". Vir die doeleindes van die navorsing is slegs die eerste twee tipes van toepassing.

Die *toegewyde tradisionaliste* omhels ŉ sterk religieuse geloof. Hulle is by magte om hul geloofsoortuigings te verwoord en aktief te beoefen. Persoonlike toegewydheid is ŉ betekenisvolle deel van hul identiteit en morele redevoering. Hulle is betrokke by, of minstens deel van, ŉ religieuse groep. Die godsdienste/tradisies waarvan hulle deel is, is dikwels gegrond in gevestigde, hoofstroomgeloofstradisies, eerder as pasgemaakte, persoonlike spiritualiteite of ongewone gelowe. Hulle is ook geneig om meer te fokus op innerlike vroomheid en persoonlike morele integriteit, eerder as byvoorbeeld sosiale ongeregtigheid. Hulle is geneig om hul geloof stil en privaat te hou op so ŉ manier dat dit nie die breër "kultuur van beskaafdheid", wat toleransie en aanvaarding van verskille vereis, skend nie (sien Eagleton 2000:64-65). Vanuit Smith (2009:166-167) se navorsing blyk dit dat die groep nie meer as 15% van die totale Amerikaanse ontluikende volwasse bevolking is nie.

Die *selektiewe aanhangers* glo en neem deel aan sekere aspekte van hul religieuse tradisies, maar ignoreer en skeep ander af. Hulle is minder ernstig en konsekwent oor hul geloof as toegewyde tradisionaliste, maar meer gegrond en oortuig van dit wat hulle glo of minstens wat hulle moet glo. Selektiewe aanhangers het dikwels ŉ redelik standvastige religieuse opvoeding gehad, maar as ontluikende volwassenes is hulle meer krities as die toegewyde tradisionaliste oor wat hulle gewillig is om aan te neem van hul religieuse tradisie se geloofsoortuigings en praktyke. Hulle het dikwels ander opinies en behoeftes as die wat hul religie toelaat en daarom selekteer hulle die wat hulle wil aanvaar. Selektiewe aanhangers verskil


© University of Pretoria

van, verwaarloos of ignoreer die amptelike leerstellings van hul geloof oor die volgende kwessies: seks voor die huwelik, die noodsaak om gereeld aanbiddingsgeleenthede by te woon, die bestaan van die hel, die drink van alkohol en die gebruik van dwelms. Sommige selektiewe aanhangers betwyfel ook leringe van die Triniteit en die goddelikheid of opstanding van Christus.

### 6.6. Ontluikende volwassenes en kerkbywoning

Die aard van ontluikende volwassenheid moedig nie ŉ sterk, toegewyde geloof aan nie. Verder is ontluikende volwassenheid van so ŉ aard dat daar sterk temas van verganklikheid is waar alles oopgehou word of in die lug hang. ŉ Selfgeïnisieerde siklus van strukturele voorwaardes moedig ontluikende volwassenes aan om al hul opsies oop te hou en hulself nie aan iets te verbind nie. Die idee om betrokke te raak in ŉ gemeente en om jouself te verbind aan die gemeente pas nie by ontluikende volwassenheid nie. Dit gaan teen die struktuur en kultuur van ontluikende volwassenheid in (sien Herrmann 2015:20).

In Smith (2011) se navorsing het hy bevind dat die meeste ontluikende volwassenes religieuse geloof beskou as iets waaraan hul hulself later in hul lewe sal verbind. Wanneer hulle getroud is of kinders het, sal hulle meer erns maak met godsdiens. Die rede wat Smith (2011) hiervoor aanvoer, is dat ontluikende volwassenes religieuse geloof assosieer met volwassenheid en om deel van ŉ gesin te wees assosieer met om ŉ kerkgaande, praktiserende gelowiges te wees (vgl. Herrmann 2015:20).

#### 6.6.1. <u>Lang oorgang tot getroue lidmaat</u>

Volgens Smith (2009:103-142) kan ontluikende volwassenes hulself daarvan weerhou om hulself ten volle te verbind aan geloof weens verskeie meganismes (vgl. Allen 2015:84-86). Een van die mees deurdringende kwessies is dat ontluikende volwassenes dit moeilik vind om die verskeie oorgange wat hulle moet deurmaak en hul nuwe volwasse verantwoordelikhede te bestuur. Hulle voel dikwels oorweldig.

Tesame met die oorgange en nuwe verantwoordelikhede, kom hulle ook ander struikelblokke in hul geloofslewe teë en in die besonder in hul verbintenis tot ŉ geloofsgemeenskap. In die lig van sommige kulturele waardes, kan kerke problematies voorkom. Kerke kan gesien word as onverdraagsaam, eksklusief,


© University of Pretoria

veroordelend en ongasvry teenoor mense wat twyfel (vgl. Barna & Kinnaman 2014:47-56; Kinnaman 2011:91-94, 169-184).

Laastens is talle ontluikende volwassenes se lewensstyl in konflik met die religieuse geloof van hul kinderjare en adolessensie. Hulle hou byvoorbeeld gereeld partytjies, het seks en woon saam. Sommige ontluikende volwassenes kompartementaliseer hul geloofsoortuigings afsonderlik van hul leefstyl. Ander verbreed hul konsep van Christenskap om hul nuwe gedrag te kan insluit. Ander verkies om weg te stap; sommige net tydelik en ander vir ewig (sien Allen 2015:85-86; vgl. Setran & Kiesling 2013:139-160; Smith 2009:103-142).

### 6.7. Ontluikende volwassenes en moraliteit

Smith verduidelik in ŉ onderhoud met Herrmann (2015:23) dat hy tot die gevolgtrekking gekom het dat ontluikende volwassenes geleer het om verdraagsaam te wees teenoor ander se geloofsoortuigings en dit te aanvaar. Gevolglik is ontluikende volwassenes nooit geleer, of die intellektuele hulpmiddels gegee, om te verstaan hoe hul verdraagsaamheid nie in absolute relativisme mag verval waar enigiets wat iemand glo, aanvaarbaar word nie. Baie min ontluikende volwassenes is moralisties relativisties (Herrmann 2015:24). Hulle het ŉ begrip van reg en verkeerd, maar die volwasse wêreld het nie vir hulle die hulpmiddels gegee om morele oortuigings te hê sonder om veroordelend of onverdraagsaam te wees nie.

## 7. SAMEVATTING

In die hoofstuk is die vraag "Wie is die universiteitstudent?" beantwoord. Eerstens is die vraag beantwoord vanuit Erikson (1950, 1959, 1968) se psigososiale teorie van menslike ontwikkeling. Die teorie veronderstel dat menslike ontwikkeling gedryf word deur die individu se behoefte om geïntegreer te word in sy/haar sosiale – en kulturele omgewing.

Identiteit staan sentraal in die hoofstuk. Erikson (1950, 1959, 1968) se teorie van identiteitsontwikkeling beskryf hoe die soeke na identiteit ŉ lewenslange tog is wat gesetel is in adolessensie. Resente navorsing oor ontluikende volwassenheid toon dat die soeke na identiteit voortgaan en intensiveer tydens ontluikende volwassenheid. Gevolglik is ontluikende volwassenheid ŉ kritiese fase vir die ontwikkeling van identiteit.


© University of Pretoria

Die identiteitsontwikkeling tydens ontluikende volwassenheid sluit in die herevaluering en demonstrering van bestaande wêreldbeskouings en geloofstandpunte. Die herevaluering van geloofsoortuigings en identiteit loop parallel met ontwikkelingsveranderinge wat voorkom tydens ontluikende volwassenheid. Vir die individu om sy/haar geloof sy/haar eie te maak, is ŉ belangrike aspek van identiteitsontwikkeling en differensiasie.

In die volgende hoofstuk die vraag "Hoe lyk die leefwêreld van die universiteitstudent?" beantwoord vanuit die ekologiese benadering tot menslike ontwikkeling.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 8

# DIE SOSIOKULTURELE LEEFWÊRELD VAN DIE UNIVERSITEITSTUDENT

## 1. INLEIDING

Die navorsingsprobleem, navorsingsvraag en doel van hierdie studie is reeds in hoofstuk 1 soos volg geformuleer:

Die navorsingsprobleem van die studie is dat daar gebrekkige begrip en kennis is van die behoeftes van Afrikaanssprekende studentelidmate van die Gereformeerde studentegemeentes in Suid-Afrika. Daar is tans weinig resente navorsing oor studentebediening in die Suid-Afrikaanse konteks om leraars in hul onderskeie bedienings te ondersteun. Die navorsingsvraag is om vas te stel wie die hedendaagse Afrikaanssprekende universiteitstudent is en hoe die leefwêreld van sodanige student lyk ten einde die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente te identifiseer. Die doel van die navorsing is om die bedieningsbehoeftes van universiteitstudente in Suid-Afrika te identifiseer en om studentegemeentes teologies te bemagtig om studente meer sinvol en effektief te bedien.

Soos verduidelik in die inleiding van hoofstuk 6, het die navorser gekies om die normatiewe taak voor die interpretatiewe taak te plaas. Hierdie hoofstuk verteenwoordig, soos hoofstuk 7, die tweede van die vier kerntake van Osmer (2008:31-218) se praktieseteologie-interpretasie. Die tweede taak is die interpretatiewe taak. Die doel van die taak is om met behulp van teorieë vanuit die menslike wetenskappe die patrone en dinamika geïdentifiseer in die empiries-deskriptiewe taak (hoofstukke 3, 4 en 5), beter te verstaan en te verduidelik waarom dit voorkom (sien Osmer 2008:4). Die hoofstuk beantwoord die rigtinggewende vraag van die interpretatiewe taak, naamlik: Waarom is dit aan die gebeur? (Osmer 2008:4; 79-128).

Hierdie hoofstuk is die derde en laaste teoretiese hoofstuk in die proefskrif. Die vraag oor die leefwêreld van die universiteit word beantwoord vanuit die perspektief van ekologiese ontwikkeling. Bronfenbrenner (1979) se ekologiese teorie onderlê die teoretiese raamwerk waarvolgens die hoofstuk gestruktureer is.



© University of Pretoria

## 2. DIE EKOLOGIE VAN MENSLIKE ONTWIKKELING

In hoofstuk 6 is menslike ontwikkeling aan die hand van die psigososiale teorie bespreek en hierdie hoofstuk word die ontwikkeling van die studente vanuit ŉ ekologiese perspektief bespreek.

### 2.1. Menslike ontwikkeling in die ekologiese sisteem


ŉ Ekologiese oorgang kom voor wanneer ŉ persoon se posisie in sy/haar ekologiese omgewing verander as ŉ resultaat van ŉ verandering in rol, omgewing of beide. Ekologiese oorgange, soos gedefinieer deur Bronfenbrenner (1979:26), kom regdeur die individu se lewensduur voor. Hy argumenteer dat elke ekologiese oorgang beide ŉ gevolg en ŉ begin van ŉ ontwikkelingsproses is (sien Bronfenbrenner 1979:27).

Vervolgens is dit belangrik om die verband tussen menslike ontwikkeling en ekologiese sisteme te verduidelik. Bronfenbrenner (1979:27) se definisie van *menslike ontwikkeling* begin met die stelling dat ontwikkeling nooit in ŉ vakuum plaasvind nie; dit is altyd ingebed in en kom tot uitdrukking deur die individu se gedrag in ŉ spesifieke omgewingskonteks (sien Bronfenbrenner 1979:27).

Bronfenbrenner (1979:21) verwys na sy benadering tot menslike ontwikkeling as die *ekologie van menslike ontwikkeling* en definieer hierdie benadering soos volg: Die ekologie van menslike ontwikkeling behels die wetenskaplike studie van die progressiewe, gemeenskaplike akkommodasie tussen ŉ aktiewe, groeiende persoon en die veranderende eienskappe van die onmiddellike omgewing waarin die ontwikkelende persoon leef. Die prosesse van ontwikkeling word geaffekteer deur die verhoudings tussen die omgewings en die groter konteks waarin die omgewings ingebed is (sien Bronfenbrenner 1979:21).

Die ekologiese omgewing word topologies bedink as ŉ rangskikking van konsentriese sisteme wat elkeen ingebou is in die ander (sien Bronfenbrenner 1979:22). In Bronfenbrenner (1979:22) se model is daar vier kontekstuele sisteme (sien Figuur 46).


© University of Pretoria




**Figuur 46**

Ten einde die leefwêreld van universiteitstudente beter te verstaan, word enkele aspekte van elke sisteem bespreek.

## 3. MIKROSISTEEM

Bronfenbrenner (1979:22) definieer ŉ mikrosisteem as ŉ patroon van aktiwiteite, rolle en interpersoonlike verhoudings wat deur die ontwikkelende persoon in ŉ gegewe omgewing met spesifieke fisiese en materiële kenmerke ervaar word.

ŉ Omgewing is ŉ plek waar mense op ŉ gereelde basis een-tot-een interaksie met mekaar het, soos byvoorbeeld in ŉ huis of skool. Die faktore aktiwiteit, rol en interpersoonlike verhoudings is die basiese elemente, of boublokke, van die mikrosisteem (sien Bronfenbrenner 1979:22).

Die mikrosisteem van die universiteitstudent se omgewing bestaan uit sy/haar onmiddellike omgewing en behels gereelde interaksies waarin hy/sy ŉ aktiewe agent is (vgl. Erwin 2010:112). Die plekke en mense verskil wel van student tot student. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word die volgende mikrosisteme bespreek: ouers, vriendskappe, romantiese verhoudings en die studenteleraar as mentor.

### 3.1. Die rol van ouers

#### 3.1.1. Ontluikende volwassenes en hul ouers

Vanuit sy navorsing oor ontluikende volwassenes het Arnett (2016:480) bevind dat die meeste ontluikende volwassenes uit hul ouerhuise trek op die ouderdom van negentien of twintig. Gewoonlik om op hul eie, of saam met ŉ vriend of romantiese maat te gaan woon. Ander ontluikende volwassenes verkies om langer in hul ouerhuise te bly. Hul verhoudings met hul ouers is ook geneig om te verbeter tydens


© University of Pretoria

ontluikende volwassenheid omdat hulle beter daarin slaag om na ŉ saak vanuit hul ouers se perspektief te kyk (vgl. ook Arnett 2015a:80-82).

### 3.1.2. Die rol van ouers in die religieuse en spirituele ontwikkeling van ontluikende volwassenes

Die sosioloog Christian Smith (Smith & Denton 2005:261) het gevind dat ouerbetrokkenheid ŉ veel groter invloed het op kinders se religieuse deelname en beoefening gedurende die oorgang na volwassenheid as uitreike of die bywoning van jeuggroepe. Ouers speel dus die belangrikste rol in die religieuse vorming van hul kinders (sien Dean 2010:18; vgl. Avenant, Nel & Jordaan 2021:7).

Om die rol van ouers in ontluikende volwassenes se godsdienstige en spirituele ontwikkeling te verstaan, is dit nodig om eers te verstaan watter rol die ouers se godsdienstigheid op die ontluikende volwassenes tydens hul grootwordjare gehad het.

#### 3.1.2.1. Die rol van ouers tydens grootwordjare

Nel (2018a:86; vgl. Nel 2001a:20-22; 2001b;16-17) skryf dat die ouerhuis ŉ hermeneutiese funksie vervul. Die ouerhuis dien as ŉ kleiner eenheid waar kinders kan leer van God en hoe Hy met mense werk. Nel (2018a:87) skryf verder dat kinders in hul ouerhuise op die mees natuurlike en spontane wyse van God en Sy handeling kan leer en verstaan. Dit is in die ruimte van die ouerhuis waar identiteitsontdekking en -ontwikkeling plaasvind.

In sy breedvoerige navorsing oor die rol van die ouerhuis in die intergenerasionele geloofsvorming van jeug, het Avenant *et al*. (2021:10; (vgl. Avenant 2021:381) bevind dat:

> […] ouers ŉ onontbeerlike rol in die geloofsvormingsproses van hulle kinders vervul. Hulle is nie net primêre geloofsbemiddelaars nie, maar ook aktief betrokke by die vorming van hul kinders se geloof. Binne hul kinders se identiteitsontdekking, begelei ouers hul kinders in hul oriëntasie en identifikasie, om uiteindelik by ŉ belydenis te kom.

#### 3.1.2.2. Die godsdienstigheid van ouers

Daar is bevind dat ouers se eie godsdienstigheid verband hou met hul kinders se religieuse ontwikkeling (sien Nelson 2014:61; vgl. Myers 2006:292-304). Een manier waarop ouers ŉ direkte invloed op hul kinders het, is deur middel van die modellering


© University of Pretoria

van godsdienstige gedrag. Beide die teorie (vgl. Oman & Thoresen 2003:149-166) en navorsing (vgl. Schwartz 2006:311-326) suggereer dat kinders deelneem aan wat bekendstaan as *waarnemende spirituele leer*. Dit beteken dat hulle leer deur ander mense wat hul godsdienstige modelle is, soos byvoorbeeld hul ouers, waar te neem (sien Nelson 2014:61; vgl. Silberman 2003:175-195; Nel 2018a:258-259).

Ouers dra ook religieuse boodskappe direk aan hul kinders oor deur middel van die gesin se religieuse praktyke. Etlike studies het bevind dat verskeie aspekte van kinders se eie godsdienstigheid (byvoorbeeld religieuse oortuigings, affiliasie en persoonlike religieuse praktyke) verband hou met die formele godsdienstige praktyke van die gesin, soos byvoorbeeld kerkbywoning, gebed en om as ŉ gesin saam Bybel te lees (sien Nelson 2014:61; vgl. Dollahite & Marks 2009:373-391). Kinders se godsdienstigheid hou ook verband met die informele, minder gestruktureerde godsdienstige praktyke van die gesin, soos byvoorbeeld om saam te bid en gesprekke te voer met die ouers oor God, die Bybel of religie in die algemeen (sien Nelson 2014:61; vgl. Dollahite & Thatcher 2008:611-641).

Ouers beïnvloed ook die religieuse en spirituele lewens van hul kinders op indirekte wyse. Deur hul kinders na religieuse dienste en ander omgewings waar religieuse jong mense interaksie het, te neem, kan ouers godsdienstigheid in hul kinders indirek bevorder. Ouers kan hul kinders ook deel maak van ŉ religieuse gemeenskap deur hulle aan religieuse mentors bloot te stel (sien Nelson 2014:61-62; vgl. Smith & Denton 2005).

#### 3.1.2.3. Die rol van ouers tydens ontluikende volwassenheid

Literatuur wat handel oor ouers se rol in die religieuse en spirituele ontwikkeling van ontluikende volwassenes is nog besig om te ontwikkel (sien Nelson 2014:72), maar daar is al meer bewyse dat vroeë religieuse sosialisering, beide direk en indirek, verband hou met die religieuse en spirituele lewens van ontluikende volwassenes. Daar is egter min navorsing oor die direkte en indirekte rol wat ouers tydens ontluikende volwassenheid speel. Om die potensiële rol van die ouers te verstaan, is dit belangrik om die unieke eienskappe van ontluikende volwassenheid in ag te neem, byvoorbeeld die behoefte om onafhanklik besluite te neem en persoonlike geloofsoortuigings en identiteit te verken. Dit is ook belangrik om die veranderende aard van die ouer-kind-verhouding te verstaan, byvoorbeeld die tendens dat al meer


© University of Pretoria

ontluikende volwassenes nie meer in hul ouerhuise woon nie. Wanneer hierdie eienskappe in ag geneem word, kom Nelson (2014:72) tot die gevolgtrekking dat die manier waarop ouers moontlik steeds betrokke is in hul ontluikende volwasse kinders se religieuse en spirituele lewens besig is om te verander. Hul betrokkenheid word al meer kompleks en hou nou verband met die emosionele klimaat en die kwaliteit van die ouer-kindverhouding wat gekweek is deur ouerskapstyle en -praktyke.

### 3.2. Vriendskappe

#### 3.2.1. Ontluikende volwassenes en vriendskappe

Vriende is belangrik vir ontluikende volwassenes, veral vir diegene wat nie in ŉ romantiese verhouding is nie. Intimiteit in ŉ vriendskap is vir ontluikende volwassenes belangriker as wat dit ooit vantevore was. Aktiwiteite saam met vriende neem stelselmatig af gedurende die twintigerjare soos wat ontluikende volwassenes stabiele romantiese verhoudings aanknoop (vgl. Arnett 2016:457).

#### 3.2.2. Die rol van vriendskappe in ontluikende volwassenes se religieuse en spirituele ontwikkeling

Ontluikende volwassenes se vriendskappe bied unieke geleenthede om ontwikkelingstake aan te pak (sien Barry & Christofferson 2014:79; vgl. Barry, Madsen, Nelson, Carroll & Badger 2009:209-222). Ontluikende volwassenes se aantal vriende bly stabiel gedurende die jare van ontluikende volwassenheid, en die kenmerke van hul verhoudings, wat insluit warmte, intimiteit en lojaliteit, is vir hulle van uiterse belang (vgl. Samter 2003:637-684). Terwyl hulle gelyktydig op soek is na vriendskappe wat geleenthede bied vir selfverkenning (vgl. Hartup & Stevens 1999:76-79), is naby vriende ook sosialiseringsagente vir die vorming van hul religieuse en spirituele wêreldbeskouings (sien Barry & Christofferson 2014:80).

Navorsing het bevind dat talle vriende in die fase van ontluikende volwassenheid dieselfde vlakke van godsdienstigheid en spiritualiteit deel. Hulle voer gesprekke wat betekenisskepping bevorder wat weer hul godsdienstigheid en spiritualiteit bevorder. Verder toon navorsing ook dat vriende se godsdienstigheid riskante gedrag verminder en positiewe gedrag soos byvoorbeeld gemeenskapdiens, bevorder (sien Barry & Christofferson 2014:82-83).



© University of Pretoria

### 3.3. Ontluikende volwassenes en romantiese verhoudings

Ontluikende volwassenes is dikwels op soek na ŉ "sielsgenoot", iemand wat by hul eie identiteit pas (vgl. Arnett 2016:457; Arnett 2015a:111-112).

#### 3.3.1. Die rol van romantiese verhoudings in die religieuse en spirituele ontwikkeling van ontluikende volwassenes

In vergelyking met ontluikende volwassenes se verhoudings met hul families en vriende, bestaan hul romantiese verhoudings uit verhoogde vlakke van intimiteit, kommunikasie, emosionaliteit, eksklusiwiteit en verbintenis (sien Barry & Christofferson 2014:83; vgl. Fischer 2006:3-28). Romantiese verhoudings dien ook as ŉ belangrike verwysingspunt en bron van ondersteuning en leiding (vgl. Reiter & Gee 2008:539-559). Gegewe die kenmerke van ontluikende volwassenes se romantiese verhoudings is daar meer potensiaal vir religieuse en spirituele sosialisering in die vorm van romantiese maats. Buiten die karaktereienskappe van romantiese maats, is dit ook belangrik om die meganismes van invloed te verstaan ten einde die rol van romantiese maats in religieuse en spirituele sosialisering beter te verstaan. Ontluikende volwassenes se identiteit kan deels beïnvloed en gevorm word deur hul romantiese maats se optrede, waardes en geloofsoortuigings (sien Barry & Christofferson 2014:83; vgl. Luo 2009:133-138). Omdat romantiese verhoudingsruimte skep vir oop kommunikasie oor belangrike faktore soos waardes en geloofsoortuigings, terwyl dit ook advies en troos bied, kan die verhouding die verkenning van ontluikende volwassenes se religieuse en spirituele oortuigings ondersteun. Daardeur bevorder sodanige verhoudings die vorming van ontluikende volwassenes se morele en religieuse waardes (vgl. Reiter & Gee 2008:539-559). Barry en Christofferson (2014:84) kom tot die gevolgtrekking dat romantiese verhoudings die belangrikste portuurverhoudings in ontluikende volwassenes se religieuse en spirituele sosialisering kan wees.

### 3.4. Die studenteleraar as mentor

Die rol van studenteleraars word in hierdie hoofstuk bespreek vanuit die perspektief van die mentorskaprol wat sodanige leraars in die student se lewe speel.

Parks (2011:166) skryf dat die term *mentor* "is best reserved for a distinctive role in the story of human becoming." Mentors kom na vore wanneer ŉ individu kritiese


© University of Pretoria

denke ontdek en groter verantwoordelikheid vir hulself en vir ander moet aanvaar. Ontluikende volwassenes maak staat op mentors vir outoritêre leiding tydens die oorgang van gesaggebaseerde geloof na ŉ meer interafhanklike vorm van geloof. Mentors bied vier sleutelgawes, naamlik *erkenning, ondersteuning, uitdaging* en *inspirasie* (sien Parks 2011:166-173).

### 3.4.1. Erkenning

Ontluikende volwassenes het ŉ besonderse behoefte daaraan om "gesien" te word. Hulle is op soek na erkenning in die breër wêreld van volwasse rolle en verantwoordelikhede wat hulle betree. As gerespekteerde stemme, bykomend tot ouer se stemme, kan mentors die verlangde erkenning help gee (sien Parks 2011:167).

### 3.4.2. Ondersteuning

Ondersteuning is ŉ vorm van erkenning. Die mentor ondersteun die ontluikende volwassene deels deur voortdurende erkenning en bevestiging van elke manifestasie van die ontluikende volwassene se potensiaal. ŉ Mentor kan ondersteunend wees op verskeie maniere. Dit sluit in om te dien as ŉ pleitbesorger ("advocate"), hulpbronverskaffer, ŉ bron van beskerming en troos en soms ook ŉ bron van genesing (sien Parks 2011:167-168).

### 3.4.3. Uitdaging

> Mentors dance an intricate two-step as they practice the art of supporting and challenging more or less simultaneously. While giving the well-timed push into a new area of potential competence, the mentor may also provide essential counsel when a protégé is in well over his head. All the while, the mentor assures him that there is solid, challenging, and meaningful work to do – adult work that invites and tests the growing strength of the emerging adult. Emerging adults welcome rightly timed challenges. The art of mentoring is located, in part, is assessing the readiness of the protégé to recognize and creatively respond to heretofore unseen opportunities, ideas, dangers, relationships, and solutions. Good mentors almost always practice a kind of tough love.
>
> Parks (2011:168-169)

Mentorskap verteenwoordig nie noodwendig ŉ hiërargiese verhouding nie. Alhoewel ŉ mentor meer ervaring en kennis het, leer goeie mentors ook van diegene vir wie hulle mentor deur ŉ proses van wedersydse uitdaging en ontdekking.


© University of Pretoria

Mentorskapverhoudings floreer wanneer beide die mentor en die ontluikende volwassene op die rand van nuwe kennis werk (sien Parks 2011:169).

#### 3.4.4. Inspirasie

Bowenal is die mentor bewus van die uitdagings waarmee ontluikende volwassenes gekonfronteer word en die uitdaging om krities te dink in ŉ komplekse wêreld. Parks (2011:169) definieer kritiese denke as: "to stand outside or apart from things as they are on behalf of strengthening perception, understanding, and potential insight." Te midde van die uitdagende, soms opwindende, leerproses, dien die mentor as ŉ bestendige, inspirerende oriëntasiepunt wat die weg wys na die moontlikheid van ŉ betekenisvolle verbintenis aan die anderkant van kritiese denke.

> In the formation of tough-minded critical awareness, a good mentor can be an antidote to floundering in unqualified relativism, cynicism, or despair.
>
> Parks (2011:170); vgl. Smith (2009:292-294)

#### 3.4.5. In gesprek

Daar is subteks ingebou in die mentor se rol om te erken, te ondersteun, uit te daag en te inspireer. Die mentor is slegs van belang as hy/sy sin maak ten opsigte van die ontluikende volwassene se ervaring. Alhoewel die ontluikende volwassene steeds afhanklik is van die outoriteit van die mentor, ontdek hy/sy dat sy/haar eie stem toenemend gesag dra. Soos die ontluikende volwassene toenemend tuis voel in die groter wêreld word die mentor betrek in sy/haar dialoë tussen vrees en vertroue, mag en magteloosheid, vervreemding en behoort, twyfel en glo, hoop en hopeloosheid. Die taak wat voorlê behels die soek na maniere om die steeds brose ontluikende volwasse self en die integriteit van die self te versterk en te bevestig. Dit terwyl die ontluikende volwassene ŉ plek van waarde vind en waar hy/sy ŉ bydrae kan lewer in die volwasse wêreld. Die dialoog tussen mentor en ontluikende volwassene word gekenmerk deur wederkerige respek.

> At their best, mentors keep finding ways to call forth the kind of dialogue in which the protégé's own experience and the distinctive voice it may birth can learn to speak with integrity and power in the force field of life.
>
> Parks (2011:170)


© University of Pretoria

Mentors vra vrae wat deurdring tot die kern van die saak. ŉ Mentor se krag lê in die ontluikende volwassene se toenemende bewuswording dat die mentor weet dat elke lewe ŉ unieke bydrae het om te lewer tot die groter geheel (sien Parks 2011:172). Dit beteken nie dat die mentor alles wat die ontluikende volwassene doen as waardevol beskou nie. Dit beteken dat die mentor belyn is die potensiaal van die ontluikende volwassene se lewe en probeer om sy/haar kapasiteit te ontwikkel ten einde te kan onderskei tussen wat waar, waardig en lewendgewend is.

### 3.4.6. Verantwoordbaarheid

> Though the mentor may represent considerable expertise, in the alchemy of mentoring the talents, smarts, skills, and best intuitions of the protégé combine with the mentor's experience to forge new realities that neither could create alone.
>
> Parks (2011:173)

Min mentors kry dit reg om die heeltyd hul werk as mentor suksesvol of perfek te doen. Die mentor is immers net ŉ mens. ŉ Valse mentor kan kies om ŉ mentor vir ontluikende volwassenes te wees weens verskeie selfverheerlikingsredes. Omdat goeie mentors toegewydheid en passievol oor hul werk is, bestaan die moontlikheid dat hulle die ontluikende volwassene se visie en potensiaal assimileer tot hul eie visie, in stede daarvan om die unieke gawes en roeping van die ontluikende volwassene te eer (sien Parks 2011:173).

## 4. MESOSISTEEM

ŉ Mesosisteem bestaan uit die interne verhoudings tussen twee of meer omgewings waarin die ontwikkelende persoon aktief deelneem (Bronfenbrenner 1979:25). ŉ Mesosisteem is dus ŉ sisteem van mikrosisteme. Dit word gevorm of uitgebrei wanneer die ontwikkelende persoon in ŉ nuwe omgewing in beweeg (vgl. Bronfenbrenner 1979:25).

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word daar slegs gefokus op gemeentes en gemeenskappe van gelowiges as mesosisteme in die studente se lewens.


© University of Pretoria

## 4.1. Gemeentes en geloofsgemeenskappe

### 4.1.1. Die gemeente as ŉ gemeenskap wat nie selfverkose is nie

Gedurende die jare van ontluikende volwassenheid is die ontwikkeling van ŉ sterk Bybelse gemeenskap ŉ sleutelbydrae van die kerk. Terwyl ontluikende volwassenes verskeie gemeenskappe kan vind in hierdie fase van hul lewens, bied die plaaslike gemeente ŉ aantal unieke gemeenskaplike komponente wat geloofsvorming fasiliteer (sien Setran & Kiesling 2013:98).

Volgens Setran en Kiesling (2013:98-104) is die gemeenskap van die gemeente belangrik omdat:

- dit nie ŉ selfverkose gemeenskap is nie;
- dit intergenerasioneel is;
- ontluikende volwassenes outoriteit en dissipline nodig het;
- die gemeenskap beliggaamd is;
- dit ŉ familie bied vir ontluikende volwassenes in ŉ tyd waar hulle juis sulke verbintenisse nodig het; en
- dit ŉ plek van liefde, ondersteuning en genesing bied.

Die gemeenskap van die plaaslike gemeente is belangrik, want dit is nie ŉ selfverkose gemeenskap nie. Ontluikende volwassenes bring die meeste van hulle tyd deur in omgewings wat hulle self uitgekies het. Hulle kies groepe en vriende wat hul persoonlikhede en affiniteite reflekteer. Hulle kan in en uit die gemeenskappe beweeg soos hulle wil en hul vlak van betrokkenheid kies soos dit by hul behoeftes pas (sien Setran & Kiesling 2013:98).

In die gemeenskap van die plaaslike gemeente wat nie selfverkose is nie, kan hulle aan die ander kant leer wat dit beteken om vir jou naaste lief te wees. Hulle word in situasies geplaas waar hulle vir mense wat nie dieselfde ouderdom, sosiale status of persoonlikheid as hulle het nie, moet omgee en van moet leer. Die aansluiting by ŉ plaaslike gemeente behels die toegewydheid om lief te wees vir ŉ groep mense wat vir ontluikende volwassenes irriterend kan wees. Wanneer die gemeenskap selfverkose is, kan dit voorkom of die Christelike lewe op affiniteit gebaseer is. Bonhoeffer (soos aangehaal deur Setran & Kiesling 2013:98) argumenteer dat die pad


© University of Pretoria

van "spirituele seleksie" 'n omgewing genereer waarin mense voel dat die Christengemeenskap bymekaar gehou word deur bande van gemeenskaplike belangstellings, onderrig en geestelike volwassenheid (en taal). In die plaaslike kerk, waar ontluikende volwassenes omring word deur mense van verskillende ouderdomme, sosiale statusse en persoonlikhede, kan hulle begin om te sien dat dit die evangelie is wat dien as die band van die Christelike gemeenskap en nie menslike ooreenkomste nie (sien Setran & Kiesling 2013:98-99).

Deelname aan die plaaslike gemeente kan in dié sin 'n kritiese dryfkrag wees vir ware Christenidentiteitsvorming tydens ontluikende volwassenheid. Ontluikende volwassenes is nie net besig is om volwasse te word nie, maar ook om hul plek in die reeds bestaande gemeenskap wat vorm gee aan hulle identiteite kan gee te vind.

Religieuse gemeenskappe en gemeentes is vir talle ontluikende volwassenes 'n belangrike hulpbron om hul identiteit te konsolideer. Navorsing dui toenemend daarop dat spiritualiteit 'n sleutel faktor is in betekenisskepping of om 'n kongruente narratief uit lewensomstandighede te konstrueer (sien Whitney & King 2014:133; vgl. Barry, Nelson, Davarya & Urry 2010:311).

Gemeentes bied stabiliteit en die geleentheid aan ontluikende volwassenes om hul eie geloofoortuigings uit te klaar en hul eie identiteit te verstaan.

4.1.2. <u>Die gemeente as agogiese ruimte</u>

Vanuit die perspektief van dissipelskap, bied Nel (2018a:89-97) 'n agogiese perspektief op gemeentes en jeugbediening:

> Nobody is ever finished in the sense of being changed into perfection [*born whole*]. Yet every adolescent [*child*] is a total person [*a human being*] and must be accepted and respected as such. The development [*formation*] of a person into someone who can represent God anew, as the Creator originally visualised him, is in continual process [*a work in progress*]. As people in Christ, we are new creations – an irrefutable fact.
>
> Nel (2001b)

Nel (2018a:91) skryf dat God, deur die skep van gemeentes, 'n ruimte geskep het vir veranderde en veranderende mense. 'n Agogiese ruimte waarin verandering normaal is. Gevolglik moet groei en die wil om aan te hou groei vanselfsprekend wees in 'n


© University of Pretoria

gemeente. Diegene wat terugdraai, of dieselfde bly, moet ongemaklik voel en selfs nie eers werklik behoort aan ŉ groep van veranderde en veranderende dissipels van Christus nie (sien Nel 2018a:91).

Die gemeente as agogiese ruimte bied aan die jeug wat verander en op soek is na verandering, die uitnodiging: Kom en verander hier, in die sfeer van die Gees en saam met ons, in wie Hy woon, om verander te word in die beeld van Christus (sien Nel 2018a:94).

4.1.3. Die behoefte om te behoort: Gemeenskappe

Parks (2011:114-133) skryf breedvoerig oor ontluikende volwassenes se behoefte om te behoort en die belang van ŉ gemeenskap waar hulle kan tuiskom. Sy verwys na gemeenskappe as netwerke van behoort:

> An under-recognized strength of the Piagetian paradigm is its psychosocial conviction that human becoming absolutely depends on the quality of interaction between the person and his or her social world.
>
> Parks (2011:115)

Die individu is nie die enigste rolspeler in die drama van menslike ontwikkeling nie. Elke mens is verweef met soveel ander. Regdeur ŉ mens se lewe is hy/sy afhanklik van ŉ vriendelike "netwerk van behoort". Elkeen het, wat sy noem, ŉ "psigologiese huis" nodig wat gebou is uit verbintenisse en interaksie tussen die persoon en sy/haar gemeenskap (sien Parks 2011:115). Hierdie sogenaamde netwerke van behoort bied ŉ betroubare vesting waarop alle mense staatmaak om in die wêreld te kan floreer.

Sy skryf voorts dat ons elkeen ŉ "stam" ("tribe") nodig het. Elkeen het ŉ plek of plekke nodig waar ons betroubare verbintenisse kan vestig met ander en wat vir ons bekend voel. Dit beteken dat dit die denkwyses en maniere van wees is wat ons anker in ŉ seker wete van behoort en sosiale kohesie (sien Parks 2011:116).

Die mag van enige lewensvatbare netwerk van behoort is tweeledig (sien Parks 2011:117). Eerstens voorsien die gevoel van behoort en sekuriteit wat dit bied die vryheid om te kan groei en ontwikkel. Tweedens het elke netwerk van behoort norme en grense wat nie oorskry kan word nie. Elke netwerk verteenwoordig dus terselfdertyd vryheid en inperking (sien Parks 2011:117).



© University of Pretoria

Transformasie van die individu kan dus ook transformasie van die individu se sosiale wêreld vereis – dus ŉ wedersydse hersamestelling. Ingebou in menslike ontwikkeling is ook transformasie in die vorm van gemeenskappe.

Parks (2011:119) bespreek verder drie vorme van gemeenskap. Die eerste twee is *konvensionele gemeenskappe* en *verspreide gemeenskappe*. Die derde is *menteringsgemeenskappe*. Sy skryf dat menteringsgemeenskappe die belangrikste vorm vir ontluikende volwassenheid is. Sy beskryf ook die menteringsgemeenskap en die eienskappe van die gemeenskap (sien Parks 2011:119-132). In die laaste hoofstuk van haar boek beskryf sy religieuse gemeenskappe as menteringsgemeenskappe. Vir die doeleindes van die navorsing bespreek die navorser slegs haar begrip van die manier waarop ŉ religieuse gemeenskap ŉ menteringsgemeenskap kan wees (sien Parks 2011:271-279).

#### 4.1.4. Identiteitsvorming in die ekologiese sisteem van ŉ gemeente

Soos verduidelik in hoofstuk 6, verskerp identiteitsverkenning en -vorming gedurende ontluikende volwassenheid. Arnett (2001:78) verduidelik dit soos volg:

> Emerging adulthood is a period of life in which young people seek to sort through the range of ideological possibilities present in their society and choose an orientation that will provide them with a guide to life.

Whitney en King (2014:141) skryf dat daar drie faktore is wat in gedagte gehou moet word wanneer identiteitsvorming en die gemeente as ŉ ekologiese sisteem verstaan kan word. Eerstens is ontluikende volwassenes, vanweë hul toenemende kognitiewe vermoëns, by magte om meer effektief betekenis te skep uit die narratiewe van ŉ religieuse groep. Hulle kan ook meer krities reflekteer op die ideologieë van ŉ religieuse gemeente, wat nie voorheen moontlik was nie. Tweedens bied gemeentes ŉ ryk ideologiese konteks wat die potensiaal het om by te dra tot identiteitsvorming en identiteitsgetrouheid. Hierdie konteks bied geleenthede aan ontluikende volwassenes om religieuse oortuigings te vorm wat religieuse ontwikkeling bevorder. Derdens kan ontluikende volwassenes wat verder in die proses van identiteitsvorming is, beskik oor die vermoë om hulself aan ŉ gemeente te verbind.


© University of Pretoria

Die ekologiese ontwikkelingsmodel help om gemeentes te konseptualiseer as een van die kontekste wat elemente van kultuur, familie, rolmodelle, sosiale betrokkenheid en transendente elemente inkorporeer (sien Whitney & King 2014:141; King 2008:196-203). Roehlkepartain en Patel (2006:324-336) argumenteer dat gemeentes nie net verstaan moet word as diensverskaffers nie, maar eerder beskou moet word as komplekse kulture en ŉ ekologie vir ontwikkeling. Gegrond op hierdie twee perspektiewe kan ŉ gemeente verstaan word as ŉ veelsydige ekologie waar religieuse ontwikkeling oor tyd beïnvloed word deur ŉ netwerk van verhoudings, rituele en verwagtinge (sien Whitney & King 2014:141).

Gegewe die feit dat ontluikende volwassenes steeds in die vormingsfase van hul identiteit deur verkenning is, kan deelname in ŉ gemeente bydra tot hul selfbegrip en ŉ bron van stabiliteit wees. Identiteitsvorming wat plaasvind deur deelname in religieuse gemeentes gedurende ontluikende volwassenheid, het die potensiaal om ŉ impak te hê op die fases van ontwikkeling wat volg, insluitend die huwelik en ouerskap (sien Whitney & King 2014:142; vgl. Barry *et al.* 2010:311-324)

Gemeentes speel ŉ konstruktiewe rol as ŉ ontwikkelingshulpbron. Whitney en King (2014:142) stel drie kontekste voor waarin betekenisvorming in gemeentes kan plaasvind, naamlik ŉ ideologiese konteks, ŉ sosiale konteks en ŉ transendente konteks.

#### 4.1.4.1. Ideologiese konteks

Gemeentes en religieuse gemeenskappe bied strukture en hulpbronne wat individue kan help om geloofsoortuigings en morele waardes te ontwikkel. Ideologie is onontbeerlik in ontluikende volwassenes se identiteitsvorming (Whitney & King 2014:143; vgl. Erikson 1968:108) waartydens hulle poog om sin te maak van die wêreld en hul plek daarin te vestig. Die geloofsoortuigings, wêreldsieninge, en waardes van religieuse tradisies bied ŉ ideologiese konteks waarin ontluikende volwassenes ŉ gevoel van doel, orde en ŉ plek in die wêreld kan genereer. Dit is krities vir hul ontwikkeling (Whitney & King 2014:142; vgl. Erikson 1968:108; King 2003:196-203). Religieuse gemeentes en gemeenskappe bied ŉ struktuur en hulpbronne wat ontluikende volwassenes help om betekenis te skep vanuit rituele, praktyke en om geloofsoortuigings, waardes en morele waardes te ontwikkel en te internaliseer (Whitney & King 2014:142).


© University of Pretoria

Religieuse gemeentes en gemeenskappe bied dus geleenthede vir ontluikende volwassenes om hul analitiese vermoëns te gebruik om geloofsoortuigings en waardes te deurdink en te bevraagteken. Dit kan veral behulpsaam kan wees met die konsolidering van identiteit (sien King 2003:198).

Deur toegang te bied tot verskeie vlakke van ontluikende volwassenes se ontwikkelingssisteme, soos portuurgroep, familie, volwassenes en multikulturele gemeenskap, het religieuse gemeentes en gemeenskappe die potensiaal om ŉ konstante ideologiese raamwerk te bied. Dit kan ontluikende volwassenes help om sin te maak van die verskillende ideologieë wat beskikbaar is in die breër kultuur (sien Whitney & King 2014:144; vgl. Furrow *et al.* 2004:17-26; King 2003:196-203).

4.1.4.2. Sosiale konteks

Religieuse gemeentes en gemeenskappe bied ook ŉ sosiale konteks, waar ander deelnemers wat religieuse en spirituele ideologiese norme beliggaam in ŉ gemeenskap opset kan optree as rolmodelle (Whitney & King 2014:144; vgl. Oman 2013:187-204). Rolmodelle is ŉ noodsaaklike element in identiteitsontwikkeling. Alhoewel religieuse groepe nie eksklusief die sosiale hulpbronne voorsien nie, kan hulle baie effektief wees in die voorsiening van sosiale kapitaal, sosiale ondersteuning en mentors (vgl. King 2008:55-73; Roehlkepartain & Patel 2006:324-336; Schwartz, Bukowski & Aoki 2006:310-323). Religieuse gemeenskappe en gemeentes leer intensioneel pro-sosiale waardes en lede kan die waardes van die gemeente beliggaam, terwyl hulle dien as rolmodelle of mentors (vgl. King & Furrow 2004:703-713; Oman 2013:187-204; Schwartz *et al.* 2006:310-323). Verder help opvoedkundige, sosiale en dienservaring in die gemeente om geloofsoortuigings, waardes en standaarde te vertaal in taal, stories en ervaring. Dit help om selfbegrip te vorm, om betekenis en ŉ doel te vind en om terselfdertyd ook aan ontluikende volwassenes ŉ manier te bied om sin te maak van hul ervaringe. Op dié manier het ontluikende volwassenes nie net toegang tot mense wat hulle as mentors kan beskou nie, maar word hulle ook die vooruitsig gebied om self leiers of mentors te wees (sien Whitney & King 2014:144).


© University of Pretoria

#### 4.1.4.3. Transendente konteks

Religieuse gemeentes en gemeenskappe bied 'n transendente konteks wat bydra tot identiteitsvorming. Transendensie behels 'n skuif van mense se kognitiewe en emosionele oriëntasie van die self na ander op so manier dat dit uiteindelik waarde en betekenis bied wat verder strek as die alledaagse en materiële ten einde identiteit te vorm (sien Whitney & King 2014:145; vgl. King 2008: 55-73). Identiteitsvorming in 'n spirituele konteks, soos die van 'n gemeente, moedig ontluikende volwassenes aan om die self te transendeer, en dit bevorder ook toewyding en getrouheid op so 'n manier dat dit beide individuele welstand en die welstand van die groter samelewing verseker (sien Whitney & King 2014:145; vgl. King 2003:196-203; King 2008: 55-73).

Transendente kontekste verskil van sosiale kontekste. In die sosiale konteks is die potensiële hulpbronne van sosiale invloed sentraal tot identiteitsvorming. Die transendente konteks verwys na geleenthede om 'n diepgaande gevoel van verbintenis met die goddelike en die mensdom te hê wat nie 'n fisiese teenwoordigheid vereis nie. Dit bevorder terselfdertyd ook 'n bewustheid van die self in verhouding tot ander (vgl. King, Ramos & Clardy 2013:513-528). Die verhoogde bewustheid van ander inspireer en wakker dikwels selfbegrip aan wat verweef is met en verantwoordbaar is aan ander (sien Whitney & King 2014:145).

Verskeie aktiwiteite in religieuse gemeentes en gemeenskappe koester transendensie. Dit sluit in rituele, vorme van aanbidding en spirituele praktyke. Hierdie aktiwiteite verhoog die individu se bewustheid van die groter religieuse gemeenskap, gedeelde menslikheid of kennis van God (sien Whitney & King 2014:146).

Net soos geloofsgemeenskappe die potensiaal het om waardevolle hulpbronne in identiteitsvorming te wees, kan hulle ook in sommige gevalle identiteitsvorming verhinder (Whitney & King 2014:147). Indien 'n geloofsgemeenskap klem lê op die nakoming van groepwaardes, bo die bevraagtekening en ontdekking van die individu se eie geloofsoortuigings en rolle in die samelewing en gemeenskap, kan die ontluikende volwassene die geleenthede ontneem word om verskeie rolle van leierskap, of om ander te help, te ondersoek. Whitney & King (2014:148) som dit soos volg op:


© University of Pretoria

> ... if there is insufficient room to connect with transcendent elements within a religious community, religious communities are at risk of promoting identity foreclosure rather than aiding in identity achievement.
>
> Whitney & King (2014:148)

### 4.1.5. Religieuse gemeenskappe as menteringsgemeenskappe

Soos gesien, vind religieuse geloofsvorming plaas in tandem met intellektuele en emosionele ontwikkeling. Dit beteken dus dat religieuse gemeenskappe van groot waarde vir ontluikende volwassenes kan wees. ʼn Religieuse gemeenskap, as ʼn menteringsgemeenskap, beskik oor die volgende eienskappe: ʼn plek om te behoort; ontvanklikheid vir enige vrae; erkenning aan die polariteite van religieuse tradisies; toegang tot lewensvatbare stories en mites, simbole en liedere; ʼn betekenisvolle sin vir bestaan en inspirasie vir roeping; erkenning aan die potensiaal en bydrae van elke ontluikende volwassene se lewe; en die bied van lewensvatbare hoop (sien Parks 2011:270).

#### 4.1.5.1. ʼn Plek om te behoort

Ontluikende volwassenes is aangetrokke tot ʼn plek waar hulle kan tuiskom. Hulle is aangetrokke tot plekke van behoort waar hulle ten volle aanvaar en omhels sal word as ontluikende volwassenes. In die voortdurende soeke na ʼn plek waar hulle sinvol kan behoort, heg ontluikende volwassenes ook waarde aan plekke en mense waar die spirituele aspek erken word. Hulle heg ook waarde aan die plekke en mense waar die fyn balans van gemak en troos volhou word saam met ʼn gesonde hoeveelheid stimulasie en uitdaging (sien Parks 2011:270).

#### 4.1.5.2. Ontvanklikheid vir vrae

Religieuse gemeenskappe moet bereidwillig en ontvanklik wees vir alle vrae wat ontluikende volwassenes kan hê. Parks (2011:271) skryf dat dit nie beteken om die vrae met tradisionele of maklike antwoorde, of blote verdraagsaamheid, te beantwoord nie. Dit beteken eerder om betrokke te raak in ernstige en grondige dialoog.

Sy skryf verder dat die veranderende milieu van die hedendaagse wêreld vereis dat religieuse geloofsgemeenskappe neutrale geleenthede moet skep om ontluikende volwassenes bymekaar te bring, wat moontlik kan verskil van die maniere waarop dit tot dusver gedoen is. Parks (2011:271) verwys na rabbi Daniel Smokler wat praat van



© University of Pretoria

die skep ŉ "derde ruimte". Dit is nie ŉ formele religieuse of skoolopset nie, maar eerder kombuistafels, koffiewinkels en ander omgewings waar ontluikende volwassenes in gesprekke van noemenswaardige bevraagtekening en betekenis kan tree (sien Parks 2011:271-272).

#### 4.1.5.3. ŉ Polariteit van religieuse tradisies

Ontluikende volwassenes is nie net op soek na identiteit nie; hulle is ook op soek na identiteit in ŉ gepolariseerde landskap waar hulle kan verken en soms betekenis kan vind in religieuse tradisies wat anders as hul eie is. Vir sommige is die landskap wat verken moet word, beide die wêreld óm hulle en wêreld ín hulle. Dit is ŉ refleksie van die ervaring van die toenemende aantal ontluikende volwassenes wat leef met ŉ multi-etniese en multikulturele identiteit (sien Parks 2011:272).

Religieuse geloofsgemeenskappe wat dien as menteringsgemeenskappe het ŉ geleentheid en ŉ toenemende verantwoordelikheid om religieuse leierskap te bied wat erkenning gee aan religieuse waarhede wat nie gebaseer is op religieuse sisteme nie, maar op persone, soos die persoon van Jesus Christus. Leiers word gevra om gesprekke te voer oor wat dit beteken om ŉ Christen te wees en op verbeeldingryke wyses betrokke te raak.

Indien die teoloog Harvey Cox (2009:1-20) reg is in *The future of faith*, is die wêreld besig om te beweeg vanaf die era van geloofsoortuiging en geïnstitusionaliseerde dogma, na ŉ era van gees en herleefde verbeeldings ("imaginations") van geloof. Ontluikende volwassenes speel ŉ rol in hierdie transformasie. Daar is ŉ behoefte aan leierskap wat hulle kan ontmoet in die proses van transformasie (sien Parks 2011:274).

Parks (2011:274) skryf dat:

> If emerging adults have access to mentoring communities that will meet them at the crossroads of suffering and wonder in today's world, their faith can be recomposed profoundly and durably.

Die vrees is dikwels daar dat studente nie meer getrou sal wees aan die geloof van hul inherente tradisie nie. Dit is soms die geval, maar dikwels ook nie. Wanneer daar met die ander kontak gemaak word, word daar dikwels ŉ dieper waardering vir die


© University of Pretoria

integriteit van die ander bewerkstellig, maar met nuwe waardering vir jou eie erfenis en die gawes daarvan. Deur hul interaksie met die geloof van ander, kan studente ook ŉ verdiepte ervaring van hul eie hê (sien Parks 2011:274).

4.1.5.4. Stories en mites, simbole, liedere en praktyke

Religie kan ŉ gemeenskap bied soos geen ander nie. Dit beskik oor die kapasiteit om taal te gee aan spiritualiteit en geloof.

> Even in a time between stories, if the great traditions offer their images – stories, symbols and songs – less a dogma and more as gifts to the work of a faithful imagination – then with critical awareness they can be received as finite vessels to be treated, reshaped, or cast aside according to their relative usefulness. This is not well done if it is merely a matter of individuals making their private selections from a religious smorgasbord. It is best done in the context of a discerning community – and for emerging adults, a mentoring community.
>
> Parks (2011:276)

Alle mense het stories nodig waarvolgens hulle kan leef, simbole om betekenis aan te koppel en liedere wat bevestig dat ons by mekaar hoort in ŉ groter realiteit. Boonop het ons ook praktyke nodig wat ons op geloofwaardige maniere dissiplineer om ons sin en doel te onderskei. Religieuse gemeenskappe bied toegang tot die taal van betekenisskepping en geloof. Indien dit wat die gemeenskap bied resoneer met die ontluikende volwassene se siel, kan die spirituele soeke lei tot ŉ waardige religieuse tuiste (sien Parks 2011:276).

4.1.5.5. Erkenning van ontluikende volwassenes se gawes

Die religieuse gemeenskap vervul nie haar rol in die vorming van ontluikende volwassenes se geloof mits sy die bevoegdheid van die ontluikende volwassene verwelkom en bevestig nie (sien Parks 2011:277). Wanneer mense in ŉ latere fase van hul lewe reflekteer op die wyse waarop geloofsgemeenskappe deel was van hul vorming, identifiseer hulle iemand, ŉ lidmaat of leraar, wat hulle uitgesonder het as ontluikende volwassene en wat ŉ verdiepende gevoel van vertroue in hul eie potensiaal gehad het.


© University of Pretoria

#### 4.1.5.6. Take om te voltooi

Deur ontluikende volwassenes betekenisvolle take te gee om te doen, word daar erkenning gegee aan ontluikende volwassenes en hul gawes. "… especially providing pathways, forms of institutional support, that lead to engagement in situations that call for compassion and justice and seed worthy dreams." (Parks 2011:278).

Deur die werk wat aan hulle gegee is, kan ontluikende volwassenes hul doel ontdek en dit kan weer verdiep tot roeping. Volwassenheid neem vorm aan wanneer die individu te staan kom voor ŉ probleem of ŉ betekenisvolle uitdaging. Dit is ŉ primêre domein waarin religieuse geloofsgemeenskappe op ŉ besonderse wyse die behoefte van ontluikende volwassenes aan betekenis, doel en hoop, kan vervul (sien Parks 2011:278).

#### 4.1.5.7. Lewensvatbare hoop

> Hope is nourished in a host of ways, but one of the forms that is now needed is experiences of the commons – places where we can come together across differences, recognize our interdependence, and gain access to symbols that open us to the Mystery that transcends us all, while at the same time we are invited to moral responsibility.
>
> Parks (2011:278)

Religieuse geloofsgemeenskappe kan aan ontluikende volwassenes ŉ mikro-ervaring bied van nuwe betekenisvolle, bemiddelende hoop. Nie ten opsigte van gewaarborgde uitkomste nie, maar eerder as ŉ lewenshouding wat gebaseer is op ŉ kritiese bewussyn en waardige geloof (sien Parks 2011:278).

Beaudion (1998:56-57) maak die opmerking dat ontluikende volwassenes ŉ eksperimentele en skeptiese houding het teenoor ortodoksie en ŉ toenemende dubbelsinnigheid in hul eie geloof ervaar. Aan die ander kant is hulle besig met nuwe soeke na en verwoording van hul geloof. In kort is dit die soeke na nuwe en soms oënskynlike irrelevante vorme van credo. Goeie liturgie – wat verstaan word as die werk van mense – is altyd ŉ kunstige jukstaponering van die nuwe en die bekende (sien Parks 2011:279). Religieuse geloofsgemeenskappe wat wil reageer op die behoefte aan menteringsgemeenskappe word uitgedaag, soms tot op breekpunt, om hul ontvanklikheid vir dié twee pole te behou.


© University of Pretoria

Parks (2011:279) sluit af deur te sê dat religieuse geloofsgemeenskappe wat gegrond is in die praktyke om voortdurend te onderskei kan die mense wat deel is van die gemeenskappe oor generasies heen inspireer in tradisionele, hibriede en ander kreatiewe, ontluikende vorme.

## 5. EKSOSISTEME

Die volgende vlak van die ekologiese sisteem is die eksosisteem. ŉ Eksosisteem verwys na een of meer omgewings wat nie die ontwikkelende persoon as ŉ aktiewe deelnemer betrek nie, maar as ŉ omgewing waarin gebeure plaasvind wat die individu affekteer, of dit wat in die mikro- en meso-omgewing van die ontwikkelende persoon affekteer (Bronfenbrenner 1979:25).

Die eksosisteem beskryf die omgewings waarin die universiteitstudent nie op ŉ gereelde basis deelneem nie. Dit wat in die omgewings gebeur, het egter die potensiaal om die gebeure in die mikro- en mesosisteme te vorm. Sodanige omgewings sluit byvoorbeeld die bestuur van universiteite, kerkrade en die werkplek van die universiteitstudent se ouers in (vgl. Erwin 2010:113).

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word die volgende eksosisteme bespreek: tersiêre onderrig en die konteks van tersiêre onderrig in Suid-Afrika.

### 5.1. Die kenmerkende rol van tersiêre onderrig

#### 5.1.1. Ontluikende volwassenes as universiteitstudente

Vanuit sy navorsing kom Arnett (2015a:165) tot die gevolgtrekking dat die meeste studente se universiteitsjare meer as net professionele opleiding behels. Hulle wil ook pret op universiteit hê en die vriendskap, kameraadskap, romanse, partytjies en gemeenskaplike *joie de vivre* ervaar wat natuurlik gegenereer word wanneer soveel jong mense, sonder baie verantwoordelikhede, op een plek bymekaarkom. Die meeste van hulle is ook ontvanklik om geïnspireer te word deur nuwe idees. Maar bowenal is ŉ universiteit ŉ plek waar persoonlike groei ervaar word. Die kombinasie van sosiale ervaringe, intellektuele ervaringe en die ervaring van om op jou eie te wees en om te leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir jou daaglikse lewe, transformeer ontluikende volwassenes van eerstejaarstudente tot senior studente wat groot treë gee in die rigting van volwassenheid (sien Arnett 2015a:166).


© University of Pretoria

5.1.2. Die rol van tersiêre onderrig

Tersiêre onderrig speel ŉ primêre rol in die vorming van kritiese denke en gevolglik in die vorming van lewensvatbare, volwasse betekenisskepping en geloof (sien Parks 2011:16). Tersiêre en professionele onderrig vind nie net plaas in ŉ konteks waar ŉ kritiese bewussyn gekweek en ingelig kan word nie. Die verantwoordelikheid om ŉ kritiese, geïntegreerde en sistematiese denke te onderrig en om jong lewens te lei in ŉ verantwoordelike waardering berus ook op tersiêre onderrig. Die kritiese denke handel onder meer oor die realiteite en vrae van ŉ groot en misterieuse heelal en oor die mense se gepaste deelname daarin. Hoër en professionele onderrig is veronderstel om te dien as ŉ primêre plek van bevraagtekening, refleksie en die kweek van kennis namens die breër kultuur. Dit dien ook as ŉ bevoorregte plek van vorming in die proses van menslike ontwikkeling (Parks 2011:16).

## 5.2. Konteks van tersiêre onderrig in Suid-Afrika

Die volgende statistiek skets ŉ beeld van die etniese konteks van tersiêre onderrig in Suid-Afrika.

Die halfjaarbevolkingskatting vir mense tussen die ouderdomme van 20 en24 lyk soos volg (Stats SA 2022:21):

| **Bevolkingsgroep** | **Manlik** | **Vroulik** | **Totaal** |
|---|---|---|---|
| Wit mense | 123 332 | 122 555 | 245 887 |
| Indiërs en Asiërs | 50 028 | 44 907 | 94 935 |
| Bruin mense | 208 574 | 204 608 | 413 182 |
| Swart mense | 1 969 818 | 1 955 103 | 3 924 921 |
| **Totaal** | **2 351 752** | **2 327 173** | **4 678 925** |

**Tabel 12**

Alhoewel die aantal geregistreerde studente by hoëronderwysinstellings bitter min gegroei het van 2000 tot 2008, is daar ŉ aansienlike toename in registrasies by universiteite waargeneem van 2002 tot 2016 (Stats SA 2019:37). Dienooreenkomstig het die aantal registrasies van swart studente gegroei van 339 056 in 2000 tot 701 474



© University of Pretoria

in 2016 (106,9%); die aantal geregistreerde bruin mense het gegroei van 30 462 in 2000 tot 61 960 in 2016 (103,4%); en die aantal Indiese en Asiese studente het gegroei van 39 465 in 2000 tot 50 450 in 2016 (27,8%). Die aantal geregistreerde wit studente het egter met 6,2% afgeneem van 162 612 in 2000 na 152 487 in 2016 (Stats SA 2019:37).

Wit studente is meer geneig as enige ander bevolkingsgroep om in te skryf vir ŉ meestersgraad (9,7%) en vir ŉ doktorsgraad (2,5%) (Stats SA 2019:38).

Ses uit elke tien studente het in 2000 kontakonderrig gehad, terwyl ongeveer twee derdes van die studente geregistreer is vir kontakonderrig in 2016. ŉ Bietjie meer as ŉ derde van die studente studeer via afstandonderrig in 2016 (Stats SA 2019:41).

Tabel 13 toon die huidige demografie van universiteitskampusse. Die tabel toon die aantal studente per etniese groep wat aan die Universiteit van Pretoria geregistreer het (Universiteit van Pretoria 2023):

| **Etniese groep** | **2019** | **2020** | **2021** |
|---|---:|---:|---:|
| **Wit studente** | 20 021 | 19 336 | 19 141 |
| **Indiese studente** | 3 056 | 3 205 | 3 516 |
| **Bruin studente** | 1 506 | 1 558 | 1 680 |
| **Swart studente** | 25 985 | 25 985 | 26 831 |
| **Totaal** | **50 568** | **50 084** | **51 168** |

**Tabel 13**

### 5.2.1. #FeesMustFall

Op 12 Oktober 2015 het studente van die Universiteit van die Witwatersrand begin betoog in reaksie op die universiteit se aankondiging dat studiefooie verhoog gaan word. Dit was die begin van die #FeesMustFall-beweging wat universiteite landwyd tot stilstand sou dwing. Die beweging was ŉ gebeurtenis wat vinnige en radikale gevolge gehad het. Hierdie gevolge het ŉ ewige veranderende effek op die konteks van universiteite in Suid-Afrika gehad en steeds in die toekoms sal hê. In die inleidende


© University of Pretoria

hoofstuk is verduidelik dat die gebeure van #FeesMustFall beskou word as die konteks waarin studentegemeentes bedien.

Daar is verskeie faktore wat bygedra het tot die veranderende kontekste van universiteite. Die #FeesMustFall-beweging wat geduur het van Oktober 2015 tot November 2016 was ŉ gebeurtenis wat die landskap van universiteite in Suid-Afrika radikaal verander het. Hierdie verandering ook studentegemeentes gedwing om óf hul bediening aan te pas óf om anders oor studentebediening te dink. Om die rede sal daar eers ŉ kort beskrywing van die gebeure gee word as die konteks waarin studentebediening tans plaasvind.

Op 19 September 2017 het minister Blade Nzimande ŉ 8% verhoging in studiegelde vir 2017 aangekondig. Hy het ook aangekondig dat die staat die verhoging sal betaal vir families wie se gesamentlike jaarlikse inkomste minder as R600 000 is (Habib 2019:123). Die aankondiging het, volgens Habib (2019:124), aanleiding gegee tot die mees intense studenteprotesoptrede sedert 1994:

> South Africa was truly a society of enormous complexity, immersed in modernity and traditionalism, where anger and hate manifested simultaneously with some of the most amazing forms of tolerance and love.
>
> Habib (2019:131)

Ses jaar later, aan die begin van die akademiese jaar van 2023, betoog studente aan onder andere die Universiteit van die Witwatersrand steeds oor finansiële uitsluiting en die gebrek aan behuising (sien Lusengo 2023).

## 6. MAKROSISTEME

ŉ Makrosisteem verwys na die konstantes in die vorm en inhoud van laervlaksisteme (mikro-, meso- en eksosisteem) wat bestaan, of kan bestaan, op die vlak van subkulture of kulture as ŉ geheel, sowel as die geloofsisteme of ideologieë wat onderliggend is aan die konstantes (sien Bronfenbrenner 1979:25).

Makrosisteme verwys na die wyse waarop die institusionele elemente van die ander sisteme konsekwent funksioneer vanweë breër kulturele oortuigings, waardes en gedragspatrone (vgl. Erwin 2010:114). Bronfenbrenner (1979:25) gebruik die analogie van ŉ stel bloudrukke om die maniere waarop die sisteme funksioneer, te


© University of Pretoria

beskryf. In die breër samelewing is daar bepaalde maniere of verwagtinge oor die wyses waarop die samelewing behoort te funksioneer.

Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word die volgende makrosisteme bespreek: kultuur, globalisering en identiteitsontwikkeling, en etniese identiteit.

### 6.1. Kultuur

Ontluikende volwassenheid en menslike ontwikkeling vind nie in isolasie plaas nie en kan nie losgemaak word van die invloed van kultuur nie. Die wêreld waarin universiteitstudente woon, vorm hulle op meer as een manier. Dit vorm onder meer hul denkwyse en optrede. Elke universiteitstudent word gebore in ŉ bepaalde, plaaslike konteks wat beïnvloed word deur die kultuur van hul ouers en grootouers. Niemand kan dit vryspring nie. Die universiteitstudent is dus op soveel verskillende maniere ŉ *kulturele produk* (vgl. Nel 2018a:99; Trommsdorff 2012:4).

Kultuur is die totale patroon van ŉ groep se gebruike, oortuigings, kuns en tegnologie. Dit is ŉ groep se algemene lewenswyse wat oorgedra word van een geslag na die volgende (vgl. Arnett 2013:7).

Die studie van die vele invloede van kulture word baie kompleks wanneer die vele invloede van kulture in ag geneem en die verskillende kulture as afsonderlike entiteite beskou word. Elke kultuur het ŉ geskiedenis en elke kultuur beïnvloed kontekstuele, nasionale en internasionale denkpatrone of paradigmas (vgl. Nel 2018a:100). Die studie kan egter nie agterweë gelaat word nie.

Kulturele studies is ŉ akademiese veld in eie reg. Sedert die werk van Niebuhr (1951) dink teoloë ernstig na oor sy boek *Christ and culture*. In hierdie hoofstuk word daar geensins gepoog om die kompleksiteit van kultuur en kultuurstudies te ontrafel nie, maar eerder om te reflekteer op die kulturele tendense wat van belang is vir die begronding van jeugbediening en gevolglik van studentebediening (vgl. Borgman 1997:62-88).

#### 6.1.1. <u>Postmodernisme as ŉ kulturele paradigma</u>

Die eerste kulturele paradigma wat bespreek word, is postmodernisme. In die kulturele paradigma het die individu, sy/haar eie insigte en sy/haar outonomie het die nuwe driemanskap geword. Die kulturele reaksies mag op die oppervlak lyk soos


© University of Pretoria

postmodernisme, maar dit is eintlik slegs ŉ tipiese moderne reaksie op premodernisme. Mense van regoor die wêreld het nou ŉ keuse van verskillende denk- en verstaanwyses – duisende keuses, selfs oor die meer belangrike kwessies in die lewe. Daar is konstante druk om keuses te maak, want niks is meer vanselfsprekend nie (Nel 2018a:102; vgl. Smit 1997:16).

Daar tans steeds geen enkele alomvattende definisie van die term *postmodernisme* bestaan nie. Die boek getiteld *Postmodern* (Jones 2001:14, 25) help ons om iets van die kompleksiteit en die betekenis van die konsep te verstaan:

> Postmodernism is a big word and a big concept. Many believe it's the most profound societal change since the Enlightenment […] The last century has been a time of questioning and deconstruction, especially in the upper echelons of academic philosophy, literary criticism, architecture, and art history. In literary criticism, for example, postmodernists have argued that no text has an actual meaning since each reader imports meaning into the text; even the author's meaning for the text has been deconstructed. Postmodern philosophers have argued that there is no grand metanarrative (an overarching story of common experience that unites all human beings), and they have thereby attempted to deconstruct most philosophies and religions.
>
> Jones (2001:14, 17, 25)

Jones (2001:26-27) verskaf die volgende (onvolledige) lys van postmodernistiese credo's:

- Objektiwiteit is uit, subjektiwiteit is in.
- Bevraagteken alles.
- Daar is geen waarheid met ŉ hoofletter 'W' nie.
- Vertel stories.
- Moet nooit lysies maak nie.

In sy refleksie op postmodernisme noem Mueller (2006:58-79) postmodernisme ŉ wêreldbeskouing sonder ŉ kern en ŉ wêreldbeskouing van kenmerke. Hy noem dan elf van die kenmerke:


© University of Pretoria

> [S]tories and words are power grabs; uses feelings, not reason; embraces moral relativism; celebrates pluralism, diversity and tolerance; replaces immorality with amorality; promotes an agonizing pessimism; displaces hope with despair; fosters a longing for connections and permanence; advances interest in spirituality; dismisses Christianity; sees faith as a smorgasbord.
>
> Mueller (2006:62)

Hierdie denkpatroon open beide kultuur en mens vir verskeie opsies waaruit ŉ wêreldbeskouing geformuleer kan word. Dit is natuurlik ook ŉ ideale geleentheid vir die "outonome mens" om sy/haar eie insigte te ontwikkel.

6.1.2. <u>Herkenbare kulturele tendense</u>

In die breër paradigma van kultuur is daar vele ander heersende paradigmas in die wêreld van volwassenes en jeug wat kultuur beïnvloed.

Huidige volwasse kulturele tendense bepaal tot ŉ groot mate die aard van die jeug-subkultuur. Die onderskeibare jeug-subkultuur, is egter meermale ŉ kontekstuele reaksie op volwasse kultuur (Nel 2018a:110; vgl. Dean 2004:10-17). Dit beteken nie dat jeug-subkultuur slegs reaksionêr van aard is nie, maar in die sin dat jeug-subkultuur ŉ poging is om uitdrukking te gee aan ŉ "tussenintyd", is dit beslis reaksionêr op sekere plekke en tye. Soos Jacober (2011:77) dit stel:

> Adolescents do not grow up in a vacuum. In fact, one of the makers of adolescence is the entrance and transition into a world of adolescents, known as *youth culture.*

Van den Heuvel (1966:106) haal die volgende opmerking aan wat toegeskryf word aan Sokrates (vyfde eeu v.C.):

> Youth today loves luxury. They have bad manners, have contempt for authority, no respect for older people, and talk nonsense when they should work. Young people do not stand up any longer when elders enter the room. They contradict their parents, talk too much in company, guzzle their food, lay their legs on the table and tyrannise their elders.

Volgens Van den Heuvel (1966:106) is die verwysing na jong mense se gedrag tipies van die verval van die Griekse kultuur, waar volwassenes nie meer duidelike leierskap en inspirasie bied wat gretig deur jong volwassenes aanvaar word nie.


© University of Pretoria

ʼn Mens sal verwag dat hedendaagse volwassenes (die jong mense van gister) daarin sou slaag om die sogenaamde "antikarakter" van jeugkultuur uit te faseer, maar wanneer gister se jong mense hedendaagse volwassenes word, word die simbole van 'hulle' volwassenheid hulle simbole om te (her)definieer en te beskerm. Op dié manier word die antikarakter van jeug-subkultuur onderhou. Hierdie antikarakter moet egter nie as absoluut beskou word nie. Wat wel waar is, is dat jeugkultuur slegs in reaksie op die dominante kultuur optree (Erwin 2010:54). Dit is egter nie altyd so duidelik nie. Smith en Denton (2005:19-20) rapporteer dat hulle gevind het dat die wydverspreide en aanhoudende stereotipe oor tieners in Amerikaanse kultuur, naamlik dat hulle onregeerbaar rebels is, nie waar is nie.

#### 6.1.2.1. ʼn Sekulêre houding

Die Verligte samelewing word toenemend gekarakteriseer deur ʼn optimistiese uitkyk waarin God ʼn mindere rol speel (Nel 2018a:114; vgl. Bosch 1991:1-4, 349). Aan die begin was dit bloot ʼn bevryding van die dominering en slawerny deur die kerk, maar met verloop van tyd het die groeiende vertroue in die mense se vermoëns en wetenskap ontaard in bevryding van God self. Die Tweede Wêreldoorlog het nuwe ontnugtering en gepaardgaande kilheid teenoor God en die kerk versnel. God het ʼn randfiguur geword wat niks vir die alledaagse lewe van die mens en sy/haar wêreld kan doen nie (sien Verkuyl 1978:57). Ten ergste is daar sekularisasie. Selfs al sou mense dink dat God bestaan, ignoreer hulle God steeds, en soms verwerp hulle Hom selfs (Nel 2018a:114). In ʼn bespreking deur Osmer (2012:43) oor *subkulturele-identiteitsteorie*, verwys hy na sosioloë soos Berger en ander wat verwag het dat sekularisasie die invloed van religie sou verminder en dat religie selfs kan verdwyn. Dit het egter nie so gebeur nie. In ooreenstemming hiermee haal hy Smith (1998:118) aan:

> Religion survives and can thrive in a pluralistic, modern society by embedding itself in subcultures that offer satisfying, morally orienting collective identities which provide adherents meaning and belonging.

Wat bedoel word met ʼn tipiese sekulêre houding is die algemene idee dat mense eintlik hul lewens sonder God kan leef. Dié houding is soms selfs tipies van kerklidmate (sien Nel 2018a:115).


© University of Pretoria

#### 6.1.2.2. ‘Die val van die publieke mens’

Die private en publieke sfere van mense se lewens is verwyderd in die heersende volwasse kultuur (sien Nel 2018a:117; vgl. Sennett 1977). Bell (1978) argumenteer dat die mense wat in hierdie eeu leef, eintlik in drie sfere leef: die tegnologiese en ekonomiese sfeer, die sfeer waarvan daar in breë terme gepraat kan word as die politieke sfeer en derdens die sfeer van wat hy noem “kultuur”.

Met kultuur verwys hy na al die dimensies van die mense se lewe, waar hy/sy diskresionêre tyd het en waar hy/sy die geld wat oorgebly het ná die stryd om ekonomiese oorlewing en welstand kan gebruik (Bell 1978; vgl. Fowler 1991:153).

Die sfere van religie en die kerk word ook vasgevang in een sfeer. Religie, soos ŉ simfonie, is iets waaraan ŉ mens deelneem as hy/sy daarin belangstel. Kulture – insluitend religieuse deelname – word al meer ŉ vrywillige en geprivatiseerde betekenis en verhouding, waarin mense assosieer met mense soortgelyk aan hulself (sien Nel 2018a:118).

Hierdie sfeer het amper geen impak op die ander twee meer publieke sfere van die lewe nie. Dit word tereg die ontkoppeling van die sfere in die mens se lewe genoem. Baie mense leef in kompartemente en dit is veral treffend dat die kompartement van die georganiseerde kerk, min tot geen effek op die ander sfere het nie. Osmer (1996:14) verwys na dieselfde fenomeen in hedendaagse samelewings en die impak wat dit op adolessente het:

> Work, religion, family, recreation and shopping are all carried out in a context that are relatively independent of one another in daily life.

#### 6.1.2.3. Materialisme

Materialisme word onder andere gedefinieer as die idee dat die enigste en hoogste waardes en doelwitte in materiële voorspoed te vinde is (Nel 2018a:118; vgl. Fowler & Fowler 1964:750-751). Ouers en kinders wat hiervan oortuig is, dink dat “dinge” die oorsaak van geluk is en geld hierdie “dinge" kan koop. Dit wil sê dat geld dinge kan koop wat geluk bring en om geld en besittings te hê, is om suksesvol te wees (sien Nel 2018a:118; vgl. Mueller 1994:235). Die meeste van die advertensies gebruik hierdie beginsel en vorm, bevestig en bewaar die idee. “Om te besit”, “om te hê”, word


© University of Pretoria

die dryfkrag agter die mens se keuse van roeping en arbeid. Om nie te hê nie, om arm te wees, en geen kwalifikasies te hê nie, is op dieselfde vlak van mislukking. Die drang om te besit is so dominant dat duisende mense bo hul finansiële vermoëns lewe. Om meer te hê, is belangriker as wat jy reeds het. Hierdie idee dryf ekonomiese sisteme en bedwing ekonomiese gedrag (sien Nel 2018a:118-119).

Nóg 'n aspek van die byna ongedefinieerde idee van materialisme is dat die selfgesentreerdheid van die mens heilig verklaar is. Hierop word die kultuur van "ek sal nooit genoeg hê nie" gebou. Dit is onder andere die kultuur wat ouers daartoe dryf om vir hul kinders materieel slegs die beste te gee. Om dit te kan doen, werk beide ouers en so word die patroon vir die lewe gevestig – dít is hoe 'n suksesvolle huishouding lyk. Wanneer mense hierdie houding aanneem, kan hulle nie sien dat materialisme die primêre drywer in die samelewing geword het nie. Selfs in gemeentes word dit as 'n feit aanvaar dat 'n suksesvolle Christelike huishouding so moet lyk en so moet funksioneer. In die Gereformeerde tradisie is dit selfs teologies deur die Bybelse beginsel 'werk asof vir die Here' gerasionaliseer. Nel (2018a:119) wonder of dit nie juis dié beginsel, en ander, is wat op die ou end "sukses-/voorspoedteologie" word nie. Dat die weg van Jesus anders kan lyk, word dikwels, onder die invloed van materialisme, nie eens oorweeg nie. Mueller (1994:247) haal 'n artikel uit *Psychology Today* aan waarin navorsing oor 20-jarige jong mense in die VSA soos volg opgesom word:

> Their first priority is themselves. They avoid the so-called 'love-vocations' and choose careers that offer more opportunities for personal development and promotion. They are materialistic. They want money, power and status.

Die artikel stel dit ook dat 40% van die 20-jarige jong mense uit gebroke huise kom waar beide hul ouers 'n inkomste verdien en die ouers se status in die samelewing hierdeur uitgedruk word.

Wanneer geld en gierigheid, met alle moontlike variasies en nuanses, die heersende houding van die ouers word, word die kinders beïnvloed. Die kinders kan nie blameer word vir hul narsisme nie – in elk geval nie in die eerste plek nie. Die kinders kan amper nie anders as om te leef met die begeerte vir meer nie. Hulle sien dikwels hul ouers moeg en oorwerk om meer te kan hê en meer te kan gee. Hulle word groot met die idee dat dit is hoe dit moet wees. Mueller (1994:247) is korrek


© University of Pretoria

wanneer hy skryf dat dit 'n bewys is daarvan dat die volgende Bybelse waarheid deur navorsing, waarneming en ervaring deur die eeue bevestig is: Kinders word soos hul ouers. Hulle leer wat hulle sien uitgeleef word in die huis.

Dean (2004:10-11) beskryf dit soos volg:

> Passion is a symptom of adolescence, but it is also a symptom of being human. Young people have always served as barometers of human condition, indicators of rising and failing pressures on the human psyche.

Sy haal die teoloog Michael Warren (in Dean 2004:10) aan: Daar is geen sogenaamde "jeugprobleme" wat nie inderdaad *menslike* probleme is wat gevind word onder mense van alle ouderdomme nie. Dean (2004:10-11) skryf dan verder:

> Rather, young people reveal society's fault lines, including violence, despair, technological dependence, and poverty, precisely because they are so sensitive to the tremors of culture […] Like metal filings in the presence of a magnet, youth orient themselves toward a culture's peculiar seductions, and align their desires with the most powerful force that seems to desire them. This alignment is in the service of identity formation as adolescents try to measure their inner sense of self against various external standards searching for fit.

### 6.2. Globalisering en identiteitsontwikkeling

Die gaping tussen lewensomstandighede in ontwikkelde en ontwikkelende lande is wyd en dit het noemenswaardige gevolge vir identiteitsontwikkeling. Ontwikkelende lande is egter besig om ekonomies te ontwikkel en saam met hierdie ekonomiese ontwikkeling is die tempo van kulturele verandering ook besig om te versnel. Die uitdagings wat gepaardgaan met die identiteitsvorming van adolessente word al erger, selfs al brei dit die opsies vir identiteitsvorming uit (sien Arnett 2015b:58).

Die invloed van globalisering op identiteitsvorming kan veral opvallend wees tydens adolessensie en ontluikende volwassenheid (sien Arnett 2015b:58). In 2008 – vir die eerste keer in die geskiedenis – het meer mense in stedelike gebiede gewoon as in landelike gebiede (Population Reference Bureau 2008) en die migrasie is hoofsaaklik deur ontluikende volwassenes gelei (vgl. Hugo 2005:59-88).



© University of Pretoria

In stedelike gebiede kom jong mense in kontak met die ideologieë en waardes wat deur die globale ekonomie bevorder word. Dit sluit in onafhanklikheid, verbruikerskultuur en individuele keuses (sien Arnett 2011:255-275).

In plekke waar ekonomiese en sosiale veranderinge vinnig plaasvind, kan jong mense in die verloop van volwassenheid besluit dat hul plaaslike kultuur min tot niks vir hulle bied nie (sien Liechty 1995:166). Hulle kan die globale kultuur, en nie die plaaslike kultuur nie, sien as die plek waar hul toekoms gebou kan word. Gevolglik verruil hulle so gou as wat hulle kan (gewoonlik in adolessensie of ontluikende volwassenheid) soveel moontlik van hul plaaslike kultuur se gebruike vir die gebruike van die globale kultuur (sien Arnett 2015b:59).

In ontwikkelende lande wil dit voorkom of globalisering vir ontluikende volwassenes nie noodwendig lei tot ŉ heelhartige assimilasie van die globale (gewoonlik Westerse) waardes nie. Dit is meer algemeen dat jong mense steeds met hul kultuur identifiseer en poog om aan te pas by globale kulturele invloede. Hierdie reaksie word ook *bikultureel* genoem in literatuur oor etniese identiteit (sien Phinney 1990:499-514).

Wat globalisering betref, beteken hierdie geïntegreerde reaksie dat jong mense ŉ globale identiteit, bykomend tot hul plaaslike identiteit, kan ontwikkel. Die globale identiteit gee aan hulle ŉ gevoel dat hulle aan ŉ wêreldwye kultuur behoort en sluit in ŉ bewustheid van die gebeure, gedragstyle en informasie wat deel uitmaak van die globale identiteit (sien Arnett 2015b:59). Die globale identiteit stel hulle in staat om met mense van diverse agtergronde te kommunikeer wanneer hulle reis en via mediategnologie (sien Manago 2015:513).

Saam met hul globale identiteit, is adolessente en ontluikende volwassenes in ontwikkelende lande ook besig om hul plaaslike identiteit te ontwikkel. Hierdie identiteit is gebaseer op die plaaslike omstandighede, plaaslike omgewing, plaaslike tradisies en plaaslike tale van waar hulle grootgeword het. Dit is ook die identiteit wat hulle waarskynlik die meeste in hul daaglikse interaksies met familie, vriende en lede van die gemeenskap gebruik (sien Arnett 2015b:59).

Alhoewel die ontwikkeling van ŉ bikulturele identiteit beteken dat ŉ plaaslike identiteit saam met ŉ globale identiteit behou word, is daar geen twyfel dat plaaslike


© University of Pretoria

identiteite van oraloor deur globalisering verander word nie – spesifiek deur die bekendstelling van sosiale media, vrymarkekonomieë, demokratiese instansies, verlengde duur van formele onderrig en die vertraagde toetrede tot die huwelik en ouerskap (sien Arnett 2015b:59). Hierdie tendense bring ook baie veranderinge mee in tradisionele kulturele praktyke en oortuigings. Individue wat twee of meer kulture in hul identiteit integreer, neem deel aan ŉ aktiewe proses om hul sosiale milieu in ŉ multikulturele wêreld te konstrueer (sien Chao & Hong 2007:155). Sulke veranderinge kan, in effek, eerder tot ŉ *hibriede identiteit* as ŉ bikulturele identiteit lei. ŉ Hibriede identiteit is die kombinering van plaaslike kulture en elemente van die globale kulture op so ŉ manier dat dit nuwe konsepte en praktyke tot gevolg het (sien Hermans & Dimaggio 2007:31).

### 6.3. Etniese identiteit

Bykomend tot die komplekse identiteitskwessies wat, na vore kom as gevolg van globalisering, ervaar vele mense die uitdagings wat daarmee gepaard gaan om groot te word as ŉ lid van ŉ etniese minderheidsgroep. Meer mense as ooit vantevore beleef hierdie uitdaging, aangesien wêreldwye immigrasie ongekende vlakke gedurende die laaste dekades bereik het (sien Arnett 2016:461; vgl. Berry, Phinney, Sam & Vedder 2006; Phinney 2006:117-134).

Soos met ander identiteitskwessies, kom kwessies oor etniese identiteit tydens adolessensie na vore en neem toe in belangrikheid gedurende ontluikende volwassenheid (sien Arnett 2016:461; vgl. Pahl & Way 2006:1403-1415; Syed & Mitchell 2015:87-104). As deel van hul toenemende kognitiewe kapasiteit vir selfrefleksies is ontluikende volwassenes, wat lede is van etniese minderhede, geneig om ŉ verskerpte bewustheid te hê van wat dit vir hulle beteken om ŉ lid te wees van ŉ minderheidsgroep. As ŉ gevolg van hul toenemende kapasiteit om na te dink oor wat ander mense van hulle dink, word ontluikende volwassenes meer deeglik bewus van die vooropgestelde idees en stereotipes wat ander dalk oor hul etniese groep kan hê (sien Arnett 2016:461).

Vir ontluikende volwassenes is dit meer waarskynlik dat etniese identiteitkwessies meer prominent sal word soos wat hul ŉ nuwe konteks, byvoorbeeld ŉ universiteitskampus, te betree en soos wat hulle ŉ groter verskeidenheid van mense van verskillende etniese agtergronde ontmoet (sien Arnett 2016:461; vgl. Phinney


© University of Pretoria

2006:117-134). Die blootstelling aan groter etniese diversiteit verskerp hul bewustheid van hul eie etniese identiteit (vgl. Syed & Azmitia 2010:208-219).

Omdat adolessente en ontluikende volwassenes wat deel is van etniese minderhede gekonfronteer word met etniese identiteitskwessies, is hul identiteitsontwikkeling geneig om meer kompleks te wees as die ontwikkeling van diegene wat deel is van die dominante kultuur (sien Arnett 2016: 462; vgl. Phinney 2006:117-134; Syed & Mitchell 2015).

Op grond van haar navorsing het Phinney (1990:499-514, 2006:117-134) tot die gevolgtrekking gekom dat jong mense wat lede is van minderheidsgroepe op vier verskillende maniere op hul bewustheid van hul etnisiteit reageer.

- *Assimilasie* – Dit is wanneer jong mense van die gebruike van hul etniese kultuur agterlaat en die gebruike en waardes van die dominante kultuur aanneem. Dit is die weg wat die idee van die samelewing as ʼn "smeltkroes" beskou wat mense van diverse agtergronde tot een nasionale kultuur vermeng (vgl. Arnett 2016:462).

- *Gemarginaliseerd* – Dit behels die verwerping van die persoon se oorspronklike kultuur, maar ook die gevoel van verwerping deur die dominante kultuur. Sommige jong mense kan nie identifiseer, of net gedeeltelik identifiseer, met die kulture van hul ouers en grootouers nie, en voel ook hulle word ook nie aanvaar deur en geïntegreer in die breër samelewing nie (vgl. Arnett 2016:462).

- *Skeiding* – Dit is wanneer ʼn persoon slegs homself/haarself assosieer met lede van sy/haar eie etniese groep en die gebruike van die dominante kultuur verwerp (vgl. Arnett 2016:462).

- *Bikultureel* – Dit behels die ontwikkeling van ʼn dubbele identiteit. Die een is gebaseer op die etniese groep van oorsprong en die ander is gebaseer op die dominante kultuur. Om bikultureel te wees beteken dat die persoon tussen die etniese kultuur en dominante kultuur kan beweeg en sy/haar identiteit by die betrokke situasie kan aanpas (vgl. Arnett 2016:462).


© University of Pretoria

## 7. SAMEVATTING

In die hoofstuk is gepoog om die vraag “Hoe lyk die leefwêreld van die universiteitstudent?” te beantwoord. Die vraag word beantwoord vanuit Bronfenbrenner (1979) se ekologiese teorie van menslike ontwikkeling. Die teorie werk met die veronderstelling dat ontwikkeling nooit in 'n vakuum plaasvind nie; dit is altyd ingebed en word aan uitdrukking gegee deur gedrag in 'n spesifieke omgewingskonteks.

Aansluitend hierby, soos in hoofstuk 6 verduidelik, word identiteit ook gevorm in verhouding tot die wêreld rondom die individu. Identiteit word altyd gevorm in verhouding tot die konteks, asook deur die verskillende gesprekke tussen die kontekste. In die hoofstuk is 'n blik gebied op die verskillende kontekste waaruit die leefwêreld van die student bestaan en so ook die invloed wat 'n konteks of die gesprekke tussen die kontekste op die student se identiteitsontwikkeling kan hê.

In die volgende hoofstuk word die literatuur en teorie rakende studentebediening bespreek met die doel om Osmer (2008:129-241) se normatiewe vraag, “Wat behoort te gebeur?”, te beantwoord.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 9

# BEDIENINGSBEHOEFTES VAN UNIVERSITEITSTUDENTE

## 1. INLEIDING

Die navorsingsprobleem, navorsingsvraag en doel van hierdie studie is reeds in hoofstuk 1 soos volg geformuleer:

Die navorsingsprobleem van die studie is dat daar gebrekkige begrip en kennis is van die behoeftes van Afrikaanssprekende studentelidmate van die Gereformeerde studentegemeentes in Suid-Afrika. Daar is tans weinig resente navorsing oor studentebediening in die Suid-Afrikaanse konteks om leraars in hul onderskeie bedienings te ondersteun. Die navorsingsvraag is om vas te stel wie die hedendaagse Afrikaanssprekende student is en hoe die leefwêreld van sodanige student lyk ten einde die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente te identifiseer. Die doel van die navorsing is om die bedieningsbehoeftes van universiteitstudente in Suid-Afrika te identifiseer en om studentegemeentes teologies te bemagtig om studente meer sinvol en effektief te bedien.

Hierdie hoofstuk verteenwoordig die vierde en laaste van die vier kerntake van Osmer (2008:31-218) se praktieseteologie-interpretasie. Die vierde taak is die pragmatiese taak. Die doel van die taak is om aksiestrategieë te vorm wat gebeure op ŉ gepaste wyse kan beïnvloed (sien Osmer 2008:176). Die hoofstuk beantwoord die rigtinggewende vraag van die pragmatiese taak, naamlik: Hoe kan daar gereageer word? (sien Osmer 2008:4; 175-218).

In hierdie hoofstuk word die navorsingsvrae beantwoord vanuit die data ingesamel deur die empiriese navorsing en literatuur ten einde die doel van die navorsing binne die raamwerk van die pragmatiese taak te bereik.

## 2. WIE IS DIE UNIVERSITEITSTUDENT?

Die navorsingsvraag is “Wie is die universiteitstudent?” Vanuit die data verkry uit die vraelys en onderhoude wat met die studente gevoer is, is die volgende bevindinge gemaak oor wie die universiteitstudent is: (1) Die studente is getroue lidmate van die denominasie waarin hulle grootgeword het en ook getroue, meelewende lidmate van



© University of Pretoria

hul studentegemeente (sien hoofstuk 3 afdeling 7.2.2.); (2) God en geloof speel ŉ belangrike rol in die studente se verstaan van hul doel in die lewe (sien hoofstuk 3 afdeling 7.2.3.); en (3) die studente is gelyk verdeel tussen diegene wat identifiseer met Fowler se sinteties-konvensionele geloofsfase en diegene wat identifiseer met die beskrywing "oorbeweeg na" en "beweging tussen" die sinteties-konvensionele en individueel-reflektiewe geloofsfases (sien hoofstuk 3 afdeling 7.2.3.).

Om die vraag oor die aard van universiteitstudente te beantwoord, is dit belangrik om die geloof van sodanige studente te verstaan.

## 2.1. Studente se geloof

### 2.1.1 Vorming van studente se geloof tydens kinderjare en adolessensie

#### 2.1.1.1 Ouerhuis

Vanuit die onderhoude met die studente en die onderhoude met die studenteleraars is die belang van die ouerhuis in die vorming van die studente se geloof gedurende hul kinderjare en adolessensie beklemtoon. Die ouerhuis is die eerste, primêre ruimte waar studente se geloof gevorm word (sien hoofstuk 4 afdeling 5 en hoofstuk 5 afdeling 4.4.1.).

In die verslag van die Jeugstudiekommissie van die NGK in 1966 is ook bevind dat die oorgrote meerderheid van die studente wat aan die studie deelgeneem het, getuig het dat "hul huislike agtergrond en invloed, hul huidige siening van godsdiens beïnvloed" (Algemene Sinode 1966:77; vgl. hoofstuk 2 afdeling 5.2.3.).

Hierdie bevinding is ook telkens in ander navorsing en literatuur bevestig. Ouers speel die belangrikste rol in die religieuse vorming van hul kinders (sien hoofstuk 8 afdeling 3.1.).

#### 2.1.1.2 Tuisgemeente

Vanuit die data verkry uit die vraelys aan die studente en die onderhoude met die studente is bevind dat die studente se tuisgemeentes en kerklike betrokkenheid ook ŉ belangrike vormende rol in hul geloof gespeel het. Die studente met wie onderhoude gevoer is, het ook getuig van die vormende rol van hul tuisgemeentes. Die meerderheid van die studente wat die vraelys voltooi het en met wie onderhoude


© University of Pretoria

gevoer is, is getroue lidmate van die denominasie waarin hulle grootgeword het en meelewende lidmate van die studentegemeente waar hulle inskakel (sien hoofstuk 3 afdeling 4 en hoofstuk 4 afdeling 5.1.2.).

In die verslag van die Jeugstudiekommissie van die NGK in 1966 is ook bevind dat die studente wat aan die studie deelgeneem het oor die algemeen erns maak met hul verhouding met God, positief teenoor godsdiens is en meelewende lidmate van hul gemeente is (Algemene Sinode 1966:77: vgl. hoofstuk 2 afdeling 5.2.3.).

Soos gesien in die literatuur is die vorm, inhoud en intensiteit van religieuse sosialisering gedurende adolessensie deurslaggewend vir die vorming van latere religieuse uitkomste (sien Smith 2009:286; vgl. hoofstuk 8 afdeling 4.1.). Vanuit die empiriese navorsing is bevind dat studente wat deel is van ʼn gesin wat meelewende lidmate van hul tuisgemeente was ook as studente die gebruik onderhou (sien hoofstuk 3 afdeling 4 en hoofstuk 4 afdeling 5.1.2.). Vanuit die data versamel uit die onderhoude wat met die studente gevoer is, is ook bevind dat ʼn gebrek aan religieuse sosialisering en geloofsvorming gedurende die kinderjare en adolessensie ook tot gevolg het dat van die studente meer erns maak met hul geloof as studente (sien hoofstuk 4 afdeling 5.1.5.).

#### 2.1.1.3 Die belang van die ouerhuis en die tuisgemeente vir studentebediening

Die bevindinge vanuit die empiriese navorsing en die literatuur beklemtoon die onvermydelike belang van die ouerhuis en die tuisgemeente in die vorming van die studente se geloof. Nie net hedendaagse studente nie, maar vir studente oor die jare heen. Die belang van die ouerhuis en die tuisgemeente kan nie oorbeklemtoon word nie.

Studentebediening bou voort op die geloofsvorming wat plaasgevind het in die ouerhuis en die tuisgemeente. Die bevindinge doen ʼn beroep op elke leraar, elke gemeente en die breër kerkverbande in die land om ernstig te besin oor die manier waarop die kerk ouers toerus en help in die vorming van hul kinders se geloof. Hulle moet voorts ook besin oor die doel en uitvoering van jeugbediening in elke gemeente.


© University of Pretoria

### 2.1.2 Leemtes in die studente se begrip van geloof

Vanuit die onderhoude met die studente is bevind dat ŉ groot gedeelte van die studente se geloof bestaan uit dogmatiese stellings en leringe oor God en die Christelike geloof (sien hoofstuk 4 afdeling 3). Vanuit die studenteleraars se onderhoude kan afgelei word dat lering deur die studenteleraars beskou word as die primêre aspek van geloofsvorming en hul verstaan van kategese (sien hoofstuk 6 afdelings 3.3; 4.4 en 8.3.3). Die sterk fokus op lering van dogmatiese leerstellings blyk duidelik uit die studente se antwoorde.

In die literatuur is daar verwys na moralistiese terapeutiese deïsme (MTD) (sien hoofstuk 7 afdeling 6.3). Die studente se verwoording van hul geloof in die onderhoude weerspieël elemente van MTD. Die navorser maak egter nie ŉ veralgemeende stelling dat studente se geloof uitsluitlik as MTD beskryf kan word en identies is aan die beskrywing daarvan soos verwoord in Smith (2009) se navorsing nie. Daar is wel onvermydelike ooreenkomste tussen die beskrywing van MTD en die studente se geloof.

Die eerste ooreenkoms is dat die studente baie praat oor God, maar nie soveel oor Jesus Christus of die Heilige Gees nie. Vanuit die studente se antwoorde blyk dit dat hul begrip van en verhouding met Jesus Christus beperk is tot die geloofstellings dat hulle glo in Jesus Christus en dat Hy aan die kruis gesterf het. Daar is min tot geen sprake van ŉ persoonlike begrip van of verhouding met Jesus óf dat Hy ŉ bepalende rol in daaglikse bestaan speel nie. Enkele van die studente het ŉ meer persoonlike begrip en ervaring van die Heilige Gees en die rol van die Gees in hul lewens. Dit is egter nie ŉ algemene begrip nie. Gevolglik kom die navorser tot die gevolgtrekking dat alhoewel die studente verwys na God, Jesus en die Heilige Gees, is die studente se geloof nie trinitaries van aard nie.

Vanuit die studente se verwysing na God blyk dit dat hul verstaan van God meer na deïsme neig as na die Christelike God wat persoonlik en betrokke is in die geskiedenis en ontwikkeling van elke mens se lewe.

Die studente het voorts ŉ sterk fokus op morele gedrag. Hulle is ook voortdurend soekend en wil onderskei tussen reg en verkeerd. Die studente se soeke pas nie in ŉ groter geloofsnarratief nie.


© University of Pretoria

Die navorser merk vier leemtes in die studente se begrip van geloof:

1. Die oorbeklemtoning van dogmatiese leerstellings in geloofsvorming en gevolglik in geloofsbegrip
2. Die studente se gebrekkige begrip van die Heilige Gees se rol in hul geloofsbegrip
3. Die studente se gebrekkige begrip van Jesus Christus se rol hul geloofsbegrip
4. Die gebrekkige begrip van die Christelike God wat persoonlik en betrokke is in die geskiedenis en ontwikkeling van elke mens se lewe

Die navorser wil ŉ vyfde leemte byvoeg wat nie deur die studente of deur die leraars genoem is nie, naamlik *dissipelskap*.

5. Die studente het nêrens aangedui dat hul hulself verstaan as dissipels van Jesus Christus nie en die leraars verwys nie na dissipelskap as deel van hul verstaan van geloofsvorming nie.

Inaggenome die rol wat die tuisgemeentes in die studente se geloofsvorming gespeel het en die belang van die lering van die kerk en die studenteleraars, is die leemtes in die studente se geloof ŉ aanduiding van leemtes in die kerk se geloofsvorming en lering.

### 2.1.3. Lewensdoel

Die belang van geloofsvorming vir die studente kan toegeskryf word aan die rol van geloof in die studente se begrip van hul lewensdoel (sien hoofstuk 4 afdeling 10.4). Vanuit die vraelys aan die studente en die onderhoude met die studente is dit duidelik dat God en geloof ŉ belangrike en invloedryke rol speel in hul begrip van hul doel in die lewe (sien hoofstuk 3 afdeling 5.1. en hoofstuk 4 afdeling 4). Vanuit die onderhoude het die navorser die afleiding gemaak dat die studente "God as lewensdoel" verstaan as om God te prys, om alles wat hulle doen vir God te doen en om hul geloof uit te leef deur naasteliefde en om God in en deur hul beroep te verheerlik (sien hoofstuk 4 afdeling 4.3).

Die afleiding kan gemaak word dat die leraars se begrip en lering van *roeping* aansluit by die studente se begrip van hul *lewensdoel*. Die ruimte om God te prys, te


© University of Pretoria

verheerlik en te dien is sleutelbegrippe in hul begrip van roeping (sien hoofstuk 5 afdeling 3.3.2. en 8.3.2.)

In literatuur oor die rol van geloof in die begrip van lewensdoel het Glazer (2015:45) bevind dat gelowige studente ŉ groter metanarratief oor God se plan en die toekoms in hul identiteit en geassosieerde tradisies vind wat help om hul soeke na ŉ doel te ondersteun, te lei en sin van te maak (sien hoofstuk 7 afdeling 6.4). Een van die leemtes in die studente se geloof wat in afdeling 2.1.2. geïdentifiseer is, kom hier ter sprake, naamlik gebrekkige begrip van die Christelike God wat persoonlik en betrokke is in die geskiedenis en ontwikkeling van elke mens se lewe. Die navorser beskou die Koninkryk van God as die groter metanarratief van God se plan vir die wêreld. Dit behels die koms en bewerkstelliging van die Koninkryk as God se betrokkenheid in die geskiedenis van die wêreld en die mensdom. Begrip van die Koninkryk van God ontbreek in die studente se begrip van hul lewensdoel (sien hoofstuk 6 afdeling 8).

In sommige leraars se verwysings na roeping, en in van die studente se verstaan van hul lewensdoel, speel hul beroep ŉ prominente rol as ŉ manier waarop hulle hul roeping kan uitleef. Die werkplek is dus ŉ ruimte waar hulle ook hul roeping kan uitleef. Soos Heyns (1982:368-369) ook verduidelik, is elke beroep ten diepste ŉ roeping. Gebrekkige begrip van die Koninkryk van God en dissipelskap verminder egter ook die begrip en onderrig van roeping (sien hoofstuk 6 afdeling 4; 8 en 8.3).

## 3. DIE LEEFWÊRELD VAN DIE STUDENT

Die tweede navorsingsvraag is "Hoe lyk die leefwêreld van die universiteitstudent?" Volgens die statistiek is dit duidelik dat die studente se antwoorde op die vrae nie onafhanklik is van die universiteitskampus waar hulle studeer of van die plek waar hulle grootgeword het nie (sien hoofstuk 3 afdeling 7.1.). Net so is die studente en die studenteleraars met wie onderhoude gevoer is se antwoorde voortdurend deur hul leefwêreld beïnvloed. Die bevinding is die grondslag van Bronfenbrenner (1979:27) se benadering tot menslike ontwikkeling (sien hoofstuk 8 afdeling 2.1.).

In antwoord op die vraag na die leefwêreld van die universiteitstudent is dit belangrik om die invloed van die leefwêreld op die sodanige student se geloof te verstaan.


© University of Pretoria

### 3.1. Die invloed van hul leefwêreld op die studente se geloof

Die mees prominente uitdaging wat hul leefwêreld aan die studente bied, is om hul leefwêreld as Christengelowiges te navigeer. Hulle word gekonfronteer met ander lewensbeskouings, geloofsoortuigings en waardes waarmee hulle nog nie vantevore gekonfronteer is nie, sowel as ŉ ongekende vryheid (sien hoofstuk 4 afdeling 6, 7, 8. en hoofstuk 5 afdeling 5.4.1.5.) Die meerderheid van die studente beleef dat hul ervaringe op universiteit ŉ negatiewe impak op hul geloof het en gehad het (sien hoofstuk 4 afdeling 8).

Die konfrontasies, die gevolglike vrae en die soeke na antwoorde lei tot die herontdekking van hul identiteit. Die vrae wat die studente vra, is vrae oor identiteit, byvoorbeeld "Hoe verstaan ek myself in die konteks?" (sien hoofstuk 7 afdelings 3 en 4). Soos verduidelik in hoofstuk 7 is die vraag na identiteit die taak van ontluikende volwassenheid (sien hoofstuk 7 afdeling 5). Die herevaluering van geloofsoortuigings en identiteit loop parallel met ontwikkelingsveranderinge wat voorkom tydens ontluikende volwassenheid. Om hul geloof hul eie te maak, is ŉ belangrike aspek van identiteitsontwikkeling en differensiasie (hoofstuk 7 afdeling 6.1).

Geloof lê aan die kern van die studente se identiteit. In die spirituele stryd (sien hoofstuk 7 afdeling 6.1) lê die belofte en broosheid van ontluikende volwassenheid. Met die geboorte van ŉ kritiese bewussyn en in ontnugtering lê die potensiaal vir die herformulering van die betekenis van die self, die ander, die wêreld en geloof.

### 3.2. Die invloed van die konteks van die universiteitskampus op studentebediening

Die konteks van die universiteitskampus waarin die studentegemeente moet bedien, het ŉ direkte invloed op die gemeente. Die meerderheid van die uitdagings waarvoor studentegemeentes te staan kom, hou direk verband met die konteks van die universiteitskampus. Dit is belangrik om die invloed van hierdie konteks op studentebediening en die gemeentes se reaksie op die uitdagings te verstaan omdat die invloed van die konteks op studentebediening ook ŉ direkte invloed het op die student wat in die gemeente bedien word.

Na aanleiding van die data verkry uit die onderhoude met die studenteleraars is een van die grootste en belangrikste uitdagings aan studentebediening om die


© University of Pretoria

diverse studentegemeenskappe in Suid-Afrika te weerspieël (sien hoofstuk 5 afdeling 8.1.1.). Die uitdaging is om multikulturele bediening te vorm en te kweek. Vanuit die kwalitatiewe navorsing wil dit voorkom of Afrikaans as primêre bedieningstaal die grootste struikelblok vir meer multikulturele bedienings is (sien hoofstuk 5 afdeling 8.1.1.).

Vanuit die leraars se antwoorde het die navorser ook die afleiding gemaak dat beide die leraars en studente dit moeilik vind om aan te pas in ŉ veranderende konteks. Beide is geneig om meer behoudend te wees en poog om die status quo te handhaaf (sien hoofstuk 5 afdeling 4.1.3.).

In die kwantitatiewe navorsing is egter bevind dat 68% van die studente ten gunste is van multikulturele bediening (sien hoofstuk 3 afdeling 6.4). Die data verkry uit die onderhoude met die studente staaf die bevinding dat die meerderheid van die studente ten gunste is van multikulturele bediening. Die data toon dat alhoewel die studente bewus is van die uitdagings van sodanige bediening, hulle nietemin ten gunste is daarvan. Vanuit die data blyk dit wel dat dit vir die studente uiters belangrik is dat hul geloofsgemeenskap moet bestaan uit medegelowiges wat hul geloofoortuigings deel. Buiten dit maak taal en kultuur nie vir hulle soveel saak nie (sien hoofstuk 4 afdeling 9).

Soos gesien in hoofstuk 2 word daar al vir talle jare oor multikulturele bediening besin (sien hoofstuk 2 afdeling 5.5). Vanuit die literatuur wil die navorser die werk van twee akademici uitsonder as bydrae tot die gesprek oor multikulturele bediening.

Die eerste is Seibel en Nel (2010) en sy vereistes vir intergenerasionele bediening (sien hoofstuk 6 afdeling 6.2.2.). Die navorser is van mening dat hierdie twee vereistes ook van toepassing kan wees op die gemeentes se nadenke oor die uitdaging van multikulturele bediening.

Die eerste vereiste is dat die relevansie van die kerk se missie en boodskap herontdek en weer toepaslik gemaak moet word in kulturele vorme wat spreek tot die lidmate van elke nuwe generasie (sien Seibel en Nel 2010:1). Die tweede vereiste is dat die gemeente bereid moet wees om elke opkomende generasie te bemagtig met die vryheid om hul eie afdruk op die kerklike tradisie te laat (sien Seibel en Nel 2010:1). Deur die studente te bemagtig om die kerk te help om haar missie en boodskap te


© University of Pretoria

herontdek en te vertaal vir hul generasie ten einde hul afdruk op die tradisie te laat, kan lei tot nuwe moontlikhede.

Die tweede akademikus is Parks (2011) se beskrywing van gemeentes as menteringsgemeenskappe (sien hoofstuk 8 afdeling 4.1.5). Een van die eienskappe van ŉ menteringsgemeenskap is die herkenning van die polariteite van religieuse tradisies (sien hoofstuk 8 afdeling 4.1.5.3.). Saam met die ander eienskappe van ŉ menteringsgemeenskap kan gemeentes studente begelei en bemagtig om die kerk te help met haar soeke na en realisering van multikulturele gemeentes.

## 4. DIE BEDIENINGSBEHOEFTES VAN AFRIKAANSSPREKENDE UNIVERSITEITSTUDENTE

Vanuit die empiriese navorsing is drie bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente geïdentifiseer, naamlik die behoefte aan geloofsvorming, die behoefte aan mentorskap en die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges.

### 4.1. Die behoefte aan geloofsvorming

Die grootste verskil tussen die bedieningsbehoeftes van die studente en die van die leraars is die rangskikking van die belang van die behoeftes. Die studente het geloofsvorming as hul grootste behoefte geïdentifiseer (sien hoofstuk 3 afdeling 8 en hoofstuk 4 afdeling 10), terwyl die leraars geloofsvorming as die studente se kleinste behoefte geïdentifiseer het (sien hoofstuk 5 afdeling 8.3.).

Die leraars het die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges geïdentifiseer as die studente se grootste behoefte (sien hoofstuk 5 afdeling 8.3.). Uit die studente se beskrywing van hul behoefte aan geloofsvorming kom die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges ook sterk na vore (hoofstuk 3 afdeling 8.1 en hoofstuk 4 afdeling 10.1). Die verskil lê egter in die verstaan van die *doel* van ŉ gemeenskap van gelowiges. Die leraars beskou die hoofdoel van ŉ gemeenskap van gelowiges vir die studente as ŉ plek om te behoort. Die studente beskou die hoofdoel van ŉ gemeenskap van gelowiges as ŉ veilige ruimte waar hulle saam met medegelowiges geestelik kan groei. Vir die leraars is die doel van ŉ gemeenskap van gelowiges vir studente om te behoort en vir die studente is die doel om geestelik te groei.


© University of Pretoria

Die leraars verstaan die behoefte aan geloofsvorming as om te groei in verhouding met God by wyse van lering (sien hoofstuk 5 afdeling 8.3.3). Hierdie begrip word weerspieël in die studente se verwoording van die behoefte. Die studente se behoefte aan geloofsvorming behels om te groei in geloof en in hul verhouding met God by wyse van lering ten einde God as lewensdoel na te streef (sien hoofstuk 3 afdeling 8.3 en hoofstuk 4 afdeling 10.1).

In die literatuur oor geloofsvorming is onderrig beslis ŉ deel van geloofsvorming – spesifiek deur programme en materiaal wat ontwikkel vanuit die perspektief van beide menslike en geloofsontwikkeling soos byvoorbeeld uiteengesit in die werk van Fowler (1981). Geloofsvorming is egter veel meer as net onderrig – dit moet ook holisties van aard wees (sien hoofstuk 6 afdeling 5.3).

Geloofsvorming as pastorale sorg is deur van die leraars in hul onderhoude aangeroer (sien hoofstuk 5 afdeling 6.3 en hoofstuk 6 afdeling 5.4.2.). Die begrip van geloofsvorming kan egter veel meer aandag geniet. Geloofsvorming as pastorale sorg is ook ter sprake in die bespreking van die studente se behoefte aan mentorskap.

Die bevindinge rakende die behoefte aan geloofsvorming vereis ernstige nadenke en ondersoek na leraars en gemeentes se begrip van geloof en, gevolglik, geloofsvorming. Studentebediening verg ŉ verruimde en verdiepte begrip van geloofsvorming. Nel (2018a:176) se woorde bied leiding vir sodanige nadenke en ondersoek: Geloofsvorming beteken om te werk aan die gemeente en hul selfbegrip. Vorming is dus nie iets wat die gemeente doen met ander mense nie – dit is iets wat eers moet gebeur in die gemeente self. In die konteks van die lens van dissipelskap kan slegs leerlinge, soos hulle vir Jesus volg, nuwe leerlinge "maak" wat vir Jesus volg.

### 4.2. Die behoefte aan mentorskap

Beide die studente en die leraars het die behoefte aan mentorskap as die tweede belangrikste behoefte gelys (sien hoofstuk 3 afdeling 8.2, hoofstuk 4 afdeling 10.2. en hoofstuk 5 afdeling 8.3.2.).

Die studente se behoefte aan mentorskap behels die behoefte aan ŉ geestelike mentor wat aan hulle geestelike leiding kan bied en hulle meer kan leer sodat hulle geestelik kan groei (sien hoofstuk 3 afdeling 6.1.1. en hoofstuk 4 afdeling 6 en 7).


© University of Pretoria

Vanuit die vraelys wat die studente voltooi het, is bevind dat hulle ook ŉ behoefte het aan ŉ goeie verhouding met hul leraars (sien hoofstuk 3 afdeling 6.2.).

Die leraars verstaan die behoefte aan mentorskap hoofsaaklik as om studente toe te rus om hul roeping uit te leef in ŉ gemeente en in die wêreld, sowel as geestelike begeleiding (sien hoofstuk 5 afdelings 3.3; 5.4; 6.3 en 8.3.2.).

Vir die navorser is die *fokus* van die behoefte aan mentorskap verskillend. Die studente se behoefte aan mentorskap is hoofsaaklik gefokus op die hede. Dit is die behoefte om vrae te vra en gesprekke te voer oor kwessies en ervaringe waarmee hulle as studente gekonfronteer word. Hulle wil ook deur middel van mentorskap geestelik te groei en hul lewensdoel, naamlik om God te vereer, na te streef. Hul behoefte aan mentorskap vra persoonlike kontak in die vorm van ŉ goeie verhoudings met ŉ mentor/s in die gemeente en om gesprekke voer.

Die leraars se beskrywing van hul begrip van die behoefte aan mentorskap is meer toekomsgerig. Met ander woorde om die studente toe te rus om hulle die wêreld in te stuur. Die fokus val meer op die student se lewe ná sy/haar studie as tydens die studiejare. Dit is nie ŉ geval van die een óf die ander nie; die hede of die toekoms nie. Dit is ŉ fyn balans. Wanneer studente bedien en begelei word deur hul studiejare, word hulle ook indirek voorberei op die toekoms en word die grondslag vir hul volwasse lewe gelê.

Die meerderheid van die studentebedienings bied reeds verskeie geleenthede vir leiding en aktuele gesprekke (sien hoofstuk 5 afdelings 5.1, 5.2. en 5.3.), sowel as individuele pastorale gesprekke met die studente (sien hoofstuk 5 afdelings 6.2 en 6.3.). Vanuit die studente se onderhoude blyk dit egter of die bedienings nie voldoende in die studente se behoefte aan mentorskap voorsien nie (hoofstuk 4 afdelings 6 en 7).

Die leraars se begrip van mentorskap en antwoorde op die gespreksvrae eggo die doel van studentebediening soos verwoord in die verslag van die Algemene Sinode in 1966 (sien hoofstuk 2 afdeling 5.2.2.). Die doel van studentebediening lees soos volg:

> Omdat studente met reg die leiers van die toekoms genoem kan word, moet hulle geestelik vir Christus gewen en vir die kerk behou word, sodat hulle sterk en gesonde leding kan gee na die voltooiing van hulle studieloopbane. Studentebearbeiding is dus


© University of Pretoria

> uiters strategiese arbeid, met verreikende resultate en die kerk moet sy studentelidmate op hierdie besondere stadium van hulle lewe so goed en deeglik as moontlik bereik en bearbei.
>
> Algemene Sinode (1966:86)

In die lig van nadenke oor geloof en geloofsvorming, ag die navorser dit nodig dat die doel van studentebediening ook weer bedink moet word. Soos verduidelik in die bespreking van die aard van jeugbediening is die aard daarvan gesetel in die teologiese begronding van Jeugbediening (sien hoofstuk 6 afdeling 2.1.). Die navorser wil hier Root (2014b) se begrip van bediening neem as vertrekpunt vir nadenke oor die doel van studentebediening (sien hoofstuk 6 afdeling 2.3.). Hy skryf dat hy nie met die woord "bediening" verwys na die geestelike of institusionele funksies daarvan nie, maar eerder na die

> relational, personal, and embodied (even emotive) encounter of love and care, a willingness to share in the other, to join in the concrete experience of homelessness, imprisonment and hunger, to enter the experience of suffering for the sake of participating in the transformation towards new life. In these acts of ministry that join concrete humanity, Jesus is present through the ministerial action of the Spirit (Root 2014b:xx).

Die doel van mentorskap is gevolglik om studente te begelei en by te staan deur die herformulering van die betekenis van die woord "bediening". Parks (2011) se beskrywing van die eienskappe van 'n mentor, en Nel (2018a) se beskrywing van die leraar as leier, bied 'n etos vir mentorskap in studentebediening (sien Hoofstuk 6 afdeling 7 & hoofstuk 8 afdeling 3.4).

Die begrip van mentorskap is onlosmaaklik deel van geloofsvorming. Tydens geloofsvorming vind mentorskap plaas en omgekeerd. Dit gebeur in die besonder wanneer geloofsvorming verstaan word as die ontdekking, vind en verstaan van jou godgegewe identiteit (sien hoofstuk 6 afdeling 5.4.1.).

Vanuit die beskrywings wil die navorser Firet (1986) se beginsel van "evenmenselijkheid" beklemtoon. Wanneer daar so sterk klem geplaas word op lering in geloofsvorming en mentorskap is die gevaar altyd daar om nie gehoor te gee aan die beginsel van "evenmenselijkheid" nie (sien hoofstuk 6 afdeling 7.1.1.2.4.).


© University of Pretoria

### 4.3. Die behoefte aan gemeenskap van gelowiges

Die studente het die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges gelys as hul kleinste behoefte (sien hoofstuk 3 afdelings 6.1.1 en 8.3. en hoofstuk 4 afdeling 10.3). Daarenteen het die studenteleraars die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges beklemtoon en gelys as die studente se grootste en belangrikste behoefte (sien hoofstuk 5 afdeling 8.3.3.).

Die studenteleraars verstaan die studente se behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges as ŉ plek om te behoort, ŉ tuiste waar hulle kan deel wees van ŉ gemeenskap en diepgaande verhoudings kan bou (sien hoofstuk 5 afdelings 5.4 en 8.3.3.).

Die studente se behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges bestaan uit twee belangrike elemente. Eerstens ŉ veilige ruimte waar hy/sy aanvaar word en tweedens om in gemeenskap met ander in geloof te groei. Om te groei in geloof is vir die studente ŉ kernaspek om deel te wees van ŉ gemeenskap van gelowiges (sien hoofstuk 6 afdeling 8.3 en hoofstuk 4 afdeling 10.3).

Die studenteleraar sluit nie "om te groei in geloof" in as deel van hul begrip van die studente se behoefte nie. Die *doel* van ŉ gemeenskap van gelowiges word dus verskillend verstaan. Vir die studente is dit om geestelik te groei en vir die leraars is dit om te behoort.

Begrip van die doel van ŉ gemeenskap van gelowiges beïnvloed die leraar en gemeentes se begrip en uitvoering van die bediening. Die navorser ag dit nodig dat leraars en gemeentes weer moet besin oor wat dit beteken om ŉ gemeenskap van gelowiges te wees as beide ŉ plek om te behoort en ŉ ruimte om saam met ander gelowiges geestelik te groei (vgl. hoofstuk 6 afdeling 6 en hoofstuk 8 afdeling 4.1.).

#### 4.3.1. Intergenerasionele studentebediening

Slegs twee studentegemeentes wat deel was van die studie het geen residensiële lidmate nie. Die ander 11 gemeentes het beide studente- en residensiële lidmate. Die verhouding tussen studente- en residensiële lidmaatgetalle wissel wel van gemeente tot gemeente (sien hoofstuk 5 afdeling 3.2.1.). Die data versamel uit die vraelys toon dat bykans die helfte van die studente wat die vraelys voltooi het nie die residensiële


© University of Pretoria

lidmate in hul gemeente ken nie (sien hoofstuk 3 afdeling 4.3.). Studentebediening in Suid-Afrika is dus oor die algemeen nie intergenerasioneel nie.

In die lig van die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges ag die navorser dit noodsaaklik dat studentebediening ŉ soort intergenerasionele bediening moet wees. Intergenerasionele bediening is van kardinale belang vir beide geloofsvorming en mentorskap. ŉ Intergenerasionele gemeenskap van gelowiges moet die omgewing wees waarin daar in die studente se behoeftes aan mentorskap en geloofsvorming voorsien word. Intergenerasionele bediening is noodsaaklik vir studentebediening om die volgende twee redes:

Eerstens is die jeug, insluitend studente, ŉ integrale deel van God se mense, en gevolglik mag studente nooit verwyderd of geskei word van die res van die geloofsgemeenskap nie. Studente is nie ŉ afsonderlike groep in die gemeente nie. Hulle is die verantwoordelikheid van die hele geloofsgemeenskap (sien hoofstuk 6 afdeling 6.2.).

Tweedens is die lewensfase van ontluikende volwassenheid ŉ kritiese vormende fase vir identiteits- en geloofsvorming. Die probleem is dat ontluikende volwassenes verkies om te sosialiseer met mense van hulle eie ouderdom wat soortgelyk is aan hulle. Gevolglik word hulle gevorm deur mense wat in dieselfde lewensfase as hulle is en soortgelyke sieninge en oortuigings deel. Intergenerasionele bediening bied aan studente ŉ gesonder omgewing bestaande uit verskeie generasies waarin vorming gefasiliteer kan word (sien hoofstuk 6 afdeling 6.2.1. en hoofstuk 8 afdeling 4.1.).

ŉ Intergenerasionele studentebediening lyk wel dalk soms na net nog ŉ onoorkombare uitdaging en daarom is dit nodig om die belang van tuisgemeentes te beklemtoon. Indien jeugbediening in gemeentes waarlik as ŉ soort intergenerasionele bediening funksioneer, kan dit die weg vir studentebediening baan.

## 5. TRANSFORMERENDE, DIENENDE LEIERSKAP

Soos verduidelik in die bespreking van die bedieningsbehoeftes van die studente, is daar groot uitdagings vir studentebediening in Suid-Afrika. In sy hoofstuk oor die pragmatiese taak fokus Osmer (2008:176) op die pragmatiese taak van leidende


© University of Pretoria

verandering en fokus veral op dienende, transformerende leierskap as ŉ noodsaaklike vertrekpunt in die aanpak van uitdagings.

Osmer (2008:176) skryf dat leraars nie net die eksterne uitdaging van ŉ veranderende sosiale konteks moet trotseer nie, maar ook die interne uitdagings om hul gemeentes te help om oor hul identiteit en missie te herbesin. Om leraarsmet die taak te help, begin Osmer (2008:176-178) deur drie vorme van leierskap te bespreek. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word *transformerende leierskap* bespreek.

Transformerende leierskap behels diepgaande verandering (sien Quinn 1996). Dit behels ook die leiding van ŉ organisasie, in die geval ŉ gemeente, deur ŉ proses waarin haar identiteit, missie, kultuur en operasionele prosesse fundamenteel verander word (sien Osmer 2008:177). Om diepgaande verandering te lei, is duur en riskant. Leiers moet selfondersoek instel na hul eie kernwaardes, asook na die “inner voice” van die gemeente wat hulle lei (Quinn 1996:201).

> They must confront their own hypocrisy in failing to embody the values they espouse and must alter their behavior to model with integrity the sorts of change they would like to see in their organization.
>
> Osmer (2008:178)

Leierskap is ook duur en riskant omdat teenkanting onvermydelik is. Bowenal is diepgaande verandering wanordelik. Dit is nie ŉ liniêre proses wat uitspeel in ooreenstemming met ŉ rasionele plan nie. Wanneer die organisasie deur ŉ tydperk beweeg waarin ou patrone nie meer werk nie en nuwe patrone gevorm moet word, voel dit dikwels chaoties. Gedurende sodanige tydperke moet transformerende leiers self getrou bly aan hul interne visie, terwyl hulle ander bemagtig om hul visie te hervorm (sien Osmer 2008:178).

Osmer (2008:183-184) vra voorts wat die doel is van die verandering wat leraars moet lei. Hy vind sy antwoord in Paulus se begrip van ŉ gemeente as ŉ kontragemeenskap en ŉ katalisator vir sosiale transformasie (sien Osmer 2008:185-192). Gemeentes kan besig wees om ŉ stadige dood te sterf óf hulle kan ŉ nuwe begrip van hul missie vorm. Die verlies aan mag en invloed bied die geleentheid om ŉ meer Bybelse en egte verstaan van ware mag en invloed te bekom.


© University of Pretoria

> They are not to yearn nostalgically for the time when they were at the center of power and authority but to change in ways that more fully embody the reversal of power and authority found in their servant Lord.
>
> Osmer (2008:192)

Gemeentes se vermoë om die rigting van hul plaaslike gemeenskap te beïnvloed sal nie kom van hul sosiale status of hulpbronne nie, maar eerder vanuit hul vermoë om alternatiewe moontlikhede te bied, wat moontlik die effek van ŉ katalisator vir sosiale verandering kan hê. Dit vra dienende leierskap. Dienende leierskap is leierskap wat die gemeente op so ŉ wyse beïnvloed dat sy al meer die diensbaarheid van Christus sal beliggaam (sien Osmer 2008:192).

Leiers wat hulself tot transformerende leierskap verbind, kom die naaste aan die dienende leierskap wat Jesus ten toon gestel het. Soos Christus sal hulle die swaarkry moet verduur wat gepaard gaan met die leierskap van ŉ gemeente om die gemeenskap te word wat God wil hê hulle moet wees. Osmer (2008:196) lig voorts drie paradokse van lyding saam met Christus uit.

Die eerste paradoks is dat leraars slegs hul weg kan vind deur te verdwaal. Pragmaties is die uitdaging waarvoor leraars te staan kom die reis in onbekende gebied. Indien hulle nie bereid is om te verdwaal nie, sal hulle nooit die weg vind nie omdat diepgaande verandering nie kontinu is met die verlede nie.

> It is a matter of not really knowing the way ahead, taking risks, and getting lost – yet continuing to venture into the unknown.
>
> Osmer (2008:197)

Die gepaardgaande ervaring van magteloosheid wat vra vir getrouheid aan God soos te vinde is in Christus. Om God te vertrou te midde van onsekerheid is ŉ sleuteldeel van die spiritualiteit van dienende leiers (sien Osmer 2008:196-197).

Die tweede paradoks is dat mag verkry word deur ander te bemagtig. Diepgaande verandering behels die konfrontering van, wat Argyris (1976:16) noem, die *onbespreekbare*. Dit is aannames wat deur magskoalisies onderhou word. Die aannames is ingeweef in die lewe van ŉ organisasie en deur dit te waag om die aannames uit te daag, loop koalisies die gevaar van negatiewe reaksie. Diepgaande



© University of Pretoria

verandering behels ook die risiko om gemarginaliseer te word. Die verandering ontstaan in ŉ posisie van relatiewe magteloosheid. Inisiatiewe vir verandering is geneig om op die periferie van ŉ gemeente te bly mits leiers ander kan oortuig van die noodsaak vir verandering en hulle bemagtig om die proses te vorm. Dienende leierskap maak nie hulself die middelpunt van die verandering nie. Hulle gee eerder die mag weg. Leiers verkry mag deur ander te bemagtig (sien Osmer 2008:197-198).

Die derde paradoks stel dat hoe minder geheg ŉ leier aan die gemeente is, hoe dieper kan sy/haar verhoudings wees. Met "geheg" verwys Osmer (2008:198) na die leraar se afhanklikheid van die gemeente vir sekuriteit, selfwaarde, professionele prestasies en mag. Hierdie gehegtheid kan verslawend wees en ŉ vorm van afhanklikheid kweek wat daartoe kan lei dat leraars nie vir hulself kan dink of die risiko van konflik kan waag nie. Leraars wat op dié wyse geheg is aan hul gemeentes kan nie die beproewinge van diep verandering deurstaan nie (sien Osmer 2008:198). Wanneer die leier egter dienend lei, maak die gehegtheid ruimte vir sogenaamde "one-anothering" (Osmer 2008:199). Dienende transformerende leierskap bemagtig ander om by hulle aan te sluit tydens die proses van verandering. Deur dit te doen, word nuwe energie in ŉ gemeente gewek en verhoudings gevorm. Mense is vry om mekaar uit te daag en te ondersteun.

## 6. SAMEVATTING

Die literatuur daag die empiriese navorsing op drie maniere uit. Eerstens daag die literatuur studentebediening uit om ŉ soort intergenerasionele bediening te wees. Tweedens daag die literatuur studenteleraars en studentegemeentes uit om oor die doel van studentebediening te herbesin. Saam met die herbesinning oor die doel van die bediening, daag die literatuur die leraars en gemeentes ook uit om hul begrip van konsepte soos geloofsvorming, roeping en dissipelskap te verdiep en te verruim ten einde ook die geïdentifiseerde leemtes in die studente se geloof aan te vul.

Derdens daag die literatuur studenteleraars uit om hul begrip van hul rol as leraars en mentors te herontdek, sowel as om dienende, transformerende leiers in hul gemeentes te wees. Die derde uitdaging sluit dus aan by die tweede uitdaging.

Die empiriese navorsing daag voorts die literatuur oor die moralistiese terapeutiese deïsme, wat afkomstig is van Amerika, uit. Die betrokke Suid-Afrikaanse


© University of Pretoria

studente se geloof, soos verwoord in die navorsing, toon ooreenkomste met aspekte van moralistiese terapeutiese deïsme. Daar is egter ook verskille en eienskappe wat nie voorkom in die studente se geloof nie – in die besonder begrip van ŉ relatiewe moraliteit, dat alle "goeie mense" hemel toe gaan en dat alle gelowe basies dieselfde is. Gevolglik toon die navorsing ŉ soortgelyke tendens met noemenswaardige verskille ten opsigte van moralistiese terapeutiese deïsme onder die studente.

Die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente in Suid-Afrika kan slegs verstaan word in die lig van begrip van hul geloof. Die studente se geloof is hoofsaaklik gevorm in hul ouerhuise en tuisgemeentes. Die studente se geloof is bepalend vir hul begrip van hul lewensdoel. Hulle streef daarna om God met hul lewens te verheerlik. Vanuit hierdie strewe kom drie behoeftes na vore, naamlik die behoefte aan geloofsvorming, die behoefte aan mentorskap en die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges. Die studente vertrou die vervulling van hul behoeftes toe aan leraars en gemeentes.

Studentebediening in Suid-Afrika kom inderdaad voor groot uitdagings te staan. Uitdagings wat dienende, transformerende leierskap vereis. Om sodanige uitdagings die hoof te bied, is egter nie net die verantwoordelikheid van studentegemeentes nie, maar ook die verantwoordelikheid van elke gemeente en leraar in die breër kerkverband.


© University of Pretoria

# HOOFSTUK 10

# IMPLIKASIES VIR STUDENTEBEDIENING

## 1. INLEIDING

Soos gesien in die literatuur wat bespreek is in die teoretiese hoofstukke (sien hoofstukke 2, 6, 7, 8) is daar heelwat navorsing gedoen oor die geloofsvorming en psigososiale ontwikkeling van universiteitstudente regoor die wêreld. Daar is egter tans weinig resente navorsing oor studentebediening in die Suid-Afrikaanse konteks om leraars in hul onderskeie bedienings te ondersteun. Die doel van die studie was om die leemte in die Suid-Afrikaanse navorsing oor studentebediening aan te vul.

In die eerste gedeelte van die hoofstuk word die navorsingsvraag van die studie beantwoord deur ŉ opsomming van die bevindinge van die studie te gee. So ook dui die navorser aan of die navorsingsprobleem opgelos en die doel van die studie bereik is.

In die tweede gedeelte word die navorser se aanbeveling vir studentebediening in Suid-Afrika, die beperking van die studie en die implikasies van die studie vir verdere navorsing bespreek.

## 2. NAVORSINGSPROBLEEM

Soos meermale in hierdie navorsing vermeld is die navorsingsprobleem waaroor die in hierdie studie gaan dat daar gebrekkige begrip en kennis is van die behoeftes van Afrikaanssprekende studentelidmate van die Gereformeerde studentegemeentes in Suid-Afrika (sien hoofstuk 1 afdeling 1).

## 3. NAVORSINGSVRAAG

Die studie is beide ŉ verkennende en ŉ beskrywende studie (sien hoofstuk 1 afdeling 7.2) met die doel om (1) die bedieningsbehoeftes van universiteitstudente in Suid-Afrika te identifiseer en (2) om studentegemeentes teologies te bemagtig om studente meer sinvol en effektief te bedien.



© University of Pretoria

Om die doel van die navorsing te bereik is die navorsingsvraag verdeel in drie subvrae: (1) Wie is die universiteitstudent?; (2) Hoe lyk die leefwêreld van die universiteitstudent?; en (3) Wat is die bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente in Suid-Afrika?

Die navorsingsdoel is bereik deur drie bedieningsbehoeftes te identifiseer, naamlik die behoefte aan geloofsvorming, die behoefte aan mentorskap en die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges.

Vanuit die empiriese navorsing wat gedoen is onder die studente is die drie behoeftes geïdentifiseer en insig verkry in die studente se begrip van hierdie behoeftes. Vanuit die data verkry uit die vraelys kon die navorser die drie primêre behoeftes identifiseer en so ook gepaardgaande die sekondêre behoeftes. Verdere insig is verkry in die primêre en sekondêre behoeftes deur die onderhoude wat met die studente gevoer is. Vanuit die kwantitatiewe en kwalitatiewe data wat versamel is onder die studente is bevind dat Afrikaanssprekende universiteitstudente se bedieningsbehoeftes die volgende is (sien hoofstuk 4 afdeling 10):

1. Die studente se behoefte aan ***geloofsvorming*** kan soos volg omskryf word:

   Afrikaanssprekende universiteitstudente het die behoefte om in gemeenskap met medegelowiges te groei in hul geloof en in hul verhouding met God. Die behoefte aan geloofsvorming vind plaas deur te leer en geskied in ŉ veilige ruimte waar hulle hul geloof kan uitleef.

2. Die studente se behoefte aan ***mentorskap*** kan soos volg omskryf word:

   Afrikaanssprekende universiteitstudente het ŉ behoefte aan geestelike mentors wat aan hulle geestelike leiding kan gee en hulle meer kan leer sodat hulle geestelik kan groei.

3. Die studente se behoefte aan ***gemeenskap van gelowiges*** kan soos volg omskryf word:

   Afrikaanssprekende universiteitstudente het die behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges wat aan hulle ŉ ruimte bied waar hulle veilig voel, voel dat hulle behoort en geestelik kan groei saam met ander gelowiges.


© University of Pretoria

Verdere empiriese data is verkry deur middel van onderhoude wat met die studenteleraars gevoer is. Die vergelyking van hierdie data met die data wat onder studente ingesamel is, het getoon dat die studenteleraars dieselfde drie bedieningsbehoeftes in hul onderskeie bedienings geïdentifiseer het. Verder is ook bevind dat die leraars die belang van die behoeftes en die behoeftes inhoudelik anders as die studente verstaan. Vanuit die kwalitatiewe data wat versamel is onder die studenteleraars is bevind dat Afrikaanssprekende universiteitstudente se bedieningsbehoeftes soos volg is (sien hoofstuk 5 afdeling 8):

1. Die studenteleraars se begrip van die studente se behoefte aan ***gemeenskap van gelowiges*** kan soos volg omskryf word:

Afrikaanssprekende studente het ŉ behoefte aan ŉ gemeenskap van gelowiges as ŉ plek om te behoort, waar hulle deel kan wees van ŉ gemeenskap, diepgaande verhoudings kan vestig en tuis kan voel.

2. Die studenteleraars se begrip van die studente se behoefte aan ***mentorskap*** kan soos volg omskryf word:

Afrikaanssprekende studente se behoefte aan mentorskap behels om toegerus te word en geestelike begeleiding te ontvang, sodat hulle hul roeping as gestuurdes kan uitleef.

3. Die studenteleraars se begrip van die studente se behoefte aan ***geloofsvorming*** kan soos volg omskryf word:

Afrikaanssprekende studente se behoefte aan geloofsvorming behels om te groei in hul verhouding met God by wyse van lering ten einde hul roeping te kan uitleef.

Die verskille in die begrip van die behoefte en in die rangskikking van die belang van die behoefte beklemtoon die navorsingsprobleem dat daar gebrekkige begrip en kennis is van die behoeftes van Afrikaanssprekende studentelidmate van die Gereformeerde studentegemeentes in Suid-Afrika.

Vanuit die literatuur is verdere verrykende insig verkry in die drie bedieningsbehoeftes van die studente. Die verrykende insigte kan die leraars ondersteuning ten opsigte van die aanspreek van die bedieningsbehoeftes in hul onderskeie bedienings.


© University of Pretoria

In hoofstuk 6 is die teologiese begronding van studentebediening asook die teologiese begrip van elkeen van die bedieningsbehoeftes bespreek. Die hoofstuk verteenwoordig Osmer (2008:4; 31-78) se normatiewe taak en is gegrond op die veronderstelling dat jeugbediening ten diepste teologies is. Daarom moet jeugbediening voortdurend teologies begrond word (sien Nel 2018a:22). Die literatuur daag studenteleraars uit om die teologiese grondslag van hul bediening te ondersoek, aan te vul en te verdiep.

In hoofstuk 7 is die psigososiale ontwikkeling van die student verken. Die hoofstuk verteenwoordig Osmer (2008:4; 79-128) se interpretatiewe taak. Die studente is volgens hul ontwikkelingsfase, naamlik ontluikende volwassenheid, beskryf. In die hoofstuk is die belang van identiteit en die taak van identiteitsontwikkeling verduidelik. Die hoofstuk maak die leser attent op die verband tussen identiteitsontwikkeling en geloofsvorming. Volgens Parks (2011:8) is die sentrale doel van ontluikende volwassenes in die lewensiklus nie om volwassenheid te bereik nie. Die belofte en broosheid van ontluikende volwassenheid lê eerder in die ervaring van die totstandkoming van kritiese bewussyn en gevolglik in die ontnugtering en herformulering van die betekenis van die self, die ander, die wêreld en "God". Die navorser beskou die taak van identiteitsontwikkeling as die ervaring van die studente wat aan die hart van elkeen van die bedieningsbehoeftes lê. Die verstaan van die psigososiale ontwikkeling kan aan studenteleraars insig in die studente gee en hulle bemagtig om die studente te bedien en op hul geloofsreis te begelei.

In hoofstuk 8 is die sosiokulturele leefwêreld van die studente verken. Die hoofstuk verteenwoordig, soos hoofstuk 7, Osmer (2008:4; 79-128) se interpretatiewe taak. In die hoofstuk is die rol van die omgewing in die ontwikkeling van die studente verduidelik. Die hoofstuk wys daarop dat beide geloofsontwikkeling en identiteitsontwikkeling nie in isolasie plaasvind nie, maar direk beïnvloed en bepaal word deur die omgewing waarin die studente leef. Die hoofstuk het ook getoon dat die omgewing gelaagd en kompleks is met talle invloede wat die student beïnvloed. Studentebediening vind in 'n bepaalde konteks plaas, en dit is die kerk se profetiese en missionale verantwoordelikheid om dissipels en getuies te wees in die omgewing waar mense bedien word. Soos verwoord in die empiriese data, is dit ook die studente se behoefte om leiding te ontvang om as getroue getuies in hul omgewing te kan leef. Die verstaan van die invloed van die konteks en die rol wat die gemeente as die


© University of Pretoria

gemeenskap van gelowiges in die konteks kan speel, kan studenteleraars ook ondersteun in hul taak om die studente te lei.

In hoofstuk 9 is die empiriese data en die literatuur met mekaar vergelyk en die navorser het daarvolgens bevindinge gemaak en antwoorde gebied op die navorsingsvraag. Moontlike maniere waarop studenteleraars kan reageer op die studie is ook geïdentifiseer. Die hoofstuk verteenwoordig Osmer (2008:4; 175-218) se pragmatiese taak. In die hoofstuk het die navorser ook tot die gevolgtrekking gekom dat studentebediening in Suid-Afrika dienende, transformerende leierskap benodig om die uitdaging aan te pak en ŉ bediening te lei wat in die studente se behoeftes kan voorsien

## 4. IMPLIKASIES

### 4.1. Implikasies rakende studenteleraars

- Die bevindinge van die studie vra vir indringende nadenke oor en refleksie deur leraars en gemeentes oor hul begrip van die doel van studentebediening (sien hoofstuk 6 afdeling 2.1). ŉ Nuwe term, soos byvoorbeeld *ontluikendevolwassenebediening*, in stede van *studentebediening*, kan help met die herformulering van die begrip en doel van sodanige bediening.

- In die notule van die Studenteleraarkonferensie van 1984 is die volgende genotuleer: "ŉ Werklike intensiewe studentebearbeiding kan nie anders as om op die individuele student te fokus nie." (Nederduitse Gereformeerde Kerk 1984:2). Dit was die belewenis van die toenmalige leraars dat die klem in studentebediening toenemend verskuif van groeps- na individuele bediening (sien Nederduitse Gereformeerde Kerk 1984:2; vgl. Hoofstuk 2 afdeling 5.4).

  Die navorser wil die waarneming van die studenteleraars as ŉ implikasie vir studentebediening bied. Die fokus van studentebediening moet weer geskuif word na ŉ oorwegend individuele bediening waar geloofsvorming as pastorale leiding (sien hoofstuk 6 afdeling 5.4.2.) en mentorskap (sien hoofstuk 6 afdeling 7 & hoofstuk 8 afdeling 3.4.) bepalend is vir die aard van sodanige individuele bediening. Die impliseer dat die verhouding tussen die aantal studente per studenteleraars van so aard moet wees dat dit vir die studenteleraars moontlik is om by elke student uit te kom.



© University of Pretoria

- In die onderhoude met die studenteleraars het van die leraars verwys na die Studenteleraarskonferensie (sien hoofstuk 5 afdeling 7). Dit kan tot voordeel van studentebediening in Suid-Afrika strek indien die studenteleraars van al die Gereformeerde gemeentes weer jaarliks byeenkom om te besin oor studentebediening in Suid-Afrika. Hierdie byeenkoms moenie net handel oor die hantering van die uitdagings wat studentebediening moet oorkom nie, maar ook om na te dink oor die teologiese begronding van studentebediening.

> Studentebediening, en so ook jeugbediening, is gespesialiseerde bedienings waarvoor leraars nie verdere opleiding ontvang naas hul formele tersiêre opleiding nie. Daarom is dit van kardinale belang dat teologiese studente tydens hul studiejare genoegsame onderrig en blootstelling aan die subvakgebiede van jeugbediening en studentebediening sal ontvang. Die fondasie vir toekomstige leraars se bediening moet by wyse van onderrig oor jeugbediening en studentebediening gelê word. Dit behels ŉ diepgaande begrip en verkenning van die literatuur oor byvoorbeeld die teologiese begronding van studentebediening, bediening aan ontluikende volwassenes, intergenerasionele bediening, geloofsvorming, mentorskap en die psigologiese en sosiale ontwikkeling van die jeug. Dit is die navorser se oortuiging dat die onderrig en blootstelling van toekomstige leraars ten alle tye kritiese denke, selfondersoek en selfkennis moet bevorder. Saam met die blootstelling aan verskillende praktyke en benadering tot jeugbediening en studentebediening, moet die toekomstige leraars ook uitgedaag word om op kreatiewe en praktiese maniere die literatuur in die bediening te inkorporeer.

- 

- Vanuit die bevindinge van die studie maak die navorser ook die aanbeveling dat kerkverbande en studentegemeentes die kriteria waarvolgens hulle studenteleraars aanstel, sal heroorweeg. Die kriteria moet aansluit by die herbesinning oor die begrip van studentebediening.



© University of Pretoria

### 4.2. Implikasies rakende studentebediening

- Vanuit die literatuur en empiriese bevindinge het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat studentebediening in alle gemeentes deel van intergenerasionele bediening moet wees

- Vanuit die literatuur en empiriese navorsing is dit duidelik dat die uitdagings van ŉ multikulturele bediening ernstig oorweeg moet word. Die navorser maak ook die aanbeveling dat Seibel en Nel (2010:1) se implikasies van intergenerasionele bediening en Parks (2011) se beskrywing van gemeentes as menteringgemeenskappe gesien kan word as maniere waarop die uitdagings oorkom kan word.

- Een van die bevindinge van die studie is dat tuisgemeentes ŉ kardinale rol speel in die vorming van die studente se geloof tydens hul kinderjare en adolessensie (sien hoofstuk 9 afdeling 2.1.1.). Om die rede kom die navorser tot die gevolgtrekking dat studentebediening nie net die verantwoordelikheid is van studentegemeentes nie, maar ook van die breër kerkverband. Die studie beklemtoon die belang van jeugbediening in elke gemeente in die breër kerkverband.

- Soos bevind in die empiriese navorsing, is daar ŉ toenemende tendens onder die studente om privaat behuising bo koshuisverblyf te kies. Die implikasie hiervan is dat studente nie noodwendig ŉ studentegemeente van hul kerkverband sal kies nie, maar ook kan kies om by enige ander gemeente in hul kerkverband in te skakel. Die implikasie hiervan is dat alle leraars oor ŉ mate van kennis oor studentebediening moet beskik om die studente in hul gemeente ook effektief te kan bedien. Die implikasie sluit aan by die navorser se aanbeveling dat daar erns gemaak moet word met die onderrig van en blootstelling aan studentebediening in teologiese opleiding.

## 5. BEPERKINGE VAN DIE NAVORSING

Die studie het twee beperkinge gehad:

- Eerstens is die studie begrens tot Afrikaanssprekende kerkgaande universiteitstudente in hul tweede jaar. Die rede vir die grense is in hoofstuk


© University of Pretoria

een verduidelik (sien hoofstuk 1 afdeling 1.4). Binne hierdie begrensing bereik die studie wel die navorsingsdoel om studenteleraars van die Gereformeerde studentegemeentes in Suid-Afrika in hul onderskeie bedienings te ondersteun, maar, daar is steeds breedvoerige navorsing nodig om die bediening aan Suid-Afrikaanse studentekorps te ondersteun en te verryk (sien afdeling 6).

- Die tweede beperking van die studie was die Covid-19-pandemie. Die inperking wat ingestel is om die pandemie te bekamp, het studentebediening beperk wat ŉ invloed gehad het op die studente wat deelgeneem het aan die studie se ervaring van die onderskeie bedienings.

## 6. IMPLIKASIES VIR VERDERE NAVORSING

Silberman, I., 2003, 'Spiritual role modelling: The teaching of meaning systems', *International Journal for the Psychology of Religion*, 13, 175-195.

Sinnott, J. D., 2014, *Adult development: Cognitive aspects of thriving close relationships*, Oxford University Press, New York.

Smit, D., 1997, 'Ou verskynsel haal ons in', *Insig*, April, 14-16.

Smith, C., 1998, *American evangelicalism: Embattled and thriving*, University of Chicago Press, Chicago.

Smith, C., 2009, *Souls in transition: the religious and spiritual lives of emerging adults*, Oxford University Press, New York.

Smith, C., 2011, *Lost in translation: the dark side of emerging adulthood,* Oxford University Press, New York.

Smith, C. & Denton, M.L., 2005, *Soul searching: The religious and spiritual lives of American teenagers*, Oxford University Press, New York.

Stats SA, 2019, *Education series volume V higher education and skills in South Africa, 2019, ISBN: 978-0-621-46254-8 Report: 92-01-05*, Statistics South Africa, Pretoria.

Stats SA, 2022, *Statistical release P0302 mid-year population estimates 2022*, Statistics South Africa, Pretoria.

Stoppels, S., 2013, *Oefenruimte: Gemeente en Parochie als gemeenschap van leerlingen*, Zoetermeer, Boekencentrum.

Syed, M. & Azmitia, M., 2010, 'Narrative and ethnic identity exploration: A longitudinal account of emerging adults' ethnicity-related experiences', *Developmental Psychology*, 46, 208-219, https://psycnet.apa.org/doi/10.1037/a0017825.

Syed, M. & Mitchell, L.J., 2015, 'How race and ethnicity shape emerging adulthood', in J.J. Arnett (ed.), *Oxford handbook of emerging adulthood*, Oxford University Press, New York.

Tajfel, H., 1981, *Human groups and social categories: Studies in social psychology*, Cambridge University Press, Cambridge.


© University of Pretoria

Taylor, C., 1989, *Sources of the self: The making of the modern identity*, Harvard University Press, Cambridge.

Terblanche, D.J.M., 1966, *Die Nederduitse Gereformeerde kerk en sy naskoolse jeug: vorming en geestelike versorging van die naskoolse jeug tot volwaardige, aktiewe lidmate deur die plaaslike gemeente*, DTh-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Thompson, G.B., 2003, *Treasure in clay jars: New ways to understand your church*, The Pilgrim Press, Cleveland.

Tousley, N. & Kallenberg, B., 2011, 'Virtue ethics', in Joel Green (ed.*), Dictionary of Scripture and Ethics*, Baker Academic, Grand Rapids.

Tripp, P. D., 2002, *Instruments in the redeemer's hands*, P&R Publishing, Phillipsburg.

Trommsdorff, G., 2012, 'Cultural perspectives on values and religion in adolescent development: A conceptual overview and synthesis', in G. Trommsdorff & X. Chen (eds.), *Values, religion, and culture in adolescent development*, pp. 3-45, Cambridge University Press, Cambridge.

Van Aarde, A.G., 2006, 'Hoe om in te kom en hoe om binne te bly – die "groot sendingopdrag" aan die kerk vandag volgens Matteus 208:16-20', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 62(1), 103-122, https://doi.org/10.4102/hts.v62i1.345.

Van den Heuvel, A.H., 1966, *The humiliation of the church*, Westminster: Philadelphia.

Van der Made, A.P., 1963, *Kerk en jeugdzorgwerk,* Callenbach, Nijkerk.

Van der Merwe, G., 1996, *Jesus is Koning: Die verhaal van die Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika – 1896 tot 1996,* Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika, Stellenbosch.

Van der Ven, J.A., 1988, 'Practical theology: From applied to empirical theology', *Journal of Empirical Theology* 1(1), 7-27, https://doi.org/10.1163/157092588X00023.

Van der Ven, J.A., 1990, *Entwurf einer empirischen Theologie*, Kok, Kampen.

Van der Ven, J.A., 1993, *Practical theology: An empirical approach*, Kok Pharos, Kampen.


© University of Pretoria

Van der Ven, J.A., 1998, *Practical theology: An empirical approach*, Peeters Press, Belgium.

Van der Westhuizen, J.N.F., 1969, *Die ontstaan en ontwikkeling van die Ned. Geref. Kerkjeugvereniging 1951-1969*, PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Van Huyssteen, W. J., 1997, *Essays in postfoundationalist theology*, William B. Eerdmans Publishing Company, Cambridge.

Van Huyssteen, W. J., 1999, *The shaping of rationality: Toward interdisciplinarity in theology and science,* Eerdmans, Grand Rapids.

Van Ruler, A.A., 1965, *Reformatorische opmerkingen in de ontmoeting met Rome,* Paul Brand, Hilversum.

Verkuyl, J., 1978, *Inleiding in de Evangelistiek*, Kok, Kampen.

Ware, C., 1995, *Discover your spiritual type*, Rowman & Littlefield Publishers, Maryland.

Waterman, A.S., 1992, 'Identity as an aspect of optimal functioning', in G.R. Adams, T.P. Gullotta & R. Montemayor (eds.), *Adolescent identity formation, Vol. 4*, pp. 50–72, Sage, Newbury Park.

Westerhoff, J.H., 1976, *Will our children have faith*, Seabury Press, New York.

Whitney, W.B. & King, P.E., 2014. 'Religious congregations and communities', in C. McNamara Barry & M.M. Abo-Zena (eds.), *Emerging adults' religiousness and spirituality*, Oxford University Press, New York.

Willard, D., 1998, *The divine conspiracy: rediscovering our hidden life with God*, HarperOne, San Francisco.

Williams, R., 2014, *Open to judgement: Sermons and addresses,* Darton, Longman and Todd, London. [Kindle Version]

Wood, J., 1998, Epistemology: becoming intellectually virtuous, IVP Academic, Downers Grove.

Woodward, J. & Patton S., 2000, 'Introduction', in J. Woodward & S. Patton (eds), *The Blackwell reader in pastoral and practical theology*, Willey-Blackwell: Oxford.



© University of Pretoria

Wright, N.T., 2010, *After you believe: Why Christian character matters*, Harper One, New York.

Yousuf, A., 2008, 'Youth ministry in the Christ Church Lahore', MTh thesis, University of the Free State, Bloemfontein.

Zerfass, R., 1974, 'Praktische Theologie als Handlungswissenschaft', in F. Klostermann & R. Zerfass (Hrsg.), *Praktische Theologie heute*, pp.164-177, Kaiser, München.

Zscheile, D.J., 2012, 'A missional theology of spiritual formation', in D.J. Zscheile (ed.), *Cultivating sent communities: Missional spiritual formation*, pp. 1–28, Eerdmans, Grand Rapids.


© University of Pretoria

# ADDENDUMS

## Addendum 1 – Etiese klaring

Faculty of Theology and Religion

**Research Office Theology**
Mrs Daleen Kotzé
Faculty of Theology

**FACULTY OF THEOLOGY'S RESEARCH DATABASE**:

NAME: Kemm N
STUDENT NUMBER: 13055420
COURSE: PhD
DATE: 27/02/2019

This letter serves as confirmation that the research proposal of this student was evaluated by:

1) The Research committee: This applies to all research proposals

2) The Research Ethics committee: This applies only to research that includes people as sources of information

You are hereby notified that your research proposal (including ethical clearance where it is applicable) is approved.

(AM Kotze)

On behalf of
Prof D Human
Chairperson: Research committee: Faculty of Theology and Religion

Dr T van Wyk
Chairperson: Research Ethics committee: Faculty of Theology and Religion



© University of Pretoria

**Addendum 2 – Vraelys vir kwantitatiewe navorsing**

## VRAELYS VIR KWANTITATIEWE NAVORSING

Bediening aan en behoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente in Suid-Afrika

### INLEIDING

Baie dankie dat jy bereid is om deel te neem aan hierdie navorsing. Hierdie vraelys sal jou tussen tien en vyftien minute neem om in te vul. Dit behoort vinnig en maklik te kan invul. Jou bydrae word hoog geag en deur die vraelys te voltooi, help jy studente-gemeentes landwyd om studente beter en meer sinvol te bedien.

Beantwoord asseblief al die onderstaande vrae eerlik en 'submit' wanneer jy al die vrae beantwoord het.

### VERKLARING

**Hiermee verklaar ek dat ek my toestemming gee om aan die navorsing deel te neem en volledig ingelig is oor die aard van hierdie studie, vertroulikheid en my regte.**

**Ja** **(Dankie dat jy gaan deelneem aan die navorsing)** ☐

**Nee** **(Dankie dat jy die tyd geneem het om oorweging te gee aan die navorsing)** ☐

### A. BIOGRAFIESE INLIGTING

**1. Hoe oud is jy?**

a. 19 ☐
b. 20 ☐
c. 21 ☐
d. Ander ☐
Spesifiseer asb. ____________________

**2. Geslag** Manlik / Vroulik

**3. Aan watter een van die volgende universiteite studeer jy?**

a. Noordwes-Universiteit ☐
b. Universiteit Stellenbosch ☐



© University of Pretoria

c. Universiteit van die Vrystaat ☐

d. Universiteit van Johannesburg ☐

e. Universiteit van Pretoria ☐

f. Ander ☐

Spesifiseer asb. ______________________________

**4. Van watter een van die fakulteite is jy deel?**

a. Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ☐

b. Fakulteit Gesondheidswetenskappe ☐

c. Fakulteit Geesteswetenskappe ☐

d. Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie ☐

e. Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe ☐

f. Fakulteit Opvoedkunde ☐

g. Fakulteit Regsgeleerdheid ☐

h. Fakulteit Teologie en Godsdienswetenskappe ☐

i. Fakulteit Veeartsenykunde ☐

**5. By watter een van die volgende studentegemeentes het jy ingeskakel?**

a. GKA Cachet (NWU) ☐

b. GKA Die Bult (NWU) ☐

c. NHKA Potchefstroom Studentegemeente (NWU) ☐

d. NGK Kandelaar (NWU) ☐

e. GKA Stellenbosch (US) ☐

f. NGK Kruiskerk (US) ☐

g. NHKA Bloemfontein (UFS) ☐

h. NGK Kopanong Church (UFS) ☐

i. NGK Melville Kruiskerk (UJ) ☐

j. GKA Brooklyn (UP) ☐

k. NHKA Philadelphia (UP) ☐

l. NGK Universiteitsoord (UP) ☐

**6. Waar woon jy as ’n student?**



© University of Pretoria

a. Universiteitskoshuis ☐
b. Kommune ☐
c. Woonstel ☐
d. Ouerhuis ☐
e. Ander ☐
Spesifiseer asb. ____________________

**7. Waar het jy grootgeword?**

a. Platteland ☐
b. Groot dorp ☐
c. Stad ☐

**8. In watter denominasie is jy gedoop?**

a. NG Kerk ☐
b. Hervormde Kerk ☐
c. Gereformeerde Kerk ☐
d. Ander denominasie (Spesifiseer asb.) ☐
e. Ongedoop ☐
f. Onseker ☐

**9. In watter denominasie het jy belydenis van geloof afgelê?**

a. NG Kerk ☐
b. Hervormde Kerk ☐
c. Gereformeerde Kerk ☐
d. Ander denominasie (Spesifiseer asb.) ☐
e. Ek het nog nie belydenis van geloof afgelê nie ☐
f. Onseker ☐

**10. Hoe gereeld het jy eredienste voor die tyd van inperking by jou studentegemeente bygewoon?**

a. Elke Sondag ☐
b. Elke tweede Sondag ☐
c. Een Sondag in 'n maand ☐
d. Minder as een maal per maand ☐


© University of Pretoria

**11. Kyk of woon jy enige van jou studentegemeente se aanlyn eredienste, kleingroepe/selgroepe en/of ander aanlyn aanbiedings in die tyd van inperking by?**

a. Ja, ek kyk en woon gereeld my studentegemeente se aanlyn aanbiedings by. ☐

b. Ek kyk en woon slegs enkele my studentegemeente se aanlyn eredienste, kleingroepe/selgroepe en/of ander aanlyn aanbiedings by. ☐

c. Nee, ek kyk en woon geen van my studentegemeente se aanlyn eredienste, kleingroepe/selgroepe en/of ander aanlyn aanbiedings by nie. ☐

d. My studentegemeente het geen aanlyn aanbiedings nie. ☐

**12. Woon jy nog eredienste en/of aktiwiteite van jou gemeente in jou tuisdorp by? Hetsy fisiese byeenkomste of aanlyn.** Ja / Nee

**13. Woon jy eredienste en/of aktiwiteite van enige ander gemeentes by? Hetsy fisiese byeenkomste of aanlyn?** Ja / Nee

**14. Watter van die volgende faktore speel die grootste rol in jou besluit oor watter gemeente jy 'n erediens gaan bywoon?**

a. Hoeveel van my vriende ook die erediens gaan bywoon. ☐

b. Of die gemeente deel is van dieselfde kerkverband as die waarin jy grootgeword het. ☐

c. Die atmosfeer ('vibe') van die erediens. ☐

d. Die inhoud van die preek is vir my belangrik. ☐

e. Ek wil iets leer en geestelik groei. ☐

f. Ander ☐

Spesifiseer asb. ____________________

**15. Woon jy enige ander gemeente-aktiwiteite by buiten die erediens?** Ja / Nee

**15.1 Indien "ja", merk asb. die toepaslike aktiwiteite**

a. Uitreike ☐


© University of Pretoria

b. Bybelstudie ☐

c. Gespreksgeleenthede ☐

d. Kursusse ☐

e. Selgroep/Kleingroep ☐

f. Sosiale geleenthede ☐

g. Kampe ☐

h. Eerstejaarskamp ☐

i. Ander ☐

Spesifiseer asb. ____________________

**16. Vervul jy 'n leidende rol in die gemeente?** Ja / Nee

**16.1 Indien "ja", merk asb. die toepaslike rol/rolle**

a. Lid van die kerkraad/studentekerkraad ☐

b. Lid van 'n komitee ☐

c. Kampleier ☐

d. Uitreikleier ☐

e. Leier op eerstejaarskamp ☐

f. Selgroep/Kleingroep leier ☐

g. Ander ☐

Spesifiseer asb. ____________________

**17. Ken jy enige van die residensiële lidmate (lidmate wat nie studente is nie) in die gemeente?**

a. Ja, ek ken 'n klomp van die residensiële lidmate ☐

b. Ja, maar ek ken net enkele van die residensiële lidmate ☐

c. Nee, ek ken geen van die residensiële lidmate nie. ☐

d. Nie van toepassing nie. Ons gemeente het geen residensiële lidmate nie. ☐

**18. Woon jy enige gemeente aktiwiteite, insluitend eredienste, by wat ook deur die residensiële lidmate bygewoon word?**

a. Ja, gereeld ☐



© University of Pretoria

b. Soms ☐
c. Nee, glad nie ☐

**19. Het jy ’n goeie verhouding met een of meer van die studenteleraars in die gemeente?**

a. Ja, ek het ☐
b. Ons is slegs kennisse ☐
c. Nee, glad nie ☐

**20. Is dit vir jou belangrik om ’n goeie verhouding met een van die leraars in die gemeente te hê?**

a. Ja, beslis ☐
b. Neutraal ☐
c. Nee, glad nie ☐

## B. PSIGOLOGIESE BEHOEFTES VAN DIE STUDENT

**21. Stem jy saam met die volgende stelling?**

***Ek weet wat my doel in die lewe is. Ek weet waarnatoe ek werk en wat ek graag in die lewe wil bereik.***

a. Ek stem volkome saam met die stelling. Ek weet wat my doel in die lewe is en hoe ek dit gaan bereik. ☐
b. Ek stem gedeeltelik saam met die stelling. Ek weet wat my doel in die lewe is, ek is net nog nie seker hoe om dit te bereik nie. ☐
c. Ek stem nie saam met die stelling nie. Ek het net ’n vae idee wat my doel in die lewe is. ☐
f. Ek stem glad nie saam met die stelling nie. Ek het geen idee wat my lewens doel is of hoe ek dit gaan bereik nie. ☐

**22. Watter van die volgende doelstellings is deel van jou verstaan van jou doel in die lewe? Jy kan ’n maksimum van agt opsies kies.**

a. My loopbaan/beroep (bv. Ek wil ’n dokter wees. Ek studeer medies en sal graag eendag wil spesialiseer in pediatrie.) ☐
b. Geluk (bv. Ek wil uiteindelik net gelukkig wees.) ☐



© University of Pretoria

c. Diens en/of liefde (bv. Ek het nog altyd gevoel my doel is om mense te help) ☐

d. Familie (bv. Ek wil graag eendag ’n gesin hê) ☐

e. Vriende (bv. My vriende is vir my ’n belangrike deel van my lewe) ☐

f. Kreatiewe prestasies (bv. Ek wil graag nuwe goed ontwerp en maak.) ☐

g. Ervaringe/Belewenisse (bv. Om nuwe dinge te leer en nuwe plekke te sien.) ☐

h. God (bv. My grootste doel in die lewe is om vir God lief te wees en aan Hom eer te bring.) ☐

i. Geloof (bv. Die uitleef van my geloof is vir my ’n doelwit.) ☐

j. Om die wêreld ten goede te verander (bv. Ek wil my kennis en vaardighede gebruik om die lewe vir ander mense beter te maak.) ☐

k. Materiële besittings of geld (bv. Ek wil graag eendag genoeg geld verdien om finansiële sekuriteit en vryheid geniet.) ☐

l. Siviele betrokkenheid (bv. Ek wil graag ander dien deur ’n leierskap rol te vertolk.) ☐

**23. Dra jou geloof by tot jou verstaan van jou doel in die lewe?**

a. Ja, my geloof het my gehelp om my lewensdoel te vind en my geloof help my om my doel uit te leef. ☐

b. My geloof het my gehelp, maar ek het nie my lewensdoel alleenlik deur my geloof gevind nie. ☐

c. My geloof het geen aandeel in my verstaan van my lewensdoel nie. ☐

d. Ek weet nie wat my lewensdoel is nie. My geloof help my ook nie om my lewensdoel te vind nie. ☐

**24. Watter *een* van die volgende beskrywings beskryf jou geloofsfase die beste?**

a. Ek is besig of het reeds my geloof my eie gemaak. Ek verstaan nou beter wat dit is wat ek glo en hoekom ek so glo. Ek besef dat daar mense is wat anders as ek dink en glo, maar dit raak my nie. Ek is steeds



© University of Pretoria

oortuig van wat ek glo. Die kerk en die leraars speel ŉ belangrike rol in my geloof. Die kerk en die leraars help my om my geloof beter te verstaan, ek leer baie by hulle en hulle help my om antwoorde op my vrae te kry. ☐

b. Ek is bewus van wat ek glo en dat daar mense is wat anders as ek glo. Ek het baie vrae oor my geloof en dit wat ek glo. Ek is baie krities oor geloof en die kerk. Ek aanvaar nie dit wat die kerk en die leraars vir my sê as die absolute waarheid of die enigste waarheid nie. Dit pla my dat ander mense nie ook vrae vra nie en alles net so as waar aanvaar. ☐

c. Ek identifiseer met beide bogenoemde stellings. Ek weet wat dit is wat ek glo en hoekom ek so glo. Ek weet dat daar mense is wat anders as ek glo. Ek het soms vrae oor geloof, die kerk en dit wat ek geleer is. Van die antwoorde wat die kerk en die leraars my bied aanvaar ek as waar, maar ander bevraagteken ek. ☐

## C. DIE BEDIENINGSBEHOEFTES VAN DIE STUDENT

**25. Watter van die volgende behoeftes resoneer met jou behoeftes en verwagtinge van jou gemeente?**
**Merk van 1 tot 5, met 5 as jou grootste behoefte.**

a. ŉ Plek waar ek kan behoort. ŉ Plek waar ek veilig voel, myself kan wees en aanvaar word. ☐

b. ŉ Plek waar ek ander mense kan ontmoet. Mense met wie ek kan 'connect' en diepgaande vriendskappe kan vestig. ☐

c. ŉ Plek waar ek kan deel wees van ŉ gemeenskap/ vriendekring wat verskil van enige van die ander gemeenskap/vriendekring wat ek op of om kampus kan vind. ☐

d. Die behoefte aan ŉ geestelike tuiste waar ek kan groei in my verhouding met God en my geloof kan uitleef. ☐

e. Die behoefte aan ŉ mentor. Iemand met wie ek ŉ verhouding kan bou, wat my vrae kan beantwoord en aan my leiding bied. ☐

**26. Watter van die volgende eienskappe is die belangrikste eienskappe**



© University of Pretoria

**waaroor ’n studentegemeente moet beskik?**
**Merk van 1 tot 5, met 1 as die belangrikste eienskap.**

a. ’n Studentegemeente moet vir studente ’n veilige ruimte en tuiste skep waar alle studente aanvaar word en net hulself kan wees. ☐

b. ’n Studentegmeente moet ruimtes skep vir studente om vriende te maak. ☐

c. ’n Studentegemeente moet ’n plek wees waar studente kan ‘connect’ met mense, waar hulle voor omgegee word en kan omgee vir ander mense. ☐

d. ’n Studentegemeente moet studente help om te groei in hulle geloof en in hulle verhouding met God. ☐

e. ’n Studentegemeente moet die plek wees waar studente kan gaan met hulle vrae oor geloof en die lewe en antwoorde kan vind. ☐

f. ’n Studentegmeente moet ’n plek wees waar studente met God kan ‘connect’. ☐

g. ’n Studentegemeente moet studente die geleentheid gee om hulle geloof uit te leef en diensbaar te wees. ☐

**27. Is daar ’n persoon in die gemeente, hetsy ’n gemeentelid of leraar, wat jy as ’n geestelike mentor/ mentor beskou? Iemand met wie jy gemaklik is om te gesels oor persoonlike sake en vir wie jy hulp en/ /of raad kan vra.**

| Ja | Nee |
|---|---|

**27.1 Indien "nee", het jy ’n behoefte aan ’n geestelike mentor?**

a. Ja, ek het. ☐

b. Nee, ek het reeds ’n geestelike mentor buite die gemeente. ☐

c. Nee, ek het nie ’n behoefte aan ’n geestelike mentor nie. ☐

**28 Het die aanlyn aanbiedings, as plaasvervanger vir fisiese byeenkomste, in jou geestelike en kerklike behoeftes voorsien? Behoeftes soos bv. om geestelik te groei en interaksie met medegelowiges.**

a. Ja, dit het voldoende in geestelike en kerklike behoeftes voorsien. Dit is ’n voldoende plaasvervanger vir fisiese ☐


© University of Pretoria

byeenkomste.

b. Ja, dit het in my geestelike en kerklike behoeftes voorsien, maar dit is nie ŉ gewenste plaasvervanger vir fisiese byeenkomste nie. ☐

c. Nee, dit het glad nie in my geestelike en kerklike behoeftes voorsien nie. Niks kan ŉ fisiese byeenkoms vervang nie. ☐

**Dui aan tot watter mate u met die volgende stellings m.b.t. studentebediening saam stem.**

| | Stem beslis saam | Stem gedeeltelik saam | Stem gedeeltelik nie saam nie | Stem beslis nie saam nie |
|---|---|---|---|---|
| **29. As lidmaat van die studente-gemeente, help die gemeente en die aktiwiteite van die gemeente jou om anders na die wêreld om jou en nuusgebeure te kyk en te dink?** | | | | |
| **30. Dink jy dit is nodig dat studente-gemeentes multikulturele gemeentes moet wees? Dat studente van ander rasse-, taal-, en kultuurgroepe ook deel van die gemeente moet wees?** | | | | |



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Addendum 3 – Brief aan studente**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Fakulteit Teologie en Religie**

**Departement Praktiese Teologie**

**BRIEF VAN INGELIGTE TOESTEMMING VIR DEELNAME**

**AAN AKADEMIESE NAVORSING**

**Titel van die studie:**

*BEHOEFTES VAN EN BEDIENING AAN AFRIKAANSSPREKENDE UNIVERSITEITSTUDENTE IN SUID-AFRIKA*

**Navorser:**

Nienke Kemm

nienke.kemm@gmail.com

079 515 4156

---

Jy word hiermee hartlik uitgenooi om aan die akademiese studie deel te neem weens jou ervaring en kennis van waarde sal wees vir die vakgebied praktiese teologie. Elke deelnemer moet die dokument lees, verstaan en teken voordat die studie mag begin.



© University of Pretoria

- **Doel van die studie**: Die doel van die navorsing is om die student binne sy/haar/sig ontwikkelingsfase te verstaan, en studentegemeentes sodoende prakties teologies te bemagtig om studente meer sinvol en effektief te bedien. Die resultate van die studie kan gepubliseer word in ŉ akademiese joernaal. U sal, op aanvraag, voorsien word van ŉ opsomming van die bevindinge. Geen deelnemers se name sal gebruik word in die finale publikasie nie.

- **Tydsduur van die studie**: Die studie sal oor ŉ tydperk van twee jaar geskied. Die geprojekteerde datum vir die voltooiing van die studie is Augustus 2021.

- **Navorsingsprosedures**: Die studie word gebaseer op die inligting wat versamel word deur middel van vraelyste en gestruktureerde onderhoude wat ek, Nienke Kemm, sal voer.

  Die studente wat genader sal word om aan die studie deel te neem, is Afrikaanssprekende tweedejaarstudente wat belydenis van geloof afgelê het in een van die volgende gemeentes: ŉ Nederduitsch Hervormde gemeente, ŉ Gereformeerde gemeente, of ŉ Nederduitse Gereformeerde gemeente. Verder studeer hierdie studente aan een van die volgende Suid-Afrikaanse universiteite: Universiteit van Johannesburg, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus), Universiteit van Pretoria, Universiteit Stellenbosch en Universiteit van die Vrystaat. X aantal studente wat deelgeneem het aan die kwantitatiewe navorsing sal genader word om deel te wees van die kwalitatiewe navorsing wat aan die hand van gestruktureerde onderhoude sal geskied. Die aantal studente sal bepaal word deur die aantal vraelyste wat terugontvang word.

- **Jou regte**: Jou deelname aan die studie is baie belangrik. Die studie hou vir jou as deelnemer geen voordele of nadele in nie. Jy mag wel kies om nie deel te neem aan die studie nie, en jy mag ook enige tyd van die studie onttrek sonder om enige redes te verskaf en sonder enige negatiewe gevolge. Jy, as deelnemer, mag my, die navorser,


© University of Pretoria

enige tyd kontak om enige vrae of probleme rakende die navorsing uit te klaar. Die deelnemer en die navorser moet albei ŉ getekende kopie van hierdie dokument hou.

- **Konfidensialiteit**: Al die inligting sal as konfidensieel beskou en hanteer word. Al die deelnemers sal anoniem bly. Ek, Nienke Kemm, as navorser, en prof. Malan Nel as my promotor, sal die enigste persone wees wat toegang sal hê tot die rou data. Die relevante data sal vernietig word indien u sou besluit om van die studie te onttrek.
- **Wat verwag word van die deelnemer**: Al wat verwag word van die deelnemer is om die vrae so eerlik en deeglik moontlik te antwoord.


© University of Pretoria

**Addendum 4 – Toestemmingsbrief aan studente**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Fakulteit Teologie en Religie**

**Departement Praktiese Teologie**

## BRIEF VAN INGELIGTE TOESTEMMING VIR DEELNAME AAN AKADEMIESE NAVORSING

**Titel van die studie:**

*BEHOEFTES VAN EN BEDIENING AAN AFRIKAANSSPREKENDE UNIVERSITEITSTUDENTE IN SUID-AFRIKA*

**Navorser:**

Nienke Kemm

nienke.kemm@gmail.com

079 515 4156

---

Jy word hiermee hartlik uitgenooi om aan die akademiese studie deel te neem weens jou ervaring en kennis wat van waarde sal wees vir die navorsingsveld Praktiese Teologie. Elke deelnemer moet die dokument lees, verstaan en teken voordat die studie mag begin.



© University of Pretoria

- **Doel van die studie**: Die doel van die navorsing is om die student binne sy/haar/sig ontwikkelingsfase te verstaan en studentegemeentes sodoende prakties-teologies te bemagtig om studente meer sinvol en effektief te bedien. Die resultate van die studie kan gepubliseer word in ŉ akademiese joernaal. U sal, op aanvraag, voorsien word van ŉ opsomming van die bevindinge. Geen deelnemers se name sal gebruik word in die finale publikasie nie.

- **Tydsduur van die studie**: Die geprojekteerde datum vir die voltooiing van die studie is Augustus 2022.

- **Navorsingsprosedures**: Die studie word gebaseer op die inligting wat versamel word deur middel van vraelyste en gestruktureerde onderhoude wat ek, Nienke Kemm, sal voer.

  Die studente wat genader sal word om aan die studie deel te neem is Afrikaanssprekende studente wat belydenis van geloof afgelê het in een van die volgende gemeentes: ŉ Nederduitsch Hervormde gemeente, ŉ Gereformeerde gemeente of ŉ Nederduitse Gereformeerde gemeente. Verder studeer hierdie studente aan een van die volgende Suid-Afrikaanse universiteite: Universiteit van Johannesburg, Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus), Universiteit van Pretoria, Universiteit Stellenbosch en Universiteit van die Vrystaat. 115 vraelyste is deur studente ingevul. 10 studente wat deelgeneem het aan die kwantitatiewe navorsing sal genader word om deel te wees van die kwalitatiewe navorsing wat aan die hand van gestruktureerde onderhoude sal geskied.

- **Jou regte**: Jou deelname aan die studie is baie belangrik. Die studie hou vir jou as deelnemer geen voordele of nadele in nie. Jy mag wel kies om nie deel te neem aan die studie nie, en jy mag ook enige tyd van die studie onttrek sonder om enige redes te verskaf en sonder enige negatiewe gevolge. Jy, as deelnemer, mag my, die navorser, enige tyd kontak om enige vrae of probleme rakende die navorsing uit


© University of Pretoria

te klaar. Die deelnemer en die navorser moet albei ŉ getekende kopie van hierdie dokument hou.

- **Konfidensialiteit**: Al die inligting sal as konfidensieel beskou en hanteer word. Al die deelnemers sal anoniem bly. Ek, Nienke Kemm, as navorser sal die enigste persoon wees wat toegang sal hê tot die rou data. Die relevante data sal vernietig word indien u sou besluit om van die studie te onttrek.

- **Wat verwag word van die deelnemer**: Al wat verwag word van die deelnemer is om die vrae so eerlik en deeglik moontlik te antwoord.

**GESKREWE INGELIGTE TOESTEMMING**

---

Hiermee bevestig ek dat ek ingelig is oor die aard van die navorsing. Ek verstaan dat ek, op enige stadium, sonder enige vooroordeel, my toestemming en deelname aan die navorsing mag onttrek. Ek is genoegsame geleentheid gegee om vrae te vrae.

Respondent: ______________________

Navorser: NKemm

Datum: 2022-05-25

Kontaknommer van die navorser: 079 515 4156

Studieleier:

Prof Malan Nel


© University of Pretoria

## Addendum 5 – Gespreksvrae vir gestruktureerde onderhoude met studente

### Kwalitatiewe navorsing

### Gespreksvrae vir gestruktureerde onderhoude met studente

1. Uit die antwoorde van 86% van die studente blyk dit dat studente wat aan die ondersoek deelgeneem het, weet wat hulle glo. As iemand jou sou vra wat jy glo, hoe sou jy hom/haar antwoord?
2. Uit die antwoorde van 65% van die studente blyk dit dat hul geloof bydra tot hul verstaan van hul doel in die lewe. Dra jou geloof by tot jou verstaan van jou doel in die lewe?
    a. Indien wel, hoe dra jou geloof by?
    b. Indien nie, hoekom nie?
3. Watter rol het geloof in jou grootwordjare voor jou universiteitslewe gespeel?
4. Wat is jou grootste behoefte/s waarin jou studentegemeente kan voorsien?
5. Met jou kennis van medestudente van jou ouderdom: Wat is hierdie groep se grootste behoeftes waarin studentegemeentes kan voorsien?
6. Watse impak het jou ervaringe op universiteit op jou geloof gehad?
7. Dink jy ’n studentegemeente moet ’n multikulturele gemeente wees? Motiveer asb. jou antwoord.



© University of Pretoria

## Addendum 6 – Gespreksvrae vir gestruktureerde onderhoude met studenteleraars

**Kwalitatiewe navorsing**

**Gespreksvrae vir gestruktureerde onderhoude met studenteleraars**

<u>Vrae oor die gemeente:</u>

1. Gee asb. vir my ŉ kort oorsig oor die ontstaan van gemeente en die pad wat die gemeente gestap het tot hier?
2. Hoe funksioneer die gemeente?
    a. Wat is julle bedieningsmodel/-modelle?
    b. Laat jul bedieningsmodel ruimte vir studente met verskillende spiritualiteite? Indien wel, watse ruimtes skep julle vir studente van verskillende spiritualiteite?
3. Is die gemeente uitsluitlik ŉ studentegemeente?
    a. Indien nie, hoe pas die studentebediening in by die gemeente as ŉ geheel?
4. Wat is die gemeente se bedieningsfilosofie?
    a. Wat is die oogmerk van jul studentebediening?

<u>Belewenis van studente en die studente se omgewing</u>

5. Studentegemeentes kom voor groot uitdagings te staan weens die vinnig veranderende konteks van universiteite en die studentegemeenskappe in Suid-Afrika.
    a. Watter veranderings in die konteks raak die gemeente direk?
    b. Hoe is die konteks en die studente besig om te verander?
    c. Wat is jul grootste uitdagings as studentegemeente?


© University of Pretoria

6. Sien julle 'n groot verskil in studente wat van uit die platteland af kom en studente vanuit die stede?
7. Sien julle die vrugte van die kategese wat die studente deurgemaak het tydens hul skooljare?
8. Hoe sien en verstaan julle as gemeente voortgesette kategese en hoe maak julle dit deel van jul bediening aan studente?
9. Blootstelling van die studente
    a. Is jul bedieningsmodel van so 'n aard dat studente blootgestel word aan hul breër konteks?
    b. Word daar met die studente in gesprek getree oor die brandende kwessies van die dag in hul omgewing en ook in die land?
    c. Kom die studente na julle as leraars met vrae oor aktuele en/of geloofskwessies? Gee asb. voorbeelde gee van sodanige kwessies.
10. Wat sou julle sê is die studente se grootste bedieningsbehoeftes?

<u>Tweedejaarstudente</u>

11. Hoeveel van die tweedejaarstudente wat in hul eerste jaar by die gemeente ingeskakel het, is steeds betrokke in die gemeente in hul tweedejaar?
12. Is daar baie studente wat eers in hul tweedejaar by die gemeente en die gemeente aktiwiteite inskakel?
13. Hoe sou julle tweedejaarstudente beskryf? Hoe beleef julle hulle?
14. Wat sou julle sê is die bedieningsbehoeftes van tweedejaarstudente?
15. Enige iets anders wat julle graag onder my aandag sal wil bring?


© University of Pretoria

## Addendum 7 – Toestemmingsbrief aan studenteleraars

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Fakulteit Teologie en Religie**
**Departement Praktiese Teologie**

**BRIEF VAN INGELIGTE TOESTEMMING VIR DIE DEELNAME AAN AKADEMIESE NAVORSING**

**Titel van die studie:**
*BEHOEFTES VAN, EN BEDIENING AAN, AFRIKAANSSPREKENDE UNIVERSITEITSTUDENTE IN SUID-AFRIKA*

**Navorser:**
Nienke Kemm
nienke.kemm@gmail.com
079 515 4156

---

Ek, die ondergetekende, is 'n PhD Student in die Departement Praktiese Teologie aan UP. Ek is onder leiding van Prof Malan Nel besig met die navorsing soos hieronder kortliks verduidelik.

U word hiermee hartlik uitgenooi om aan die akademiese studie deel te neem weens u ervaring en kennis wat van waarde sal wees vir die navorsingsveld, naamlik Praktiese Teologie. Elke deelnemer moet die dokument lees, verstaan en teken voordat die studie mag begin. Ek vra hiermee vriendelik dat u die onderstaande lees, in die vertroue en hoop dat u toestemming tot deelname sal gee.

- **Doel van die studie**: Die doel van hierdie navorsing is om die student binne sy ontwikkelingsfase te verstaan, en om studentegemeentes prakties-teologies te bemagtig om studente meer sinvol en effektief te kan bedien. Die resultate van die studie kan gepubliseer word in 'n akademiese joernaal.U sal, op aanvraag, voorsien word van 'n opsomming van die bevindinge. Geen deelnemers se name sal genoem word in die finale publikasie nie.
- **Tydsduur van die studie**: Die studie sal oor 'n tydperk van 18 maande geskied. Die geprojekteerde datum vir die voltooiing van die studie is Augustus 2020.
- **Navorsingsprosedures**: Die studie is gebaseer op die empiriese navorsing wat in twee fases sal geskied. Tydens die eerste fase sal ek, Nienke Kemm, gestruktureerde onderhoude met studenteleraars voer. Die tweede fase behels navorsing wat onder die studente gedoen sal word by wyse van beide vraelyste en gestruktureerde onderhoude. Ek sal ook die onderhoude voer.



© University of Pretoria

Die studenteleraars wat genader sal word om aan die studie deel te neem is leraars wie se hooffokus studentebediening is. Die leraars dien in gemeentes van een van die volgende denominasies: die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika, die Gereformeerde Kerk, die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Vrye Gereformeerde Kerk. Die betrokke gemeentes bedien studente wat studeer by een van die volgende Suid- Afrikaanse universiteite: Universiteit van Johannesburg, Noord-Wes Universiteit (Potchefstroom Kampus), Universiteit van Pretoria, Universiteit van Stellenbosch, en Universiteit van die Vrystaat.

Die studente wat genader sal word om aan die studie deel te neem is Afrikaanssprekende tweedejaarstudente wat belydenis van geloof afgelê het in een van die volgende gemeentes: 'n Nederduitsch Hervormde gemeente, 'n Gereformeerde gemeente, 'n Nederduits Gereformeerde gemeente of in 'n gemeente van die Vrye Gereformeerde Kerk. Die is studente wat studeer aan een van die volgende Suid-Afrikaanse Universiteite: Universiteit van Johannesburg, Noord-Wes Universiteit (Potchefstroom Kampus), Universiteit van Pretoria, Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van die Vrystaat. Tien studente uit elke koshuis ofdaghuis sal genader word om aan die studie deel te neem. Die geskatte aantal vraelyste wat terug ontvang sal word vir ontleding is 1 100 vraelyste. X aantal studente wat deelgeneem het aan die kwantitatiewe navorsing sal genader word om deel te wees van die kwalitatiewe navorsing, wat aan die hand van gestruktureerde onderhoude sal geskied. Die aantal studente sal bepaal word deur die aantal vraelyste wat terug ontvang word.

- **U regte**: U deelname aan hierdie projek is uiters belangrik. U mag egter kies om nie deel te neem aan die studie nie en u mag ook enige tyd van die studie onttrek sonder om enige redes te verskaf, sonder enige negatiewe gevolge. U, as deelnemer, mag my die navorser enige tyd kontak om enige probleme rakende die navorsing uit te klaar. Die respondent en die navorser moet albei 'n getekende kopie van die dokument hou.

- **Vertroulikheid**: Al die inligting sal as vertroulik beskou en hanteer word. Al die deelnemers sal anoniem bly. Indien daar gebruik gemaak word van elektroniese vraelyste sal ek, Nienke Kemm, as navorser die enigste persoon wees wie toegang sal hê tot die persoonlike inligting van diestudente. Alle deelnemers sal ten alle tye anoniem bly.
  Ek, Nienke Kemm en Prof. Nel sal die enigste persone wees wat toegang sal hê tot die rou data. Die relevante data sal vernietig word indien u sou besluit om van die studie te onttrek.


© University of Pretoria

- **Wat verwag word van die deelnemer**: Wat van u as deelnemer verwag word is om my as navorser te help met die opstel van my databron en met die kommunikasie tussen my en die studente.

## GESKREWE INGELIGTE TOESTEMMING

Hiermee bevestig ek dat ek ingelig is oor die aard van die navorsing. Ek verstaan dat ek, op enige stadium, sonder enige vooroordeel, my toestemming en deelname aan die navorsing mag onttrek. Ek is genoegsame geleentheid gebied om vrae te vrae.

Respondent: ______________________

Navorser: ______________________

Datum: ______________________

Kontaknommer van die navorser: ____________________

Studieleier:_________________________
Prof Malan Nel



© University of Pretoria

## Addendum 8 – Toestemmingsbrief aan kerkrade

Fakulteit Teologie en Religie
Departement Praktiese Teologie

**BRIEF VAN INGELIGTE TOESTEMMING VIR DIE DEELNAME AAN AKADEMIESE NAVORSING**

**Titel van die studie:**
*BEHOEFTES VAN, EN BEDIENING AAN, AFRIKAANSSPREKENDE UNIVERSITEITSTUDENTE IN SUID-AFRIKA*

**Navorser:**
Nienke Kemm
nienke.kemm@gmail.com
079 515 4156

---

Ek, die ondergetekende, is 'n PhD Student in die Departement Praktiese Teologie aan UP. Ek is onder leiding van Prof Malan Nel besig met die navorsing soos hieronder kortliks verduidelik.

Die kerkraad word hiermee hartlik uitgenooi om aan die akademiese studie deel te neem weens u ervaring en kennis wat van waarde sal wees vir die navorsingsveld, naamlik Praktiese Teologie. Elke deelnemer moet die dokument lees, verstaan en teken voordat die studie mag begin. Ek vra hiermee vriendelik dat u die onderstaande lees, in die vertroue en hoop dat u toestemming tot deelname sal gee.

- **Doel van die studie**: Die doel van hierdie navorsing is om die student binne sy ontwikkelingsfase te verstaan, en om studentegemeentes prakties-teologies te bemagtig om studente meer sinvol en effektief te kan bedien. Die resultate van die studie kan gepubliseer word in 'n akademiese joernaal. U sal op aanvraag voorsien word van 'n opsomming van die bevindinge. Geen deelnemers se name sal genoem word in die finale publikasie nie.
- **Tydsduur van die studie**: Die studie sal oor 'n tydperk van 18 maande geskied. Die geprojekteerde datum vir die voltooiing van die studie is Augustus 2020.
- **Navorsingsprosedures**: Die studie is gebaseer op die empiriese navorsing wat in twee fases sal geskied. Tydens die eerste fase sal ek, Nienke Kemm, gestruktureerde onderhoude met studenteleraars voer. Die tweede fase behels navorsing wat onder die studente gedoen sal word by wyse van beide vraelyste en gestruktureerde onderhoude. Ek sal ook die onderhoude voer.



© University of Pretoria

Die studenteleraars wat genader sal word om aan die studie deel te neem is leraars wie se hooffokus studentebediening is. Die leraars dien in gemeentes van een van die volgende denominasies: die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika, die Gereformeerde Kerk, die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Vrye Gereformeerde Kerk. Die betrokke gemeentes bedien studente wat studeer by een van die volgende Suid- Afrikaanse universiteite: Universiteit van Johannesburg, Noord-Wes Universiteit (Potchefstroom Kampus), Universiteit van Pretoria, Universiteit van Stellenbosch, en Universiteit van die Vrystaat.

Die studente wat genader sal word om aan die studie deel te neem is Afrikaanssprekende tweedejaarstudente wat belydenis van geloof afgelê het in een van die volgende gemeentes: ŉ Nederduitsch Hervormde gemeente, ŉ Gereformeerde gemeente, ŉ Nederduits Gereformeerde gemeente of in ŉ gemeente van die Vrye Gereformeerde Kerk. Die is studente wat studeer aan een van die volgende Suid-Afrikaanse Universiteite: Universiteit van Johannesburg, Noord-Wes Universiteit (Potchefstroom Kampus), Universiteit van Pretoria, Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van die Vrystaat. Tien studente uit elke koshuis ofdaghuis sal genader word om aan die studie deel te neem. Die geskatte aantal vraelyste wat terug ontvang sal word vir ontleding is 1 100 vraelyste. X aantal studente wat deelgeneem het aan die kwantitatiewe navorsing sal genader word om deel te wees van die kwalitatiewe navorsing, wat aan die hand van gestruktureerde onderhoude sal geskied. Die aantal studente sal bepaal word deur die aantal vraelyste wat terug ontvang word.

- **U regte**: U deelname aan die studie is baie belangrik. Die studie hou vir u as kerkrade net voordele in. U mag wel kies om nie deel te neem aan die studie nie en u mag ook enige tyd van die studie onttrek sonder om enige redes te verskaf, sonder enige negatiewe gevolge. U, as kerkraad, mag my die navorser enige tyd kontak om enige probleme rakende die navorsing uit te klaar. Die kerkraad en die navorser moet albei ŉ getekende kopie van die dokument hou.

- **Vertroulikheid**: Al die inligting sal as vertroulik beskou en hanteer word. Al die deelnemers sal anoniem bly. Indien daar gebruik gemaak word van elektroniese vraelyste sal ek, Nienke Kemm, as navorser die enigste persoon wees wie toegang sal hê tot die persoonlike inligting van diestudente. Alle deelnemers sal ten alle tye anoniem bly.
Ek, Nienke Kemm en Prof. Nel sal die enigste persone wees wat toegang sal hê tot die rou data. Die relevante data sal vernietig word indien u sou besluit om van die studie te onttrek.



© University of Pretoria

- **Wat verwag word van die deelnemer**: Wat van u as kerkrade verwag word is om my as navorser te help met die opstel van my databron en met die kommunikasie tussen my en die studente.

## GESKREWE INGELIGTE TOESTEMMING

Hiermee bevestig ek dat ek ingelig is oor die aard van die navorsing. Ek verstaan dat ek, op enige stadium, sonder enige vooroordeel, my toestemming en deelname aan die navorsing mag onttrek. Ek is genoegsame geleentheid gebied om vrae te vrae.

Respondent: ______________________

Navorser: ______________________

Datum: ______________________

Kontaknommer van die navorser: ____________________

Studieleier:_________________________
Prof Malan Nel



© University of Pretoria